

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns  
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 57 | Volume 57 | **JUNIE 2017**  
Nommer 2-2 | Number 2-2 | **JUNE 2017**





# **Tydskrif vir Geesteswetenskappe**

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**

**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**

**Journal of Humanities**

**Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751**

**Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912**

---

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die  
L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan  
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra  
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the  
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of  
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---



## **2-2**

**Uitgewer/Publisher**

**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**

**The South African Academy for Science and Arts**

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Suid-Afrika/South Africa

Junie/June 2017



# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

## Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

## REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/ Linguistics

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

## REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

### Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

Susan Meyer – Afrikaans (Opvoedingswetenskappe) / Afrikaans (Education Sciences)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education

### Internasionaal/International

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Canterbury, UK)

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)

**Ex officio:** D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2017 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**

**Subscription fees for 2017 in South Africa (VAT and postage included):**

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R350,00 per jaargang/volume

*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to:**

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa

publikasies@akademie.co.za; [www.akademie.co.za](http://www.akademie.co.za)

Tel: 0861 333 786 x 4; Faks/Fax: 012 329 0293

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

*Jaargang 57 Nommer 2-2, Junie 2017 / Volume 57 Number 2-2, June 2017*

**Inhoudsopgawe**

**NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)**

**FANIE DE BEER**

Die etos van die hedendaagse kenniswerker / *The ethos of the contemporary knowledge worker* ..... 481

**ALIDA NAUDÉ EN JUAN BORNMAN**

Etiese sensitiwiteit van praktiserende oudioloë / *Ethical sensitivity of practising audiologists* ..... 501

**W R VAN DER MERWE EN E P J KLEYNHANS**

Die krisis in die Suid-Afrikaanse staalbedryf te midde van Sjinese mededinging / *Chinese Competitiveness and the crisis in the South African steel industry* ..... 521

**LOUIS GRUNDLINGH**

“Die ruim buitelugsitkamer van die stad”: ’n Oorsigartikel oor die denke en doelstellings van stedelike parkontwikkeling in die laat 19de en vroeg 20ste eeu in Europa en die Verenigde State van Amerika / *“The great outdoor living room of the city”: A survey essay on the thoughts and aims of urban park development in the late 19th and early 20th century in Europe and the United States of America* ..... 542

**ELZAHNE SIMEON, ALIDA HERBST EN HERMAN STRYDOM**

Die psigososiale omstandighede van straatkinderen en hulle behoeftes in ’n lewensvaardighedsprogram / *The psycho-social circumstances and needs of street children: a needs assessment* ..... 562

**WINFRIED LÜDEMANN**

Afrikaans en Musiek. Kantaantekeninge van iemand wat aan die kant teken / *Afrikaans and Music. Notes from the Sideline* ..... 581

**CILLIERS VAN DEN BERG**

Slavoj Žižek en film(teorie)? Deel 2: ’n Interpretasie van *It Follows* / *Slavoj Žižek and film (theory)? Part 2: An interpretation of It Follows* ..... 596

**ELIZE DU PLESSIS EN PETRO MARAIS**

Versoening tussen leerders: Is parallelmediumskole die antwoord op die rassismeprobleem? / *Reconciliation between learners: Are parallel-medium schools the answer to the problem of racism?* ..... 614

**CHARLENE DU TOIT-BRITS EN C J ROODT**

Onderrigleerfaktore Bydraend tot Studentetel-slytasie in TBOO-Kolleges / *Teaching-learning factors contributing to student dropout in TVET Colleges* ..... 627

**YOLANDA VAN WYK, DANÉ COETZEE EN ANITA E. PIENAAR**

Die invloed van geslag, ras en sosio-ekonomiese status op visueel-motoriese integrasie van nege- tot 10-jarige leerders: Die NW-CHILD studie / *The influence of gender, race and socio-economic status on visual-motor integration of nine- to 10-year old learners: The NW-CHILD study* ..... 649

## **AKTUEEL: DEBAT**

---

**INA WOLFAARDT-GRÄBE**

Redakteursnota ..... 667

**DANIE STRAUSS**

Besinning oor Staat en Samelewing / *Reflecting on state and society*..... 668

## **BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS**

---

**ELP STALS**

*Die Herero-opstand 1904-1907* deur Gerhardus Pool ..... 680

**ABEL ESTERHUYSE**

*Die spook wat boomgeklim en die lig gevind het: 'n Memoire met herinneringe uit die binnekring van Suid-Afrika se vreedsame revolusie na demokrasie* deur Maritz Spaarwater ..... 682

## **TAALRUBRIEK**

---

**TOM McLACHLAN**

Oor die skryfwyse van Afrikaans III ..... 685

## **UITNODIGING**

---

**Boekeprojek:** Afrikaanse digters, skrywers en dramaturge ..... 688

**INHOUDSOPGAWE:** Jaargang 57 Nommer 2-1, Junie 2017 / Volume 57 Number 2-1, June 2017..... 689



# Die etos van die hedendaagse kenniswerker

*The ethos of the contemporary knowledge worker*

FANIE DE BEER

Departement Inligtingkunde

Universiteit van Pretoria

E-pos: Fanie.debeer@up.ac.za



Fanie de Beer

**C S (FANIE) DE BEER** is Emeritus Professor van die Departement Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika en is tans Navorsingsgenoot in die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy het gegradueer in Landbou en Filosofie (doktorale werk) aan die Universiteite van Pretoria en Parys X, Nanterre, Frankryk, onderskeidelik. Hy het Inligtingkunde, Wysbegeerte en Kommunikasiekunde aan verskillende universiteite doseer, navorsing op al hierdie gebiede en verwante subgebiede onderneem, daarvoor gepubliseer en konsultasiewerk gedoen oor kenniskepping, -benutting, en -disseminasie.

Hy doen tans ekstensief navorsing oor die volgende temas: die filosofie en teorie van inligting in die wydste sin van die woord; filosofieë en teorieë van tegniek en tegnologie; kennisinvasie, -disseminasie, -benutting en -bestuur; lees- en interpretasieteorieë en die bestaande geletterdheidsnood; en oor die her-invasie van menslike spiritualiteit, noëlogie en noësfier.

**C S (FANIE) DE BEER** is Professor Emeritus of the Department of Information Science, University of South Africa and is currently a research associate in the Department of Information Science at the University of Pretoria. He graduated in Agriculture and Philosophy (doctoral work) at the University of Pretoria and Paris X, Nanterre, France, respectively. He taught Information Science, Communications, and Philosophy, undertook research in all these disciplines and related sub-disciplines and was involved in consultation work in the area of knowledge utilization and information dissemination.

He is currently extensively engaged in research on the following themes: the philosophy and theory of Information in the widest possible sense; philosophies and theories of technics and technology; knowledge invention, dissemination, utilization and management; reading and interpretation theories and existing literacy needs; and on the re-invention of human spirituality, noology and the noosphere.

## ABSTRACT

### *The ethos of the contemporary knowledge worker*

*This article reflects on the ethos of the contemporary knowledge worker and its relevance for the sciences of the spirit today as explored by Alan Liu in his book The laws of cool: knowledge work and the culture of information. According to him the tone of contemporary life needs repair. Why and what does this mean? Something must be wrong, but what? If one reads between the lines it may have to do with "the ethos of 'unknowing'", referring to what has been, in the framework of this ethos, abandoned through "creative destruction" (the established, the customary, the familiar, the comfortable), and to what has vanished in terms of "cool"*

*(when cool is interpreted as the techno-informatic vanishing point of contemporary aesthetic, psychology, morality, politics, spirituality, and everything): the disastrous consequences of “an ethos of unknowing”. In brief it can be stated that it is about the absence of or loss of insight and wisdom in favour of calculation.*

*The ethos of unknowing puts obstacles in the way of knowing; it forbids access to certain domains of knowledge; it reflects the culture of “creative destruction”. This refers specifically to the currently forbidden domains of the sciences of the spirit, to the deeper senses of knowledge. These deeper senses of knowledge are disturbing factors to the flow of information and therefore it must itself be disturbed, even fatally if possible. These manifestations are all linked: This is the contemporary tone of life that characterises societies in desperate need of repair.*

*To help with this required repair it would be necessary to inform well. In order to inform well in such a way that the tone of contemporary life can be repaired, we have to accept the challenge posed by “the ethos of informationalism” with its focus on “creative destruction” (Castells) and with its solid involvement with operationalisation (Lash) and with the pertinent implication of “an ethos of unknowing”. For this purpose a counter-ethos is suggested by Liu when he inverted the question of Castells: The question should not be What is the ethical foundation of the network enterprise or spirit of informationalism, but rather what ethical foundation enables identities to live an un-networked, and counter-informational fantasy within the spirit of informationalism? What room may there be for a counter-ethos within the dominant ethos of informationalism? Although this spirit cannot be escaped the struggle remains within it in order to overcome its absolutised position that can only materialise when a life-informing attitude provides the inspiration towards “destructive creation”.*

*What is this life-informing attitude? It should be an attitude that does not primarily focus on needs of whatever nature, or on problems in isolation. The life-informing attitude is comprehensive and all-inclusive in nature and should focus on sense-giving and care-taking that involves the whole person in a whole world. This is where spirituality comes into the picture: wisdom is needed. Hereby emphasis is put on the capacity humans have, and only humans, to be life-informing beings. That is precisely why the position and presence of the sciences of the spirit ought to be non-negotiable.*

*What is the deepseated inspiration and mindset of the life-informing attitude? The answer is: an awareness of and an indulgence in the ethos of the unknown that refers to the imagination of the age of knowledge work, in other words to the capacity humans possess to penetrate right into what lies beyond it, and to what it does remind us of, as well as to what we can only dream about or fantasise about. This is the reason why a counter informational fantasy is necessary here – a fantasy about the currently forbidden domains or activities of the sciences of the spirit. It is almost a matter of the absolutisation of the incalculable. We have to re-introduce what is abandoned and what has vanished away, what is forbidden and what is forgotten: comprehension, meaning, care – the spiritual, in other words – and life in particular; a poetics of life.*

**KEY CONCEPTS:** Knowledge worker, ethos, the ethos of unknowing, the ethos of the unknown, life-informing attitude, socio-pathology, socio-therapy, counter informational fantasy, the new literary

**TREFWOORDE:** Kenniswerker, etos, etos van nie-kenning, etos van die onbekende, lewe-informerende houding, sosiopatologie, sosioterapie, teen-informasionele fantasie, die nuwe literêre

## OPSOMMING

Hierdie artikel besin oor die etos van die hedendaagse kenniswerker en die relevansie daarvan vir die wetenskappe van die gees soos dit ontwikkel is in die boek van Alan Liu *The laws of cool: knowledge work and the culture of information*. Volgens hom is “die toon of stand van die hedendaagse samelewing” van so ’n aard dat dit dringende herstel behoef. Die hedendaagse lewe, die hedendaagse samelewing ly, is siek; ons ervaar ’n sosiopatologie van kennisverlies en word daarom bedreig deur ernstige katastrofes. Dit konfronteer ons met ’n enorme uitdaging. Om hierdie uitdaging die hoof te bied en aan die herstelproses mee te werk moet daarna gesoek word om “goed in te lig of te informeer” waarvoor ’n “lewe-informerende houding” die noodsaaklike voorwaarde is. Die aard van die informeringstaak word bepaal deur die begrip “lewe” en nie deur geld, of die Mark, of geïsoleerde probleme, of informasie nie, maar lewe. Dit wil sê omvattend en diepgaande informering is nodig. Dit is die taak van die geletterdes (wat gelettertheidvolheid belewe en najaag): poëties, fiksioneel, wetenskaplik en wetevol, hipertekstueel en multi-mediamatig, op voorwaarde dat nie een hiervan verblind mag word deur en verbonde is aan ideologiese vertolkings en verdraaiing van die werklikheid nie wat op alle gebiede oorvloedig in omloop is. Hierdie “nuwe literêres” wat in die werk van Liu (2004) voorrang geniet, behoort versterk te word deur die ingesteldheid van diegene wat geestelik toegerus is met die meervoudig-konnektiewe intelleksie, “die troebadoer van kennis” van Michel Serres, wat terselfdertyd ook toegerus is met die etos van die onbekende. Wie ook al sodanig toegerus is, sal ideale kandidate wees vir die verlangde sosioterapeutiese taak, in die belang van die herinwensie van kennis in die volle sin van die woord.

## INLEIDING

Die betekenis van “kenniswerker” het in die jongste tyd aansienlik in omvang toegeneem. Byna alle mense in professionele situasies kwalifiseer deesdae as kenniswerkers, en nie meer alleen of hoofsaaklik biblioteek- en inligtingkundiges nie. Terselfdertyd moet in gedagte gehou word dat die begrip kenniswerker verband hou met kennis en met bepaalde kennisopvattinge. Hoewel hulle almal as kenniswerkers deurgaan, is sekere domeine besig om in belangrikheid as kennisdomeine ernstig in te boet. Hier is die geesteswetenskappe veral in die gedrang. Dit word ’n kennisgebied wat veral om finansiële redes eintlik nie meer as kennisgebiede bekend behoort te wees nie. Eenvoudig gestel: Mense, maar veral instellings, maak nie geld uit filosofie en letterkunde nie en omdat hierdie gebiede nie ekonomiese waarde het nie, het dit in dié opsig geen waarde nie. Die opvatting maak dus die geesteswetenskappe waardelose vakgebiede en studiegebiede. Dit vertel ouers ook aan hulle kinders. Hierdie artikel besin oor die geldigheid van hierdie opvattinge en die probleem wat met sodanige opvattinge verband hou en gehandhaaf word, veral aan die hand van die besonder aanbevelenswaardige en diepgaande studie van Alan Liu, professor van Engels aan die Universiteit van Kalifornië in Santa Barbara, VSA in hierdie verband: *The laws of cool: knowledge work and the culture of information* (2004).

Die implikasie van bogestelde standpunt waarteen Liu betoog is dan dat kenniswerk nie werk in die geesteswetenskappe insluit nie. Mense behoort hulle nie hiermee te bemoei nie. Eintlik is geesteswetenskaplike kennis volgens hierdie opvattinge nie egte kennis nie. Behalwe dat dit nie ekonomiese waarde het nie en dus nutteloos is, berus dit eintlik op spekulasie en bygeloof aangesien die gegewens wat hier ter sprake gebring word onmeetbaar, onweegbaar en onverifieerbaar is. Hierdie “waarhede” oor die geesteswetenskappe word luidkeels as onbetwisbaar van verhoë af en oor kateders heen verkondig.

Sekere ideologiese standpunte, veral ekonomisties en selfs suiwer metafisies van aard, speel ’n belangrike rol in hierdie verband. Ons vergeet egter dat hierdie standpunte op hulle

beurt ook niks anders is nie as versteekte geesteswetenskaplike of minstens geestesaktiwiteite wat min met geldmaak en kennisverwerwing in die volle sin te doen het. Die besinning oor “die etos van die hedendaagse kenniswerker” is dus ’n besinning oor hierdie problematiek wat gepaardgaan met die feit dat sekere vakgebiede as ‘t ware oorbodig verklaar word en met ernstige skeptisisme bejeën word en daarom geen plek meer het of gegun word nie. Dit gebeur ondanks die feit dat aktiwiteite soos die poëtiese en die filosofiese, wat veral in hierdie proses in die slag bly, sulke vanselfsprekende wyses van menslike skeppende ekspressie is dat hulle kwalik enige motivering nodig het. In so ’n besinning moet gekyk word na wat in die plek hiervan gestel word, wat in die proses van plekontkenning prysgegee word en dus verlore gaan en wat die moontlike gevolge daarvan kan wees— selfs van katastrofiese omvang, indien ’n mens Dupuy (2002) en Stengers (2009) ernstig kan opneem. Binne die universitêre en wetenskap-konteks word sekere keuses uitgeoefen ten opsigte van watter plek aan wat toegeken word en wat as van belang beskou word en wat nie; watter opvattinge aangaande kennis en wetenskap gehuldig en verkies word en watter verwerp word met watter soort aksente en argumente.

Terselfdertyd is dit nodig om deeglik na te dink oor die feit dat die hedendaagse universiteit en die wetenskapbeoefening wat daar bedryf word binne ’n samelewing figureer en dus bydra tot die skepping van ’n soort samelewing, maar ook die uitdrukking is van bepaalde heersende samelewings- en menskundige opvattinge. Die hedendaagse kenniswerkers bevind hulle te midde van hierdie heersende opvattinge en is selfs uitgelewer daaraan in terme van die heersende beleid en fokus. Dit wil voorkom, wanneer geoordeel word aan wat in samelewings afspeel, dat samelewings oor die algemeen hulle in ’n krisis van so ’n omvang bevind dat dit volgens Liu inderdaad aan ’n vorm van siekwees grens.

Samelewingspatologie bied groot uitdagings aan kenniswerkers met die vraag of hulle daarvoor opgewasse is en toegerus is om in die rigting van ’n kuur te werk, gegee die opvattinge wat heersend is en wat sekere kardinale diskoersgebiede gewoon uitsluit omdat dit nie finansiële haalbaar is nie, of nie op feite gebaseer is nie, hoewel hulle beslis tog van deurslaggewende belang is.

Indien die siek samelewing ’n vertrekpunt vir Liu is, waarmee hierdie artikel saamstem, is die vraag waaraan so ’n samelewing herkenbaar is. Wat is dan die simptome en tekens van so ’n patologie? Daar sou verder gevra kon word na die geneesmiddel vir sodanige toestande en ook die houding waarmee geneesmiddelle aangebied word indien enige en wat die kernfokus van so ’n benadering moontlik kan wees. Die aard van die siekte sou die aard en intensiteit van die geneesmiddel bepaal. Sou enige pasiënt bevoeg of toegerus wees met die nodige toerusting om die mede-pasiënt te help? Wanneer almal gevang is binne die raamwerk van dieselfde epidemie sou geneesmiddels bra in distorte vorme na vore gehaal kan word. Dit is hier waar die besonder insiggewende werk en ontledings van Alan Liu (2004) na vore gehaal word.

## **DIE WETTE VAN KOEL: ALAN LIU**

Die titel van hierdie artikel is ontleen aan die reeds genoemde hoogs stimulerende studie van Alan Liu (2004), waarvan hierdie artikel ’n oorsig probeer gee. Die boek is ’n studie van “die kulturele lewe van informasie”, of breër verstaan, van hedendaagse kenniswerk. Die kernvraag van Liu is die volgende: Wat is die rol van letterkunde in hierdie kulturele lewe en opset en wat is die toekoms van letterkunde en literêre studie wanneer alle kultuur gaandeweg die kultuur van inligting is en wanneer selfs literêre geleerdes letterkunde onderwerp aan hierdie “inligtingkultuur”?

Wat verband hou met hierdie vraag is ’n ander vraag, naamlik wat is die toekoms van die menswetenskappe, of die wetenskappe van die gees dan, en ook die kunste as eersgenoemde

klaarblyklik slegs bestem is vir wat die inligtingindustrieë “inhoud” noem en laasgenoemde slegs waardevol is vir multimediasvermaak. Nie soseer literêre werke nie, maar die onderliggende sin van die literêre, en dus die leef en vertoef in die lettere, is hier ter sake. Ons moet onthou: die inligtingindustrieë saam met die tegnowerenskappe verskaf die definisies wat hulle pas (skryf dit eintlik voor) en die res moet dit aanvaar. Dus is terme soos ontologie, narratief, geestelikheid, nadenke, om maar enkeles te noem, nie meer deel van die woordeskat nie tensy drastiese inhoudelike wysiginge en eie verskraalde inhoute daaraan gegee word, soos ontologie (die logos van die syn) wat in die verskraalde vorm daarvan min nog met Syn te doen het. Letterkunde en filosofie, soos tradisioneel verstaan word, word nie verder toegelaat om ’n outonome bestaan in eie reg te voer nie.

Wat nou van belang is, is wat Schumpeter (1975), met verwysing na die ekonomiese en die sosiale in sy klassieke frase oor kapitalisme “skeppende destruksie” noem, wat veral die wetenskappe van die gees insluit, wat vernietig moet word. Peter Drucker (1993:157) definieer hierdie uitdrukking as volg: “Creative destruction is innovation compelling the systematic abandonment of the established, the customary, the familiar, the comfortable.” Hierdie hele kulturele toneel word deur Castells (1996:199) bevestig wanneer hy die volgende stel: “The spirit of informationalism is the culture of creative destruction.” Die implikasie hiervan is dat kennis-gebaseerde produkte en netwerke vinnig kan verdwyn onder die impak van hierdie destruktiewe kultuur met die gevolg dat korporasies vinnig en voortdurend moet innoveer. Binne hierdie raamwerk van sistematiese innovering verdwyn die nosie van die literêre sowel as dié van die wetenskappe van die gees en word hulle met uitwissing gedreig, indien en waar dit nie alreeds verwesenlik is nie. Dit is nogtans merkwaardig hoe maatskappye se handleidings, webtuistes en advertensies wel wemel van terme wat binne die wetenskappe van die gees pas, soos byvoorbeeld gees en denke, sonder dieper bedoelinge en betekenisse, wat dus beteken dat hierdie groep wetenskappe se waarde verskraal word tot slegs uitlokkings- en vermaaklikheidsware, of as ons hulle darem nog wil vlei, kosmetiese waarde.

Die sogenaamde wette van “koel” word teen hierdie agtergrond so geartikuleer dat dit beide kante van hierdie aangeleentheid uitdruk. Enersyds kan koel die volgende beteken: “Cool is the techno-informatic vanishing point of contemporary aesthetics, psychology, morality, politics, spirituality, everything. No more beauty, sublimity, tragedy, grace, or evil: only cool or not cool” (Liu 2004:3). Hierdie verdwyning is in perfekte harmonie met die “kreatiewe destruksie” van die kultuur van informasionalisme, ekonomisme en kapitalisme.

Aan die ander kant, en dit is Liu se latere definisie, kan en behoort koel eintlik ook te beteken: “Cool is information designed to resist information – not so much noise in the information theory sense as information fed back into its own signal to create a standing interference pattern, a paradox pattern. Structured as information designed to resist information, cool is the paradoxical ‘gesture’ by which an ‘ethos of the unknown’ struggles to arise in the midst of knowledge work” (Liu 2004:179). Dit kom dus daarop neer dat hierdie positiewe nosie “koel” die ander definisie van “kreatiewe destruksie” op sy kop keer en die weg oopmaak na die alternatief, naamlik “destruktiewe skeppendheid of kreatiwiteit” ten gunste van ’n “etos van die onbekende”, die kennis wat nie mag wees nie en in die Vallei van die Dood beland het (Kyk hfst. 12 van Liu 2004). Hierdie begrip van die term “koel” is van wesenlike belang vir die plek en onmiskenbare en ook onmisbare rol van die wetenskappe van die gees midde in die kultuur van informasionalisme of nie-kenning.

Die triomfantlike mag van die koel houding in die eerste sin met die disposisie van kreatiewe destruksie word soos volg deur Liu (2004:4) beskrywe:

It might be said with Kafkaesque irony: I went to sleep one day a cultural critic and woke the next metamorphosed into a dataprocessor. Perhaps the academic controversies of the past two decades were not really about supplanting the author or the canon with the deconstructive intertext or cultural context. Perhaps such controversies were really about recruiting professional interpreters for an impending mental merger with the software-telecom-cable-Hollywood conglomerates now promising that ultimate intertext or context, high-bandwidth information.

Dit herinner aan die triomfantlike verabsoluttering van netwerke soos deur Scott Lash (2002) voorgestel word, naamlik dat die Syn eenvoudig verskuiwe word tot 'n posisie van synde, bloot 'n terminaalpunt in 'n netwerk (Lash 2002:ix), en dat wat werklik is (sonder enige kommentaar oor die skakeling tussen Syn en die werklike) (hulle is om een of ander rede teenoorgesteldes (Lash 2002:216) en Syn en Rede word met die grootste gemak “levelled into a wasteland” (Lash 2002:ix)). Teen hierdie agtergrond is die operasionele vraag vir Liu ten opsigte van die krag van die koel-houding in die tweede sin die volgende: Wat is die verhouding tussen die hoofsaaklik akademiese en ander kenniswerkers (selfs kreatiewe skrywers en denkers) wat gemoeid is met literêre waarde en dus ook geestelike waarde in 'n kulturele konteks en die breër terrein van professionele, bestuursmatige en tegniese kenniswerkers wat inligtingwaardes in stelsels bestuur? Kan die *goed-belesenes*, wat eens die mag in die naam van die estetiese gehandhaaf het, nog steeds iets te lere bied aan die *goed-ingeligtes* wat nou die mag hou onder die dekmantel van koel?

Wat is die aannames waarmee ons deur die wette van koel in die eerste betekenis daarvan gekonfronteer word en wat is die implikasies daarvan?

- 1 Inligting-industrieë en hul definisies van kennis, waarde en moraliteit is die bepalende faktor. Hulle het die laaste en finale sê en vind dit heel maklik om van die wetenskappe van die gees ontslae te raak.
- 2 Die disposisie van kreatiewe destruksie wat onder andere die vernietiging van die wetenskappe van die gees en wat hierdie wetenskappe verteenwoordig najaag en ook bewerkstellig, word deurlopend gehandhaaf.
- 3 Daar is 'n obsessie met innovering tot elke prys, sonder om die koste hiervan te bereken (kyk Liu 2004:385-389 (Epilogue)).
- 4 Informasionalisme skep verwarring tussen inligting en kennis en bring die verwringing van kennis mee. Hoe vergelykbaar is inligtingprodukte en kennisgebaseerde produkte?
- 5 Die beloftes van die hoogste vorm van interteks bied besondere uitdagings aan die leeshandelinge en aan die professionele interpreteerder.
- 6 Inligtingwaarde teenoor en tot voorkeur van literêre waarde met die afskaffing van laasgenoemde ondanks die onmiskenbare waarde daarvan.
- 7 Onderskei tussen die deeglike geïnformeerde (die etos van nie-kenning) en die goed-belesene (die etos van die onbekende) en bepaal die verskil in lewe-informerende houding hiertussen.

En oor watter krag beskik die tweede opvatting van koel? Kan dit hierdie aannames weerlê en weerstaan en “die onbekende” uit die Vallei van die Dood weer tot lewe bring en wat is die voorwaardes daarvoor? Liu se “nuwe literêre” kan die antwoord bied, maar vereis 'n nuwe “omhelsing van taal” in die volheid daarvan en alles wat taal verteenwoordig (watter taal ook al ter sprake en ter sake mag wees). Hieronder sou die hele noodsaaklike oefening ondoenbaar wees. Hulle behoort in staat te wees om te doen wat slegs die wetenskappe van die gees kan



doen en waarsonder ons intellektueel brandarm sal bly. Hiervoor moet die twee opvattinge van koel mekaar komplementeer en dit bring ons by die kern van Liu se verhaal.

## **DIE KERN VAN DIE VERHAAL**

Die kern van die verhaal van Liu (2004) wat hier verder bespreek gaan word, kom op die volgende neer: Volgens hom is “die toon of stand van die hedendaagse samelewing” van so ’n aard dat dit dringende herstel behoef. Die hedendaagse lewe, die hedendaagse samelewing ly, is siek; ons ervaar ’n psigopatologie en word bedreig deur ernstige katastrofes soos Stengers (2009) op haar eie wyse dit beskrywe. Dit konfronteer ons met ’n enorme uitdaging. Om hierdie uitdaging die hoof te bied en aan die herstelproses mee te werk moet daarna gesoek word om “goed in te lig of te informeer” waarvoor ’n “lewe-informerende houding” die noodsaaklike voorwaarde is. Die aard van die informeringstaak word bepaal deur die begrip “lewe”, nie geld of die Mark of die ekonomie of informasie nie, maar lewe, dit wil sê omvattend en diepgaande. Dit is die taak van geletterdheid (literatuurvolheid): poëties, fiksioneel, wetenskaplik en wetevol, hipertekstueel en multi-mediamatig, op voorwaarde dat nie een hiervan verblind mag word deur en verbonde is aan ideologiese vertolkings en verdraaiings van die werklikheid nie wat op alle gebiede oorvloedig in omloop is. Die nuwe literêre werk van Liu (2004), wat versterk behoort te word deur die ingesteldheid van “die troebadoer van kennis”, die “onderrigte derde” (die geestelik toegeruste met die meervoudig-konnektiewe intelleksie) van Michel Serres (1997) wat ook direk betrokke is of hierby betrokke behoort te raak, sal ideale kandidate vir hierdie taak wees.

## **ONS LEWE IN GEVAARLIKE TYE**

Die toon of stand van die hedendaagse lewe waaroor Liu skryf en wat ook op gevaarlike en siek tye neerkom, beteken nie in die eerste plek dat ons bedreig word deur burgeroorloë, wêreldoorloë, of atoombomontploffings, terreur van watter aard ook al en uiterste vorme van armoede en hongersnood en selfs psigopatologieë nie. Nee, alhoewel nie een hiervan ooit uitgesluit kan word van die lys van bedreigings nie, en in intense vorme aanwesig is, is daar iets anders hier in die gedagte: die armoede aan kennis en denke, die bedreiging van onkunde en die barbaarse gevolge daarvan (Steiner 1999; Henry 2012)), die bedreiging daarvan deur die graad–nul van denke (Stiegler 2006). Lewensverwesenlikende kennis beland in die Vallei van die Dood omdat dit geen markwaarde het nie. Die werklike bedreiging is dat al die moontlik genoemde bedreigings en nog veel meer voortvloei uit onkunde, stommiteit en gedagteloosheid, wat kan wissel van intellektuele armoede tot geestelike leegheid. Stiegler praat van en skrywe oor simboliese ellende wat ’n totale bedreiging vorm. Iets wesenlik ernstig moet en kan ook hieraan gedoen word, hoofsaaklik op die gebied van kenniswerk as die beginpunt van alles. Mense stig brande en saai terreur om mag te demonstreer, maar eintlik omdat intellektuele krag vir ander soort optrede as hierdie ontbreek. ’n Mens sou kon praat van die tyd van die katastrofe as die beste karakterisering van hierdie siekte – tyd van die katastrofe, want ons is reeds daarbinne volgens Stengers (2009). Vergelyk ook Dupuy (2002) en Nancy (2011) se sterk standpunte hieroor wat elkeen op ’n eie manier die opvatting oor die gevaarlike, siek tye van Liu ondersteun. Die antwoord hierop is die stryd om intelligensie wat op sy beste aangepak kan word deur “goed in te lig of te informeer” met ’n lewe-informerende houding.

## OM GOED IN TE LIG OF TE INFORMEER MET 'N LEWE-INFORMERENDE HOUDING

Om goed in te lig het, volgens Liu, 'n ingeboude voorwaarde: daar moet 'n sekere, besonder spesiale houding of disposisie wees: die lewe-informerende houding. Hierdie houding bepaal die karakter, vermoë en gewilligheid om goed te informeer – die soort houding waarin lewe en wat vir lewe belangrik is die norm is, maar lewe vir almal en alles: mense, diere, plante, aarde en gode (die drie ekologieë van Guattari (2012)).

Wat word met hierdie lewe-informerende houding bedoel? Die antwoord op hierdie vraag lê in “die etos van die onbekende” (dit wat nie geken mag word nie, of die kennis wat ons veronderstel is om te hê, maar verbied word om te hê, die kennis wat veronderstel is om dood te wees (Liu 2004:69–72) danksy beleide, die politieke ekonomie van kennis soos hedendaags gedefinieer – en wat bepaal watter kennis doenbaar, betaalbaar en winsgewend is). Lewe oorskry die fisiese, die materiële, empiriese en positiewe. Sensitiewe kennis van lewe wat die verifieerbare oorskry konstitueer die onbekende; dit wat nie geken mag word nie, hierdie onbekende, vorm 'n bedreiging vir die nie-kenning en die nie-wete en word daarom verban na die Vallei van die Dood. Van hierdie kennis kan gesê word dat dit die verbeelding is van die eeu van kenniswerk. Hierdie verbeelding begin met koel. Uiteindelik het ons egter 'n kuns en literatuur nodig wat veel verder gaan en veel meer is as koel, in die eerste sin, die ander soort koel: die informasie wat ontwerp word om informasie teen te werk. Wat ons dus hier teëkom is 'n beskrywing van 'n sosiopatologie en voorstelle ten opsigte van 'n sosioterapie. Die terapeutiese lê opgesluit in die lewe-informerende houding wat soek om goed te informeer, om ons dus juis uit te bring by “die verbode kennis” – informatisering is op 'n heel besondere wyse hier ter sake. Liu raak hieraan in hoofstuk 3, veral in die meer negatiewe sin van informatisering. (Vergelyk veral Malabou (2012) se teorie van plastisiteit met haar beklemtoning van die ondergaan van vorm, die verwesenliking daarvan en die vernietiging van vorm en ook Simondon (2005) se grootse studie in hierdie verband, veral met sy klem op individuering in die lig van die nosies “vorm” en “informasie”). Hierdie verbode kennis is kennis aangaande sin, Syn en veral lewe. Ons keer later weer hierna terug.

Met ander woorde, die hedendaagse kenniswerker het 'n terapeutiese verantwoordelikheid: die lewe behoef herstel. Die medikasie: om goed te informeer. Die vereiste voorwaarde: 'n lewe-informerende houding, dit wil sê 'n baie besondere ingesteldheid wat die kern en hart van die lewe raak. Wat beteken hierdie houding eintlik? 'n Lewende verbeelding wat grense kan en wil oorskry, toegerus met die gees van invensie, die etos van die onbekende. Menslike kapasiteit van denke maak bevoeg hiervoor, met ander woorde denke in die grensoorskrydende vermoë daarvan wat nie deur empiriese feite beperk word nie. Hierdie denke wat die Syn verneem, is oorspronklike etiek (Heidegger 1973) en hierdie kennis bring verpligting mee (Canguilhem 2008). Die gemutileerde kennis waarvan Morin praat “bevry” mense van verpligting, verantwoordelikheid en etiek en dit maak 'n samelewing siek. Dit verklaar dus ook Liu se verstaan van “die toon en stand van die hedendaagse samelewing” as 'n siek samelewing wat herstel dringend nodig het.

## DIE BELANGRIKHEID VAN KENNIS EN WAT DIE NOSIE “KENNIS” WERKLIK BETEKEN

Die sterk klem op kenniswerk en kenniswerker in Liu se boek en in hierdie artikel vereis 'n deeglike verkenning van die begrip kennis en die belangrikheid daarvan. Vaardighede is belangrik maar die diepgaande en omvattende liefde vir kennis is ononderhandelbaar en dit



is waar “die etiek van kennis” besonder ter sake is, veral omdat dit ook is waar denke ter sprake kom. Dit bly die belangrikste kwalifiserende kenmerk van die deelnemende hedendaagse kenniswerker met ’n gevoeligheid vir samelewings wat ly aan kennisgebrek en wat dus ook in hierdie verband terapeutiese intensies koester (kyk Liu 2004:hfst. 11 & 12).

In die tyd en kultuur van “informasionalisme” waaroor Castells (1996) dit het, is dit gebiedend om deeglik te besin oor die ware aard van kennis omdat kennis maklik ingetrek kan word in hierdie kultuur, soos reeds die geval is, en daarvolgens beoordeel word. In die samelewingsituasie waarin ons ons bevind word oproepe gedoen om goed in te lig of te informeer en om dit met die regte houding te doen, ’n lewe-informerende houding. Om goed te informeer, beteken dat daar ’n soliede greep moet wees op die verstaan van kennis en wat dit werklik beteken. Sonder so ’n begrip sal dit ongetwyfeld onmoontlik wees om goed te informeer. Hiervoor is dit nodig om kennis in die volheid daarvan te begryp soos dit in verhouding staan tot die werklikheid in die volheid daarvan en nie slegs klein deeltjies daarvan wat ook nie noodwendig in enige verhouding is nie – die soort kennis waarvan Canguilhem praat wat ’n plig, ’n verantwoordelikheid, op ons plaas, dus lewe-informerende kennis. Wat dus benodig word, is kennis aangaande kennis waarsonder kenniswerk tot mislukking gedoem sal wees (Kyk Morin (1986) en Naccache (2010) in hierdie verband.) Om met stukkies en brokkies kennis in isolasie te werk beteken om te werk met wat Edgar Morin (1986) gemuteerde kennis noem, dus ’n patologie van kennis. Op die kort termyn mag dit suksesvol lyk, maar op die lang termyn bied dit ’n sekere waarborg dat die uiteindelijke uitkoms katastrofies en selfs barbaars mag wees.

Vir hierdie kennis aangaande kennis, wat iets anders is as epistemologie, is ’n meer omvattende letter-kundigheid nodig as wat ooit tevore vereis was, naamlik die gewilligheid en ook gretigheid om alle geletterde ruimtes te ondersoek en nie slegs enkeles wat deur ideologiese vooroordele bepaal word nie. Hieroor is Liu eksplisiet in sy vurige pleidooi vir “nuwe literêres” wat veel wyer strek as die skryf van fiksie maar ook die historiese en die filosofiese insluit. ’n Deeglike kyk na die ware, omvattende en diepgaande aard van kennis mag hierin help. Hiervoor moet “die blinde intelligensie” waaroor Morin (2008:1-6) skrywe doelbewus afgesweer word. Dit kom neer op ’n patologie van kenning wat kennis vermink deur oorvereenvoudigings en veral deur die miskenning en selfs ontkenning van die komplekse aard daarvan soos van die werklikheid waaroor dit handel.

Die ware aard van kennis, wat Liu sterk beklemtoon en waarmee hierdie artikel dit eens is, word goed beskrywe en bevestig deur Stiegler (2010:110):

Teaching [like all other knowledge work activities] is not simply the transmission of knowledge, but of understanding. Understanding must be teachable – rational knowledge is the fruit of instruction. This does not mean that understanding has no longer anything to do with mystery. ... Understanding, in other words, goes beyond the object constructed as a knowable object, stripped of mystery. The object of understanding, of knowledge, can never fully be reduced to this construction: there is an irreducible inadequacy between knowledge and its object; this inadequacy or incompleteness is inscribed at the very heart of the individuation process that is based on a conception of understanding as desiring its object: the object of knowledge is infinite because it is the object of desire. Plato and Aristotle declare that knowledge is not reducible to a technique, a simple mode of production of its object, since the object of knowledge ... is also the object of love and desire. It is object-as-affect. If the understanding could become an automotizable technique, exactly reducible through an algorithm, and thus calculable, it would be because, as

Husserl shows, it has lost its intuitive dimension and because this is irreducibly affective: reason is a motif that is initially an emotion.

Miskien kan die onderskeid en die verband tussen *aesthesis* en *calculus* wat deur Wersig (1990) uitstekend beklemtoon word, ook hier in berekening gebring word, want wat Stiegler hier doen is nie alleen 'n versterking van Liu se standpunt nie, maar ook op 'n manier 'n duidelike bevestiging van Wersig se vroeëre artikel.

Stiegler gee 'n voorbeeld van hoe hierdie affektiewe dimensie van kennis werk: waarheid, geregtigheid en skoonheid het 'n uitwerking op my, dit oorskry my begrip as sodanig: dit transformeer my. Hierdie transformasie is slegs moontlik indien kennis verstaan word in die verhouding daarvan met waarheid, geregtigheid en skoonheid en nie as 'n koue abstrakte, kliniese, bestuurbare objek, of stukkies en brokkies inligting nie. Hierdie kennis word genesend, terapieë en die kenniswerkers terapieë vir 'n siek samelewing. Kennis van hierdie aard genees. Sodoende word die *anamnese*, waardeur Plato, die denker of filosoof, maar ook die wetenskap, die behoefte toets van die geestes wat verstaan hoe om sigself te transformeer deur die vermoë om te verstaan, dus ook 'n vorm van sorg (*epimeleia*) en van aandag wat openbaar word as 'n vorm van sorgsaamheid vir die self, maar veral ook sorgsaamheid vir wat nie die self is nie, van wat die ander, die objek, die wêreld, die aarde of die "Syn" (alles wat is) genoem kan word ten einde die kapasiteit te ontwikkel wat die "dooie kennis" weer tot lewe kan bring. Hiervolgens is die hoofsaak van die kenniswerker om ons in verbinding met die Syn (met dit wat ook al is of mag wees) te bring, om ons te leer om sorg te dra vir wat nie onself is nie, om sorg te dra vir alles. Kenniswerkers met die lewende-informerende houding sal hulself indompel in die ware, die regverdige, die skone; hulle sal induik in die dieptes van kennis wat die noodsaaklike houding van sorg, wat hulle in staat sal stel om goed te informeer, sal genereer en versterk.

Die nadenke en besinning oor kollektiewe intelligensie deur Ballay (2010) en ietwat vroeër deur Dortier en Journot (2008) beklemtoon wat Stiegler (2015:210-214) van Husserl oorgeneem het as "kommunitisme", as gemeenskap van gelykes, van eweknieë, eweknieë van akademies, van intelligente gemeenskappe. Ons moet egter nie uit die oog verloor nie dat hierdie eweknieë nooit werklik gelykes kan wees nie hoewel hulle gelyke status het, nie meer of minder nie en nie slegter of beter nie, maar hulle het sekerlik nie gelyke begrip en insig oor dieselfde sake nie. Hulle het wel verskillende insigte. Kollektiewe intelligensie in die outentieke sin behoort te werk in die rigting van die effektiewe artikulering van nie die gelykheid nie, maar meer spesifiek oor hierdie verskille of gedifferensieerdheid, aangesien die weelde en rykdom van kennis presies in hierdie verskille geïnvesteer is. In hierdie weelde behoort die kenniswerkers te deel anders verval hulle met groot gemak in die etos van die nie-kenning, of on-kunde.

## IN DIE LIG HIERVAN: WIE IS DIE EINTLIKE KENNISWERKERS?

Die aangewese groep wat aan hierdie enorme, katastrofiese bedreiging die hoof kan bied en die verantwoordelikheid daartoe het is daardie groepe mense wat hedendaags werk doen wat op een of ander manier met kennis verband hou: navorsers, navorsingsbestuurders, voorligters, inligtingkundiges ensovoorts. Al hierdie en nog meer is die sogenaamde kenniswerkers. Liu (2004:392) gee die volgende taksonomie van kenniswerk: "Knowledge workers = academic intellectuals + (technical + professional + managerial) intelligentsia + trailing edge of clerical work." Hulle bydrae tot die patologie is geensins gering nie. Let op die kennisopvattinge, die retoriek rakende wetenskap, kennis en inligting. Hulle skeep 'n etos en bepaal die aard daarvan.

Let daarop dat dit nie hier gaan om die onpersoonlike nosie “kenniswerk” nie, maar “kenniswerker” – persone toegerus met al die relevante en ter sake kwaliteite waaroor persone ook al mag beskik. Binne die algemene milieu van kenniswerk en veral binne die kultuur van informasionalisme sou daar uitdaginge wees aan hierdie verskillende kategorieë van kenniswerkers om eerder as die etos van die nie-kenning en nie-wete die etos van die onbekende te bevorder. Daar moet ’n keuse gemaak word binne die etos van nie-kenning. Dit is ’n veeleisende uitdaging waarvoor nie elkeen opgewasse, toegerus of gewoon lus is nie. ’n Sekere inspirasie is nodig om die stryd om intelligensie in ’n milieu van nie-kenning, wat die atmosfeer hier skep, te bevorder. Ongelukkig moet dit binne hierdie milieu geskied.

Daar is voorwaardes: hierdie kenniswerkers moet hulle ingedompel vind in die “etos van die onbekende”; hulle moet die sentrale belangrikheid van outentieke, wesenlike kennis omhels; hulle moet veral ook die “etos van nie-kenning/onkunde” (onkundigheid, sorgeloosheid, informasionalisme en die verabsoluttering van innovering) weerstaan; hulle moet hulle oorgee aan die verkryging van kennis, die delwing vir kennis en die invensie van kennis. Hulle moet toegerus wees met ’n lewe-informerende houding wat begin met ’n diepgaande gevoeligheid vir die wonder van lewe, dit voluit respekteer, omhels en bevorder wat uiteraard geïnspireerde verantwoordelikheid behels.

## WAT WORD MET ETOS BEDOEL?

Liu beklemtoon dit dat etos ’n buigsame term is, en afhange van die konteks, so uitgebreid kan wees soos “tydgees”, maar ook saamgetrek kan word in etiek en esteties in die meer spesifieke sake waaraan hierin aandag gegee word.

It can be related to ‘the structure of feeling’ (Williams), ‘habitus’ (Bourdieu), ‘life-world’ (Habermas), and ‘culture of critical discourse’ (Gouldner). These concepts vary in their emphasis but it is precisely such variance that I mean ethos to designate because the concept is best understood dynamically. (Liu 2004:72)

Die Griekse *ethos* dui op blyplek, ge-woon-te van die mens, dit waar en waarmee mense tuis is. Heidegger (1973:67) gee vir ons ’n uitstekende vertrekpunt wanneer hy soos volg hieroor skrywe:

Wanneer nu overeenkomstig de grondbetekenis van het woord ‘ethos’ de naam ethiek zegt, dat deze het verblijf van de mens overdenkt, dan is het denken, dat het waarheid van het Zijn als het oorspronkelijke element van de mens als van een eksisterende denkt, in zich reeds de oorspronkelijke ethiek.

Die grondbetekenis van die woord etos is etiek, wat beteken die oordenking van die verblyf van die mens. Hierdie denke oor die verblyf van die mens moet in verband gebring word met die waarheid van die Syn as die mens se oorspronklike element en as sodanig is hierdie denke die oorspronklike etiek. Denke, mens, waarheid van die Syn en etiek is intens vervleg. Vir etos, dus etiek in hierdie sin, gaan dit om die bedink van en die vind van ’n plek, ’n tuiste vir menswees, midde in die geheel van dit wat is – wêreldskepping as tuisteskepping en in die lig van hierdie artikel gaan dit om die bepalende rol wat kennis in die skepping van wêreld en tuiste speel.

Volgens Stiegler (2013a:7-8) het etiek as vertaling van die Griekse *ethos* ook die fokus op die kennis van plek, verblyf en vertoef, met die sin van plek, en van die affekte in die gedagte en dus dan ook die verhoudinge tussen mense en selfs tussen geslagte. Dit gaan dus

om kennis en wete in 'n omvattende sin. Vanselfsprekend kan verwag word dat die verlies aan die etos, of die verwringing daarvan deur diegene wat nie in harmonie met die begrip is nie, kwade gevolge van 'n aansienlike omvang sal hê. Dit kom neer op synsverlies, plekverlies, gevoelsverlies, mensverlies en uiteindelik sinverlies en lewensverlies. Aangesien dit wil voorkom asof die wêreld inderdaad ly aan die verlies van etos in die volle sin, bevestig dit die begin van die artikel waar gemeld word, na aanleiding van Liu, dat die toon en status van die hedendaagse wêreld siek is. Die herwinning van die etos in die grondbetekenis daarvan, as die oorspronklike element van denkende en kennende menswees, is presies wat gesoek moet word binne die konteks van die aktiwiteite van die hedendaagse kenniswerker. Die eerste toerusting wat gevra word, is 'n etiese toerusting in hierdie dieper sin en nie in die sin van oppervlakkige maak van reëls en regulasies soos dit in al die toegepaste etieke voorkom nie. Die verlies aan die etiese bring gedisaffecteerde individue mee waarvan die affektiewe vermoëns verwoes is met die gevolglike vernietigde sosiale verhoudinge. Die uiteinde is geestelike ellende. Geestelike ellende beteken die verminking van die mens se vermoëns om geestesake soos waardering, sublimasie en liefde vir kuns, wetenskap, taal, kennis en wysheid hoog te ag wat alles saam lei tot die verlamming van die mens se psigososiale gees met skreiende implikasies:

[T]he noetic soul feels that, deprived of its premier faculty, thought, its capacity to discern and therefore to anticipate, and to want and act knowingly, is radically threatened – and with it the human species in totality. (Stiegler 2013a:4)

Hiermee word 'n verlies aan hoop ervaar en die motiewe vir lewe vernietig. Hierdie etos, hierdie denkende sin vir Syn, plek, verblyf, tuisheid en geestesfrisheid skep 'n milieu waarbinne die hedendaagse kenniswerker kan floreer. Dit gee energie; dit rus toe met inspirasie. Terselfdertyd bied die tragiese verlies aan hierdie etos aan kenniswerkers hulle grootste uitdaging veral met die oog op die verwesenliking al dan nie van kennis in die volle sin in so 'n omgewing.

Ongelukkig voldoen etos nie noodwendig aan hierdie beskrywing nie. In die lig van “die gees van informasionalisme” vra Castells (1996:199) byvoorbeeld:

What is this ethical foundation of the 'network enterprise' this 'spirit of informationalism'?

Dan antwoord hy hierop:

It is a culture ... of each strategic decision, a patchwork of experiences and interests, rather than a culture of rights and obligations. It is a multifaceted virtual culture ... The 'spirit of informationalism' is a culture of 'creative destruction'.

Wat egter hier gebeur is dat kennis binne die raamwerk van die kultuur van informasionalisme verwring word tot 'n inligtingagtige entiteit (verhandelbaar en uitdienbaar), beroof van die wesenlike karakter daarvan, en in die proses misvorm word tot nie-kenning of nie-wete aangesien die mees wesenlike wetes (die wete-om-te-teoretiseer en die wete-om-te-lewe) heeltemal buite rekening gelaat word. Dit verteenwoordig dan koel in die een sin van die woord soos Liu (2004:78) dit beskrywe: “[C]ool is the shadow ethos of knowledge work. It is the ‘unknowing’, or unproductive knowledge, within knowledge work ...” Dit bring ons dan by die etos van nie-kenning en nie-wete.

## DIE ETOS VAN NIE-KENNING OF NIE-WETE

Hiermee raak ons aan die belangrike konflik tussen kennis en inligting en die verwarring wat rondom hierdie terme gaandeweg geskep is en nou voluit bestaan en kom ons digby dit wat katastrofes kan veroorsaak. Stiegler (2010:184), getrou aan sy vorige opmerkinge, onderskei op die volgende wyse tussen hulle:

Knowledge individuates and transforms the learner; interiorizing the history of individual and collective transformations. Information dis-individuates its consumer and cannot become the substance of thinking for the object of a knowledge capable of being the object of transformations. Knowledge and understanding must be psychically assimilated and made one's own, while information is merchandise made to be consumed and is therefore disposable.

Kennis in hierdie dinamiese sin kan nie bestuur word nie, terwyl inligting in die sin waarin dit hier beskrywe is – in die sin van die kultuur van informasionalisme van Castells – kan en moet bestuur word.

Daar lê veel meer opgesluit in hierdie differensiëring as wat Liu beskrywe. Dit is baie kragtiger. Verskuil agter die een benadering is die magtige politieke ekonomie van kennis. Kennis soos deur Stiegler beskrywe word, word ingedwing in 'n domein of 'n dimensie van die onbekende, om die waarheid te sê van die onkenbare en as sodanig ook die onbemarkbare en daarom die nuttelose (die kennis wat veronderstel is om dood te wees). Wat binne die politieke ekonomie van kennis geskep word, is meetbare en berekenbare stukkies en brokkies inligting, en hope daarvan, waarmee handel gedryf kan word. Dit toon geen belangstelling in hierdie dimensie, of etos, van die onbekende, die doodverklaarde nie, wat in werklikheid die ware plek, domein, of tuiste is van die volheid van kennis. Dit is oortollig verklaar ten gunste van “een [een-dimensionele] globale begrip van verstaan”. Wie ook begerig is om goed in te lig, behoort, het 'n verantwoordelikheid om, diep in te graawe in presies hierdie domein van die onbekende, om deur die versperringe, die teenstrydighede, te breek omdat die lewe-veranderende, lewe-transformerende faktore van waarheid, geregtigheid en skoonheid daar en slegs daar ontdek kan word. Hierdie faktore en met hulle nog baie ander word bedek, weggesteek agter die besorgdhede oor die Mark en oor berekenende denke. Die mark-informerende houding van berekenende redenering skep illusies van waarheid, geregtigheid en skoonheid. Mense wat mislei word deur hierdie retorieke en ideologieë beland in diep ellende, in die etos of land van nie-kenning, nie-wete, die wêreld van onkunde en sorgeloosheid nie alleen oor kennis en intelligensie nie, maar ook oor diegene wat werklik ly, byvoorbeeld siekes, armes, verdruktes, maar ook simbolies ellendiges. Hierdie etos van nie-wete bied die ware bedreiging. Dit raak betrokke by kennis maar sonder kennis, terwyl daar geswem word in onkunde, domheid en die totale afwesigheid van insig en wysheid – 'n plek van sorgeloosheid. Die wil tot onkunde waaroor Lacan (2011) dit het “wanneer hy praat asof hy teen 'n muur praat” is 'n goeie illustrasie hiervan.

Wat hier gebeur, word soos volg deur Liu (2004:7) beklemtoon:

Wherever the academy looks in the new millennium, it sees the prospect of a world given over to one knowledge – a single, dominant mode of knowledge associated with the information [knowledge] economy and apparently destined to make all other knowledges, especially all historical knowledges, obsolete [hence useless]. Knowledge work harnessed to information technology will now be the sum of all worthwhile knowledge.

Wat hierdie kennis so belangrik maak is dat dit bestuurbaar word omdat dit meetbaar en dus beheerbaar is. Dit kan geweeg word en besit word en in handelsware omskep word wat verkoop kan word om 'n inkomste te genereer. Dit word dan die bron van ons tyd wat Liu (2004:8) tipeer as “die eeu van totale innovering”.

Die etos van nie-kennings is dus ook die etos van non-plek, verminking en verwarring van plek – distopie, dus verwronge plek.

Die vraag bly egter wie hieroor besluit, oor wat die moeite werd is, wat waardevol is en wat oortollig is? Hierdie een kennisvorm is solied gekonstrueer en lyk onweerlegbaar, goed ingemessel en ideologies sterk en veilig beskerm, bestand teen misbruik en verbruik. Dit blyk ondeurdringbaar te wees. Baie hedendaagse magte, ekonomies, polities en institusioneel, is ten gunste van hierdie kennisvorm. Hierteenoor moet ook besef word dat dit gevaarlik giftig is en die “kreatiewe destruksie”, soos dit genoem word, is allesbehalwe onskuldig. Dit vernietig en maak dood waarvan dit nie hou nie. Vanweë die statiese aard daarvan skep dit en versterk dit die domheid en onkunde waaroor Ronell (2003) en Stiegler (2006) skrywe. Dit lei onmiskenbaar tot die onttowering van die wêreld, die disindividueering, desingularisering, en desosialisering van individue en skep stelselmatig die fatale graad nul van denke (Stiegler 2006). Dit skep ook die rede vir Michel Serres (1989) se byna desperate en wanhopige versugting: “Laat die nuwe kennis kom.” Vandaar die sug na 'n ander etos! Dit is dan inderdaad wat Liu voorstel met sy omkering van die vraag van Castells oor die etiese fundering van die gees van informasionalisme. Liu (2004:71) vra in hierdie omgekeerde sin: “What ethical foundation enables identities to live an un-networked and counter-informational fantasy within the spirit of informationalism?” Die kenniswerker kan kwalik onttrek aan die gees en kultuur van informasionalisme, maar kan wel uitkom by “'n regte lewe van informasie wat goed geïnformeerde meebbring”. Hierdie “regte lewe” is geleë in die paradoksale etos wat floreer binne die Vallei van die Dood van kontemporêre kennis met as taak om die reserwe van kennis wat onbekend geraak het en verban is weer na vore te haal.

It is upon such a contrarian ... ‘ethos of the unknown’ secreted within knowledge work, I believe, that the humanities and arts (and my special concern, literary study) must now come to bear or not at all. For the humanities and arts, this is where the contest for ‘humanity’ now lies: to educate the ethos of the unknown that broods within knowledge work so that it is not also the same as an ethos of unknowing, of resenting the fated life of knowledge work so that one could ‘care less’ for knowledge. (Liu 2004:72)

## DIE ETOS VAN DIE ONBEKENDE

Hierdie bespreking noodsaak ons nou om te vra na die etos van die onbekende, van die doodverklarde kennis, die kennis waarvan niemand mag praat en waaroor niks ge-opper mag word in goeie wetenskap- of liever navorsingsgeselskap nie. Dit bied die ander perspektief op die etos van die hedendaagse kenniswerker waarop Liu die aandag vestig, naamlik “to install within the life of knowledge work an ‘ethos of the unknown’ able to mold ‘cool’ – the popular form of such ethos – into more experimental, expansive, diverse, active, and aware forms” (Liu 2004:371; lees hiermee saam ook hfst. 12, pp. 373-389). Die taak van hedendaagse kenniswerkers is dus om hulle uit die ervaring van die ellende te neem en te hou wat hierbo beskrywe is, maar om nog verder te gaan en die ellendiges op te hef ten einde aan hulle hoop te gee deur hulle bloot te stel aan rykdom en oorvloed van “die etos van die onbekende”. Dit is wat dit beteken om goed te informeer (om die krag en energie te put uit volle kennis en wete), geïnspireer deur die lewe-informerende houding van sorg, besorgdheid en liefde, teen



die magte van die Markplek wat met luide stemme roep: Weg met hierdie soort sentiment waarvoor daar hier geen ruimte of meegevoel bestaan nie. Wat dit inderwaarheid in konkrete terme beteken is dat rofweg bereken een miljoen van die volumes in 'n biblioteek van twee miljoen volumes nutteloos en oortollig verklaar kan word en daargestel is deur mense wat nie van beter weet nie.

Hierdie sake lê aan die hart van die intelligente gemeenskap. In so 'n gemeenskap word twee dinge vereis: sorg/liefde en kennis. Hierdie twee is verweef. Hoe meer wete daar is en hoe groter die begrip des te meer intelligensie lewe daar in so 'n gemeenskap en des te meer sal mense omgee en ook in staat wees en gewillig wees om om te gee en sorg te bied. In Stiegler (2010:179) se formulering lyk dit so:

In the strict sense that the truly educated learn to take care of themselves and thus of others, in taking care of objects of knowledge they have been given, knowledge by which they can and must take care of the world, this politics of care ... is in fact a metacare that, as it were, shapes care in the modern society in the strongest sense – as taking care of noetic action that is politically and economically organized.

Die probleem is egter dat hierdie kenniswerkers hulle in die samelewing van die etos van die nie-wete bevind en daar werksaam móét wees. Daarom beklemtoon Liu die volgende: “The ethos of the unknown is a zone where those who live and work nowhere but inside the system of contemporary knowledge work can paradoxically, and with more than the normal (and normalizing) irony of cool, seem to stand outside it” (2004:9). Slegs verrykte, gehersinguliseerde subjektieweite kan die bronne verskaf wat kragtig en onweerstaanbaar weerstand kan bied teen so 'n kultuur van nie-wete en berekende onkunde. Die herkonstituering van sodanige singuliere subjekte in die konteks van kenniswerk (kyk Wersig 1993) stel hulle in staat om outonome ruimtes te skep wat immuun is teen die aandrang van die opdringerige, mark-gedrewe kultuur van nie-wete. Hierdie “toekomstig literêre” van Liu met hul weerstand teen diegene wat kreatiewe vernietigers is, lê dit aan die dag met 'n mentaliteit van “destruktiwe skeppendheid”. Destruktief met betrekking tot die mees “waardevolle” in kenniswerk, naamlik beheer. Liu (2004:8) skrywe: “Whether it is expressed as appropriation, sampling, defacement, or hacking, there will be nothing more cool – to use the term of the nascent, everyday aesthetics of knowledge work – than committing acts of destruction against what is most valued in knowledge work – the content, form, or control of information” (Liu 2004:8).

Volgens Liu (2004:179) is koel in hierdie sin

...the aporia of information. In whatever form and on whatever scale (excessive graphics, egregious animation, precious slang, surplus hypertext, and so on *cool is information designed to resist information* – not so much noise in the information theory sense as information fed back into its own signal *to create a standing interference pattern, a paradox pattern*. Structured as information designed to resist information, cool is the paradoxical gesture by which an ethos of the unknown struggles to arise in the midst of knowledge work. (My beklemtoning)

Liu vestig ook ons aandag, in aansluiting hierby, op dit waarmee hy hom vereenselwig naamlik “die geraas van kultuur” waaroor Paulson (1988) die sentrale punte soos volg saamvat: Eerstens, dat letterkunde die raserige transmissiekanaal is wat sy geraas aanvaar ten einde iets anders te word as 'n transmissiekanaal, en tweedens dat letterkunde wat so gekonstitueer is as die geraas van kultuur funksioneer, as die versteuring, of die bron van verskeidenheid in die sirkulasie van en die produksie van diskoerse en idees. Liu is dit ook eens met Hillis Miller



wat dit stel dat literêre werke swart gate is in die internetgalaksie. Dit beteken: Die teenwoordigheid van letterkunde en die literêre verhinder ons om te dink aan die internet as 'n deursigtige elektroniese hoofwegsisteem waarop inligting vrylik heen en weer en sonder hindernis as 'n ope geheim kan beweeg. Dat die geesteswetenskaplike inhoude waaroor dit hier gaan steurnis en verduistering veroorsaak in die ongestoorde en heldere verloop van inligtingsirkulasie op netwerke binne die kultuur van informasionalisme veroorsaak vyandskap tot die dood toe teen hierdie wetenskappe.

Die Vallei van die Dood van kontemporêre kennis waaroor hierdie outeurs skrywe, verwys natuurlik na die dood van die geesteswetenskappe in ons tyd waaruit opgestaan moet word. Enigiets krities, skeppend en inventief wat die hoop het om hierdie sterk ontwikkeling om te keer in iets totaal verskillend wat uiteindelik die een kragtige verskil wat dit aan sy kern koester kan “inspireer” moet nagejaag word. Volgens Liu (hfst. 11 & 12) behoort kultuurkritiek en die skeppende kunste in hierdie verband 'n sleutelrol te speel. Iets drasties, iets met 'n impak, iets soos 'n sterk inspuiting word benodig en klaarblyklik is die twee bevoeg om dit te verrig op voorwaarde van 'n deeglike ondersoek na die algemene kultuurparadigma wat dit verteenwoordig. En waarom juis hierdie twee kan wel gevra word. Miskien is Felix Guattari (1995:135) reg wat in 'n ander konteks, maar met hopelik dieselfde effek, vra vir 'n meer dissiplinêre benadering waardeur akute en ter sake insette deur alle dissiplines gelewer kan en moet word.

Die drama van die herwinning en herinvensie van die wetenskappe van die gees kan nêrens anders deur kenniswerkers verrig word nie as midde in die nuwe politieke ekonomie van kennis, uitdagend soos dit mag wees. Liu (2004:8) formuleer dit soos volg:

Many intellectuals and artists will become so like the icy 'new Class' of knowledge workers that there will be no difference; they will be subsumed wholly within their New Economy roles as symbolic analysts, consultants, and designers. But some, in league with everyday hackers in the technical, managerial, professional, and clerical mainstream of knowledge work itself, may break through the ice to help launch the future literary. For it is the future literary ... that can serve as witness to the other side of creative destruction: not the boundless creation that has powered the market rallies of the New Economy, but the equally ceaseless destruction that produces historical difference.

Sterk kuns gaan oor hierdie “destruksie van destruksie”, of anders gestel, dit gaan oor die erkenning van destruktiviteit in skepping en invensie ten einde die vanselfsprekend aanvaarde mag van inligting te weerstaan. Ons moet onthou dat hierdie mag oor sy eie ingeboude paradokse beskik soos Dupuy al lank gelede aangedui het: Hoe meer inligting hoe minder sin en betekenis. Wat vereis word, is

the rejection of the aesthetic ideology of critical innovation ('make it new') [ten alle koste en vinnig] in favor of an ideology of critical destruction. Such an ideology of art will be intended to reorganize the residual avant-garde, sub-cultural, and counter-cultural elements in cubicle culture (psychedelic screensavers, and so on) into a cool that achieves what may be called 'an ethos of the unknown'. The ethos of the unknown is a zone where those who live and work nowhere but inside the system of contemporary knowledge [soos tevore reeds gedefinieer is] can paradoxically, and with more than normal (and normalizing) irony of cool seem to stand outside it. (Liu 2004:9) (kyk ook die belangrike voetnoot 32 op p 404).

Die gebruik van “ideologie” as ’n teen-ideologie is ongelukkig. Ideologie is altyd in alle omstandighede ’n verwringing en verdraaiing van die werklikheid. Dit sou veel eerder belangrik wees om ’n a-kritiese houding in te neem, dit wil sê ’n posisie anderkant die ideologiese. Die onderrig in die wesenlike verskil tussen kritiese en selfs a-kritiese destruksie van totale innovering in die naam van soliede en gesedimenteerde inligting en die meer duistere “ideologie van kreatiewe destruksie” wat geesteswetenskaplike kennis vir dood agterlaat, sal die spesifieke besorgdheid wees van sowel die opvoeders in die wetenskappe van die gees as skrywers en kunstenaars in die toekoms – “die toekomstige literêre” asook almal wat betrokke is by die opvoeding en vorming vir kenniswerk ten einde te bereik wat Liu noem “a more humane hack of contemporary knowledge” (Liu 2004:9).

Ons benodig ’n model van “destruktiwe kreatiwiteit” wat die post-industriële etos van “kreatiewe destruksie” kan ondermyn en teëwerk. Ons moet egter wakker bly vir die moontlikheid om die potensiaal raak te sien dat kreatiewe destruksie en destruktiwe kreatiwiteit gesien word as dele van dieselfde proses wat mekaar komplementeer. Hierdie saamwerk van vernietig en skep (p.375) sien ons volgens Liu veral duidelik gedemonstreer in historiese kennis (p.380). Die vernietigende mag van die een ten opsigte van die kennis van die wetenskappe van die gees moet vernietig word ten einde die ware skeppende mag van die tegnowerenskappe binne die politieke ekonomie van kennis te waardeer en na waarde te skat, die ondermynende mag daarvan aan die kaak te stel en terselfdertyd ook die ware weelde van die ander te beredeneer en sterk na vore te bring as twee domeine van komplementerende wetes wat onmisbaar vir mekaar is in hul strewe om die toekoms van die mensdom te verseker. Hiervoor sal “die toekomstig literêre”, soos Liu die figure beskrywe, onmisbaar wees, maar hulle aktiwiteit sal veel verder moet strek as bloot kritiese denke en skeppende kunste. Alle wetenskappe van die gees sal oor alle grense heen kragte en insigte moet saamsnoer ten einde die uitdaging van siek samelewings, in die sin waarin hierdie verskynsel hier beskrywe word, die hoof te bied.

## **DIE LEWE-INFORMERENDE HOUDING AS VOORWAARDE VIR SOSIOTERAPIE**

Die hedendaagse lewe en samelewing en die stemming daarvan behoef herstel, skrywe Liu. Waarom is dit nodig en wat beteken dit? Iets moet verkeerd wees maar wat? Indien ’n mens tussen die lyne lees dan moet dit, volgens Liu, iets te doen hê met “die etos van nie-kenning of nie-wete”. Die etos van nie-kenning plaas hindernisse op die pad van wete en kenning en verbied toegang tot die domein van kennis. Hierdie verlies aan kennis in ’n dieper sin vorm die wesenlike oorsaak van die siek toon van die huidige samelewing. Dit vorm deel van die karakterisering van ’n samelewing wat herstel nodig het, herstel in terme van ’n lewens-informerende houding, want tans word die informerende aktiwiteit afgesny van die lewe.

Hierdie houding is egter nie ’n gegewene nie; dit is nie vanselfsprekend nie; dit is nie ’n professie of beroep nie. Dit moet gesoek word. Wat is hierdie lewe-informerende houding? Daar is reeds vlugtig hierop gelet. Let verder daarop: nie behoeftes nie; nie probleem-informerende houdings nie (wat die mode is), maar lewe-informerend, met ander woorde omvattend, singwend en sorgdraend. Dit kan nie stuksgewys gebeur nie, maar moet omvattend wees: wysheid wat in die Vallei van die Dood beland het moet herwin word. Dit is waar geestelikheid in die prentjie kom. Dit gaan dus nie om ’n behoefte-informerende houding, of ’n probleem-informerende houding of selfs ’n relevansie-informerende houding in die eerste plek nie, maar om ’n lewe-informerende houding. Wat beteken dit werklik? Dit moet omvattend en alles-insluitend wees, sin-makend en sorg-saam met betrekking tot die hele persoon in die hele wêreld. Die klem word

hiermee geplaas op 'n kapasiteit waaroor mense en slegs mense beskik, naamlik om lewe-informerende wesens te wees wat deurentyd lewensinventief te werk gaan.

Wat is die diep-gesetelde inspirasie en die geestesgesteldheid van die lewe-informerende houding? Wat beteken dit? Wat is die toepasbare modus? Die antwoord is geleë in die bewus-wees van of die bewus-maak van en die indompeling in “die etos van die onbekende”. Dit is dus nie 'n gewone vaardigheid nie; dit kan nie geleer word nie; alle menslike vermoëns moet daarvoor ingespan word. Dit is 'n houdingsaangeleentheid wat ons verby die posisie van beslaglegging op na die posisie van synsgerigtheid neem. Dit gaan dus nie oor 'n sekere manier van doen of handel nie, maar oor 'n manier van wees met dit wat is – 'n ander soort wete van of aangaande die onbekende, die vermoë om die Syn te verneem, om dit wat die lewe fluister te hoor en te gehoorsaam. Niks anders nie as die getransformeerde wetenskappe van die gees (“the New Humanities and the New Arts” in Liu (hfst. 12) se taal) en niks anders nie kan hier, in die eeu van opgeblaaide inligting en gemutileerde kennis, die leiding neem op voorwaarde dat dit gebeur in die voorgeskrewe terme van “die etos van die onbekende” (p.385). Michel Serres (2009:82-85) wys daarop dat filosofie, letterkunde en die kunste (Rabelais, Diderot, Leibniz, Flaubert) ons op hierdie wêreld van verhoudinge, netwerke, informasies waarin ons nou lewe voorberei het. Wie ook al dink, skrywe en lewe word gou 'n komponis. Soos hierdie aktiwiteite oor 'n lang tyd hierdie wêreld, ons wêreld voorberei het, kon geen wetenskap doen nie. Dit is dan ook hierdie wetes of wetenskappe wat in hierdie konteks die lewe-informerende houding kan voed en daartoe kan opvoed. Kenniswerkers wil met feitekennis in die naam van nuttigheid en bekostigbaarheid alle ander kennis (nie-feitekennis) as nutteloos bestempel en na die Vallei van die Dood verwys (die proses van kreatiewe destruksie). Hiervoor is nodig om in die naam van verbeeldingvolle wete deur destruktiewe kreatiwiteit die sogenaamde nuttigheid en bekostigbaarheid as eensydig en ontoereikend te vernietig terwyl die verbanne “nuttelose” kennis uit die Vallei van die Dood herwin moet word en tot lewe herskep word ten einde deur 'n etiese begrip van inligting die waarde daarvan vir en tot lewe na vore te haal. Of soos Liu (2004:383) dit in die woorde van Shelley stel: “The poetry in these systems of thought is concealed by the accumulation of facts and calculation processes ... We want the creative faculty to imagine that which we know; we want the generous impulse to act that which we imagine; we want the poetry of life.” Soos Serres vroeër die versugting uitgespreek het: “Laat die nuwe kennis kom”, so bring Shelley die komplementerende versugting na vore: “Ons hunker na die poësie van die lewe”. Die hoogtepunt van die sosio-terapie, as die mikpunt van die lewe-informerende houding van die wetenskappe van die gees, vind goeie uitdrukking in die ervaring van die herinwensie van die gees van die lewe in die woorde van Liu (2004:388): “the experience of a diffuse, saturated, *reorigination of spiritual meaning in everyday life*” (my beklemtoning).

## SLOT

Alan Liu het beplan om te skrywe oor die lot van die kennisvorme waarvoor hy op die mees diepgaande wyse omgee en lief is – die historiese, die literêre, die artistiese, die humane (wat hopelik die filosofiese insluit) kennisvorme – binne die milieu van die nuwe arrogante wêreld van inligting en die heel resente, nuwe wêreld van data-verheerliking. Maar dan is hy egter vinnig om te beklemtoon: hy het baie bladsye hieroor geskrywe wat hom al verder weggevoer het van die waarheid en om hierdie bladsye te ont-skrywe ten einde terug te kom by wat hy werklik op diepgaande wyse voor omgee, die inhoude van die wetenskappe van die gees, was van die moeilikste skrifting waaraan hy hom ooit gewaag het. Dit is die lot wat hy deel met

almal wat werklik omgee vir die wetenskappe van die gees en daaroor wil skrywe. Dit is nie alleen erg moeilik nie, maar dit is ook pynlik en soms vernederend – 'n mens weet jy moet en jy wil ook, maar jou pogings wat jy aanwend oor waarin jy glo word afgelag en verspot gemaak. Nie omdat jy so swak skrywe nie, want die ander skrywe ook maar erg swak, maar omdat jy vanuit die kubikel, waar niemand eintlik meer in staat is om behoorlik te skrywe nie, uitgelag word en irrelevant verklaar word. Dáár word geskrywe sonder woordeskat en sonder letteregevoeligheid. So voer Liu ons van die grot van Plato tot die ysterkou van Weber, tot die silikonkou van die tegniese eeu, tot die kubikel van intellektuele gevangenskap van die tegnobewonderaars (ongeluklik mis hy die sirkus van Serres), maar ook sonder om terug te kom by die andersoortige grot van Johannes op Patmos waarin Johannes op profetiese wyse deur die grotwande gebreek het om uit te kom by die “hoofsom van die geskiedenis” wat hy daarin saamgevat het (Miskotte 1945) en “die doel van alle dinge” (Frey 1962) wat hy daarin uiteengesit het – 'n oorskryding van alle gevangeneemde en gevangehoudende metafisikas en 'n deurkruising van alle ideologieë, veral teologiese en kwasi-teologiese ideologieë. Dit is voorwaar lewe-informerend. Miskien sou Johannes se getuienis nog verder kon gaan (en Alan Liu – soos Paul Ricoeur – het respek vir die kenniswaarde van eeue se getuienisse (p. 381), presies dit wat deur die etos van nie-kenning gedood word), en selfs 'n ewige lewe-informerende houding openbaar wat selfs die grense van die geskiedenis oorskry, veral vir diegene wat nog kan en wil glo.

## BIBLIOGRAFIE

- Ballay, J. 2010. Le mythe de l'intelligence collective. <http://arsindustrialis.org/le-mythe-de-lintelligence-collective-0> (toegang verkry op 25 Oktober 2010).
- Canguilhem, G. 2008. *Knowledge of life*. New York: Fordham University Press.
- Castells, M. 1996. *The information age: Economy, society and culture*. Malden (Mass.): Blackwell.
- Dortier, J-F. & Journot, N. 2006. L'intelligence collective. *Sciences humaines*, 169: 33-53.
- Drucker, P. 1993. *Post-capitalist society*. New York: Harper Collins.
- Dupuy, J-P. 1980. Myths of the informational society, in *The myths of information: technology and postindustrial culture*, edited by K. Woodward. New York: Routledge and Kegan Paul.
- Dupuy, J-P. 2002. *Pour un catastrophisme éclairé: quand l'impossible est certain*. Paris: Seuil.
- Felman, S. 1987. *Jacques Lacan and the adventure of insight*. Cambridge (Mass.): Harvard University Press.
- Frey, H. 1962. *Das Ziel aller Dinge*. Stuttgart: Calwer Verlag.
- Guattari, F. 1995. *Chaosmosis: an ethico-aesthetic paradigm*. Bloomington: Indiana University Press.
- Guattari, F. 2012. *The three ecologies*. London: Continuum.
- Heidegger, M. 1973. *Brief over het humanisme*. Utrecht: Uitgeverij Lannoo.
- Henry, M. 2012. *Barbarism*. London: Continuum.
- Lacan, J. 2011. *Je parle aux murs*. Paris: Seuil.
- Lash, S. 2002. *The critique of information*. Cambridge: Polity Press.
- Lévy, P. 1997. *Collective intelligence: mankind's emerging world in cyberspace*. New York: Plenum Trade.
- Liu, A. 2004. *The laws of cool: knowledge work and the culture of information*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Malabou, C. 2012. *Ontology of the accident: an essay on destructive plasticity*. Cambridge: Polity Press.
- Miller, J Hillis. 1999. *Black Holes*. Stanford: Stanford University Press.
- Miskotte, K.H. 1945. *Hoofdsom der historie: voordrachten over de visioenen van den apostel Johannes*. Nijkerk: G.F. Callenbach N.V. Uitgever.
- Morin, E. 1986. *La Méthode 3. La connaissance de la connaissance 1*. Paris: Seuil.
- Morin, E. 2008. *On complexity*. Cresskill (NJ): Hampton Press.
- Naccache, I. 2010. *Perdons-nous connaissance? De la mythologie à la neurologie*. Paris: Odile Jacob.

- Nancy, J.-L. 2011. *L'Équivalence des catastrophes (Après Fukushima)*. Paris: Galilée.
- Paulson, W.R. 1988. *The noise of culture: literary texts in a world of information*. Ithaca: Cornell University Press.
- Ronell, A. 2003. *Stupidity*. Urbana: University of Illinois Press.
- Schumpeter, J.A. 1975. *Capitalism, socialism and democracy*. New York: Harper & Row.
- Serres, M. 1989. *Detachment*. Athens, Ohio: Ohio University Press.
- Serres, M. 1997. *The troubadour of knowledge*. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Serres, M. 2009. *Écrivains, savants et philosophes font le tour du monde*. Paris: Le Pommier.
- Simondon, G. 2005. *L'individuation à la lumière des notions de forme et d'information*. Grenoble: Éditions Jérôme Millon.
- Steiner, G. 1999. *Barbarie de l'ignorance*. La Tour d'Aigues: Éditions de l'Aube.
- Stengers, I. 2009. *Au temps de catastrophes: résister à la barbarie qui vient*. Paris: La Découverte.
- Stiegler, B. 2006. Le degré zéro de la pensée, in *La télécratie contre la démocratie*. Paris: Flammarion.
- Stiegler, B. 2010. *Taking care of youth and the generations*. Stanford: Stanford University Press.
- Stiegler, B. 2013a. *Disbelief and discredit, volume 2: Uncontrolable societies of disaffected individuals*. Cambridge: Continuum.
- Stiegler, B. 2013b. *Pharmacologie du Front National*. Paris: Flammarion.
- Stiegler, B. 2015. *States of shock: stupidity and knowledge in the 21<sup>st</sup> Century*. Cambridge: Polity Press.
- Wersig, G. 1990. The changing role of knowledge in an information society, in *The information environment: a world view*, edited by D.J. Foskett. Amsterdam: Elsevier Science Publishers.
- Wersig, G. 1993. *Fokus Mensch: Bezugspunkte postmoderner Wissenschaft: Wissen, Kommunikation, Kultur*. Frankfurt am Main: Peter Lang.

# Etiese sensitiwiteit van praktiserende oudioloë

*Ethical sensitivity of practising audiologists*

**ALIDA NAUDÉ EN JUAN BORNMAN**

Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe

Kommunikasie

Universiteit van Pretoria

E-pos: alida@amtronix.co.za



Alida Naudé



Juan Bornman

**ALIDA NAUDÉ** is 'n korporatiewe opleidings-oudioloog met 'n wye kliniese ervaring in privaat praktyk sowel as in hoër onderwys as 'n senior lektor en navorser. Sy is tans besig om haar na-doktorale studies aan die Universiteit van Pretoria te voltooi. Haar vorige navorsing het spesifiek gefokus op etiek en persoonlike ontwikkeling asook op vestibulêre oudiologie en infeksiebeheer. Tans fokus sy op die eerste stap in die etiese besluitnemingsproses, naamlik etiese sensitiwiteit, spesifiek met betrekking tot oudioloë. Sy het die eerste multi-dissiplinêre meetinstrument vir etiese sensitiwiteit in die terapeutiese wetenskappe ontwikkel. Die beskrywing van patrone van etiese sensitiwiteit by voorgraadse studente en praktiserende professionele individue kan gebruik word as riglyne vir voorgraadse onderrig asook voortgesette professionele ontwikkeling. Alida het reeds verskeie werksinkels oor etiek aangebied, op twee etiese komitees gedien, en sy dra haar navorsing plaaslik sowel as internasionaal voor. Sy was die redakteur van 'n spesiale joernaal-uitgawe oor etiek in samewerking met internasionale navorsers.

**ALIDA NAUDÉ** is a corporate training audiologist with wide clinical experience of private practice and higher education as a senior lecturer and researcher. She is currently completing her post-doctorate fellowship at the University of Pretoria. Her previous research focused specifically on ethics and personal development, as well as on vestibular audiology and infection control. Her current research focuses on the first step in the ethical decision-making process namely ethical sensitivity, specifically in relation to audiologists. She developed the first multidisciplinary measure of ethical sensitivity in the therapeutic sciences. Being able to describe patterns of ethical sensitivity can be used to develop ethical sensitivity in undergraduate students and practising professionals as part of undergraduate training and continued professional education. Alida hosted various workshops on the topic of ethics, acted on the ethics committee of two professional bodies, and presents her research both locally and internationally. She also served as the editor of a special journal edition about ethics in conjunction with international researchers.

**JUAN BORNMAN** is 'n Professor aan die Universiteit van Pretoria en Direkteur van die Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie. Haar voorgraadse studies is in spraak-taal terapie en oudiologie, en op nagraadse vlak spits sy haar toe op aanvullende en alternatiewe kommunikasie (AAK). Vir die afgelope 25 jaar doen sy navorsing en opleiding in die veld van gestremd-

**JUAN BORNMAN** is Professor at the University of Pretoria and Director of the Centre for Augmentative and Alternative Communication. Her undergraduate degree is in speech-language therapy and audiology and her postgraduate research focus has been on augmentative and alternative communication (AAC). Over the past 25 years, she has conducted research and training



|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>heid en tree sy op as aktivis vir die menseregte van persone met gestremdheid, veral dié wat min of geen verbale spraak het nie, aangesien hulle die weerloosste groep op die gestremdheid-spektrum is. Haar navorsing fokus op AAK strategieë met bewese navorsingsimpak wat deelname in verskeie kontekste vir hierdie populasie moontlik maak. Juan was betrokke by 'n verskeidenheid grootskaalse internasionale navorsingstudies en in 2016 was sy in Toronto 'n ontvanger van die gesogte <i>Isaac Fellowship Award</i> vir uitstaande en onderskeidende prestasie in die veld van AAK. Sy speel ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van etieknavorsing, soos blyk uit gepubliseerde artikels asook 'n aanbieding by die vierde kongres van die Internasionale Vereniging vir Onderwys in Etiek (2016) in Logroño, Spanje.</p> | <p>in the field of disability and works as an activist to protect the human rights of persons with disabilities who have little or no verbal speech, one of the most vulnerable groups on the disability spectrum. Her current research focuses on AAC strategies with proven research impact that facilitate the participation of this population in a variety of contexts. She participated in numerous large-scale international research studies and in 2016 was a recipient of the prestigious <i>Isaac Fellowship Award</i> in Toronto for outstanding and distinguished achievement in the field of AAC. She also plays an important role in the development of ethics research, as is evident from published articles and a presentation at the fourth congress of the International Association for Education in Ethics (2016) in Logroño, Spain.</p> |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

## ABSTRACT

### *Ethical sensitivity of practising audiologists*

**Theoretical framework:** *An understanding of the client, his/her needs, emotions and circumstances is fundamental to an effective therapeutic relationship. This holistic focus on the therapeutic relationship and service excellence constitutes, together with ethical sensitivity, the building blocks for effective and competent practice. The Measuring Instrument for Ethical Sensitivity in the Therapeutic Sciences (MIEST) is the first multidisciplinary measuring instrument to describe the ethical sensitivity of audiologists and other therapists. In an era where therapists are daily confronted with ethical decision making, it is important to determine the different levels of skill related to ethical sensitivity. The data obtained by means of the MIEST can provide guidance through workshops and professional development programmes. Ethical sensitivity is the first step in the framework of ethical behaviour and for that reason forms the foundation of this research.*

**Aim:** *To investigate the ethical sensitivity of practising audiologists in terms of defined principles and skills.*

**Methodology:** *A quantitative research design using an existing measuring instrument was applied. Fifty participants completed the MIEST measuring instrument. Data collection was managed electronically and the data was quantitatively analysed using parametric and inferential statistics.*

**Results:** *The mean score for the practising audiologists was 65%, which places this group of participants in the developing phase of ethical sensitivity. The highest level of ethical sensitivity related to the principle of justice and the skill emotional expression. The study identified a need to further develop the ethical sensitivity of audiologists, especially with regard to non-maleficence, controlling social bias and the interpretation of situations.*



**KEY WORDS:** Audiologist, Autonomy, Beneficence, Decision Making, Ethical Principle, Ethical Sensitivity, Justice, Non-maleficence, Perspective taking

**TREFWOORDE:** Oudioloog, Outonomie, Weldadigheid, Besluitneming, Etiese beginsel, Etiese sensitiwiteit, Geregtigheid, Nie-kwaadwilligheid, Perspektief-neming

## OPSOMMING

**Teoretiese raamwerk:** 'n Begrip van die kliënt, sy/haar behoeftes, emosies en omstandighede vorm die basis van 'n doeltreffende terapeutiese verhouding. Diensuitnemendheid en etiese sensitiwiteit vorm saam met hierdie holistiese kliënt-terapeut-benadering die boustene vir doeltreffende dienslewering. Die Meetinstrument vir Etiese Sensitiwiteit in die Terapeutiese Wetenskappe (MIEST) is die eerste multidissiplinêre meetinstrument beskikbaar om etiese sensitiwiteit van oudioloë en ander terapeute te evalueer. In 'n eeu waar terapeute daaglik gekonfronteer word met etiese besluitneming is dit belangrik om die vlak van ontwikkeling van terapeute in verskillende fases van etiese besluitneming te bepaal. Die MIEST kan in die toekoms as rigtingwyser vir werkswinkels en professionele ontwikkelingsprogramme gebruik word. Etiese sensitiwiteit is die eerste stap in die raamwerk van etiese optrede en word daarom as die vertrekpunt vir hierdie navorsing beskou.

**Doel:** Om die etiese sensitiwiteit van praktiserende oudioloë te ondersoek met verwysing na spesifieke beginsels en vaardighede.

**Metodiek:** 'n Kwantitatiewe navorsingsontwerp is gevolg met die gebruik van 'n reeds ontwikkelde meetinstrument, naamlik die MIEST. Vyftig deelnemers het die meetinstrument voltooi. Data-insameling het elektronies plaasgevind. Die data is kwantitatief ontleed deur middel van beskrywende sowel as parametriese en inferensiële statistiek.

**Bevindings:** Die gemiddelde prestasie van praktiserende oudioloë was 65%, wat hul in die “ontwikkende” fase van etiese sensitiwiteit plaas. Die hoogste vlak van etiese sensitiwiteit was in ooreenstemming met die beginsel van geregtigheid asook die vaardigheid, naamlik emosionele uitdrukking. 'n Behoeftes is geïdentifiseer om oudioloë se etiese sensitiwiteit spesifiek ten opsigte van nie-kwaadwilligheid, beheer oor sosiale vooroordeel en die vertolking van situasies te verhoog.

## 1. INLEIDING

Die vermoë om te hoor is vir elkeen van ons baie belangrik. As 'n mens kan hoor, voel jy deel van die wêreld. Omgewingsgeluide laat 'n mens veilig voel en 'n mens waardeer en geniet natuurgeluide, musiek en die stemme van geliefdes. Ongelukkig verswak die meeste van ons se gehoor weens ouderdom, blootstelling aan harde geluide, siektetoestande van die oor, beroertes, hartaanvalle, kop- en nekbeserings, diabetes en sekere soorte medikasie (Martin & Clark 2015). As 'n mens nie goed kan hoor nie, beïnvloed dit jou lewenskwaliteit. As jy sukkel om gesprekke in die teenwoordigheid van agtergrondgeluide te volg, maak dit jou gespanne en moeg. Mense wat nie mooi kan hoor nie, “beskuldig” dikwels ander van onduidelike spraak en dit kan tot konflik en misverstande lei. Sosiale onttrekking, depressie en 'n lae selfbeeld is ook gevolge van verlaagde gehoorsensitiwiteit.

Die persoon wat ten beste opgelei is om gehoorsensitiwiteit volledig en diagnosties te assesseer, is 'n oudioloog. Dit is 'n professionele persoon met 'n vierjaar-universiteitsgraad wat betrokke is by die bevordering van gesonde gehoor en kommunikasievaardighede, asook die verhoging van lewenskwaliteit vir mense van alle ouderdomme deur die voorkoming, identifikasie, assessering en rehabilitasie van gehoorverlies en/of afwykings in auditiewe funksie, balans en ander verwante sisteme binne opvoedkundige, gesondheids- en industriële kontekste (American Speech-Language-Hearing Association 2004). Oudioloë is opgelei om mense van alle ouderdomme – van babas tot bejaardes – te kan bystaan. Oudioloë mag later kies om hulle kennis en vaardigheid in 'n fokusarea van die beroep te verbreed deur 'n bykomende meestersgraad en/of doktorsgraad te verwerf. Om te verseker dat oudioloë altyd die beste belange van hul kliënte op die hart dra en die etiese riglyne van die beroep volg, moet hulle by die Gesondheidsberoepsraad of Health Professions Council of South Africa (HPCSA) registreer (HPCSA 2008).

Gesondheidsorg in die 21ste eeu word gekenmerk deur groeiende beroepskundigheid, ook in audiologie. Bewysgebaseerde kennis, verhoogde aanspreeklikheid, globale standaarde en veranderende verhoudings met die kliënt word beskou as belangrike boustene in kliniese praktyk wat ook die waarde van die bemarkbare kennis en vaardighede van professionele kundiges in gesondheidsorg beklemtoon (Grimen 2009). Die groeiende fokus op kennis en vaardighede het ook bygedra tot tegnologiese vooruitgang in audiologie, spesifiek ten opsigte van genetiese toetsing, kogleêre implantings, tele-audiologie en gehoorapparaatverifikasie deur die gebruik van spraakkartering. Hoewel kennis nuttig is om beroepsgerigte take uit te voer, kan dit ongelukkig ten koste van etiese verantwoordelikhede wees aangesien die oudioloog se fokus intern gerig is en nie spesifiek op die kliënt en die effek van kliniese besluitneming nie (Johnson 1972).

Die moontlikheid van verlaagde etiese sensitiwiteit onder oudioloë het aanleiding gegee tot besprekings oor professionaliteit wat beide etiek en die belangrikheid daarvan in die vorming van die publiek se persepsie van die beroep insluit. Professionaliteit word gedefinieer as die uitleef van waardes en oortuigings soos vervat in die etiese kode van 'n spesifieke beroep – in hierdie geval audiologie. Die fokus is op die bou en instandhouding van 'n vertrouensverhouding tussen die deskundige (oudioloog) en die kliënt (Kirk 2007; Van Niekerk 2002). Die kern van professionele en etiese gedrag vir die praktiserende oudioloog word saamgevat in die beginsel dat die oudioloog die kliënt asook die gemeenskap se belange bo hul eie belange moet ag, in plaas daarvan om winsgedrewe te wees. Oudioloë moet daarop fokus om 'n balans te vind tussen wins (eiebelang) en beide sosiale en omgewingskwessies (sosiale verantwoordelikheid) (Tiatorio 1999). Om 'n balans te vind tussen eiebelang en sosiale verantwoordelikheid is veral relevant in 'n era waar audiologie en sakepraktyk dikwels geïntegreerd is. Die integrasie van 'n professionele gesondheidsorgdiensverskaffer en sakepraktisyn is hoofsaaklik die gevolg van 'n verandering in internasionale wetgewing in 1978, ingevolge waarvan oudioloë die mandaat ontvang het om gehoorapparate aan die publiek te verskaf (Metz 2000). Hierdie fokusverskuiwing in kliniese praktyk het 'n nuwe besigheidsdimensie tot die audiologieberoep gevoeg (Resnick 1993).

Wat beteken die woord etiek dus? Dit is afgelei van die Griekse woord "*ethos*", en omsluit morele waardes en gebruike wat dui op konsepte wat reg en verkeerd of goed en kwaad is, en wat die neem van verantwoordelikheid impliseer. Dit is 'n doelbewuste en sistematiese besinning oor en ontleding van morele besluite en gedrag vanuit 'n filosofiese oogpunt (Williams 2009). Voordat gedrag as moreel geklassifiseer kan word, behoort dit volgens die sielkundige James Rest aan vier voorwaardes te voldoen, naamlik etiese sensitiwiteit (bewustheid en interpretasie

van situasies); morele oordeel (besluitneming oor reg of verkeerd en die bepaling van 'n aksieplan); morele motivering (prioritisering van etiese waardes) en morele karakter (volharding in die uitvoer van wat reg is) (Rest 1994).

Oudioloë word daagliks gekonfronteer met etiese keuses waarvan die ernstige implikasies oor 'n wye spektrum strek. Etiese beginsels dien as kragtige riglyn vir besluitneming maar as gevolg van die talle veranderlikes in die kliniese konteks kan dit nie gestel word as vaste reëls wat blindelings gevolg moet word nie. Die uitdaging van etiese besluitneming word vervat in die feit dat dit nie noodwendig moeilik is om die korrekte etiese aksie uit te voer nie, maar wel om te bepaal wat die korrekte etiese aksie is (Califano 1991). Die etiese uitdagings waarmee oudioloë gekonfronteer word, is kontekstueel uniek en word nie altyd in die etiese beroepskode vervat nie. Kliënte het ook hul eie unieke waardestelsel as deel van 'n diverse en multikulturele gemeenskap. Oudioloë moet dikwels staatmaak op hul eie vermoë om krities na te dink en onmiddellik eties verantwoordbare besluite te neem (Rest 1994).

Die meeste etiese besluitnemingsraamwerke beweer dat etiese sensitiwiteit, dit wil sê die relatiewe vermoë om die etiese dimensies binne 'n etiese situasie raak te sien en te erken, die beginpunt in die proses van etiese besluitneming is. Erkenning van die etiese dimensies van situasies is noodsaaklik, want daarsonder kan dit nie op 'n verantwoordbare wyse aangespreek word nie, en mag daar skade aan die kliënt of 'n breër gemeenskap aangerig word.

Ten spyte van die feit dat etiese sensitiwiteit 'n kritieke faktor in etiese besluitneming is, is hierdie konstruk as 'n alleenstaande entiteit nog nie voorheen by praktiserende oudioloë nagevors nie. In 'n snel veranderende wêreld wat gekenmerk word deur die vinnige vooruitgang van tegnologie, asook die fokus op kliënte as die middelpunt van dienslewering en besluitneming, is etiek egter nie 'n luukse nie, maar die kern van die oudiologieberoep se oorlewing.

Die primêre doel van hierdie navorsing is dus om die etiese sensitiwiteit van praktiserende oudioloë te ondersoek met verwysing na spesifieke beginsels en vaardighede wat 'n meer holistiese begrip van die kompleksiteit van die professionele beroepslewe van die oudioloog kan bevorder en ook kan help om moontlike areas vir professionele groei te identifiseer. Ten einde die hoofdoel te bereik, is drie subdoelstellings geformuleer, naamlik: 1) om die etiese sensitiwiteit van gekwalifiseerde oudioloë ten opsigte van vier beginsels en sewe vaardighede te meet en te beskryf; 2) om spesifieke beroepsverwante etiese sensitiwiteitspatrone te identifiseer, en 3) om die impak van spesifieke beginsels en vaardighede op algemene etiese sensitiwiteit te beskryf.

## 2. METODOLOGIE

Hierdie kwantitatiewe opnamestudie met behulp van 'n bepaalde meetinstrument is 'n verdere toepassing van Naudé (2015) se aanvanklike navorsing waartydens die Meetinstrument vir Etiese Sensitiwiteit in die Terapeutiese Wetenskappe (MIEST) ontwikkel is. Vir die huidige studie is die oorspronklike MIEST omvorm in 'n elektroniese weergawe. Toestemming vir die uitvoer van die studie is van die Etiekkomitee in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van Pretoria verkry, waarna 'n gerieflikheidsteekproef getrek is. 'n Totaal van 170 oudioloë het 'n professionele werkswinkel bygewoon, waartydens die doel van die studie aan hulle verduidelik is. Daar is beklemtoon dat deelname aan die studie geen spesifieke voordele inhou nie, afgesien van die feit dat dit die breë beroep tot voordeel sou strek, en dat daar geen negatiewe nagevolge sou wees indien hulle nie sou deelneem nie. Daar is ook gemeld dat hul in enige stadium sou kon besluit om van die studie te onttrek indien hulle dit sou verkies. Na afloop van die werkswinkel is 'n elektroniese weergawe van die MIEST aan belangstellendes gestuur.

## 2.1 Deelnemers

Die deelnemers aan hierdie studie was 50 oudioloë wat in 2016 aktief gepraktiseer het. Hierdie 50 oudioloë, 29% van die potensiële 170 deelnemers, het hul kontakbesonderhede beskikbaar gestel, en daarmee toestemming tot deelname verleen. Almal van hulle (100% van die 29%) het die MIEST voltooi. 'n Beskrywing van die deelnemers word in Tabel 1 verskaf.

**TABEL 1:** Beskrywing van deelnemers (N=50)

| Biografiese inligting            | Frekwensie en persentasieverspreiding |
|----------------------------------|---------------------------------------|
| <b>Geslag</b>                    |                                       |
| Vroulik                          | 100% (n=50)                           |
| Manlik                           | 0% (n=0)                              |
| <b>Moedertaal</b>                |                                       |
| Afrikaans                        | 54% (n=27)                            |
| Engels                           | 32% (n=16)                            |
| isiZulu                          | 8% (n=4)                              |
| Sesotho                          | 6% (n=3)                              |
| <b>Kwalifikasie</b>              |                                       |
| 4-jaar Baccalaureusgraad         | 100% (n=50)                           |
| Meestersgraad                    | 46% (n=23)                            |
| Doktorsgraad                     | 4% (n=2)                              |
| <b>Ondervinding (in jare)</b>    |                                       |
| ≤5                               | 14% (n=7)                             |
| 6-10                             | 28% (n=14)                            |
| 11-15                            | 18% (n=9)                             |
| 16-20                            | 24% (n=12)                            |
| ≥21                              | 16% (n=8)                             |
| <b>Professionele lidmaatskap</b> |                                       |
| HPCSA                            | 100% (n=50)                           |
| SASLHA                           | 58% (n=29)                            |
| SAAA                             | 50% (n=25)                            |

Al die deelnemers was vroulik en die meerderheid – 86% (n=43) – het meer as ses jaar se ondervinding as oudioloog gehad. Hul kan dus beskou word as 'n ervare groep praktiserende oudioloë. Behalwe vir verpligte registrasie by die HPCSA, het praktiserende oudioloë ook addisionele registrasie by SAAA (South African Association for Audiologists) en SASLHA (South African Speech-Language and Hearing Association) aangedui. Vier oudioloë het dubbele lidmaatskap gehad. Alhoewel die deelnemers vier taalgroepe verteenwoordig, het net meer as die helfte Afrikaans as hul eerste taal aangedui (54%, n=27). Die helfte van die deelnemers het addisionele nagraadse kwalifikasies in audiologie verwerf, en die meerderheid van hulle (46% of n=23) het Meestersgraadstudies voltooi.


## 2.2 Meetinstrument

Die Miest (Naudé 2015), wat in hierdie navorsing as meetinstrument gebruik is, veronderstel dat etiese sensitiwiteit gemeet, aangeleer en bevorder kan word. Die Miest is oorspronklik as 'n papiergebaseerde meetinstrument ontwikkel, maar vir die doel van hierdie studie is dit met behulp van Excel 2016 in 'n elektroniese instrument omgeskakel. Die Miest fokus op twee komponente wat sentraal tot etiese sensitiwiteit staan, naamlik beginsels en vaardighede.

Beauchamp en Childress (2008) se vier beginsels, naamlik outonomie, weldadigheid, nie-kwaadwilligheid en geregtigheid, vorm gesamentlik een van die mees wyd-aanvaarde raamwerke in die gesondheidsetiek. Outonomie verwys na die kliënt se reg om sy/haar eie besluite te neem, asook die terapeut se verantwoordelikheid om al die relevante inligting te verskaf sodat die kliënt 'n ingeligte besluit kan neem. Dit sluit ook die kliënt se reg op privaatheid en vertroulikheid in (Cherow 1994). Weldadigheid behels die terapeut se strewe na positiewe aksies of intervensie om individuele of groepswelstand te bevorder deur empatie te toon en te fokus op die beste belang van die kliënt (Pera 2011). Nie-kwaadwilligheid fokus op die terapeut se besorgdheid en verantwoordelikheid om die kliënt teen benadeling en skade as gevolg van die terapeutiese proses te beskerm (Pera 2011). Geregtigheid verwys na die gemeenskap se verwagtinge van wat regverdig en reg is in alle aspekte van dienslewering (Rawls 1999).

Narvaez en Endicott (2009) verwys na sewe etiese vaardighede wat die volgende insluit: kyk vanuit die perspektief van 'n ander; oorweeg verskillende eties-sensitiewe vertolkings van dieselfde situasie; ontwikkel 'n gevoel van verbondenheid met ander; identifiseer en gee uitdrukking aan jou eie en ander se emosies; kommunikeer doeltreffend deur interpersoonlike en groepsverskille asook kulturele diversiteit te verstaan; verstaan en voorkom sosiale vooroordeel; identifiseer en verstaan die gevolge van jou optrede.

Perspektiefneming verwys na ons kapasiteit om insig en empatie ten opsigte van ander se gedagtes, gevoelens en motivering te toon, spesifiek vanuit hul perspektief (Ruby & Decety 2003). Die eties-sensitiewe interpretasie van 'n situasie sluit die terapeut se vermoë in om 'n spesifieke situasie op verskillende maniere te vertolk en dan die verskillende alternatiewe vir moontlike oplossings te oorweeg (Narvaez & Endicott 2009). Om 'n verbondenheid met ander te kweek, vereis die vaardigheid om kliënte te ondersteun deur besorgdheid te toon en te verstaan wat werklik vir hulle belangrik is deur hul emosies, motiverings, behoeftes en intensies in ag te neem (Narvaez & Endicott 2009). Emosionele uitdrukking verwys na die vaardigheid om ander se subtile emosies te identifiseer en toepaslik daarvolgens op te tree (Gunderman 2011). Effektiewe kommunikasie behels dat iemand kan aanpas by die konteks van die gesprek sowel as die kulturele faktore wat 'n rol speel deur goeie luistervaardighede toe te pas ten einde jouself toepaslik uit te druk. Die laaste twee vaardighede loop nou saam. Dit verwys na 'n mens se selfbeheer om vooroordeel te verhoed en insig te toon in hoe kulturele groepe verskil en waarsku dat 'n mens se reaksie op diversiteit en jou optrede vanweë gebrekkige insig tot konflik en misverstand kan lei (Coulehan 2005). Figuur 1 bied 'n opsomming van hierdie sewe vaardighede en verduidelik hoe hulle mekaar kan beïnvloed.



**Figuur 1:** *Verhouding tussen die sewe etiese vaardighede van Narvaez en Endicott (2009)*

Na aanleiding van Figuur 1 kan drie van die sewe vaardighede, naamlik emosionele uitdrukking, effektiewe kommunikasie, en reaksie op diversiteit, geplaas word in 'n kategorie van kodes, kriteria en 'n sisteem van waardes. Riglyne vir etiese gedrag ten opsigte van hoe om die kliënt te hanteer word in die Etiese Kode van die audiologieberoep vervat. Die drie vaardighede naamlik perspektiefneming, beheer oor jou sosiale vooroordeel en eties-sensitiewe vertolking van 'n situasie vereis beide refleksie (nadenke/besinning) en kreatiewe denke. Hierdie vaardighede vereis dat inligting deur kritiese denke georganiseer moet word (Narvaez 1996). Oudioloë word nie met hierdie vaardighede gebore nie – dit ontwikkel slegs op grond van gefokusde onderrig, ondervinding en refleksie, en help hulle om so te begin om hul eie interne logika te slyp en met gemak toe te pas. Die vaardigheid “verbondenheid met ander” word direk deur perspektiefneming beïnvloed, maar elemente daarvan kan ook in die eerste kategorie (eerste drie vaardighede) pas.

Die Miest bestaan uit twaalf vignette met 11 stellings elk, in Engels, wat op 'n sewepunt-Likertskaal gemerk moet word (1= verskil sterk; 7 = stem sterk saam). Elk van die vier beginsels word in drie verskillende vignette geteiken (bv. die beginsel “geregtigheid” kom voor in vignette 1, 5 en 9, en “outonomie” in vignette 2, 6 en 10). Hierteenoor, kom elk van die sewe vaardighede twee keer voor, behalwe vir emosionele uitdrukking wat in drie vignette voorkom, naamlik in 2, 3 en 7 (Naudé & Bornman 2016). Hierdie uiteensetting verskyn in Tabel 2.

Indien deelnemers die teikenbeginsel of vaardigheid korrek in die betrokke vignette kon identifiseer, is 'n telling van (+2) toegeken. Oudioloë is negatief gemerk (-2) indien hulle nie die beginsel korrek kon identifiseer nie, aangesien die impak daarvan op die situasie en die kliënt groter is as in die geval van vaardighede. Etiese beginsels dien as 'n riglyn en standaard vir verantwoordelike besigheidspraktyk, terwyl etiese vaardighede fokus op die individuele behoeftes van die kliënt wat die kliënt-terapeut verhouding bevorder. Indien 'n vaardigheid nie korrek geïdentifiseer is nie, is 'n telling van (0) toegeken. (Daar is dus nie 'n negatiewe telling toegeken nie.)

Die Miest het na die aanvanklike ontwikkeling 'n intense loodsstudie ondergaan waartydens 18 finalejaarstudente in audiologie en spraak-taal terapie die Miest voltooi het. Hierna is die Miest verfyn om die betroubaarheid van die instrument te verhoog (Naudé 2015). Die finale vorm van die Miest is in 2015 met die hulp van 100 universiteitstudente van dieselfde instelling maar van vier verskillende terapeutiese rigtings toegepas. Dit is



**TABEL 2:** Beginsels en vaardighede soos verteenwoordig in die Miest

| Vignet   | Beginsel            | Vignet  | Vaardigheid                                 |
|----------|---------------------|---------|---------------------------------------------|
| 1, 5, 9  | Geregtigheid        | 8, 11   | Beheer oor sosiale vooroordeel              |
| 4, 8 12  | Nie-kwaadwilligheid | 3, 6    | Effektiewe kommunikasie                     |
| 2, 6 10  | Outonomie           | 2, 3, 7 | Emosionele uitdrukking                      |
| 3, 7, 11 | Weldadigheid        | 2, 5    | Verbondenheid met ander                     |
|          |                     | 10, 12  | Eties-sensitiewe vertolking van 'n situasie |
|          |                     | 1, 4    | Perspektiefneming                           |
|          |                     | 9, 10   | Reaksie op diversiteit                      |

belangrik om kommentaar te lewer ten opsigte van die betroubaarheid en integriteit van die Miest as meetinstrument. Die navorsers se uitspraak ten opsigte van korrekte response berus op response van 'n paneel van deskundiges in die veld van die etiek. Die deskundiges is gevra om aan te dui watter etiese beginsel en vaardigheid na hul mening in elk van die vignette vervat word. Die paneel deskundiges se response het 100% ooreengestem met die navorser se rubriek.

Die betroubaarheid van die deelnemers se response is ook van belang. Die waarskynlikheid dat deelnemers bloot blindelings of toevallig antwoorde geselekteer het, is met die hulp van die Excel NORMSDIST-funksie bepaal. Die standaard normale kumulatiewe verspreiding wat verkry is ( $0.98 > 0.5$ ), het getoon dat dit hoogs onwaarskynlik is dat deelnemers toevallig of blindelings die korrekte respons geselekteer het.

### 2.3 Dataontleding

Die elektroniese vorm van die Miest is in 'n proeflopie eers aan vyf oudioloë gestuur om die gemaklike gebruik van die instrument en die doeltreffendheid van datainsameling te bevestig, alvorens dit aan die 50 deelnemers uitgestuur is. Die deelnemers (praktiserende oudioloë) is versoek om die voltooide Miest binne vier weke terug te stuur. Hulle is versoek om spesifieke biografiese inligting bekend te maak naamlik hul geslag, eerste taal, hoogste kwalifikasie, jare ondervinding asook professionele lidmaatskap. Die gekodeerde response asook die biografiese data wat deur middel van die Miest ingesamel is, is in Excel 2016 ingesleutel om die resultate te analiseer en grafies voor te stel. Die resultate van die studie is beskryf aan die hand van die drie subdoelstellings. Eerstens is ondersoekende tweerigting-frekwensietabelle van die deelnemers se responstellings opgestel om 'n oorsig oor hul kennisvlakke en responspatrone te verkry. Tweedens is 'n kennismaatstaf vir elke respondēt (die getal korrekte response op die Miest) bereken en 'n frekwensieverdeling van hierdie kennismaatstaf-tellings opgestel. Derdens is 'n een-verdeling t-toets gebruik om te bepaal of die kennisvlakgemiddeldes (kennismaatstaf-gemiddeldes) ten opsigte van die vier etiese beginsels en sewe etiese vaardighede statisties betekenisvol van mekaar verskil.



### 3. RESULTATE

’n Hoofdoel van hierdie navorsing was om die etiese sensitiwiteit van praktiserende oudioloë te beskryf. Hierdie doel is bereik deur voort te bou op vorige navorsing wat gefokus het op die ontwikkeling van die MIEST vir die meting van die etiese sensitiwiteit van terapeute oor vier verskillende dissiplines (Naudé 2015).

Die resultate van die huidige studie word volgens drie subdoelstellings bespreek. Eerstens word die etiese sensitiwiteit van gekwalifiseerde oudioloë ten opsigte van vier beginsels en sewe vaardigheidskombinasies bespreek. Tweedens word daar spesifiek verwys na die beroepsverwante patrone van etiese sensitiwiteit. Derdens word die impak van spesifieke beginsels en vaardighede op algemene etiese sensitiwiteit aangetoon en bespreek.

#### 3.1 Etiese sensitiwiteit

Die algehele prestasie van die deelnemers met betrekking tot die 12 vignette (totale telling) is per vignet bereken deur die toekenning van ’n waarde aan elke antwoord wat deelnemers deur die MIEST verskaf het. Die resultate word per vignet in Tabel 3 opgesom in dalende rangorde volgens telling. Die teiken “etiese beginsel” en “etiese vaardigheid” word onderskeidelik in kolom 2 en 3 gespesifiseer, gevolg deur die totale gemiddelde telling met prestasievlak vir elke vignet afsonderlik. Teen hierdie agtergrond is die navorsingshipotese soos volg geformuleer:

$H_0$  Die populasie se teikentelling ten opsigte van die vier beginsels en sewe vaardighede soos vervat in die 12 vignette is statisties dieselfde.

**TABEL 3:** Totale prestasie van deelnemers (N=50)

| <b>GEMIDDELDE PRESTASIEVLAKKE:<br/>TOTALE TELLING VAN 11 DIMENSIES WAT ETIESE<br/>SENSITIWITEIT IN DIE MIEST OMSKRYF</b> |                        |                                                                     |                        |                   |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------|---------------------------------------------------------------------|------------------------|-------------------|
| <b>Nr</b>                                                                                                                | <b>Etiese beginsel</b> | <b>Etiese vaardigheid</b>                                           | <b>Telling uit 221</b> | <b>Beskrywing</b> |
| 7                                                                                                                        | Weldadigheid           | Emosionele uitdrukking                                              | 11 (70%)               | Ontwikkelend      |
| 9                                                                                                                        | Geregtigheid           | Reaksie op diversiteit                                              | 11 (70%)               | Ontwikkelend      |
| 10                                                                                                                       | Outonomie              | Reaksie op diversiteit                                              | 11 (70%)               | Ontwikkelend      |
| 1                                                                                                                        | Geregtigheid           | Perspektiefneming<br>Eties-sensitiewe vertolking<br>van ’n situasie | 10 (69%)               | Ontwikkelend      |
| 2                                                                                                                        | Outonomie              | Verbondenheid met ander<br>Emosionele uitdrukking                   | 10 (69%)               | Ontwikkelend      |
| 3                                                                                                                        | Weldadigheid           | Effektiewe kommunikasie<br>Emosionele uitdrukking                   | 9 (68%)                | Ontwikkelend      |
| 8                                                                                                                        | Nie-kwaadwilligheid    | Beheer oor sosiale<br>vooroordeel                                   | 9 (68%)                | Ontwikkelend      |
| 5                                                                                                                        | Geregtigheid           | Verbondenheid met ander                                             | 8 (66%)                | Ontwikkelend      |
| 6                                                                                                                        | Outonomie              | Effektiewe kommunikasie                                             | 7 (64%)                | Ontwikkelend      |
| 11                                                                                                                       | Weldadigheid           | Beheer oor sosiale<br>vooroordeel                                   | 6 (62%)                | Ontwikkelend      |
| 12                                                                                                                       | Nie-kwaadwilligheid    | Eties-sensitiewe vertolking<br>van ’n situasie                      | 5 (60%)                | Onvoldoende       |
| 4                                                                                                                        | Nie-kwaadwilligheid    | Perspektiefneming                                                   | 0 (48%)                | Onaanvaarbaar     |

<sup>1</sup>Minimum telling is (-8) en maksimum telling is (+22)

Uit die twaalf vignette het deelnemers die laagste sensitiwiteit in Vignette 4 en 12 getoon met 'n telling van 0 en 5 onderskeidelik. Hierdie twee vignette deel 'n gemeenskaplike etiese beginsel naamlik nie-kwaadwilligheid. Die gemiddelde MEST-totaal vir al die deelnemers (N=50) was 8 (65%) wat hulle as 'n groep in die kategorie *ontwikkende etiese sensitiwiteit* plaas.

Die verband tussen etiese beginsels en etiese sensitiwiteitsvaardighede in terme van hul invloed op professionele etiese sensitiwiteit is van primêre belang in hierdie studie. 'n Bespreking volg oor die invloed van beginsels en vaardighede op etiese sensitiwiteit.

### 3.2 Die impak van spesifieke beginsels en vaardighede op algemene etiese sensitiwiteit

Die resultate soos reeds beskryf, verwys na 'n totale telling van een van die vignettes. 'n Verdere diepgaande ondersoek na die afsonderlike tellings vir elk van die teikenbeginsels en -vaardighede is belangrik om te verseker dat die data korrek ontleed word en om deelnemers se sterkpunte asook areas wat aandag benodig uit te lig. In Tabel 4 word die tellings van die deelnemers per beginsel en vaardigheid weergegee. Soos aangedui in Tabel 4, word die  $H_0$ -hipotese verwerp slegs ten opsigte van een beginsel, nie-kwaadwilligheid, en een vaardigheid, die eties-sensitiewe vertolking van 'n situasie.

**TABEL 4:** Algehele resultate van deelnemers per beginsel en vaardigheid

| Etiese sensitiwiteit    | Beskrywing van beginsel/vaardigheid                | Gemiddelde telling | p-waarde | $H_0$ aanvaar of verwerp |
|-------------------------|----------------------------------------------------|--------------------|----------|--------------------------|
| <b>Vier beginsels</b>   |                                                    |                    |          |                          |
|                         | Geregtigheid                                       | 91%                | 0.99     | Aanvaar                  |
|                         | Outonomie                                          | 78%                | 0.48     | Aanvaar                  |
|                         | Weldadigheid                                       | 73%                | 0.32     | Aanvaar                  |
|                         | Nie-kwaadwilligheid                                | 31%*               | 0.00     | Verwerp                  |
| <b>Sewe vaardighede</b> |                                                    |                    |          |                          |
|                         | Emosionele uitdrukking                             | 100%               | 0.99     | Aanvaar                  |
|                         | Reaksie op diversiteit                             | 96%                | 0.84     | Aanvaar                  |
|                         | Verbondenheid met ander                            | 88%                | 0.54     | Aanvaar                  |
|                         | Effektiewe kommunikasie                            | 84%                | 0.40     | Aanvaar                  |
|                         | Perspektiefneming                                  | 78%                | 0.24     | Aanvaar                  |
|                         | Beheer oor sosiale vooroordeel                     | 69%                | 0.08     | Aanvaar                  |
|                         | <i>Eties-sensitiewe vertolking van 'n situasie</i> | 57%*               | 0.01     | Verwerp                  |

\* Statisties beduidend op die 5%-peil van sekerheid ( $p < 0.05$ )

### 3.2.1 *Etiese beginsels*

Deelnemers het die hoogste sensitiviteit getoon met betrekking tot die etiese beginsel van geregtigheid. Geregtigheid is 'n streng plig wat beskryf word in professionele reëls en standaarde en is meer onpartydig as die ander drie beginsels ten opsigte van 'n terapeut-kliënt-verhouding. Die resultate dui op 'n belangrike kenmerk van die beginsel van geregtigheid in die oudiologieberoep, naamlik 'n relatiewe stabiliteit. Die stabiliteit van geregtigheid beteken dat wanneer oudioloë met 'n etiese dilemma gekonfronteer word, hulle in staat is om getrou aan die beginsel van geregtigheid te wees (Rawls 1999). Die afname in deelnemers se sensitiviteit ten opsigte van die beginsel van nie-kwaadwilligheid was statisties beduidend ( $p=0.00$ ) in vergelyking met die oorblywende drie beginsels. Hierdie resultate rakende die twee betrokke etiese beginsels word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

#### 3.2.1.1 *Geregtigheid*

Die beginsel van geregtigheid kan beskryf word as die morele plig om op te tree op grond van 'n regverdige keuse tussen mededingende eise. As sodanig, is dit gekoppel aan regverdigheid, geregtigheid en gelykheid. In gesondheidsorgetiek kan die beginsel verdeel word in drie kategorieë: regverdige verdeling van skaars hulpbronne (distributiewe geregtigheid); respek vir die regte van mense (regte gebaseer op geregtigheid); en respek vir moreel aanvaarbare wette (wettige reg) (Gillon 1994). Die drie vignette in die Miest wat hierdie beginsels insluit, verteenwoordig al drie gespesifiseerde kategorieë.

Een moontlike verklaring vir oudioloë se sensitiviteit ten opsigte van hierdie beginsel kan in die literatuur gevind word. Literatuur bevestig dat navorsingsartikels oor die afgelope drie dekades sterk gefokus het op besigheidsetiek, spesifieke etiese kwessies in privaat praktyk, asook wanpraktyk en die wetlike aspek daaraan verbonde (Naudé & Bornman 2014). Geregtigheid word soms beskryf as die oorheersende beginsel van bio-etiek wat 'n sterk fokus in die literatuur verduidelik.

Die beginsel van geregtigheid dek 'n breë spektrum ten opsigte van etiese situasies en word erken as 'n basiese element van moraliteit (Ulrich 2001). Ten spyte hiervan is dit steeds die mees komplekse beginsel, want dit omsluit verskeie opvattinge van wat reg is en hoe om dit te bereik, veral met verwysing na regverdige hulpbronverspreiding (Summers 2014). Die grondslagwaarde van hierdie beginsel, asook die kompleksiteit daarvan, het gelei tot die formulering van etiese beroepsriglyne vanuit 'n organisatoriese oogpunt. Organisasies soos die American Audiology Association (AAA) en die South African Audiology Association (SAAA) wat etiekkomitees gestig het om reëls en riglyne vir oudioloë te formuleer, bevorder die hantering van etiese kwessies en spesifiek daardie beginsels van geregtigheid wat meer generies is en makliker is om te spesifiseer (Summers 2014).

#### 3.2.1.2 *Nie-kwaadwilligheid*

Deelnemers het verlaagde sensitiviteit ten opsigte van die beginsel nie-kwaadwilligheid getoon. Nie-kwaadwilligheid vereis van oudioloë om skade aan die pasiënt, hetsy deur nalatigheid of versuim, te vermy. Dit sluit in dat oudioloë 'n diens moet verskaf wat aan hoë standaarde (van die beroep en die samelewing) van sorg voldoen (Siddiqi et al. 2009). Hierdie beginsel bevestig die belang van 'n hoë vlak van bekwaamheid.

Die beginsel van nie-kwaadwilligheid behels beide etiese en wetlike implikasies. Twee van die vignette in die Miest plaas die terapeut spesifiek in situasies waar gedrag in lyn met

“behoud van die vrede” met pasiënte of kollegas is. Dit kan in verband gebring word met Dawson (1993) se linkerbrein / regterbrein vriendelike persoonlikheidstipe. Roger Dawson, skrywer van verskeie opleidingsprogramme, beskryf hierdie model as een manier om ’n verband tussen persoonlikheidstipes en spesifieke besluitneming te trek (Dawson 1993). Volgens Dawson wil die vriendelike persoonlikheid hê dat almal gemaklik en gelukkig moet wees, vermy hulle konflik waar moontlik (insluitende fluitjie blaas) en heg hulle hoë waarde aan die outonomie van die kliënt (individualistiese kultuur). Die vriendelike persoonlikheid het ook ’n lang aandagspan en neem besluite stadiger en tipies gebaseer op emosie. Dit mag lei tot hoër sensitiviteit ten opsigte van etiese vaardighede as etiese beginsels. Byvoorbeeld, as ’n terapeut ’n situasie vanuit die perspektief van die kliënt beskou, mag hy/sy uit deernis meer geneig wees om die reëls te buig om spesiale versoeke deur die kliënt te akkommodeer.

Dit is moontlik dat die deelnemers aan die studie ontsteld was oor die gedrag van die terapeute soos uitgebeeld in die vignette, en dat hulle sterker met die kliënt geïdentifiseer het. Dit kan in lyn wees met die toepassing van die etiese teorie naamlik Etiek van Sorg, wat nie primêr op etiese beginsels fokus nie maar klem lê op eienskappe soos omgee en koestering van die kliënt (Agarwal & Malloy 2002). Dit is noodsaaklike inligting vir die ontwikkeling van etiese sensitiviteit in oudioloë, en beklemtoon hoe belangrik dit is dat professionele persone die ander etiese beginsels en vaardighede met die beginsel van nie-kwaadwilligheid sal balanseer. Deelnemers het beter gevaar in Vignette 8, aangesien daar in hierdie vignette geen sprake van konflik is nie, maar dit raak die konsep van lewenskwaliteit aan. Gevolglik het hulle dit dalk makliker gevind om hierdie aspek te identifiseer.

### 3.2.2 *Die sewe etiese vaardighede*

Wat die teiken “etiese vaardigheid” betref, het deelnemers die hoogste sensitiviteit en konsekwentheid ten opsigte van “emosionele uitdrukking” getoon, met ’n perfekte telling van 100% (Tabel 4). In Figuur 1 word dit duidelik uiteengesit dat emosionele uitdrukking die kodes en kriteria vir die uitdrukking van die beroep vervat en dus nie op refleksie en kreatiewe denke van die individu berus nie. Teen hierdie agtergrond is dit dus verstaanbaar dat oudioloë die hoogste sensitiviteit ten opsigte van hierdie betrokke vaardigheid toon. Die resultate word verder bespreek met verwysing na Tabel 4.

#### 3.2.2.1 *Etiese vaardighede met ’n relatiewe telling bo 80%*

Vier van die sewe etiese vaardighede wat met die Miest gemeet is, het tellings bo 80% behaal, naamlik oudioloë se sensitiviteit vir emosionele uitdrukking, hul reaksie op diversiteit, effektiewe kommunikasie, asook hul verbondenheid met ander. Al vier vaardighede kan omskryf word in kodes en kriteria vir etiese gedrag en vereis nie kreatiewe vaardighede en refleksie nie (Figuur 1).

Van hierdie vier vaardighede het deelnemers die hoogste sensitiviteit getoon ten opsigte van situasies waarin hul etiese vaardigheid met betrekking tot emosionele uitdrukking geëvalueer is. Ten einde emosionele uitdrukking te verstaan, moet oudioloë in staat wees om hul eie behoeftes en gevoelens sowel as dié van ander te identifiseer (intrapersoonlike en interpersoonlike vaardighede). Emosionele uitdrukking hou verband met beide verbale en nie-verbale gedrag waardeur emosies en ’n bepaalde affektiewe toestand gekommunikeer word. Dit verwys dus na die vermoë van ’n individu om emosies in die daaglikse lewe te verstaan en toepaslik daarop te reageer (Gunderman 2011). Die oudioloog wat meer sensitief vir die

klïënt se emosies en gemoedstoestand is, is beter daartoe in staat om gepas te reageer. Sodoende kan misverstande tot 'n minimum beperk word en word die terapeut-klïënt-verhouding ook beskerm. Die belangrikheid daarvan dat professionele gesondheidsorgdeskundiges insig in die emosionele uitdrukking van hul klïënte moet hê, word dikwels in die literatuur beklemtoon (Gladwin 2012; Hojat 2007; Shapiro & Rucker 2004).

Verhoudinggesentreerde professionele dienslewering verwys na twee kante van dieselfde munt: kennis en gevoel. Die kennis wat beide die oudioloog en die klïënt besit, dra by tot elkeen se betrokke kundigheidsgebied, persoonlike en professionele ervaring, en dit rig die uitdrukking en persepsie van emosies gedurende konsultasie (Roter et al. 2006). Die emosionele konteks van dienslewering is veral belangrik sover dit nie-verbale kommunikasie, emosionele selfbewustheid en die persepsie van nie-verbale boodskappe betref, en dit vorm die kern van hoë-kwaliteit dienslewering.

Opleiding in effektiewe kommunikasie is 'n noodsaaklike komponent van professionele opleiding in gesondheidsorg (Pollak et al. 2007). Die fokus van die opleiding moet val op verbale en nie-verbale kommunikasie, affektiewe of psigososiale gedrag, en die skep van geleenthede vir aktiewe betrokkenheid by die klïënt (Zolnerek & DiMatteo 2009). Navorsing toon dat die sensitiwiteit en vaardigheid van gesondheidsorgdiensverskaffers om die klïënt se uitdrukking van kommer, twyfel, frustrasie, angs en ander negatiewe emosies te identifiseer direk verband hou met die klïënt se samewerking en betrokkenheid ten opsigte van kliniese aanbevelings en uitkomst (Stewart 2003). Sonder die terapeut se erkenning van die emosies wat die klïënt ervaar, kan die verhouding tussen hulle nie werklik positief ontwikkel en produktief wees nie.

Dit is maklik om te verstaan waarom hierdie vaardigheid so belangrik is vir oudioloë wat in praktyk staan. Elke klïënt met 'n spraak-, taal-, gehoor- en/of kognitiewe verlies sal op een of ander stadium tydens konsultasie uitdrukking aan sy/haar emosie gee. Dit is belangrik dat die oudioloog insig sal toon in die doel van die klïënt se boodskap. Sommige uitings hou verband met die klïënt se behoefte aan inligting (bv. *Verduidelik vir my hoe my oor werk*), terwyl ander boodskappe emosioneel van aard is (bv. *Ek is gefrustreerd en angstig as gevolg van my gehoorverlies*). Die oudioloog se vermoë om die klïënt se emosies en emosionele boodskappe (bv. angs) raak te sien, te erken, en te begryp is noodsaaklik om 'n verhouding te bou, ondersteuning te bied, vertroue te vestig en ook om toepaslike verwysings te kan maak, byvoorbeeld na 'n sielkundige.

Dit is egter nie net die klïënt se emosie wat van belang is nie. Oudioloë moet ook hul eie emosies kan identifiseer en in ag neem. Die enigste manier waarop oudioloë hul eie emosie in die kliniese verhouding met die klïënt kan reguleer, is deur insig daarin te ontwikkel. Navorsing het getoon dat klïënte nie gesondheidsorgdeskundiges wil besoek wat slegs uitstekende vakkundiges is nie, maar wat ook ondersteunend is (Rouse 2016). Oudioloë se klïënte strek oor 'n wye spektrum van individue wat hul emosies verskillend verwerk. Emosie is 'n belangrike deel van menswees. 'n Basiese begrip van emosie is waardevol en as deel van voorgaande opleiding word dit gebruik as riglyn om verhoudings in 'n kliniese opset te bou. Hierdie inligting verhoog oudioloë se insig in emosie en help hulle om empatie te toon (Ramachandran & Stach 2013). Oudioloë moet dus die klïënt in geheel erken – met ander woorde ook sy/haar emosies – en met empatie 'n veilige omgewing skep waarin die klïënt gemaklik voel om die emosionele impak van die situasie te deel (Clark & English 2013).

### 3.2.2.2 Etiese vaardigheid met relatiewe telling van minder as 80%

Deelnemers het verminderde sensitiviteit ten opsigte van die etiese vaardighede perspektief-neming, beheer oor sosiale vooroordeel en eties-sensitiewe interpretasie van 'n situasie getoon. Hul sensitiviteit ten opsigte van laasgenoemde twee vaardighede was statisties betekenisvol laer as die ander etiese vaardighede, alhoewel slegs eties-sensitiewe vertolking van 'n situasie statisties beduidend was ( $p=0.01$ ).


Die vaardigheid “beheer oor sosiale vooroordeel” fokus op die self en vereis begrip, insig en dinamiese besluitneming en optrede om vooroordeel te beperk. Dit is belangrik om te verstaan dat vooroordeel 'n integrale deel van menswees is. Almal verkies dit wat vir hulle bekend is, insluitend bekende denkpatriene. Dikwels neem ons besluite ten opsigte van ander op grond van instink (Coulehan 2005; Narvaez & Endicott 2009). Verlaagde sensitiviteit van oudioloë ten opsigte van hul beheer oor sosiale vooroordeel, soos beskryf in die MIENT, word vervolgens bespreek aan die hand van vier aspekte, naamlik refleksie, interkulturele bewustheid, asook die twee etiese vaardighede wat 'n direkte impak daarop kan hê, naamlik perspektief-neming en die eties-sensitiewe vertolking van 'n situasie.

Refleksie (besinning/nadenke) vorm 'n belangrike deel van die proses om vooroordeel te beheer en vereis 'n aktiewe bewustheid van persoonlike gewoontes om enige vooroordeel te identifiseer en te verstaan. Sonder insig in die aard van ons vooroordeel kan ons dit nie in toom hou nie. In die dinamiese oudiologieberoep is dit moeilik om sensitiviteit te toon vir situasies waaraan die oudioloog nog nie voorheen blootgestel is nie en waaroor hy/sy gevolglik nog nie die geleentheid gehad het om aktief te reflekteer nie. Ondanks die feit dat vooroordeel 'n natuurlike proses is, word dit sowel in wetgewing byvoorbeeld *Die Handves van Regte in die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika* (South Africa 1996) as professionele beroepskodes gekritiseer en kan dit ook tot vervolging lei. Sosiale vooroordeel en oudioloë se onvermoë om hul eie vooroordeel te identifiseer maak hulle kwesbaar om onopsetlike bevooroordeelende gedrag te vertoon. 'n Sensitiviteit vir die beheer van vooroordeel kan respek en regverdigheid in die gemeenskap en veral in die oudiologiepraktyk bevorder.

Refleksie, spesifiek ten opsigte van kulturele diversiteit, fasiliteer die proses waartydens individue (in hierdie geval oudioloë) begin om hul eie interne logika binne 'n sekere kultuur te ervaar. Aktiewe refleksie is dus 'n belangrike komponent vir die vorming van interkulturele bewustheid. Interkulturele sensitiviteit is nie iets waarmee 'n terapeut gebore word nie en dié vaardigheid vereis interne veranderinge wat verband hou met die eienskappe van openheid en buigsamheid ten opsigte van ander. Dit is 'n proses van persoonlike groei en ervaring wat ontwikkel met verloop van tyd. Daar is 'n noue verband tussen die begrippe “kultuur” en “etiek” (Pellegrino 2004) en sosiale vooroordeel is dikwels 'n produk van onkunde oor ander kulture en ander mense. Kultuur kan gedefinieer word as die komplekse geheel van die mens wat kennis, geloof, kuns, morele waardes, wet, gewoonte, en enige ander vermoëns en gewoontes insluit op grond waarvan iemand as lid van 'n gemeenskap beskryf word (Tylor 1891). Kulturele waardes verwys na blywende ideale of geloofstelsels waartoe 'n persoon of samelewing verbind is. Kultuur behels morele oortuigings en speel 'n sentrale rol in die vorming van waardes en standaarde in etiese beredenering (Vitell et al. 1993). Interkulturele asook intersosiale wanpersepsies mag tot onbehoorlike optrede of 'n gebrek aan optrede lei. Die verkeerde vertolking van situasies is dikwels 'n gevolg van etnosentrisme en 'n gebrek aan kommunikasie, maar dit regverdig geensins onetiese optrede nie (Donnelly 2000). Alle individue bevind hulself op verskillende vlakke van bewustheid, kennis en vaardighede in terme van Milton Bennett (1993) se kulturele bevoegdheidskontinuum wat die verband tussen



kulturele sensitiwiteit en kulturele bevoegdheid ondersoek. Die kontinuum bestaan uit ses verskillende, opeenvolgende vlakke, soos blyk uit Figuur 2.



**Figuur 2:** 'n Kontinuum van kulturele sensitiwiteit in verhouding tot kulturele bevoegdheid

Namate oudioloë se kulturele sensitiwiteit op die kontinuum ontwikkel, word dit makliker om hul kennis van bepaalde kulturele groepe asook hul effektiewe dienslewering aan sodanige groepe te verbeter. Al die deelnemers in hierdie studie het hulself iewers op die kulturele bevoegdheidskontinuum bevind, wat hulle in staat stel om sosiale vooroordeel met verskillende vlakke van sensitiwiteit en vaardigheid te beheer. In ooreenstemming met die professionele standpunt van Leavitt (2003) is ons van mening dat oudioloë in ons studie besig is om van kulturele blindheid (vlak 3) na kulturele pre-bevoegdheid (vlak 4) te beweeg. Kulturele sensitiwiteit is geneig om vanweë professionele blootstelling te verhoog, wat beklemtoon hoe noodsaaklik dit is om oudioloë aan meer situasies bloot te stel waar hulle kulturele verskille kan ervaar, ten einde hulle in staat te stel om doeltreffende dienslewering in die diverse Suid-Afrikaanse konteks te kan bied. Pre-bevoegdheid beteken dat daar wel 'n besef is van die noodsaaklikheid om sosiale vooroordeel te beheer. Gepubliseerde literatuur het 'n behoefte geïdentifiseer aan insig in die rykdom sowel as die beperkings van die sosio-kulturele konteks waarin verskillende kliënte funksioneer (Barrera & Kramer 1997). As gevolg van 'n uitgebreide taalkundige en kulturele diversiteit soos vergestalt in die multi-kulturele, veeltalige Suid-Afrikaanse "reënboognasie", is daar 'n spesifieke behoefte aan kultureel-geldige oudiologie-dienste in ons land.

Die etiese vaardigheid wat daarop fokus om sosiale vooroordeel te beheer en eers op die self te fokus alvorens dit verder ontwikkel om ook "die ander" in te sluit, is noodsaaklik. Die invloed wat *perspektiefneming* en die *eties-sensitiewe vertolking van 'n situasie op beheer oor sosiale vooroordeel* (soos uitgebeeld in Figuur 1) het, word nou duideliker.

*Perspektiefneming* verminder vooroordeel en rassisme as gevolg van 'n behoefte om uit te reik en hulp te verleen aan ander wat nie noodwendig in jou eie sosiale groep is nie (Reich 2004; Hochschild 2005). Begrip vir hoe ander voel of reageer, kan 'n persoon se bewustheid verhoog van potensiële negatiewe uitkomst wat met spesifieke besluite verband hou en dit makliker maak om die waarskynlike uitkomst van verskeie opsies te voorspel (Coulehan



2005). Dit is nie net belangrik om “die ander” in ag te neem nie, maar ook om situasies korrek te vertolk. Die eties-sensitiewe vertolking van situasies vereis kreatiewe vaardighede om dieselfde situasie op verskillende maniere te interpreteer en verskillende alternatiewe vir die hantering daarvan te genereer.

Die eties-sensitiewe vertolking van ’n situasie is die etiese vaardigheid waarin oudioloë die minste sensitiwiteit getoon het. Hierdie vaardigheid vereis kreatiwiteit om veelvoudige vertolkings van ’n situasie te genereer asook om verskeie alternatiewe voor te stel om die situasie te hanteer. Dit is ’n kritieke stap in enige tipe probleemoplossing. Mense herhaal dikwels hulle foute omdat hulle nog nie ander moontlikhede oorweeg het nie (Cannon & Edmondson 2005; Carson & Langer 2006). Perspektiefneming vorm ’n belangrike komponent in hierdie proses omdat dit help om die situasie vanuit ’n ander persoon se oogpunt te beskou, wat weer help om ’n wyer verskeidenheid vertolkings en oplossings te formuleer.

#### **4. GEVOLGTREKKINGS**

Ons het die MIEST gebruik om deelnemers se etiese sensitiwiteit te meet en die bevindings op grond van vier beginsels en sewe vaardighede te beskryf, asook aan die hand van twaalf vignette wat op die etiese dimensies van daaglikse oudiologiepraktyk gebaseer is. Deelnemers se bewustheid kan gesien word as ’n funksionele etiese sensitiwiteit wat van kardinale belang vir etiese besluitneming is. Oudioloë het die hoogste etiese sensitiwiteit getoon ten opsigte van beginsels en vaardighede wat makliker in etiese kodes verwoord word en minder van die individuele kliënt afhanklik is. Waar kreatiewe denke en refleksie nodig is, verlaag etiese sensitiwiteit. Na aanleiding van die data wat verkry is, beveel ons aan dat voortgesette professionele onderrig daarop sal fokus om oudioloë te bemagtig om vaardighede te ontwikkel wat met die herkenning en oplossing van etiese kwessies verband hou. Die proses van aktiewe refleksie deur middel van nadenke en besinning moet ook groter steun geniet sodat oudioloë dit in hul daaglikse praktyk kan toepas.

#### **5. NAVORSINGSBEPERKINGS**

Een van die beperkings van die MIEST as meetinstrument is dat dit nie al die moontlike kombinasies van etiese beginsels en vaardighede bevat nie. Die deelnemers was ook nie verteenwoordigend van alle oudioloë in al die provinsies en sektore in Suid-Afrika nie. ’n Verdere beperking spruit uit die feit dat die deelnemers die MIEST elektronies voltooi het, en dat daar dus nie bewys kan word dat hulle dit sonder eksterne hulp voltooi het nie.

#### **6. VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING**

Verdere navorsing kan poog om die MIEST te standaardiseer deur dit te vergelyk met ander instrumente wat ook die konsep van etiese sensitiwiteit meet. Tweedens word daar aanbeveel dat die resultate van praktiserende terapeute en studentterapeute ten opsigte van die MIEST vergelyk word, ten einde die ontwikkeling van etiese sensitiwiteit meer volledig te beskryf. Die toepassing van die MIEST op ander gesondheidsorgberoepes soos dié van dieetkundige word ook aangemoedig ten einde die multi-dissiplinêre aard daarvan verder te ondersoek.

## BEDANKINGS

Ek wil graag my opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies uitspreek vir hul bydrae tot die suksesvolle afhandeling van hierdie studie asook die publikasie van hierdie artikel:

Mev Isabel Claassen vir die taalversorging van hierdie artikel.

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die postdoktorale beurstoekenning.

## BIBLIOGRAFIE

- Agarwal, J. & Malloy, D. 2002. An integrated model of ethical decision-making: a proposed pedagogical framework for a marketing ethics curriculum. *Teaching Business Ethics*, 6(2):245–268.
- American Speech-Language-Hearing Association, 2004. Scope of Practice in Audiology. Available at: [www.asha.org/policy](http://www.asha.org/policy).
- Barrera, I. & Kramer, L. 1997. From monologues to skilled dialogues: teaching the process of crafting culturally competent early childhood environments. In P. Winton, J. McCollum, & C. Catlett, eds. *Reforming personnel preparation in early intervention: issues, models and practical strategies*. Baltimore: Paul H Brookes, pp. 217–251.
- Beauchamp, T. & Childress, J.F. 2008. *Principles of biomedical ethics* 6th ed., New York: Oxford University Press.
- Bennett, M. 1993. Towards ethnorelativism: a developmental model of intercultural sensitivity. In R. Paige, ed. *Education for the intercultural experience*. Yarmouth, ME: Intercultural press.
- Califano, J. 1991. *The triumph and tragedy of Lyndon Johnson*, New York: Simon Schuster.
- Cannon, M.D. & Edmondson, A.C. 2005. Failing to learn and learning to fail (intelligently): How great organizations put failure to work to innovate and improve. *Long Range Planning*, 38(3 SPEC. ISS.):299–319.
- Carson, S.H. & Langer, E.J. 2006. Mindfulness and self-acceptance. *Journal of Rational - Emotive and Cognitive - Behavior Therapy*, 24(1):29–43.
- Cherow, E. 1994. Professional Autonomy: Then is Now. *Seminars in Hearing*, 15(3): 178–189.
- Clark, J. & English, K. 2013. Hearing Care Professionals are Insensitive and Indifferent. *Audiology today*, 25(2):32–41.
- Coulehan, J. 2005. Today's professionalism: engaging the mind but not the heart. *Academic Medicine*, 80(10):892–898.
- Dawson, R. 1993. *The confident decision maker: how to make the right business and personal decisions every time*, La Habra Heights: CA: Nightingale-Conant.
- Donnelly, P. 2000. Ethics and cross-cultural nursing. *Journal of transcultural nursing*, 11(2):119–126.
- Gillon, R. 1994. Medical ethics: four principles plus attention to scope. *British Medical Journal*, (309):184.
- Gladwin, J. 2012. Empathy in clinical interactions: what is it? why does it matter? how is it done? the research journey from the perspective of a physiotherapist in private practice. In *Physiotherapy today, tomorrow and the future III*. The SECRN conference.
- Grimen, H. 2009. Power, trust, and risk: some reflections on an absent issue. *Medical anthropology quarterly*, 23(1):16–33. Available at: <http://www.ncbi.nlm.nih.gov/pubmed/19449710> [Accessed February 8, 2015].
- Gunderman, R. 2011. Emotional intelligence. *Journal of the American college of radiology*, 8(5):298–299.
- Hochschild, A. 2005. The Chauffeur's Dilemma. *Greater good science center: University of California, Berkeley*. Available at: [http://greatergood.berkeley.edu/article/item/the\\_chauffeurs\\_dilemma](http://greatergood.berkeley.edu/article/item/the_chauffeurs_dilemma) [Accessed December 27, 2014].
- Hojat, M. 2007. *Empathy in patient care antecedents, development, measurement and outcomes*, New York: Springer.
- HPCSA. 2008. Ethical and professional rules of the Health Professions Council of South Africa. In G. Gazette, ed. *Africa HPCoS*.
- Johnson, T. 1972. *Professions and power*, London: Macmillan.

- Kirk, L.M. 2007. Professionalism in medicine: definitions and considerations for teaching. *Proc (Bayl Univ Med Cent)*, 20(1):13–16.
- Leavitt, R. 2003. Developing cultural competence in a multicultural world - Part II. *Magazine of physical therapy*, 1(1), pp.56–70.
- Martin, F. & Clark, J. 2015. *Introduction to Audiology* 12th ed., Boston: Pearson Inc.
- Metz, M.J. 2000. Some ethical issues related to hearing instrument dispensing. *Seminars in Hearing*, 21(1):63–74.
- Narvaez, D. 1996. Moral perception: a new construct? In *Annual meeting of the American Educational Research Association*. New York.
- Narvaez, D. & Endicott, L. 2009. *Ethical sensitivity: nurturing character in the classroom*, Notre Dame, Indiana: Alliance for catholic education press.
- Naude, A. & Bornman, J. 2016. A measuring instrument for ethical sensitivity in the therapeutic sciences. *Journal of Humanities and Social Sciences*, 4(2):29–36.
- Naudé, A.M. 2015. *Exploring ethical sensitivity in the South African context: developing and implementing a measure in the therapeutic sciences*. University of Pretoria.
- Naudé, A.M. & Bornman, J. 2014. A systematic review of ethics knowledge in audiology (1980-2010). *American journal of audiology*, 23(2), pp.151–7. Available at: <http://aja.pubs.asha.org/article.aspx?articleid=1859494> [Accessed November 5, 2014].
- Pellegrino, E. 2004. Culture and bioethics: where ethics and mores meet. In L. Prograis & E. D. Pellegrino, eds. *African American bioethics: culture, race, and identity*. Washington, DC: Georgetown university press.
- Pera, S. 2011. The moral and ethical foundation of nursing. In A. Oosthuizen & D. Van der Wal, eds. *Ethics in healthcare*. Lansdowne: Juta.
- Pollak, K. et al. 2007. Oncologist communication about emotion during visits with patients with advanced cancer. *Journal of Clinical Oncology*, (25), pp.5748–5752.
- Ramachandran, V. & Stach, B. 2013. *Professional Communication in Audiology* 1st ed., San Diego; Oxford; Brisbane: Plural Publishing Inc.
- Rawls, J. 1999. *A theory of justice* Revised., USA: Belknap press.
- Reich, R. 2004. The Cost of Apathy. *Greater good science center: University of California, Berkeley*. Available at: [http://greatergood.berkeley.edu/article/item/the\\_cost\\_of\\_apathy](http://greatergood.berkeley.edu/article/item/the_cost_of_apathy) [Accessed December 27, 2014].
- Resnick, D.M. 1993. *Professional Ethics for Audiologists and Speech- Language Pathologists*, San Diego: Singular Publishing Group, Inc.
- Rest, J.R. 1994. Background: Theory and research. In J. R. Rest & D. Narvaez, eds. *Moral development in the professions: Psychology and applied ethics*. Hillsdale NJ: Lawrence Erlbaum, pp. 1–25.
- Roter, D. et al. 2006. The expression of emotion through nonverbal behavior in medical visits. *Journal of general internal medicine*, 21(S1), pp.28–34.
- Rouse, M. 2016. The Neurology of Emotion. In *Neuroanatomy for Speech Language Pathology and Audiology*. Burlington: Jones & Bartlett Learning, p. 221.
- Ruby, P. & Decety, J. 2003. What you believe versus what you think they believe: a neuroimaging study of conceptual perspective taking. *European Journal of Neuroscience*, 17:2475–2480.
- Shapiro, J. & Rucker, L. 2004. The Don Quixote Effect: Why Going to the Movies Can Help Develop Empathy and Altruism in Medical Students and Residents.
- Siddiqi, S. et al. 2009. Framework for assessing governance of the health system in developing countries: gateway to good governance. *Health Policy*, (90.1):13–25.
- Stewart, M. 2003. Questions about patient-centered care: answers from quantitative research. In M. Stewart, J. Brown, & Freeman TR, eds. *Patient-Centered Medicine: Transforming the Clinical Method*. Oxon: Radcliffe Medical Press Ltd, pp. 263–268.
- Summers, J. 2014. Principles of Healthcare Ethics. In E. Morrison & B. Furlong, eds. *Health Care ethics: Critical Issues for the 21st Century*. USA: Jones & Bartlett Learning, p. 47.
- The Bill of Rights of the Constitution of the Republic of South Africa., 1996. *Government Gazette*, (17678).
- Tiatorio, A. 1999. *Ethics workbook*, Massachusetts: Ethics in Education.
- Tylor, E. 1891. *Primitive culture*, New York, USA: John Murray.

- Ulrich, L. 2001. *The patient self-determination act: Meeting the challenges in patient care.*, Washington, DC: Georgetown university press.
- Van Niekerk, A. 2002. Mediese etiek en chirurgie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42(4):260–270.
- Vitell, S.J. Nwachukwu, S.L. & Barnes, J.H., 1993. The effect of culture on ethical decision-making: an application of Hofstede's typology. *Journal of business ethics*, 12(10):753–761.
- Williams, J. 2009. *Medical ethics manual* 2nd ed., France: World Medical Association, Inc.
- Zolnierek, K. & DiMatteo, M. 2009. Physician Communication and Patient Adherence to Treatment: A Meta-analysis. *Medical care*, 47(8):826–834.

# Die krisis in die Suid-Afrikaanse staalbedryf te midde van Sjinese mededinging

*Chinese Competitiveness and the crisis in the South African steel industry*

**W R VAN DER MERWE**

Navorsingsgenoot, Skool vir Ekonomie  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom

**EWERT P J KLEYNHANS**

Skool vir Ekonomie, Potchefstroomkampus  
Noordwes-Universiteit  
E-pos: 11289570@nwu.ac.za



WR van der Merwe   Ewert Kleynhans

**WIEHANN REICHHARDT (WR) VAN DER MERWE** is 'n omroeper, vervaardiger en produksiebestuurder by Radio OFM, deel van die Central Media Group in Bloemfontein, met 'n besondere belangstelling in aktuele sake. In 2014 behaal hy 'n BCom-graad in Ekonomie en Internasionale Handel aan Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (NWU) en die jaar daarop verwerf hy ook sy honneursgraad in Ekonomie. Tans is hy deeltydse navorsingsgenoot by die NWU se Skool vir Ekonomie.

**WIEHANN REICHHARDT (WR) VAN DER MERWE** is a radio presenter, producer and production manager at Radio OFM, part of the Central Media Group in Bloemfontein, with a passion for radio and actuality. He obtained a BCom degree in Economics and International Trade at the North-West University (NWU) in Potchefstroom during 2014. A year later, he obtained a BCom honours degree in Economics at the same institution. He is currently a part-time research associate at the NWU School of Economics.

**EWERT KLEYNHANS** is medeprofessor in Ekonomie aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom en sy navorsing fokus op die mededingendheid van firmas en nywerhede. Hy studeer aan die Normaalkollege Pretoria en verwerf gedurende 1980 'n onderwysdiploma, waarna hy sestig jaar lank skoolhou. Hy verwerf die Verdere Diploma in Wiskunde en Natuurwetenskappe aan die Onderwyskollege vir Verdere Onderwys met lof gedurende 1989, en sy graad aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) in 1991. Einde 1993 verwerf hy 'n honneursgraad in Ekonomie en in 1993 sy meestergraad aan die Randse Afrikaanse Universiteit—beide *cum laude*. In 1996 word hy aangestel as lektor by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. In 2003 verwerf hy sy doktorsgraad (PhD) in Ekonomie aan die Potchefstroomse Universiteit en word bevorder

**EWERT KLEYNHANS** is an associate professor of Economics at the North-West University in Potchefstroom and his research focuses on the competitiveness of firms and industries. He obtained a teacher's diploma in 1980 from the Normaalkollege Pretoria and became a school teacher for sixteen years. He acquired a Further Diploma in Mathematics and Natural Sciences from the College of Education for Further Training cum laude in 1989, and his degree at the University of South Africa (UNISA) in 1991. In 1993 he was awarded the honours degree in Economics and in 1994 his masters, both *cum laude* from the Rand Afrikaans University. He was appointed a lecturer at the then Potchefstroom University for Christian Higher Education in 1996. After obtaining his doctorate (PhD) in Economics at the Potchefstroom University during 2003, he was promoted to senior lecturer

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>tot senior lektor, en in 2007 tot medeprofessor by die Noordwes-Universiteit (NWU). In 2012 behaal hy ook 'n meestersgraad in Filosofie (M.Phil.) aan die NWU. Hy word deur die Nasionale Navorsingstigting (NRF) as “gevestigde navorser” erken. Hy het reeds meer as veertig artikels in geakkrediteerde vakjoernale gepubliseer en by talle plaaslike en internasionale konferensies opgetree in plekke soos Italië, Spanje, Griekeland, Nederland, Las Vegas, Hawaii, Boston en Washington in die Verenigde State van Amerika. Hy het vyf jaar op die Akademieraad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gedien en was jarelang sekretaris van die Potchefstroomse Werkgemeenskap.</p> | <p>at North-West University (NWU) and became associate professor in 2007 at the same institution. In 2012 he also obtained a Master's degree in Philosophy (M.Phil.) at the NWU. He is rated as an “established researcher” by the National Research Foundation (NRF). He has already published more than forty articles in accredited journals and read papers at conferences locally and internationally in Italy, the Netherlands, Spain, Greece, Las Vegas, Hawaii, Boston and Washington in the United States of America. He served for five years as a board member of the South African Academy of Science and Arts.</p> |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

## ABSTRACT

### ***Chinese Competitiveness and the crisis in the South African steel industry***

*This article examines the impact of increased steel imports on the South African steel manufacturing industry and possible measures to counteract the negative effects thereof. In the years following the international economic crisis of 2008, China was able to increase steel production levels to high rates causing an increase in product surplus in their steel industry. This placed them in the position to export steel products at a discount rate to South Africa and other countries.*

*Econometric regression analyses showed that Chinese competition has a significant impact on the South African steel manufacturing industry and that steel production is significantly compromised. Data used includes exchange rates and currency values, prices of products, input costs and import versus export data.*

*South Africa has always been successful in the production and export of steel because the country is in the possession of large iron ore deposits and there was a high demand for South African steel on international markets. Following the 2008 global financial crisis, China has become a threat to the South African steel industry.*

*China has been a nett exporter of steel products since 2005 and provides approximately a third of the world's steel. It invested much in its steel production industry and secondary steel production capacity during the boom period in the world steel industry running up to 2008. When the economies of the United States of America and most Western countries experienced a decline at the end of 2008, leading into 2009, the Chinese economy still had an economic growth rate of approximately ten per cent, acting as a buffer to their booming steel market, and wider economy, against other failing economies. Domestic steel demand in South Africa, on the other hand, could not absorb the large capacity availability.*

*China is in a position to sell steel at much lower prices than other steel mills in the world due to their government subsidies, export rebates, a philosophy that emphasises social factors and employment rather than a return on capital investment, and other contributing factors.*

*After the peak GDP growth rate of just under twelve per cent at the beginning of 2010, the Chinese economic growth rate fluctuated into a decade low of seven per cent during 2015.*



*The sharp decline in the Chinese economic growth rate forced China to expand their export efforts to keep their large steelmaking capacity running.*

*Since 2008, China was able to infiltrate and expand into international markets that South African steel manufacturers traditionally relied on to absorb excess steel capacity that cannot be sold locally. Not only were South Africa's traditional export markets negatively influenced by the Chinese export expansion programme, imports of Chinese steel and steel products escalated. In the period 2010 to 2015, Chinese imports of steel for manufacturing purposes to South Africa have increased substantially.*

*Competition from Chinese steel producers forced South African steel manufacturers to cut down on production, and many steel plants have been forced either to close down or downsize on their production capacity. Furthermore, it has become cheaper for many users of steel products and steel merchants to import steel from China, than sourcing locally or from other international mills. The same applies to many other steel-consuming industries, such as the trailer building and the nail industry.*

*The current study focuses on the increased steel production from China and the effect on global markets, as well as on South Africa's economy. Empirical econometric regression analysis estimated the specific effect on South African steel imports. This article investigated the measures already undertaken to rescue the South African steel manufacturing industry and market conditions and concludes with suggestions and recommendations to contain the Chinese competitive threat, which may support the South African economy and the steel industry in particular. The main findings are that increased import volumes of Chinese steel have a negative impact on the South African steel industry.*

**KEY CONCEPTS:** Manufacturing, production, steel industry, economic growth, competitiveness, China, South Africa

**TREFWOORDE:** Vervaardiging, produksie, staalnywerheid, ekonomiese groei, mededingendheid, Sjina, Suid-Afrika

## **OPSOMMING**

Die krisis in die Suid-Afrikaanse staalvervaardigingsbedryf word in hierdie artikel ondersoek. Na die wêreldwye ekonomiese krisis van 2008 vind die meeste lande dit steeds moeilik om hul ekonomieë te herstel. Sjina het dit egter wel moontlik gevind om volhoubare ekonomiese groei te bereik en gedurende 2010 'n groeikoers van byna twaalf persent behaal. Dit het Sjina in staat gestel om hul staalproduksie te verhoog en 'n surplus van Sjinese staal op wêreldmarkte aan te bied. Sjina kon gevolglik hul staal teen baie lae pryse na Suid-Afrika en ander lande uitvoer. Sedertdien het die Sjinese ekonomie egter tot 'n laagtepunt van sewe persent in 2015 gedaal en is Sjina geforseer om sy uitvoere na internasionale markte verder uit te brei en markte vir sy staalnywerheid te vind.

Dié artikel ondersoek die rol van Sjinese mededinging, markomstandighede en wat gedoen is om die Suid-Afrikaanse staalbedryf te probeer red. Ekonometrieseregressie-analises het aangetoon dat Sjinese mededinging wel 'n beduidende impak op die Suid-Afrikaanse staalvervaardigingsnywerheid het en dat Suid-Afrikaanse staalproduksie beduidend benadeel word. Die artikel sluit af deur moontlike wyses wat die negatiewe effek op die Suid-Afrikaanse mark en in besonder die staalbedryf die hoof kan bied, te ondersoek en aanbevelings te maak.



## 1. INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse staalnywerheid het sedert sy ontstaan hoë produksievolumes en uitvoere gehandhaaf. Hierdie sukses was deur die groot vraag na Suid-Afrikaanse staal op internasionale markte versterk. Die Suid-Afrikaanse staalnywerheid voorsien beide die plaaslike en internasionale markte. Die verkoop van Suid-Afrika se grootste staalprodusent, Yskor, het die totale staalbedryf in Suid-Afrika blootgestel aan globale markkragte wat wins bo nasionale belange geplaas het. Sedert die wêreldwye finansiële krisis van 2008 het Sjina 'n bedreiging vir die Suid-Afrikaanse staalbedryf geword. In hierdie studie word die impak van die verhoogde mededingendheid van Sjinese staalinvoere ondersoek, sowel as moontlike optrede om die impak die hoof te bied.

Die Suid-Afrikaanse staalnywerheid is 'n oligopolie, wat beteken dat daar slegs 'n paar ondernemings in die bedryf is met ArcelorMittal (AMSA) as markleier en min plaaslike mededingers (Viljoen 1998). Dit was gevolglik nie 'n volledige vrye mark om mee te begin nie. 'n Reeks kleiner vervaardigers oorleef omdat hul bepaalde nis-areas bedien. Highveld Steel fokus byvoorbeeld op platstaalprodukte en Scaw Metals op staalgietery, terwyl Cape Gate en Cisco langstaalprodukte vervaardig (DTI 2005:24).

Die Suid-Afrikaanse staalnywerheid ontstaan gedurende 1912 met die oprigting van die Union Steel Corporation of SA Limited (USCO). Knaende finansiële probleme en 'n onvermoë van USCO en ander kleiner vervaardigers en smelterye om staal volhoubaar aan die land te voorsien lei die owerheid daartoe om onder leiding van Hendrik van der Bijl die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (Yskor) as owerheidsonderneming in 1928 te stig (ArcelorMittal 2017).

Om Yskor meer doeltreffend te maak en in lyn met die owerheid se vryemarkbeleid van daardie tyd word Yskor gedurende 1989 geprivatiseer en op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer. Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie het wel 'n 16% aandeel bekom (Tunyiswa 2014:26). Hierna volg talle ontwikkelinge gerig daarop om die maatskappy en die staalbedryf in die algemeen meer effektief en winsgewend te maak, ten einde langtermyn volhoubaarheid van die bedryf te verseker. Produksieklasse word uitgebrei en nuwe tegnologie geïmplementeer ten einde produktiwiteit en internasionale mededingendheid te verhoog.

Yskor koop USCO in 1991 en bekom ook die aanlegte in Saldanha (1998). In 2001 smelt Yskor saam met die Anglo-Nederlandse staalvervaardiger, LNM Holdings en die maatskappy se naam verander na IspatIsco. en later na Mittal Steel. Om die maatskappy steeds beter op internasionale gebied te posisioneer en moderne tegnologie en vaardighede te bekom, smelt die maatskappy uiteindelik gedurende 2006 saam met die internasionale mynbou en staal-maatskappy Arcelor en die naam verander na ArcelorMittal (2017), met die Suid-Afrikaanse affiliaal bekend as ArcelorMittal Suid-Afrika (AMSA).

Sedert 2005 is Sjina 'n netto-uitvoerder van staal wat nagenoeg 'n derde van die wêreld se staal voorsien (Streifel 2006). Voor 2008 het Sjina baie in hul vervaardigingsbedryf geïnvesteer om hul produksiekapasiteit van staal, sowel as hul verwerkingskapasiteit, te verhoog. In die tydperk tussen 2008 en 2009 het baie Westerse ekonomieë weens die globale ekonomiese krisis verswak, insluitend die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koninkryk. In Tabel 1 word die ekonomiese groeikoers (BBP) van Sjina met dié van geselekteerde Westerse ekonomieë, insluitend Suid-Afrika, vergelyk.

**TABEL 1:** Die Ekonomiese groeikoers van geselekteerde Westerse lande (%)

| Land        | 2008 | 2009 | 2010 |
|-------------|------|------|------|
| Sjina       | 9,6  | 9,2  | 10,6 |
| Suid-Afrika | 3,2  | -1,5 | 3    |
| Duitsland   | 1,1  | -5,6 | 4,1  |
| VSA         | -0,3 | -2,8 | 2,5  |
| Griekeland  | -0,3 | -4,3 | -5,5 |

*Bron:* Wêreldbank 2016

In die verlede was Sjina in staat om staal teen laer verdiskonteerde pryse in vergelyking met ander staalprodusente aan te bied. Dit is te danke aan regeringsubsidies, uitvoerkortings, 'n filosofie wat eerder sosiale faktore en indiënsnemings beklemtoon in stede van hoë opbrengs op kapitaal, asook talle ander faktore. Zeng (2004) beweer dat werknemer-verhoudinge in beide privaat- en staatsbeheerde instansies in Sjina verbeter het. Volgens Zeng (2004) is dit as gevolg van die vinnige groei van die Sjinese ekonomie sowel as 'n drang om sukses op internasionale markte te behaal.

Die afgelope tyd het Sjina markte geïnfiltreer wat tradisioneel Suid-Afrika se surplus staal aangekoop het. Beide internasionale markte wat tradisioneel Suid-Afrika se staal aangekoop het, asook Suid-Afrika se plaaslike markte, is geïmpak. Tussen 2010 en 2015 het die invoer van staal vanaf Sjina wat as produksie-insette moes dien, aansienlik verhoog (Joffe 2015).

Die verhoogde mededingendheid van die Sjinese staalbedryf het baie vervaardigers in die Suid-Afrikaanse staalnywerheid gedwing om óf produksie te staak, óf te verminder (Strydom 2015). Dit het heelwat goedkoper vir plaaslike Suid-Afrikaanse staalgebruikers geword om staal eerder vanaf Sjina in te voer, as om dit by Suid-Afrikaanse vervaardigers aan te koop.

Hierdie artikel is soos volg gestruktureer: Die volgende afdeling skets die situasie van Sjinese aansporingskemas rakende die effek van dalende staalproduksie in Suid-Afrika en verhoogde internasionale mededinging. Daarna word die vernaamste markdeelnemers ondersoek, gevolg deur die stappe wat plaaslik gedoen is om Sjinese mededingendheid die hoof te bied. In Afdelings 6 en 7 word verslag gelewer van 'n empiriese ondersoek wat deur die outeurs geloods is, ten einde die impak van Sjinese mededingendheid op die Suid-Afrikaanse staalbedryf te ondersoek. Daarna word die markbewegings en ekonomiese omstandighede rondom die staalbedryf bespreek. Die artikel sluit af deur maatreëls wat die Suid-Afrikaanse staalbedryf kan verbeter en hul mededingendheid kan verhoog te ondersoek en aanbevelings word gemaak.

## **2. LITERATUUR RAKENDE DIE STAALBEDRYF**

Literatuur oor onlangse ontwikkelings in die Suid-Afrikaanse staalbedryf word in hierdie afdeling nagevors en sluit studies oor beleide en gebeurtenisse wat relevant vir die Suid-Afrikaanse staalbedryf is in. Eerstens word staatsinmenging in Sjina bespreek, dan word voormalige optrede deur die Suid-Afrikaanse owerheid ondersoek, asook die BRICS-lande en laastens die effek hiervan op die staalbedryf.

## 2.1 Sjinese aansporingskemas

Suid-Afrikaanse staalprodusente se meeste ekonomiese probleme het tydens die internasionale finansiële krisis van 2008 ontstaan. Die Sjinese regering het vroegtydig besef dat die effek van die 2008-krisis tot 'n negatiewe ekonomiese impak sou lei en betyds voorsorgmaatreëls geïmplementeer. Naughton (2009) verdeel die Sjinese aansporingskemas in drie integrale dele, naamlik 'n investeringskema, finansieringsmetodes en aangepaste industriële beleide.

Alhoewel daar algemeen aanvaar word dat owerheidsinmenging tot nadeel van 'n land se ekonomie is, was die Sjinese aansporingskemas wel 'n vorm van geslaagde regeringsinmenging.

In die Sowjet-Unie het die sekretaris-generaal van die kommunistiese party, Pres. Mikhail Gorbachev, gedurende die 1980's sy Perestroika-beleid ingestel om die Russiese samelewing en hul ekonomie te herstruktureer (Reimer 1996). Daar is egter steeds in moderne Rusland meningsverskil oor die mate van sukses wat Perestroika behaal het. Die sukses van Perestroika kan beredeneer word, maar dit was die eerste tree tot 'n nuwe era in Rusland. Alhoewel Perestroika geensins gekoppel is aan die Sjinese aansporingskemas nie, is dit wel 'n voorbeeld van hoe regerings in 'n ekonomie kan inmeng.

Burdekin en Weidenmier (2015) bevestig ook dat Sjina se huidige sukses versterk is deur die implementering van die aansporingskemas sedert 2008. Hulle het gefokus op die beskikbaarheid van krediet, sowel as die sterk geneigdheid van die Sjinese publiek om hul inkomste te spendeer.

## 2.2 BRICS

Intussen het die lande Brasilië, Rusland, Indië, Sjina en Suid-Afrika 'n ekonomiese blok saamgestel bekend as BRICS. Hierdie lande is almal ontluikende markte wat elk die 2008-krisis op 'n eiesoortige manier ervaar het. Sommige van die sterkste en grootste ontluikende ekonomieë, met hoë ekonomiese groei, vorm deel van BRICS (Hoepli 2013).

BRICS se hoofdoelstellings sluit onder andere die samewerking om eenheid in, wat regverdige en vrye handel tussen lede moet verseker. Waarom dit nie die Suid-Afrikaanse staalbedryf teen goedkoop Sjinese invoere kon beskerm nie, laat die vraag ontstaan of BRICS enige direkte voordele vir Suid-Afrika inhou. Die BRICS-blok word toenemend deur 'n gebrek aan deursigtigheid, korrupsie, dalende ekonomiese prestasie en 'n gebrek aan kohesie in die blok geteister (sien bv. Tisdall 2016).

Verder meen Hoepli (2013) dat in vergelyking met die ander lande wat deel van BRICS vorm dat daar lae vlakke van entrepreneurskap in Suid-Afrika en Rusland bestaan. In die langtermyn strek dit tot nadeel van die nywerheidsontwikkeling van Suid-Afrikaanse firmas. Die bydrae wat deur Indië gelewer word in terme van investering en multilaterale handel word onderwaardeer. Suid-Afrika is een van Indië se grootste handelsvennote in Afrika wat tot gevolg het dat baie Indiese firmas hul bedrywighede na Afrika verplaas. Dit bedreig Suid-Afrikaanse firmas rakende internasionale ekonomiese mededingendheid (Besada, Tok & Winters 2013). Die BRICS-blok is gevolglik nie in alle opsigte vir Suid-Afrika tot voordeel nie.

## 2.3 Die invloed van die Sjinese ekonomie op Suid-Afrika

Die huidige studie ondersoek die impak van verhoogde Sjinese staalinvoere op Suid-Afrikaanse staalvervaardiging, asook moontlike maatreëls om die negatiewe invloede te beperk. Yang (2014) wys daarop dat Sjina maatreëls ingestel het om hul ekonomie te versterk en dat dit 'n

beduidende invloed op Suid-Afrika het. Hy benadruk ook dat Sjina Suid-Afrikaanse markte doelbewus infiltreer.

Daar is heelwat studies oor die staalbedryf beskikbaar, maar nie studies wat spesifiek op Sjinese mededinging fokus nie. De Beer (2013) ondersoek die verliese wat die Suid-Afrikaanse staalnywerheid gely het, terwyl Quality Edge (2009) weer Suid-Afrika as 'n ashoop vir lae kwaliteit Sjinese produkte beskryf.

Hierdie mosie word deur Edwards en Jenkins (2013) in 'n studie rakende die effek van ingevoerde Sjinese produkte op die Suid-Afrikaanse vervaardigingssektor in die algemeen ondersteun. Hul studie suggereer ook die moontlikheid dat Sjinese mededinging die hoofrede vir vertraagde groei in Suid-Afrikaanse uitsette mag wees, asook vir die verhoogde werkloosheidsyfers.

Kupka en Thomas (2014) het die verlaging in mededingendheid van die Suid-Afrikaanse staalbedryf ondersoek, terwyl die swak ekonomiese klimaat waarin kleiner maatskappye moet funksioneer deur talle navorsers bestudeer is (kyk bv. Bloomberg 2015; Anon 2015). Bloomberg (2015) voer aan dat kleiner maatskappye in 'n onmoontlike klimaat moet funksioneer en dat dit dikwels met hoë vlakke van skuld gepaardgaan. Navorsing en verdere data-insameling in die huidige studie ondersteun dit, asook die vermoede dat die Suid-Afrikaanse staalbedryf negatief deur Sjinese invoere geaffekteer word. Dit word ook deur invoerdata van spesifieke lande ondersteun.

O'Flaherty (2015) is van mening dat die finansiële state van een van die grootste Suid-Afrikaanse staalvervaardigers in Suid-Afrika kommer wek, as gevolg van Sjinese produkte wat die Suid-Afrikaanse mark infiltreer. Die infiltrasie vind nie net in die plaaslike mark plaas nie, maar ook in markte dwarsoor die Afrika-kontinent. Alle bevindinge ondersteun die feit dat die Suid-Afrikaanse staalbedryf uitdagende omstandighede beleef.

### 3. ARCELORMITTAL AS MARKLEIER

Selfs Suid-Afrika se grootste staalvervaardiger, ArcelorMittal (AMSA), word deur goedkoop Sjinese staal invoere geaffekteer. Daarom is dit belangrik om ArcelorMittal se posisie in die nasionale mark te analiseer, aangesien dit die markleier vir kleiner deelnemers in die mark is. Kleiner deelnemers soos *Evrz Highveld* word nadelig geaffekteer en dit maak dit belangrik vir groot deelnemers in die mark om voorsorgmaatreëls te implementeer.

ArcelorMittal is die grootste staalvervaardigingsmaatskappy in Noord- en Suid Amerika en Afrika (Hennebert 2016). Dit het 'n groot impak in Europa en Asië, en is teenwoordig in 60 lande. Gedurende 2015 het die maatskappy 'n totaal van 114 miljoen ton rou-staal gelewer en meer as 222 000 werkers wêreldwyd in diens geneem. Die maatskappy is genoteer op die aandelemarkte van Johannesburg, New York, Amsterdam, Parys, Luxemburg, Barcelona, Bilbao, Madrid en Valencia (ArcelorMittal 2016).

Die voormalige Yskor vorm die grootste deel van die huidige ArcelorMittal Suid-Afrika, met hul hoofkantoor in Vanderbijlpark. Hulle het aanlegte in Vanderbijlpark en Vereeniging in Gauteng, New Castle in KwaZulu-Natal en Saldanha in die Wes-Kaap. In 2014 het ArcelorMittal 0.9% tot die direkte nasionale produksie en inkome (BBP) van Suid-Afrika bygedra en is 'n belangrike skepper van werksgeleenthede in plaaslike gemeenskappe sowel as die opleiding van werknemers (ArcelorMittal South Africa 2014). Die maatskappy het 'n produksiekapasiteit van sewe miljoen ton staal per jaar en voorsien 61 persent van Suid-Afrika se staal (ArcelorMittal 2016).

Een ArcelorMittal-aandeel het gedurende 2011 teen ongeveer R90 per aandeel verhandel (INETBFA 2016). In 2015 het die prys per aandeel tot ongeveer 'n tiende daarvan verminder. 'n Bydrae tot hul verliese was die vermindering in vraag na plaaslik vervaardigde staal vanaf plaaslike vervaardigers. ArcelorMittal neem tans stappe om hierdie moeilike markomstandighede waarin hulle moet funksioneer te verbeter, en hoop om uiteindelik 'n voorbeeld te stel vir kleiner deelnemers in die mark.

As poging het ArcelorMittal ook met ander maatskappye en staalvervaardigers saamgespan en is gedurende 2016 met R1.5 miljard deur die Mededingingskommissie beboet (Kuhn 2016). In 'n stryd om oorlewing het hulle kartelle gevorm vir langstaal-, platstaal- en skrootmetaalprodukte, en pryse gemanipuleer. Hierdie sameswering het ook die Kaapstad Yster en Staalwerke (Edms.) Bpk. (CISCO), Highveld Steel and Vanadium Corporation Bpk. en die Suid-Afrikaanse Yster en Staal-Instituut, Scaw Suid-Afrika (Edms.) Bpk., 'n filiaal van Anglo American Plc., die Suid-Afrikaanse Yster en Staal-Instituut (SAISI) en die Suid-Afrikaanse Gewapende Beton Ingenieurs Assosiasie betrek (Kühn 2016).

Kartelvorming impliseer gewoonlik verhoogde pryse, wat hul mededingendheid kon benadeel het, maar hulle het ook afslagpryse in die verbruikersmark beding en markte verdeel. Die betaling van so 'n groot boete bring natuurlik ook ernstige koste-implikasies mee.

#### **4. STAPPE DEUR SUID-AFRIKAANSE STAALVERVAARDIGERS ONDERNEEM**

##### **4.1 Invoertariewe deur die owerheid**

Sedert 1995 is Suid-Afrika 'n lid van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) wat 'n bereidwilligheid skep om handelsverhoudinge te verbeter. 'n Hoofdoel van die WHO is om as tussenganger in onderhandelinge op te tree. Suid-Afrika, as lid van die WHO, het dan ook ooreengekom op 'n bindende koers of prys wat die WHO se verhoudingsfiliale bepaal.

Die owerheid oorweeg wel tariewe, maar as gevolg van internasionale verdrae kan dit nie maklik ingestel word nie (DTI. 2016b). Dit druis ook in teen die owerheid se vryemarkfilosofie. Die sterwe is na 'n holistiese benadering wat die ekonomie sal stimuleer, uitvoere vermeerder en werksgeleenthede skep op sodanige manier dat dit die plaaslike staalnywerheid se produksievermoëns en kapasiteit op 'n kostedoeltreffende wyse kan bevorder en internasionale mededingendheid verhoog.

ArcelorMittal vergesel deur vakbonde soos Numsa, Mewusa, Uasa en Solidariteit tree gedurende Augustus 2015 in onderhandelinge met die Suid-Afrikaanse Kommissie vir Handel Administrasie ten einde die daarstelling van 'n invoertarif op ingevoerde Sjinese staal te beding (Tsengiwe 2015). Die Suid-Afrikaanse Kommissie vir Handel Administrasie het ooreengestem op 'n tien persent-invoertarif op twee produkte wat deur ArcelorMittal vervaardig word, soos vasgestel deur die WHO. Die moontlikheid is ook ondersoek om in die toekoms invoertariewe na meer produkte uit te brei.

O'Flaherty (2015) beweer dat 'n tien persent-invoertarif 'n stap in die regte rigting was, maar dat 'n minimum invoertarif van vyf-en-twintig persent nodig is om die negatiewe effek van Sjinese invoere teen te werk. Die heffing van 'n tien persent-invoertarif sal gevolglik net 'n korttermynoplossing bied wat nie oor die langtermyn volhoubaar toegepas kan word nie. 'n Verdere rede daarvoor is dat Sjinese vervaardigers hul pryse nog laer kan aanpas om vir die tien persent-invoertarif te goeie.

## 4.2 Die vermindering van uitgawes

’n Invoertarif op Sjinese produkte is wel ’n korttermynoplossing, maar verdere maatreëls is nodig om langtermynsukses te verseker, byvoorbeeld kostebesparings. Verhoogde handelskoste in Suid-Afrika in terme van sekuriteit en burokratiese rompslomp kniehalter ArcelorMittal nóg verder.

Navorsing deur Gumede en Chasomeris (2016) het aangetoon dat Suid-Afrikaanse hawekostes en tariewe vir plaaslike yster- en staaluitvoere tussen 2012 en 2016 heelwat laer as die wêreldnorm is en ook laer as meeste ander plaaslike produkte. Gedurende 2015 was dit 45.63% laer as die gemiddelde wêreldnorm.

In die geval van ArcelorMittal is die eerste mate van kostebesparing die moontlike staking van produksie in die Vereeniging-aanleg (O’Flaherty 2015). ArcelorMittal word deurgaans deur verhoogde insetkoste soos salarisse en lone gekortwiek wat tot ’n verlaging in produktiwiteit lei. Herstrukturering is ook as belangrike tegniek aangewend om maatskappye se produktiwiteit te verhoog en insetkoste te bespaar (Van der Merwe 2016).

Wingsgewendheid en geografiese ligging is onder andere belangrike faktore. Verhoogde elektrisiteitskoste, sowel as die geografiese ligging van vervaardigers in die suide van Gauteng verhoog insetkoste as gevolg van hoë vervoerkoste. Meeste ekonomiese aktiwiteit in die land is wel in Gauteng (StatsSA 2016), maar die mark is nie net tot Gauteng beperk nie.

## 4.3 Teenstortingsooreenkoms

Die implementering van ’n invoertarif sal alle staaluitvoerders beïnvloed. In die geval van ’n teenstortingsooreenkoms (“Anti-dumping”) kan spesifieke lande uitgesonder word en verhoed word om goedkoop produkte op die Suid-Afrikaanse mark te stort. Die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) kan as tussenganger ’n teenstortingsooreenkoms met Sjina beding. Sedert die stigting van die WHO is teenstortingsooreenkomste ingestel ten gunste van talle plaaslike vervaardigers.

Een van die hoofooreenkomste van die WHO wat tasbare goedere behels, is die Algemene Ooreenkoms van Tariewe en Handel (AOTH of “GATT”). Die doel van hierdie ooreenkoms is om te bepaal of goedkoop produkte wat in ’n mark gestort word die plaaslike mark negatief beïnvloed. Ten einde storting te verhoed, behoort addisionele invoertariewe op gestorte produkte ingestel te word, ten einde pryse te stabiliseer en plaaslike markte tyd te gee om by die prys van ingevoerde produkte aan te pas en mededingend te word.

ArcelorMittal het die regering weereens gedurende 2015 genader om teenstortingsmaatreëls teen Sjina en Japan in te stel, wat die reeds ingestelde invoertariewe kan komplementeer (Steyn 2015). Soos die geval met die meeste owerheidsinstellings, sal teenstorting ook negatiewe gevolge meebring. Sommige negatiewe gebeure kan markmislukkings meebring, as gevolg van teenstrydighede op die natuurlike markmeganisme (Nkabinde 2015a). Die sukses en moontlike gevolge van die implementering van ’n teenstortingsbeleid in die staalbedryf is egter nog onduidelik.



## 5. NYWERHEIDSONTWIKKELINGSPLANNE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OWERHEID

Die Suid-Afrikaanse nywerheidsekonomie word aan talle beperkings blootgestel wat dit moeilik maak vir klein en medium ondernemings om te groei. Verswakte groei en ontwikkeling in die land se nywerheidsekonomie kan toegeskryf word aan die verhoging in armoede in die land wat tot 'n verlaging in algemene verbruik lei. Verder speel geografiese faktore ook 'n groot rol weens die vervoerkostes van produkte na markte. Die meeste vervaardigers word direk deur verhoogde vervoerkostes geraak (Departement van Handel en Nywerheid 2014).

Die vervaardigingsektor is grootliks van hulpbron-intensiewe produksie afhanklik. Die uitdaging vir Suid-Afrikaanse vervaardigers is om meer mededingend te word in die huidige internasionale arbeidsintensiewe mark. 'n Moontlike oplossing vir die situasie waarin die vervaardigingsektor tans is, mag die toevoeging van waarde tot produksie wees. Die verdere gebruik van staal in 'n verskeidenheid van metaalprodukte sal die waarde van die produkte verhoog en die vraag na staal laat toeneem. 'n Beginpunt mag wees om vervaardigers toe te rus om produksie te verhoog. Dit is 'n aspek waaraan Suid-Afrika nog min aandag geskenk het en wat 'n verdere agterstand in mededinging veroorsaak.

Die Departement van Handel en Nywerheid (2014) beweer dat die vertraging in nywerheidsontwikkeling vererger word deur die afwesigheid van 'n hoogs gekoolde arbeidsmark. Die afwesigheid van hoogs gekoolde mannekrag en onvoldoende opleiding sowel as die afwesigheid van voldoende intellektuele kapitaal kniehalter vooruitgang in die mark. Met die samesmelting van Yskor met ArcelorMittal het ook navorsing- en ontwikkelingskapasiteit verlore gegaan, sodat bepanning ook nie op 'n ingeligte manier gedoen kan word nie. Om die skaars vaardighede in die bedryf aan te vul, kan outomatisasie as alternatief oorweeg word. Outomatisasie verg egter ook gekoolde mannekrag om dit te bestuur en die toerusting moet ten duurste van die buiteland af ingevoer word. Die nadeel van outomatisasie is in die eerste plek dat dit baie werkseleenthede vernietig. Dis gevolglik nie koste-effektief nie en dra nie by om die probleme van die land op te los nie.

Die owerheid, tesame met instansies soos die Nywerheidsontwikkelingskorporasie en universiteite doen navorsing oor wyses waarop waarde plaaslik toegevoeg kan word in die staalbedryf en instansies aangemoedig kan word om plaaslike produkte te gebruik. Vroeg in 2017 kondig die Departement van Handel en Nywerheid nuwe maatreëls aan om te verseker dat plaaslik vervaardigde staalprodukte vir bou-, konstruksie- en infrastruktuurprojekte van die owerheid gebruik sal word (Sepotokele 2017).

## 6. NAVORSINGSMETODIEK

Om die negatiewe effek van goedkoop Sjinese staalinvoere op die Suid-Afrikaanse staalvervaardigingsektor te bepaal, is tydreeksdata statisties ekonometries geanaliseer. Die veranderlikes wat in die regressie-analise ingesluit is, is op vorige literatuur gebaseer. Dit is wel belangrik om veranderlikes in te sluit wat spesifiek op Suid-Afrika gerig is.

In die regressie-analise is staalinvoere vanaf Sjina as afhanklike veranderlike gebruik, terwyl Sjinese rou-staalproduksie, hul produksiekapasiteit, Sjinese produksiekoste, die wisselkoers (Rand/Yen in logs) en die Suid-Afrikaanse produksieprysinflasie as onafhanklike veranderlikes gedien het. Regressie-analise bepaal dan die mate waartoe die variasie van die onafhanklike veranderlikes die variasie van staalinvoere verklaar. Die verwagting was dat die volume van Suid-Afrikaanse staalinvoere vanaf Sjina konstant sou bly of sou toeneem en dat



dit al die onafhanklike veranderlikes, veral die wisselkoers en produksieprysinflasie, negatief sou beïnvloed.

Die databronne wat in hierdie studie gebruik is, is kruisvergeelyk met bronne van Quantec, *Easy Data*, *Trade Map*, *SAISA* en *Trading Economics*. Al die data is in die empiriese regressie na kwartaallike data omgeskakel en seisoenskommeling is uitgeskakel. Die periode van ondersoek strek vanaf 2006 tot en met 2015. Onder die ekonometriese toetse wat op die resultate uitgevoer is, is onder andere die Augmented Dickey-Fuller-toets ingesluit om te bepaal of die regressie fluktuierende data bevat het en of verdere veranderlikes gedifferensieer moes word.

Verdere data wat gebruik is, sluit uitvoersyfers van staal na dele van Oos en- Wes-Afrika in, sowel as die produsentepryse van staal, depresiasie (waardeverandering) van die Suid-Afrikaanse rand teenoor die Sjinese Yuan, die verandering in produksiekapasiteit en staalinvoere vanaf Sjina.


Die prys van elektrisiteit het 'n beduidende invloed op die insetkoste van staalproduksie en as inset verlaag dit ook Suid-Afrikaanse mededingendheid. Die afgelope aantal jare het die prys van elektrisiteit as insetkoste skerp verhoog (Volkwyn & Kleynhans 2014). As gevolg van die afwesigheid van data oor elektrisiteitspryse, is hierdie veranderlike egter nie in die regressie ingesluit nie. Hierdie is 'n beperking van die navorsingmetodologie en die modellering. Die gebrek van 'n enkele veranderlike is egter nie onontbeerlik nie en die effek word deur ander veranderlikes ondervang.

As gevolg van onvoldoende data, mag die regressie-resultate minder akkuraat wees. In sekere gevalle het die afwesigheid van beskikbare data veroorsaak dat sekere veranderlikes uit die regressie weggelaat moes word. Elektrisiteit as inset sou byvoorbeeld 'n baie waardevolle veranderlike gewees het. Om moontlike onakkuraatheid deur weggelate veranderlikes teen te werk, is die plaaslike produksieprysinflasie (PPI) ingesluit om die algehele prysindeks van vervaardigers van staal en veranderinge in pryselastisiteit te verteenwoordig.

Die data is eers grafies voorgestel en ondersoek voordat die regressie-analise uitgevoer is. Sommige data was nie as tydreeksdata beskikbaar nie en kon nie in die regressies ingesluit word nie. Hierdie data is grafies voorgestel en op Trademap (2017), databasis op die internet, ontleed. 'n Voorbeeld hiervan is die grafiese illustrasie wat die wêreldwye vraag na Sjinese staal aantoon en in Figuur 1 uitgebeeld word. Die figuur toon aan dat die vraag na Sjinese staal beide op die plaaslike mark, asook internasionaal toegeneem het en verskaf ook meer detail.

In Figuur 1 word die persentasie groei in die vraag na staal vanaf Sjina met die internasionale vraag na staal vergelyk. Die figuur dui aan dat Sjina in die meeste gevalle 'n wenner in die groeisektore is. Hoe hoër op die grafiek, hoe vinniger groei die sektor wêreldwyd. Hoe groter die sirkel, hoe groter is Sjina se globale aandeel en hoe verder na regs hoe vinniger groei Sjinese uitvoer van hierdie produkte.

Aangesien die meeste produkte wat in Figuur 1 aangedui word relatief laag en wel regs op die grafiek geleë is, kan aangeneem word dat invoere na Sjina beperk is, terwyl die uitvoer van hul staal en staalprodukte vinnig toeneem. Aangesien dit laag op die grafiek is, impliseer dit egter dat die internasionale vraag daarvoor besig is om te taan. Die figuur toon aan dat die grootste stygende vraag na Sjinese staal gerig is op verskillende tipes geronde allooistaalprodukte. Dit lê regs bo op die grafiek, wat op 'n stygende wêreldvraag dui. So ook soliede en hol ysterstawe, wat allooie insluit en tweedens gerolde plaat van allooistaal, 600 mm en wyer. Daar is ook 'n groot stygende vraag na 'n soortgelyke produk van vlekvrystaal, alhoewel die vraag daarna wêreldwyd begin afneem. Dit is wel regs op die grafiek, wat groei in die vraag



**Figuur 1:** Groei in die vraag na Sjinese uitvoerprodukte.

Bron: Analyse deur die outeurs (Trademap 2017)

daarvoor aandui, maar dit is benede die internasionale gemiddeld geleë, wat impliseer dat dit nie op die langtermyn volhoubaar gaan wees nie. Gerolde plaat van suiwer yster is 'n verdere markwenner, maar die sektor as geheel is globaal besig om te daal. Figuur 1 dien slegs as illustrasie van die reeks ontgedings, wat op soortgelyke items onderneem is.

## 7. EMPIRIESE RESULTATE

Hierdie studie ondersoek die impak van Sjinese staalinvoere op die Suid-Afrikaanse staalbedryf. Die model het Sjinese staal as afhanklike veranderlike in logaritmiëse formaat gebruik. Die resultate van die finale regressieskatting word in Tabel 2 aangegee en bevestig die aanvanklike vermoedens wat deur die studie getoets is. Die koëffisiënt van determinasie ( $R^2$ ) is 0.63 wat daarop dui dat 63 persent van die variasie van die onafhanklike veranderlikes die variansie van die Suid-Afrikaanse staalinvoere vanuit Sjina verklaar. Die nodige ekonometrieëse toetse het die statistiese beduidendheid van die veranderlikes, soos vroeër vermoed is, bevestig.

Omdat ingevoerde Sjinese staal as 'n afhanklike veranderlike gebruik is, kan die aanvanklike hipotese volgens die resultate in Tabel 2 aanvaar word. Die resultate is ook ooreenstemmend met dié van vorige literatuur. Volgens die waarskynlikheidsleer het die analise aangedui dat Sjinese produksiekostes en die produksie van Sjinese rou-staal statisties onbeduidend is en dit is verder uit die ontledings weggelaat. Slegs veranderlikes wat statisties beduidend was, is behou. Die bevinding is dat Sjinese staalinvoere wel die Suid-Afrikaanse staalvervaardigingsbedryf beduidend negatief benadeel.

**TABEL 2:** 'n Opsomming van empiriese resultate

| Veranderlike                | Koëffisiënt        | Waarskynlikheid    |
|-----------------------------|--------------------|--------------------|
| SA-invoer vanaf Sjina       | Afhank. $\Delta e$ | Afhank. $\Delta e$ |
| SA/Sjinese wisselkoers      | -20.45             | 0.045              |
| Sjinese produksiekoste      | 1.56               | 0.079              |
| Sjinese produksiekapasiteit | 14.32              | 0.022              |
| Sjinese rou-staalproduksie  | 8.67               | 0.094              |
| SA PPI: Staal               | 1.12               | 0.032              |
| Konstante/afsnit            | 191.07             |                    |


*Bron:* Skrywers se eie skatting gegrond op data van Quantec, Easy Data, Trade Map, StatsSA, SAISA en Trading Economics.

## 8. MARKBEWEGINGS

In Augustus 2015 het Sjina wêreldekonomeë geskok deur die Sjinese geldeenheid, die Yuan, se waarde te devalueer (Bloomberg 2015). In die praktyk staan hul geldeenheid as die Renmibi bekend (Khan 2015). Hierdie gebeurtenis staan uit as die mees beduidende inmenging tot die Sjinese geldeenheid sedert 1994. Dit mag die begin van 'n wisselkoers-oorlog tussen Sjina en die res van die wêreld wees, maar dit mag egter ook 'n noodsaaklike maatreeël wees om die

Sjinese se geldeenheid te red. Bewegings in die Renmibi plaas egter verdere druk op die Suid-Afrikaanse staalbedryf omdat dit mededingendheid in internasionale en plaaslike markte verder onder druk plaas. Sjinese staal verruil nou goedkoper, terwyl ander lande se produkte op internasionale markte relatief duurder word.

Suid-Afrikaanse invoere vanaf Sjina het in die tydperk 2010 tot 2015 met byna 110% verhoog, terwyl Sjina se totale aandeel in staalinvoere na Suid-Afrika tot 49.7% verhoog het (Trading Economics 2017). Sedert 2000 het Sjina se vervaardiging van rou-staal vanaf 128 miljoen tot 779 miljoen ton in 2013 toegeneem. Sjina se produksiekapasiteit het verhoog tot 1.106 miljoen ton, wat 'n surplus van ongeveer 327 ton veroorsaak het. Hierdie tendens duur steeds voort. Gedurende 2014 alleen het Sjinese uitvoere wêreldwyd met 40 persent gestyg (Tsengiwe 2015). Figuur 2 illustreer die toename van invoere van Sjinese staal na Suid-Afrika.



**Figuur 2:** Verhoogde invoere vanaf Sjina na Suid-Afrika sedert 2002

Bron: Skrywers se eie skatting (UNCOMTADE 2017)


In ooreenstemming met ekonomiese teorieë kan daar afgelei word dat verhoogde Sjinese uitvoere aan goedkoper Sjinese produkte toegeskryf kan word (Leichenko 2000). Dit veroorsaak 'n surplus van duur staal op die Suid-Afrikaanse mark, wat nie in die plaaslike of internasionale mark verkoop kan word nie. Suid-Afrika kan dan nie met die goedkoop ingevoerde Sjinese staalinvoere meeding nie.

Uitvoere vanaf Sjina na die Kongo, 'n voormalige klant van Suid-Afrika, het tussen 2010 en 2015 met 186% per jaar toegeneem. Die rede vir die drastiese verhoging in invoere vanaf Sjina, eerder as Suid-Afrika, kan aan die verhoging in vervaardigingskoste van die Suid-Afrikaanse staalvervaardigers toegeskryf word. Dieselfde het tussen die 1960's en 1980's in die Verenigde State van Amerika gebeur (Bright & McKinney 1984). 'n Soortgelyke scenario behels Angolese invoere van Sjinese staal (79%) – nóg 'n voormalige klant wat die Suid-Afrikaanse staalmark verloor het.

Na aanleiding van die beskikbare data is dit duidelik dat Suid-Afrika marktaandeel in sentrale en Oos-Afrika-lande verloor. Tanzanië is nóg 'n voorbeeld van 'n voormalige klant van die Suid-Afrikaanse staalmark. In 2014 was Suid-Afrika se staaluitvoere na Tanzanië 7.5%, wat ongeveer 10% laer as in 2010 is (Trademap 2017). In Uganda vind Suid-Afrika dit wel steeds moontlik om konstante groei te toon in terme van uitvoere ondanks die druk van

goedkoper Sjinese uitvoerders. Suid-Afrikaanse staaluitvoere na Uganda tussen 2010 en 2014 het 'n jaarlikse groei van 14% getoon (Trademap 2017).

Een aspek wat ten gunste van Suid-Afrikaanse staalvervaardigers is, is die lae prys van Suid-Afrikaanse ystererts. Die dalende ysterertsprys word in Figuur 3 geïllustreer. Die grafiek toon aan dat die prys van ystererts, in dollar-terme, sedert die begin van 2010 gedaal het (IMF 2017). Die prys van staal en ystererts is besonder wisselvallig (Stewarts & Lloyds 2017). Teen April was daar 'n geringe styging, maar die algemene tendens is steeds afwaarts. Die daling in prys kan eerstens toegeskryf word aan die laer markvraag omdat ingevoerde staal eerder gekoop word.



**Figuur 3:** Ysterertspryse: 2010 – 2017 (\$ per metrieke ton)

Bron: Analise deur die outeurs (IMF 2017)

Laer ysterertspryse het Suid-Afrikaanse staalvervaardigers bevoordeel. Aan die ander kant word ysterertsmyne negatief geraak deur swak ekonomiese omstandighede en vind hulle dit moeilik om te midde van vermeerderde insetkoste likied te bly. Ysterertsmyne ondervind ook mededinging vanaf ander internasionale myne waar yster teen laer pryse ontgin word (Kumba Iron Ore 2009). 'n Voorbeeld van een van die grootste myne is Rio Tinto in Australië wat ondanks swak ekonomiese omstandighede steeds positiewe groei toon, en hul inkomste met \$23.3 miljard vermeerder het. Die verhoging in internasionale ysterertsproduksie word in Tabel 3 aangetoon. Die vermeerdering is moontlik as gevolg van myne wat hul marktaandeel by Sjinese staalprodusente wil verhoog.

Nkabinde (2015a) wys daarop dat die Suid-Afrikaanse staalsektor al reeds swak gevaar het voordat Sjina die mark begin infiltreer het. Faktore wat daartoe bygedra het, is verhoogde insetkoste in terme van elektrisiteit en lone. Bloomberg (2015) beaam dit deur daarop te wys dat plaaslike staalvervaardigers soos *Evraz Highveld Steel* al hoë vlakke van skuld ervaar het voordat die maatskappy gedurende 2016 onder administrasie geplaas is. Verder meen Nkabinde (2015b) dat nog 'n groot faktor die verlaging van investering in die sektor veral in terme van infrastruktuur is.

**TABEL 3:** Internasionale ysterertsproduksie (kubieke ton)

|                 | <b>Volume<br/>2013</b> | <b>Volume<br/>2014</b> | <b>% verander p.j.</b> |
|-----------------|------------------------|------------------------|------------------------|
| Australië       | 579                    | 718                    | 24                     |
| Brasilië        | 330                    | 344                    | 4                      |
| Indië           | 16                     | 11                     | -31                    |
| Suid-Afrika     | 63                     | 64                     | 2                      |
| Res v.d. wêreld | 316                    | 317                    | 0.3                    |
| Totaal          | 1304                   | 1454                   | 11                     |

*Bron:* Ontleding deur die outeurs (Trading Economics 2016).

## **9. MAATREËLS OM DIE SUID-AFRIKAANSE STAALBEDRYF TE VERBETER**

Van die maatreëls wat hierbo genoem is, is reeds in 2015 geïmplementeer. Daar bestaan wel nog verdere maatreëls wat geïmplementeer kan word om die posisie van die Suid-Afrikaanse staalvervaardigingssektor in internasionale markte te verbeter.

### **9.1 Uitvoerbevordering**

Uitvoerbevordering is 'n komplekse funksie wat alle owerhede belangrik ag (Bezuidenhout & Grater 2016.). In die meeste ontwikkelde lande domineer klein- en medium ondernemings die uitvoermark. Die doel daarvan is om die produkte van 'n land se maatskappye internasionaal te bemark en om hul ekonomiese mededingendheid te verhoog (Kleynhans 2016).

Om 'n groter teenwoordigheid op internasionale markte te verseker, verg navorsing om markverwante inligting suksesvol te ontgin. Sodanige navorsing behoort op uitvoermarkte te fokus om mislukkinge te vermy. Navorsing moet die moontlike verbruikers in uitvoermarkte, sowel as die realistiese vraag na produkte in daardie spesifieke lande ondersoek (Visser et al. 2015).

Om bestaande lande as invoerders te behou, is uitdagend en om nuwe invoerders te bekom, maak die uitdaging soveel groter. Verbruikers word aan produkte van verskillende vervaardigers uit ander lande blootgestel. Die kompleksiteit van die uitdaging word verder aangevuur deur die owerheid se onvermoë om nuwe markte toeganklik te maak (Grater et al. 2014). Die belangrikheid van uitvoerbevoordering vir Suid-Afrika om die vervaardigingssektor en werkskepping te stimuleer, word ook deur die Wêreldbank (2016) beklemtoon.

Die owerheid kan byvoorbeeld poog om die toeganklikheid van markte te verbeter deur in onderhandelinge met die Wêreldhandelsorganisasie te tree. Met die verkiesing van 'n nuwe Amerikaanse president gaan internasionale verdrae soos AGOA hersien moet word en dit tesame met die Verenigde Koninkryk se uittrede uit die Europese Unie, skep talle nuwe onderhandelingsgeleenthede. Verder kan uitvoerders se kostestruktuur verlaag word deur subsidies en belastingtoegewings. Bestaande beperkings en verdrae maak laasgenoemde grootliks onmoontlik, maar die owerheid kan dit byvoorbeeld indirek bewerkstellig deur spesiale elektrisiteits tariewe, opleidingsgeriewe of die voorsiening van infrastruktuur, soos byvoorbeeld die bou van toegangspaaie (sien bv. James 2013).



## 9.2      **Bemark die gebruik van staal**

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Staalkonstruksie (SAISC) bevorder alreeds die gebruik van staal in konstruksie sedert 1956 (SAISC 2006). Hul hooffokus is om die Suid-Afrikaanse staalbedryf te verbeter deur die vraag na staal in produksie op nasionale en internasionale markte te stimuleer. Volgens SAISC is navorsing en ontwikkeling noodsaaklik om die bedryf, en in besonder staaluitvoere vanaf Suid-Afrika, te verhoog. Navorsing en Ontwikkeling (N&O) is noodsaaklik vir toekomstige ontwikkeling en werkskepping. Suid-Afrika het reeds tot 'n groot mate sy mededingendheid verloor as gevolg van 'n gebrek aan investering in navorsing en ontwikkeling (N&O).

## 9.3      **Direkte buitelandse investering**

Die hoofdoel van die bevordering van die Suid-Afrikaanse staalbedryf is om internasionale handelsverhoudinge te verbeter. Dit sluit die aantrekking van direkte buitelandse investering, verhoogde produksie en die verbetering van mededingendheid van die plaaslike sektore in. Suid-Afrikaanse lande ondervind aanbodsbeperkinge as gevolg van hul onvermoë om effektief te produseer (Ekanem 2002) en daarom is buitelandse fondse nodig. Gedurende die 1980's het baie Amerikaanse ondernemings in ondernemings in Afrika geïnvesteer. Dit het hul produksietegnieke verbeter en die skaal van produksie verhoog, wat produksiekoste verminder. Elke sektor het ook risiko's spesifiek verbonde aan die bepaalde sektor, en wanneer buitelandse investering gelok word, moet die besondere omstandighede van die sektor, soos die staalbedryf, in berekening gebring word (Coetzee et al. 2016).

## 9.4      **Verbeter opleiding in die staalbedryf**

Dit is noodsaaklik om meer opleiding in die staalbedryf te verskaf en vaardighede te verbeter ten einde die langtermyn volhoubare ontwikkeling in die bedryf te bevorder. SAISC (2006) voer aan dat opleidingsinisiatiewe nodig is om die staalvervaardigingsbedryf te ontwikkel. Indien kennis en vaardighede in die gebruik van staalprodukte toeneem, sal dit die vraag en verbruik daarvan ook verhoog.

Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling verplig werkgewers om in die opleiding van hul werknemers te belê, maar dit kan nog toeneem. Die implementering van opleidingsinisiatiewe is noodsaaklik om die toekoms in die staalvervaardigingssektor te verseker.

'n Voordeel van die internasionalisering van die Suid-Afrikaanse staalmeulens, soos byvoorbeeld Mittal, Columbus en Highveld Steel, wat met buitelandse maatskappye saamgesmelt het, is dat dit verseker dat die land die nodige vaardighede en talent, wat plaaslik benodig word, verkry (Lundall, Maree & Godfrey 2008:92).

## 9.5      **Intellektuele kapitaal**

'n Beperking van die Suid-Afrikaanse vervaardigingssektor is die afwesigheid van intellektuele kapitaal (Firer & Stainbank 2003). Daar is 'n direkte korrelasie tussen die beskikbaarheid van intellektuele kapitaal in vervaardiging en die vlak van produksie-uitsette. Firer et al. (2003) verduidelik dat die waarde van 'n maatskappy nie bepaal kan word deur boekwaarde nie, maar eerder deur die hoeveelheid intellektuele kapitaal beskikbaar in daardie maatskappy (Chen, Cheng & Hwang 2005). Navorsing deur Matthee et al. (2017) het bevind dat die Suid-



Afrikaanse staalbedryf wel die potensiaal het om as uitvoerder goed te presteer, maar navorsing deur Kleynhans (2017) het aangetoon dat die bedryf ernstige probleme ondervind wat sy vlakke van waardetoevoegde intellektuele kapitaal betref. Navorsing en ontwikkeling behoort ook die ontwikkeling van intellektuele kapitaal in te sluit en maniere te vind om waar intellektuele kapitaal ontbreek die probleem aan te spreek.

## 10. AANBEVELINGS

Suiwer ekonomiese beginsels en vorige navorsing toon onteenseglik aan dat die Suid-Afrikaanse staalvervaardigingsbedryf produksievlakke sal moet uitbrei en insetkoste moet beperk ten einde hul voortbestaan en groei te verseker. Dit kan onder andere bereik word deur opleidingsinisiatiewe en die verhoging van intellektuele kapitaal. Dit is belangrik om op waardetoevoeging te fokus. Die toevoeging van waarde tot Suid-Afrikaanse produkte kan welvaart en geleenthede skep. Dit kan die prys van plaaslike produkte verbeter en die vraag na plaaslik geproduseerde produkte verhoog (DTI 2016a).

Die owerheid en entrepreneurs beywer hul ook om 'n aandeel in die globale waardekettings van produkte te verkry (Tunyiswa 2014; Lundall et al. 2008; DMR 2011; DTI 2016; DTI 2005). In die vervaardiging van motorvoertuie of vlekvrystaalprodukte kan die produksieketting verdeel word in talle kleiner eenhede en ondernemings slegs fokus op daardie gedeelte waarin hulle die beste is in stede daarvan om die volledige produk te vervaardig. Die plaaslike sektor en die owerheid doen tans baie navorsing op hierdie gebied.

Die verfyning van staalprodukte om 'n differensiële voordeel te skep vir plaaslike staal behoort aandag te geniet. Op die oomblik is Suid-Afrikaanse staal 'n generiese kommoditeit. Indien die produk plaaslik verder verfyn word mag dit verdere markte open. Crookes en Blignaut (2016:745) stel voor dat die bedryf oorsakel na meer volhoubare tegnologie in die vervaardiging van staal wat minder hulpbron-afhanklik is in stede daarvan om net op primêre staalproduksie te fokus. Om slegs van 'n enkele onverwerkte produk afhanklik te wees, lewer die bedryf uit aan internasionale mark- en pryskommelinge.

Lundall et al. (2008) beveel waardetoevoeging deur ingenieursontwerp en masjienbouprojekte aan, veral op gebied van mynbou en staalmeulens. Verder stel hul die verfyning van koolstofstaal, vlekvrystaal, aluminium allooi en smelterye voor, asook die vervaardiging van metaalprodukte, strukturele staal, verbruikerskommoditeite van vlekvrystaal, komponente vir die motornywerheid, die tenkhouer-nywerheid, en juweliersware. Tunyiswa (2014) stem hiermee saam en beveel ook aan dat die plaaslike inhoud van onderdele aan motormonteeraanlegte moet verhoog en dat die vervaardiging van komponente vir energie-opwekking en verspreiding aandag moet geniet. In die diversifisering van die ekonomie stel die Departement van Minerale Hulpbronne (BMR 2011) verder die vervaardiging van pigmente en superlegering voor, terwyl Creamer (2017) draadprodukte, skroewe, boute en moere, pype en toebehore, toerusting, voorafvervaardigde strukture, maal- en skuurtoerusting en produkte vir dakke voorstel.

Die aanbeveling is ook om in opleiding, ontwikkeling en navorsing te belê. Die verhoging van mededingendheid is noodsaaklik, tesame met die toevoeging van addisionele waarde en kwaliteit tot Suid-Afrikaanse produkte. Dit is belangrik om dit vir Suid-Afrikaanse verbruikers voordelig te maak om eerder Suid-Afrikaanse produkte in stede van ingevoerde Sjinese produkte te koop.

## 11. SAMEVATTING EN SLOT

Die doel van hierdie studie was om die impak van verhoogde goedkoop Sjiniese invoere op die Suid-Afrikaanse staalvervaardigingsektor te ondersoek en moontlike voorsorgmaatreëls te vind om die invloed van Sjiniese mededinging te verminder.

Die navorsing het bestaan uit 'n literatuurstudie, data-analise en ekonometriese ontledings wat die vermoede dat Sjiniese staalinvoere wel nadelig op die Suid-Afrikaanse bedryf inwerk, bevestig het. Daar is bevind dat die impak van goedkoop ingevoerde Sjiniese staalprodukte op die Suid-Afrikaanse staalvervaardigingsektor wel statisties beduidend negatief is. Dit is dus belangrik vir die deelnemers in die Suid-Afrikaanse staalsektor om aktiewe stappe te neem met die fokus op opleiding, waardetoevoeging en verbetering van internasionale handelsverhoudinge. Die artikel is afgesluit met voorstelle om die internasionale mededingendheid van die Suid-Afrikaanse staalbedryf te verbeter.

## BIBLIOGRAFIE

- Anon. 2015. Sober lessons in Evraz Highveld's demise. *Business Day Live*, 29 Apr. <http://www.bdlive.co.za/opinion/editorials/2015/04/20/editorial-sober-lessons-in-evraz-highvelds-demise> [3 Mrt. 2017].
- ArcelorMittal. 2017. The History of ArcelorMittal South Africa. Vanderbijlpark: ArcelorMittal. <http://www.arcelormittalsa.com/portals/0/the-history-of-arcelormittal-south-africa.pdf> [3 Mrt. 2017].
- ArcelorMittal. 2016. ArcelorMittal at a glance. Vanderbijlpark: ArcelorMittal. <http://corporate.arcelormittal.com/> [25 Nov. 2016].
- ArcelorMittal South Africa. 2014. *Parliament colloquium on beneficiation*, 27 Aug. Department: Trade and Industry. <https://www.thedti.gov.za/parliament/2014/ArcelorMittal.pdf> [3 Mrt. 2017].
- Besada, H., Tok, E. & Winters, K. 2013. South Africa in the BRICS. *Africa Insight*, 3-6.
- Bloomberg. 2015. *Evraz Highveld Steel and Vanadium: Court asked for debt intervention*, May 26. Business Report: <http://www.iol.co.za/business/companies/evraz-highveld-steel-vanadium-court-asked-for-debt-intervention-1.1863089#.VYkaDPMqqko> [3 Mrt. 2017].
- Bright, L. & McKinney, J. 1984. The Economics of the Steel Trigger Price Mechanism. *Palgrave Macmillan Journals*, 19(4):10-46.
- Burdekin, R. C. & Weidenmier, M. 2015. Assessing the impact of the Chinese stimulus package at home. *China Economic Review*, 3(1):138-141.
- Coetzee, Z., Bezuidenhout, H., Claassen C. & Kleynhans, E.P.J. 2016. Profiling sectoral risks of foreign direct investment (FDI) in Africa for the first decade of the 21st century. *Journal of Economic and Financial Sciences*, 9(1):153-173.
- Chen, M., Cheng S. & Hwang, Y. 2005. An empirical investigation of the relationship between intellectual capital and a firm's market Value and financial performance. *Journal of Intellectual Capital*, 6(2):159-176.
- Bezuidenhout, H. & Grater, S. 2016. The dimensions of FDI in the tourism sector in Africa. *Journal of Applied Business Research*, 32(4):1115-1136.
- Creamer, T. 2017. DTI promises fast-tracked support for downstream steel industry. *Engineering News*, 17 Feb.
- Crookes, D. & Blignaut, J. 2016. Predator-prey analysis using system dynamics: An application to the steel industry. *South African Journal of Economic and Management Sciences*, 19(5):733-746.
- De Beer, K. 2013. *Importing of fabricated structural steel significantly impacts*. Cape Town: GBCSA Convention & Exhibition, 16-18 Oct.
- DTI. 2016a. Industrial Policy Action Plan. IPAP 2016/17 – 2018/19. Pretoria: DTI.
- DTI. 2016b. Presentation to the joint portfolio committees on trade and industry & economic development on the steel industry interventions, 23 Aug. Pretoria: DTI.
- DTI. 2005. Metals Sector Development Strategy. Pretoria: Department of Trade and Industry.

- Department of Mineral Resources (DMR). 2011. A beneficiation strategy for the minerals industry of South Africa. Pretoria: HMR.
- Department of Trade and Industry. 2014. A national industrial policy framework. Pretoria: Department Trade and Industry. [http://www.thedti.gov.za/industrial\\_development/docs/niPF-3aug.pdf](http://www.thedti.gov.za/industrial_development/docs/niPF-3aug.pdf) [3 Mrt. 2017].
- Departement van Handel en Nywerheid sien Department of Trade and Industry (DTI)
- Edwards, L. & Jenkins, R. 2013. *The impact of Chinese import penetration on the South African market*. Cape Town: SALDRU, University of Cape Town.
- Ekanem, F. 2002. US trade and investment in Africa. *South African Journal of Economic and Managerial Sciences*, 5(1):203-218.
- Firer, S. & Stainbank, L. 2003. Testing the relationship between intellectual capital and a country's performance. *Meditari Accountancy Research*, 11(1):25-44.
- Grater, S., Steenkamp, E., Viviers, W. & Cuyvers, L. 2014. Combining the export promotion of products and services: The case of South Africa. *Southern African Business Review*, 18(3):93-118.
- Gumede, S. & Chasomeris, M. 2016. Restructuring of South Africa's Port Pricing Strategy. Paper presented at the World Conference on Transport Research, WCTR 2016, Shanghai. 10-15 Jul.
- Hennebert, N. 2016. ArcelorMittal Fact book 2015. Luxembourg: Deloitte Audit.
- Hoeppli, T. 2013. Economic conditions and business environments in BRICS. *KPMG Economic Analysis*: 12-14.
- IMF. 2017. IMF Primary Commodity Prices. Washington: International Monetary Fund. <http://www.imf.org/external/np/res/commod/index.aspx> [3 Mrt. 2017].
- INETBFA (McGregor BFA). 2016. Databasis met JSE-data. Kaapstad: INETBFA.
- James, S. 2013. *Tax and Non-Tax Incentives and Investments: Evidence and Policy Implications*, Washington: World Bank Investment Climate Advisory Services.
- Joffe, H. 2015. Cheap imports and poor policy hurting SA steel industry. Rand Daily Mail, 23 April. <http://www.rdm.co.za/business/2015/04/23/cheap-imports-and-poor-policy-hurting-sa-steel-industry> [6 Nov. 2016].
- Khan, M. 2015. Global currency wars: why China's devaluation is a peace offering misunderstood by the world. Telegraph, 22 Aug. <http://www.telegraph.co.uk/finance/economics/11813076/Global-currency-wars-why-Chinas-devaluation-is-a-peace-offering-misunderstood-by-the-world.html> [3 Mrt. 2017].
- Kleynhans E.P.J. 2016. Determinates of Industrial Competitiveness and the Role of Spillovers. *Journal of Applied Business Research*, 32(2):527-540.
- Kleynhans E.P.J. 2017. Intellectual Capital of Industrial Sectors in South Africa. Paper delivered at the 83<sup>rd</sup> International Atlantic Economic Conference, Berlin, Germany. 22-25 Mar.
- Kühn, A. 2016. ArcelorMittal to pay R1.5 billion fine for its involvement in cartels. Media release, 22 Aug., Pretoria: Competition Commission South Africa.
- Kumba Iron Ore. 2009. Annual Report 2012, Kumba IRON Ore Limited, Pretoria.
- Kupka, J. & Thomas, A. 2014. Anti-competitive behaviour in the agri-food and steel value chains in the South African manufacturing sector. *Journal of Economic and Financial Sciences*, 7(2):315-340.
- Leichenko, R. 2000. Exports, Employment, and Production: A Causal Assessment of U.S. States and Regions. *Economic Geography*, 76(4):303-325.
- Lundall, P., Maree, J. & Godfrey, S. 2008. *Industrial Structure and Skills in the Metals Beneficiation Sector of South Africa*. Cape Town: University of Cape Town: Labour and Enterprise Policy Research Group.
- Matthee M, Rankin N.A., Webb T, Bezuidenhout C, 2017. Understanding Manufactured Exporters At The Firm-Level: New Insights From Using Sars Administrative Data. *South African Journal of Economics*. 85 – forthcoming.
- Nkabinde, S. 2015a. *Dumping, China, and ArcelorMittal*, 20 Jul., Mineweb. <http://www.mineweb.com/news/iron-and-steel/dumping-china-and-arcelormittal/> [3 Mrt. 2017].
- Nkabinde, S. 2015b. *Dumping, China, and ArcelorMittal*, 20 Jul., <http://www.moneyweb.co.za/news/industry/dumping-china-and-arcelormittal/> [3 Mrt. 2017].
- O'Flaherty, P. 2015. *Financial results*. Vanderbijlpark: ArcelorMittal.
- Reimer, J. 1996. Mission in post-perestroika Russia. *Missionalia*: 18-39.

- Sepotokele, T. 2017. ArcelorMittal South Africa welcomes the designation of steel products in construction. Johannesburg: ArcelorMittal.
- South African Institute of Steel Construction (SAISC). 2006. The South African Institute of Steel Construction. *Local government supplier*, 96. Johannesburg: Sandton.
- StatsSA. 2016. Gross domestic product, 2<sup>nd</sup> quarter 2016. Statistical release P0441. Pretoria: Statistics South Africa.
- Steyn, L. 2015. Steel Crisis spurs state into action, 17 Jul. <http://mg.co.za/article/2015-07-16-steel-crisis-spurs-state-into-action> [3 Mrt. 2017].
- Streifel, S. 2006. Impact of China and India on global commodity markets: focus on metals and minerals and petroleum: Development Prospects Group/World Bank. US World Investment Report.
- Strydom, T. 2015. *Scaw Metals Group to shed up to 1 000 jobs – union*, Moneyweb, 5 Aug. <http://www.moneyweb.co.za/news-fast-news/scaw-metals-group-to-shed-up-to-1000-jobs-union/> [3 Mrt. 2017].
- Stewarts & Lloyds. 2017. Stewarts & Lloyds Holdings (Pty) Ltd. is celebrating 110 years in South Africa and is very positive about the future of the local industry. Bedfordview: Stewarts & Lloyds Steel Suppliers.
- Trademap. 2017. Trade Map Trade statistics for international business development. Geneva: International Trade Centre (ITC). <http://www.trademap.org/> [3 Mrt. 2017].
- Trading Economics. 2017. *Steel*, Trading Economics, 21 Jul. <http://www.tradingeconomics.com/commodity/steel> [3 Mrt. 2017].
- Tisdall, S. 2016. Has the Brics bubble burst? *The Guardian*, 27 Mar., <https://www.theguardian.com/business/2016/mar/27/brics-bubble-burst-brazil-russia-india-china-south-africa> [3 Mrt. 2017].
- Tsengiwe, S. 2015. *Increase in the rate of customs duty on steel wire rod, steel reinforcing bar and structural steel: Rebar*. Report no. 509. Pretoria: International Trade Administration Commission.
- Tunyiswa, M. 2014. Evolution of IDC Beneficiation Strategy: Enhancing the Primary Beneficiation of Raw Materials to Developing Industry-wide Value Chains. Parliamentary Colloquium on Beneficiation, 26 & 27 Aug. Cape Town: Industrial Development Corporation.
- UNCOMTADE. 2017. Verenigde Nasies Internasionale Handelstatistiek Databasis: UN Comtrade. New York: United Nations: Statistics Division.
- Van der Merwe, J.E. 2016. Onderhoude gevoer. Bestuurder: verkope en bemarking van langstaalprodukte, ArcelorMittal Suid-Afrika, 15 Feb.
- Viljoen, R.P. 1998. *Microeconomics*. Pretoria: Unisa Press.
- Visser, M., Pisa, N.M., Kleynhans, E.P.J. & Wait, R. 2015. Identifying the comparative advantage of products and industries of South Africa's Mpumalanga Province. *Southern African Business Review*. 19(2): 27-50.
- Volkwyn, B.J. & Kleynhans, E.P.J. 2014. Die Verskaffing van Elektrisiteit deur Eskom: Die Impak van Beurtekrag en Hoër Pryse op die Suid-Afrikaanse Ekonomie, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 33(1).
- Wêreldbank. 2016. World development report: Digital dividends. Washington: World Bank.
- Yang, Z. 2014. *The Impact of the Emergence of China's Economy on South Africa*. Quebec: Laval University.
- Zeng, X. 2004. Changing employment relations and human resource management in China. *Perspectives on Work*, 7(2):26-27.

# “Die ruim buiteluigsitkamer van die stad”: ’n Oorsigartikel oor die denke en doelstellings van stedelike parkontwikkeling in die laat 19de en vroeg 20ste eeu in Europa en die Verenigde State van Amerika

*“The great outdoor living room of the city”: A survey essay on the thoughts and aims of urban park development in the late 19th and early 20th century in Europe and the United States of America*

**LOUIS GRUNDLINGH**

Departement Historiese Studies

Universiteit van Johannesburg

E-pos: louisg@uj.ac.za



Louis Grundlingh

**LOUIS GRUNDLINGH** het sy studies tot MA-vlak aan die Universiteit van die Vrystaat voltooi. In 1987 voltooi hy sy doktorsgraad aan die voormalige Randse Afrikaanse Universiteit. Hy was vir ses jaar dosent by die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, waarna hy ’n lektoraat by die Randse Afrikaanse Universiteit aanvaar het. Tans is hy Professor in die Departement Historiese Studies aan die Universiteit van Johannesburg. Hy is ’n sosiale historikus en sy navorsing het tot dusver gefokus op sosiale temas: Swart Suid-Afrikaners se rol in die Tweede Wêreldoorlog; aspekte van die sosiale geskiedenis van HIV en VIGS in Suid-Afrika en die sosiale geskiedenis van stedelike publieke oop ruimtes met spesifieke verwysing na Johannesburg. Hy het reeds wyd oor hierdie temas gepubliseer

**LOUIS GRUNDLINGH** studied at the University of the Free State where he obtained an MA. In 1987 he completed his PhD at the former Randse Afrikaanse Universiteit. He lectured for six years at the former Potchefstroom University for Christian Higher Education before accepting a lecturing position at the Randse Afrikaanse Universiteit. He is currently Professor in the Department of Historical Studies at the University of Johannesburg. He is a social historian and his research covered social themes: Black South Africans’ role in the Second World War; aspects of the social history of HIV and AIDS in South Africa and the social history of urban public open spaces with specific reference to Johannesburg. He has published widely on these themes.

## ABSTRACT

### ***“The great outdoor living room of the city”: A survey essay on the thoughts and aims of urban park development in the late 19th and early 20th century***

The city park was a constant in the ever-changing city and an effective antidote to the feverishness of city life. The current emphasis on the benefits of parks is understandable in the light of environmental issues such as, *inter alia*, earth warming threatening humankind's existence on the planet. By the 1970s, there was already a substantial canon of literature on urban parks. Since then, a new generation of urban environmental historians has emerged with new interests and approaches. It is therefore prudent to revisit the thinking and aims inherent in the early establishment of the urban parks of the late 19th and early 20th centuries in Britain and the United States of America.

The aim of this paper is to explore both the views of middle and upper class urbanites in Britain and the USA on the mostly harsh living conditions in their cities, labelling them as “evil”; and the establishment of parks being seen as one solution to alleviate said conditions. The paper also focuses on how ideas on “nature”, “progress”, “health”, “morals”, “romanticism”, “social control” and “middle class respectability” underpinned views on public parks as pristine rural environments that should be transferred to the city. Lastly, the way landscape designers echoed the ideas and aspirations of the middle class in the design of parks is considered.

Rapid industrialisation and urbanisation led to a lack of connection between urban residents and previous rural/natural areas and their benefits. The perception was that this, in turn, contributed to the decline in moral and physical health and the eroding of culture. The rural environment was idealised and seen as inherently good and superior to city living. If transferred to the city, it could create an ideal urban environment. Fredrik Law Olmsted, the doyen of American parks, fully supported these views. By the turn of the 19th century, the permanence of the city was well established and perceived dichotomy between the urban and the rural resolved by a hybrid relationship.

As England was the leader in the development of parks, it had a huge influence in the Western world with many countries tapping into English ideas on parks. However, from the 1850s there was thus a lively cross-fertilisation of ideas on the urgency of park development. The City Beautiful movement would have a significant influence on these dominant ideas on parks.

The “problems” to which the provision of parks was expected to offer some relief, were easy to describe: ill-health, overcrowding and squalor. The reasons for addressing these problems were various. The breathing space parks could provide was seen as one solution to improve the health of those living in over-crowded conditions.

During the middle to late 19<sup>th</sup> century the British government expressed concern about the lack of exercise amongst its citizens. Initially, the park was seen as the ideal urban space for contemplative recreation and an escape from the harsh city environment. However, by the turn of the 19<sup>th</sup> century park advocates called for active recreation. They believed that there was a connection between poverty amongst the working classes and a lack of fitness. Fundamental to this was the hope that exercise in the park could contribute to a more productive working class. By the 1930s parks as spaces for exercise were well established in Europe and the USA.

This first era of park establishment in the Western world was heavily influenced by the interests of the city elite and middle class reformers. They viewed themselves as the keepers of respectability, “civility” and “civilization” and the driving force behind reform and progress. The target of “improvement” was the working-class and the ideal place the city parks. By “civilizing” the masses, there would be fewer encroachments on middle class sensibilities.



*Moral reformers claimed that the health-giving character of parks provided an alternative to “urban vices” by bringing the poor into visual contact with respectable bourgeoisie behaviour. In addition, parks offered strategic spaces to provide a safety valve for social upheaval. By controlling how, when and where parks were provided the middle class could supervise the working class in their non-work hours and attempt to control their behaviour. Consequently, urban parks became socially constructed spaces.*

*Park design reflected the ambitions and beliefs of especially middle and upper class city dwellers. The vision was to introduce to the city spacious green spaces where city dwellers could delight in the beauty of nature, fresh air and healthy exercise. Generally, park designers demonstrated their conviction of the historical inevitability of the permanence of the city but also that city living could be pleasant.*

*Tapping into the 18th century English landscape gardening movement landscape architects applied the same basic use of trees, grass and water, suitably modified for mass usage. The aim was to link green spaces to utilise the ecological value thereof and simultaneously create a work of art. The layouts were contrived with great insight into human needs and behaviour, fostering gentle promenading and inducing the park visitors to forget their mundane concerns. Later parks made provision for active recreation.*

*The characteristics of the designs varied. On the one hand the romantic idea of a pristine wilderness prevailed while on the other hand pastoral parks were laid out. Mostly it was a combination of both. Olmsted and Vaux opted to contrast wilderness vistas with more subtle arrangements to express their vision of the “picturesque”.*

*Urban parks became the ideal location for the erection of scientific and cultural exhibitionary complexes, becoming the repositories for glasshouses, monuments, art galleries, museums and sculptures mostly commemorating conspicuous political and cultural people. Two further prominent characteristics were the military parade grounds and the elaborate entrance gates. Hence parks fulfilled an educational and ennobling function becoming an essential feature of the urban fabric. They grew into powerful symbols of civic pride, community spirit and expressions of civil identity.*

*However, whilst parks contributed to the improvement of living conditions in the city, the realities of the city’s manufacturing and trading character prevailed. Thus, it remained difficult to completely marry the agrarian deference for nature with the fundamental character of the city.*

**KEY CONCEPTS:** Romanticism, nature, evil of the city, green spaces, health, overcrowding, middle class, respectability, morality, social control, relaxation, park design

**TREFWOORDE:** Romantiek, natuur, boosheid van die stad, groen ruimtes, gesondheid, oorbevolking, middelklas, fatsoenlikheid, moraliteit, sosiale beheer, ontspanning, parkontwerp

## **OPSOMMING**

Die stedelike park het ’n toevlugsoord geword vir stedelinge wat met armoede en oorbevolking geworstel het. Geskiedskrywing hieroor is al goed gedek, maar vandag is daar nuwe belangstelling, aangemoedig deur stedelike omgewingshistorici. Die artikel ondersoek die sieninge van veral die middelklas oor die moeilike omstandighede van die armes en werkersklasstedelinge en hoe hulle parke gesien het as een oplossing hiervoor. Voorts lê die artikel klem op hulle idees oor die natuur, gesondheid en moraliteit, sosiale beheer en

middelklasfatsoenlikheid en die rol wat die stedelike park hierin gespeel het. Weliswaar het die middelklas die parke gebruik, maar dit moes ook vir die werkersklas as voorbeeld van behoorlike gedrag dien. Aandag word geskenk aan die wyse waarop landskapargitekte in hul ontwerp van die parke konkrete gestalte aan hierdie idees gegee het. Die oprigting in parke van wetenskaplike en kulturele sentrums soos glashuise, museums, kunsgalerye en ornamentele beelde het nie alleen parke verder verfraai nie, maar was ook manifestasies van burgerlike trots. Nietemin, terwyl parke bygedra het om die lewensomstandighede van stedelinge te verbeter, was dit deurgaans in kompetisie met die realiteit dat die stad se lewensaar vervaardiging en handel was en het dit nie noodwendig met die idee van 'n groot openbare ruimte daarbinne geklop nie.

*The measure of any great civilisation is its cities and the measure of a city's greatness is to be found in the quality of its public spaces, its parks and squares.<sup>1</sup>*

## 1. INLEIDING

Op een of ander manier ken ons almal die stedelike park. “Kom ons gaan parkie toe” was 'n bekende versoek van baie stedelike kinders. Dit was 'n plek vir ontspanning, 'n Sondagstappie, 'n plek waar kinders van die buurt vryelik 'n bal kon skop, op die swaaiie swaai, waar honde mekaar kon jaag, en blomme en bome in die vars lug geniet en bewonder kon word. Jones en Wills beskryf dit treffend – en romanties – in die wydste sin: “It’s a kaleidoscope of colourful rides, themed worlds, and cartoon characters. It’s a green place, an earthly realm, somewhere that hobbits and fairies might prosper. It’s a meeting point, a talking point, a place for protest, a place where culture and nature collide (Jones & Wills 2005:1).

Die oop ruimte van die park binne die konteks van die stad het bygedra tot die genot en gesondheid van die stedelike bevolking. Alhoewel die stadsruimte gedurig verander het, was die openbare park 'n effektiewe teenmiddel teen die dikwels bedrywige stadslewe (Harding 1999:1).

Vandag beklee parke 'n betekenisvolle plek in die stedelike landskap van baie stede.<sup>2</sup> Boonop word die waarde van parke en oop stedelike groen areas<sup>3</sup> deur stedelike inwoners waardeer. Die areas word as wenslik – meer nog, as onontbeerlik – gesien, aangesien hulle stadsbewoners in direkte kontak met die natuur bring (Faggi & Ignatieva 2009:241).

Teen die 1970's was daar alreeds 'n stewige getal publikasies oor stedelike parke (Chadwick 1966; Cranz 1982; Cunneen 1980; Conway 1991, 1996; Rosenzweig & Blackmar 1992; Taylor, DE 1999; Young 2004; Jones & Wills 2005). Boonop het 'n nuwe generasie stedelike omgewingsgeskiedkundiges met nuwe belangstellings en benaderings gedurende die laaste dekade na vore getree. Navorsing oor die verband tussen die stedelike omgewing en die fisiese en geestelike gesondheid van stedelinge het toegeneem (Hartig 2008; De Vries et al. 2011). Terselfdertyd het navorsing oor groen openbare oop ruimtes, en meer spesifiek openbare parke, nuwe vrae na vore gebring. Die inherente betekenis van parke en hul interafhanklike ekonomiese, ekologiese en sosiale voordele is ondersoek (Pincet & Gearin 2005:365–366). Kheraj het historici van stedelike parke se benadering bevraagteken om die ontwikkeling en

<sup>1</sup> House of Commons Environment, Transport and Regional Affairs Committee, (HoC ETRAC) 20th Report Town and Country Parks, Vol. 1: Report and Proceedings of the Committee, 1999.

<sup>2</sup> In Engeland en Wallis beslaan stedelike parke byvoorbeeld ongeveer 10 tot 15 persent van die ontwikkelde area (Comedia 1995:2; Vea 2006:245).

<sup>3</sup> Dit sluit openbare parke, tuine, piazzas, boulevards, rivieroewers en privaat tuine in.

ontwerp van parke aan politieke en sosiale kragte toe te skryf, aangesien die natuur as 'n belangrike historiese agent geïgnoreer is. Hy benadruk: “to fully understand the historical development of urban park design, we must consider not only the ways in which human ideas and actions have influenced park policy, but also the role of non-human nature... the enormously important role of unintentional consequences in history” (Kheraj 2007:581, 583). Die veranderende siening oor die natuur vanaf die 19de tot 20ste eeu, veral onder die invloed van die ekologiese wetenskap, is beklemtoon (Thompson 1998:13).

Dit is daarom gepas om die historiese wortels van die denke oor openbare parke teen die laat 19de en vroeë 20ste eeu te ondersoek ten einde die hedendaagse oplewing in die siening oor die noodsaaklikheid van “groen” ruimtes in die stedelike milieu beter te verstaan. Meer nog, Schenker beskryf die waarde van so 'n ondersoek soos volg:

Parks... as a self-consciously public arena... perhaps more than any other kind of landscape, is redolent of the aspirations of its time. In order fully to recognize and value the quality of these sites, it is essential to identify and explore some of the debates which are embodied in the design and layout of Victorian public parks. (Schenker 2009:55; sien ook Taylor, DE 1995:201)

Die doel van hierdie artikel is om aan die hand van die invloedrykste literatuur in die veld gedurende die afgelope 30 jaar 'n beskrywende oorsig van die denke oor parke vanaf die laat 19de eeu tot vroeë 20ste eeu te verskaf. Die volgende vrae kry spesifieke aandag: Wat was die sienings van die Britse en Amerikaanse middelklas en elite oor die lewensomstandighede van die armes in die stad? Wat was hulle idees oor die “natuur”, “gesondheid”, “moraliteit”, “sosiale beheer” en “middelklasfatsoenlikheid”? Wat was die verband tussen hierdie idees en die vestiging en gebruik van stedelike openbare parke? Laastens, hoe het landskapontwerpers van die tyd in hierdie parke aan hierdie idees gestalte gegee?

Ten einde hierdie vrae te beantwoord, word die lewe in plattelandse gebiede met die lewe in die stad gekontrasteer en die wedersydse uitruiling van idees oor stedelike parke tussen Europa en die VSA ondersoek. Kommer oor die gesondheid van stedelinge en die rol wat parke kon speel om dit te verlig, kry aandag. Voorts word middelklaswaardes ten opsigte van fatsoenlikheid, moraliteit en sosiale beheer en die manifestasie daarvan in parke bellig. Die artikel sluit af met 'n beskrywing van die uiteenlopende benaderings wat landskapontwerpers gevolg het met die uitleg van stedelike parke.

## 2. BEWONDERING VAN DIE NATUUR<sup>4</sup> EN BOOSHEID VAN DIE STAD

Die haglike omstandighede waaronder veral werkersklas-stedelinge in 19de-eeuse Britse en Amerikaanse stede geleef het, het bygedra tot die siening onder die invloedryke middelklas dat die stad inherent boos was. Hulle het die siening gehuldig dat die morele en fisiese gesondheid agteruitgegaan het omdat die stedelinge hulle vorige verbintenis en verhouding met die plattelandse “ongeskonde” natuur en sy inherente voordele verloor het (Brill 2001:52; Mirams 2002:251). Miller skryf gepas: “The urban ‘savage’ was depraved not because of poverty, ill health or lack of employment, but because he was denied Nature’s healing powers”<sup>5</sup> (Miller 1976:188).

<sup>4</sup> Foster verwys na drie sienings oor die natuur: “the first nature of ‘wilderness’, the second nature of ‘cultivation’, and the symbolic, artificial ‘third nature of the garden’”(Foster 2012:45).

<sup>5</sup> Empiriese navorsing oor die gesondheidsvoordele van die omgewing het met rasse skrede gevorder (Altman & Wohlwill 1983; Kaplan & Kaplan 1989; Francis & Hester 1990; Ulrich & Parsons 1992).

Gevolgtlik is die plattelandse omgewing geïdealiseer en gesien as gebalanseerd, inherent goed en die bron van geluk en vryheid. Dit het in skrilte kontras met die moderne stad gestaan. Clark bevestig hierdie

extraordinary contrast between the beauty and the fullness of its pastoral countryside, the well-cultivated fields, the neatness and hospitality of its country inns, the beauty of the older towns and cities and the squalor of the factory towns and the industrial settlements. (Clark 1973:33; sien ook Tafuri 1976:8)

Daar is selfs gehoop dat, indien die natuur in sy geromantiseerde formaat oorgeplaas kon word na die stad, dit die ideale stadsomgewing kon skep (Taylor, HA 1995:204). Walker en Duffield wys daarop dat die verheerliking van die platteland as Arkadia 'n mite was, maar verreikende invloed uitgeoefen het en selfs vandag nog benaderings tot stedelike oop ruimtes beïnvloed (Walker & Duffield 1983:1).

In 'n nou beroemde lesing getiteld "Public Parks and the Enlargement of Towns" het Frederick Law Olmsted, die doyen van stedelike parke in die VSA, hierdie sienings heelhartig ondersteun. Hy het die spanning tussen die harde stadslewe soos gemanifesteer deur steen en beton aan die een kant en die ontsnapping wat 'n rustige stedelike park aan die ander kant kon bied, goed besef. Daarom het hy die ontwikkeling van "natuurlike" parke in die stad aangemoedig (Miller 1976:182; Bulman & Orloff 2004:116; Schenker 2009:41).



*Frederik Law Olmsted (1822 – 1903) word beskou as die vader van landskapargitektuur. Hy het saam met Calvert Vaux Central Park ontwerp.*


Bron: Frederick Law Olmsted.com

Hierdie persepsie dat die stad en die plattelandse natuur in die praktyk onversoenbare konsepte was, is deur verskeie akademici uitgedaag. Foster wys daarop dat dit eintlik 'n simbiotiese verhouding was: “Western cities are hybrids of nature and human agency, human environments that belie culturally-constructed assumptions about the relationship between society and nature” (Foster 2012:45), terwyl Gunn en Owens daarop wys dat “... this insistence on the separation of nature from the modern city obscures the ongoing historical geographical process of transformation which radically reworks nature in the service of the city...” (Gunn & Owens 2006:491).

### 3. UITRUILING VAN IDEES

In die 19de eeu het die Engelse die leiding geneem om, deur middel van die vestiging van stedelike openbare parke, effektief elemente van die natuurlike landskap deel van die stedelike samestelling te maak (Henneberger 2002:4). Hulle idees oor parke was sô invloedryk dat dit in die beskouing van stadsvaders en stadsbeplanners in heelwat prominente stede neerslag gevind het. Tipiese kenmerke van Engelse parke kan byvoorbeeld selfs in die ontwerp van openbare groen ruimtes in Argentynse stede bespeur word: uitgebreide grasperke met kronkelpaaie rondom, romantiese dekoratiewe brûe en klein pawiljoene<sup>6</sup> (Faggi & Ignatieva 2009:243).

Nietemin was idees oor parke nie beperk tot Engeland nie. Landskapargitekte soos Andrew Downing<sup>7</sup> en Olmsted het weliswaar Engeland, en spesifiek Birkenhead, besoek, maar hulle was insgelyks entoesiastiese bewonderaars van Europese parke. Hoogs beïndruk deur hierdie parke, het hulle projekte geloods wat aanvanklik hierdie vistas in heelparty Amerikaanse stedelike parke sou naboots (Taylor, DE 1999:429–430).



*Joseph Paxton het Birkenhead Park ontwerp. Dit is geopen op 5 April 1847 en dit word algemeen aanvaar as die eerste stadspark in die wêreld wat deur 'n stadsraad befonds is.*

Bron: Wikipedia

<sup>6</sup> Sien verdere bespreking hiervan onder parkontwerp.

<sup>7</sup> Downing was een van die vurigste pleitbesorgers vir parke en die eerste persoon wat 'n omvattende visie vir Amerikaanse stedelike parke opgestel het (Taylor, DE 1999:430).



Vanaf veral die 1850's was daar 'n lewendige uitruiling van idees oor die vestiging van stedelike parke. Landskapargitekte en -beplanners soos Cerda in Barcelona, Hobrecht in Berlyn, Howard in Londen, Haussmann in Parys en Olmsted in New York het Westerse stede gemoderniseer in 'n poging om stedelike probleme soos epidemies, oorbevolking en die agteruitgang van morele waardes op te los. Die vestiging van parke het 'n kardinale rol hierin gespeel. Soos Jiménez dit stel, "Public spaces, in particular, were sanitized and aestheticized" (Jiménez 2006:436).<sup>8</sup>

Kennis moet ook geneem word van die City Beautiful Movement, aangesien dit eweneens 'n betekenisvolle invloed op toonaangewende idees oor stedelike parke uitgeoefen het. In die 1890's en 1900's het hierdie beweging gefloreer. Die doelstelling was duidelik: die stad moes verfraai word. Dit het egter nie oor verfraaiing alleen gegaan nie, maar moes ook dien om 'n omgewing te skep waar die stedelike bevolking verbeterde lewensomstandighede kon ervaar (Bluestone 1988:245–62; Rybczynski 1995:27,135). Dumpelmann wys byvoorbeeld daarop dat die idee om boulevards met die belangrikste parke en ander punte van belang in die stad te verbind, met ander woorde "to combine utility and beauty in city development" (Dumpelmann 2009:144), 'n kernidee van hierdie invloedryke beweging was.

## 4. STEDELIKE GESONDHEID

### 4.1 Oorbevolking

Teen die tweede helfte van die 19de eeu moes sommige stedelinge in Groot Brittanje inderdaad ernstige gesondheidsrisiko's te bowe kom. Ongekende vinnige verstedeliking het tot 'n gebrek aan behoorlike stadsbeplanning en op sy beurt tot baie swak sanitêre omstandighede aanleiding gegee. Boonop het oop ruimtes gou verdwyn (Henneberger 2002:4). Baie mense het gevolglik die stad as 'n raserige, vuil en oorbevolkte plek beleef (Taylor, DE 1999:440; Taylor, HA 1995:202).

Die Victoriaanse middelklas het die stedelike proletariaat vir hierdie swak en onaanvaarbare stedelike omstandighede verantwoordelik gehou (Malchow 1985:98–99, 102; Taylor, DE 1999:424). Dit was egter 'n simplistiese, bevooroordeelde siening.

Alhoewel daar verskeie oplossings vir die probleem gebied is, is twee hier van belang. Die "Public Park Movement" het in die 1830's in Brittanje begin juis om gesondheid in die oorbevolkte omstandighede van die vinnig groeiende industriële stede te verbeter. So het 'n lid van die Britse Laerhuis, Richard Staney, in 1883 'n mosie voorgelê "to consider the best means of securing open spaces in the immediate vicinity of populous towns, as public walks calculated to promote the health and comfort of the inhabitants" (Walker & Duffield 1983:1).

Verder was stadsbeplanners se eerste doel om die haglike behuisingsomstandighede te verbeter (Jordan 1994:85; Clark 1973:31–41; Schenker 2003:380; Cherry 1969:54). Die vestiging van oop ruimtes, of soos Moga dit stel, "breathing places" (Moga 2009:317), het gevolglik 'n toenemend belangrike rol in beplanning begin speel.

Soortgelyke omstandighede het in die 19de-eeuse New York geheers. Gesondheidsherformers het dit benadruk dat oorbevolking onvermydelik tot die periodieke uitbreek van epidemies soos cholera lei. Die voordele wat oop ruimtes bied, is gesien as een van die oplossings hiervoor (Clark 1973:31; Crompton 2008:217–218; Moga 2009:317; Gaskell

<sup>8</sup> Sien ook Taylor, HA (1995:202).



1980:487). Horace Cleveland, 'n vooraanstaande Amerikaanse landskapargitek, was oortuig van die meriete van openbare parke in die VSA se oorbevolkte stede. Hy het die saak soos volg verdedig:

The love of natural beauty... is instinctive in the human heart... If you doubt it, take in your hand... flowers and walk with it through the meanest slums of a great city, and see the eager looks... and how the ragged, dirty children will run after you, begging a flower... you will learn that no greater luxury can be provided for those whose lives are passed in the din and turmoil of the streets... (Miller 1976:189–190)

Die gevolg was dat 'n groep New Yorkse handelaars, politici, filantrope en stedelike hervormers en stadsvaders op die vestiging van 'n groot oop stedelike ruimte in New York begin aandring het. Die vestiging van Central Park was die gevolg hiervan (Rosenzweig & Blackmar 1992:15–17; Fisher 2011:27).



*Central Park is in 1857 op 315 hektaar grond wat aan die stad behoort het, gevestig.*

Bron: New York City Historical Blog – Word Press.com Historical Central Park Map Collection

## 4.2 Gebrek aan fiksheid

### *Passiewe ontspanning*<sup>9</sup>

Sean Kheraj wys daarop dat middelklasvoorstanders van parke tydens die romantiese periode<sup>10</sup> parke gesien het as plekke vir “quiet contemplation and rejuvenation through passive interaction with nature” (Kheraj 2007:581). Die ideaal was dat die parkgebruikers hulle eentonige werks- en lewensomstandighede in die stad kon vergeet (Taylor, DE 1999:436; Menard 2010:518). Gevolglik het middelklas-parkontwerpers “contemplative pastoral recreation spaces” (Taylor, DE 1999:470) ontwerp.<sup>11</sup> O'Reilly beklemtoon dat hierdie Victoriaanse idee van sogenaamde “rational recreation” aanvanklik oorheers het. Dit was “a blend of genteel strolling with educational possibilities offered by museums and art galleries...” (O'Reilly 2013:113). In sy ontwerp van Birkenhead Park het Joseph Paxton<sup>12</sup> byvoorbeeld juis klem gelê op die skep van 'n pastorale landskap (Henneberger 2002:7; Hoskins 2003:13).

<sup>9</sup> Die literatuur beskryf dit as “rational recreation.”

<sup>10</sup> Die meeste parkhistorici verdeel die geskiedenis van parke in twee periodes: 'n romantiese periode van die 1850's tot 1900's en 'n rasionalistiese periode vanaf die eeuwending tot die 1930s (Cranz 1982:57–61). Kheraj verwys egter ook na die werk van Terrence Young, wat daarop wys dat die verandering, sover dit die VSA raak, op verskillende tye in verskillende stede plaasgevind het (Kheraj 2007:581–582).

<sup>11</sup> Sien verdere bespreking hiervan onder parkontwerp.

<sup>12</sup> In die eerste helfte van die 19de eeu het Joseph Paxton vir homself naam gemaak as 'n vooraanstaande landskapargitek. Hy is veral bekend vir sy uitleg van Birkenhead Park, die eerste

Olmsted, geskool in die Europese tradisie van parkontwerp, het eweneens die behoefte van stedelinge om te ontspan, besef en die idee van “contemplative recreation” binne die konteks van ’n natuurlike park ondersteun (Taylor, DE 1999:436; Thompson 2011:192). Die park is gesien as die ideale plek waar daar van spanning, geskep deur die stedelike omgewing, ontslae geraak kon word<sup>13</sup> (Williams 2006:144; Young 1995:538; Thompson 1998:13).

Fisiese oefening moes dus vermy word. Die klem moes val op “unconscious recreation, the act of immersing oneself in the scenery rather than from boisterous excitable play and sports” (Cranz 1982:62). In sy vroeë parkontwerpe het Olmsted dus slegs ruimtes geskep vir mense om te wandel.

### *Aktiewe ontspanning*

Teen die eeuwending het ’n nuwe groep voorstanders van parke bogenoemde benadering uitgedaag. Ruimtes vir aktiewe ontspanning en oefening moes in parke geskep word (Kheraj 2007:581). Hulle was oortuig daarvan dat daar ’n verband tussen armoede en ’n gebrek aan fiksheid onder die werkersklas was. As bewys is verwys na die swak fisiese toestand van rekrute uit Britse industriële stede wat in die Suid-Afrikaanse Oorlog geveg het. Hierdie beskouing sou uiteindelik daartoe lei dat geriewe vir oefening in munisipale parke voorsien is (O’Reilly 2009:20; Marne 2001:438). Die belangrikste oorweging was die verwagting dat dit tot ’n meer produktiewe werkersklas sou lei (Dumpelmann 2009:148; Cunningham 2014:90).

Selfs Olmsted se sienings oor die gebruik van parke het algaande verander. Hy en sy vennoot, Calvert Vaux, het in die ontwerp van hul parke vir aktiewe ontspanning voorsiening begin maak deur groter oop grasperke aan te lê. In sy ontwerp van South Park in Buffalo in 1888 het hy neerbuigend geredeneer dat veral werkers meer as bloot ’n uitsig oor ’n rustige omgewing nodig gehad het. Hulle benodig geriewe vir aktiewe ontspanning, wat weer tot beter gesondheid sou lei. Oor die algemeen het die park algaande sy streng beheer, waarvan die bordjie “keep off the grass” ’n visuele aanmaning was, verander. Dit het nou toenemend die primêre openbare ruimte vir oefening en sosiale byeenkomste geword (Taylor, DE 1999:460, 462). Die ontwikkeling van hierdie veranderde siening moet teen die agtergrond van die groeiende gewildheid van en klem op ’n gesonde liggaam verstaan word (Malchow 1985:102, 119). Soos Harris dit stel: “A healthy citizenry contributed to a healthy nation and formed the building block of a well-ordered society” (Harris 1993:193).

Die skep van oop ruimtes vir aktiewe ontspanning is verder aangemoedig deur ’n bekommernis onder veral die mediese professie en die stadsvaders oor morele verval onder die stedelike werkersklas, armes en die jeug. Sportvelde moes voorsien word om hulle van die “euwels” van die stad te verwyder. Die program vir die inwyding van ’n speelarea vir kinders by die Golden Gate Park in San Francisco het byvoorbeeld openbare gesondheid sterk

---

openbare park in die wêreld wat deur vrywillige openbare bydraes tot stand gekom het. Beide ten opsigte van bekostigbaarheid en ontwerp het Birkenhead Park, wat in 1847 geopen het, as ’n voorbeeld vir baie ander parke gedien.

<sup>13</sup> Onlangse studies het inderdaad die werklikheid van ’n spanningsvolle stadsluwe bevestig. Dit is genoem “directed attention fatigue”, en volgens Kaplan kon die toestand verlig word deur tyd in die natuur deur te bring. Dit word as die “soft fascination” met die natuurlike omgewing beskryf: “an aesthetic experience that invites attention but leaves room for reflection” (Kaplan 1995:172; National Recreation and Park Association).

beklemtoon: “It is believed ... that many hundreds of children will be taken from our streets, and with the facilities now afforded them for ... healthful recreations, will grow up to be better men and women...” (Young 1995:540).

Die verandering kon ook elders bespeur word. Sefton Park in Liverpool het toenemend vir die sportbehoefte van die werkersklas, soos sokkervelde, voorsiening gemaak (Clark 1973:34). Volgens Conway was die groeiende verhouding tussen openbare gesondheid en ontspanning een van die mees betekenisvolle verwickelinge in die geskiedenis van parke teen die einde van die 19de eeu (Conway 2000:118).

Teen die 1930's was parke as ruimtes vir oefening al goed gevestig in Brittanje: die verskil tussen die Victoriaanse en Edwardiaanse era was opmerklik. Die aanvaarding van die “Physical Training and Recreation Act” in 1937 het die siening bevestig “that the park and the sports ground, with their facilities, are an essential factor in improving the health of the nation” (Conway 2000:118). In die VSA is hierdie siening eers in 1962 geformaliseer met die verslag getiteld “Outdoor Recreation Resources Review Commission”. Dit het onder meer ’n uitgebreide program voorgestel “...of conservation, open-space development, pollution control, and improved outdoor recreation opportunity for Americans living in urban areas” (Kraus 1969:93–94).

Uiteindelik het parke toenemend vir beide passiewe en aktiewe ontspanning voorsiening gemaak. Parkgebruikers met eersgenoemde as doelwit kon die prag van die natuur in ’n rustige omgewing geniet. Laasgenoemde doelwit was vir die “multitude who can only enjoy solitude in crowds” (Bluestone 1987:529; Menard 2010:521). Teen die agtergrond van nuwe idees oor aktiewe burgerskap en sosiale verantwoordelikheid kon parkgebruikers nou gebruik maak van ’n verskeidenheid sportaktiwiteite soos tennis, swembaddens, orkesmusiek en sonbad – alles binne die grense van die munisipale park. Die Jönköping-stadspark in Swede is ’n goeie voorbeeld waar ’n ewewigtige balans tussen die twee gevind is. Die park is uitgebrei om vir ’n groter verskeidenheid aktiewe ontspanning voorsiening te maak sonder om op die behoefte aan ontspanning en privaatheid van ander parkgebruikers inbreuk te maak (Nolin 2004:205–206).

## 5. FATSOENLIKHEID, MORALITEIT EN SOSIALE BEHEER

Westerse stedelike parke was nie bloot “onskuldige” ruimtes nie. Op verskeie vlakke was dit die stedelike teater waar veral klasseverskille duidelik waargeneem kon word. Soos reeds uitgewys is, het die industriële stad grootskaalse omwenteling vir baie teweeggebring, waarvan armoede en swak gesondheidstoestande die mees ooglopende elemente was. Die stad se invloedryke elite, gesondheids- en middelklashervormers was oorwegend Protestants, burgerlike en godsdienstige leiers asook besigheidslui. Vanuit hulle perspektief was dit noodsaaklik dat die stedelike sosiale orde volgens hulle sienings oor fatsoenlikheid en moraliteit herstel en gehandhaaf moes word (Rosenzweig & Blackmar 1992:26; Dooling, Simon & Yocom 2006:304; Gans 1993:330; Jiménez 2006:436). Daar was verskillende wyses waarop hulle openlik en onderlangs sosiale beheer uitgeoef het.

### 5.1 Fatsoenlikheid

Die middelklas in die 19de-eeuse Britse stede het hulleself as die bewaarders van fatsoenlikheid en die dryfveer agter vooruitgang beskou. Omdat hulle oor mag beskik het, was hulle daartoe in staat om ’n spesifieke stedelike bourgeois lewenstyl van “beskaafdheid” en “beskawing” te ontwikkel (Gunn 2004:34–36, 39–40). Die stad moes op hierdie manier hervorm en verbeter

word om hierdie waardes en lewenstyl uit te beeld. Landskapargitekte in die VSA, soos Downing, Olmsted en Vaux, het op soortgelyke wyse geglo dat 'n behoorlik-beplande en -bestuurde park die ideale meganisme was om die stadsinwoners te "beskaaf" en fatsoenlikheid te leer (Taylor, DE 1999:432). Stadspärke het immers beskik oor "health-giving characteristics and character-moulding capabilities"<sup>14</sup> (Taylor, DE 1999:454–455, 472; sien ook Dickason 1983:83–98).

Die park was dus die ideale ruimte waar hierdie waardes vertoon kon word. Dooling, Simon en Yocom stel dit treffend: "The urban park, with its civilizing features, represented the social refinement, civic health, and aesthetic beauty necessary for creating a modern, elite and nationally recognized city" (Dooling, Simon & Yocom 2006:306). Die eksklusiewe aard hiervan is duidelik. Meer nog, die vermoë om werklik die natuur te waardeer, was 'n aangeleerde smaak gebaseer op 'n inherente verstaan en uitleef van fatsoenlikheid. Volgens Schenker, "the power of scenery to affect men is proportionate to the degree of their civilization and the degree in which their taste has been cultivated" (Schenker 2009:42).

## 5.2 Moraliteit

Morele hervormers was bekommerd oor die moraliteit van veral die stedelike armes. Bailey wys daarop dat die straat in Britse stede as gevolg van oorbevolking "the commons of the industrial poor" geword het (Bailey 1978:5; sien ook Marne 2001:428–429). Hier het onder andere losbandige en onbeskaafde vryetydspraktyke soos drankmisbruik, geweld, dobbelary en immorele tydverdwywe plaasgevind (Fisher 2011:27; Firsching 2003:10; Brehony, 2003:100–101; Malchow 1985:120; Clark 1973:31). Studies oor die totstandkoming van Victoriaanse parke – as deel van die groter projek om aktiwiteite vir werkers gedurende hulle vrye tyd te verskaf – het gevind dat aktiwiteite in parke hierdie gedrag vervang het (Henneberger 2002:5; Young 1995:536; Jordan 1994:86).

Hierdie uitgangspunt was nie net op die veroordeling van populêre werkersklas-gedrag gegrond nie. Dit was ook op middelklas-vrese vir hierdie gedrag gebaseer (Gaskell 1980:480). Vir hulle het die park dus 'n drieledige funksie gehad. Eerstens, vanuit 'n gesondheidsoogpunt, is daar geglo dat dit die stadslug sou reinig van gevaarlike rookdampe, wat deur die vroeë Victoriaanse dokters vir 'n reeks siektes geblameer is. Dit sou 'n ruimte skep vir die stedelike werkers om hierdie vars lug te geniet en gesonde ontspanningsaktiwiteite te beoefen. Oop ruimtes is letterlik as die "longe van die stad" gesien. Tweedens sou beheer oor laasgenoemde indirek tot voordeel van die stad wees, aangesien daar gehoop is dat die parkomgewing bogenoemde immorele aktiwiteite sou kon verminder en so die karakter van die armes verbeter. Schuyler bevestig dit: "The nineteenth century hope was that 'rough corners' of character and behaviour might be smoothed through the educative, aesthetic and social influences of park use" (Schuyler 1986:65–66; sien ook Walker & Duffield 1983:1; Lawrence 1993:110; Henneberger 2002:5; Williams 2006:144). Derdens kon die armes immers hier in aanraking kom met morele bourgeoisie- waardes en -gedrag, soos wandeling op die parkpromenade (Malchow 1995:98–99).

---

<sup>14</sup> Hierdie pogings was alles deel van die groter "beskawingsprojek", gedryf deur die elite en middelklas.



*Edwardiaanse dames wandel in Hyde Park, 1905*  
Bron: Pinterest en Art.com

Die tydgenootlike gids van Birkenhead Park is 'n goeie voorbeeld van hoe daar gepoog is om hierdie uitgangspunte te implementeer. Die park het verkies om sy bestaan op morele gronde te regverdig:

Here nature may be viewed in her loveliest garb... the most obdurate heart be softened and the mind gently led to pursuits which refine and purify... in the same proportion as sources of innocent amusement and healthy recreation are provided for a people, so in the same proportion do they become virtuous and happy. (Clark 1973:37)

Ook in New York was die gedrag van die armes en gemarginaliseerde stedelinge vir Olmsted en sy tydgenote afkeurenswaardig. Dit was verregaande dat “they did all of this on Sunday, a day that American conservatives felt should be devoted to indoor prayer and quiet leisure befitting the ‘Lord’s Day’” (Fisher 2011:29). Die stadsvaders van Parys en Berlyn het insgelyks geglo dat stedelike parke onontbeerlik was om sommige stedelinge se onaanvaarbare gedrag te verander en fatsoenlikheid en burgerlike deugde aan te kweek. Dit was daarom nie vreemd dat openbare parke in hierdie stede teen 1917 uitgebreide areas beslaan het nie.<sup>15</sup>

## 6. SOSIALE BEHEER

Daar is egter ook deeglik besef dat 'n blote besoek aan 'n park nie tot gedragsverandering sou lei nie. Die uitoefening van sosiale beheer oor parkgangers was dus 'n verdere rede vir die vestiging van parke. Parke is gesien as strategiese ruimtes teen potensiële sosiale onrus (Cranz 1982:62; Walker & Duffield 1983:2). Daar is selfs geglo dat vrye tyd 'n bedreiging vir die gemeenskap was. Dit moes een van die meganismes wees “to socialize and civilize an ‘unruly’... public” (Payal 2011:116; sien ook Nolin 2004:203–204; Jordan 1994:85). Verder moes dit gedoen word om die rykes se veiligheid en eiendom te beskerm (Gunn 2004:34–35). Terwyl parke dus aan die een kant 'n “visual delight” was, was dit aan die ander kant 'n ruimte waar vrye tyd en gedrag onder meer deur parkontwerp, stewige ingangshekke, toegangstye, parkreëls, verbod op aktiewe sport en die teenwoordigheid van polisie, gemonitor en beheer

<sup>15</sup> Parys se openbare parke het 11 akker beslaan en Berlyn s'n 70 akker. Londen het 18 parke en 31 speelgronde gehad, wat 3 800 akker beslaan het (Shi 1998:232).



kon word (Lawrence 1993:97; Moga 2009:324; Payal 2011:116; Godbey, Caldwell, Floyd & Payne 2005:150; Taylor, DE 1999:443).

Grondbesit in die industriële stad is gekenmerk deur bevoorregting en uitsluiting (Platt 1999:94). Stadspark was deel van hierdie sosiale manipulasie deur hoofsaaklik die elite en middelklas. Vir hulle moes die park as 'n bufferarea tussen die werkersklas en middelklas dien. Hulle het bepaal waar, wanneer en hoeveel parke uitgelê moes word en wie beheer oor die grootte, uitleg en bestuur het (Taylor, DE 1999:421; Walker & Duffield 1983:2). Nuwe gebruikers en gebruike het egter die bestaande orde toenemend uitgedaag (Van Deusen 2002:150–151). Sanders merk op dat “Public space is always contested; what we see on the landscape is simply who won the contest” (Sanders 2009:283).

Olmsted het nie getwyfel oor die dubbele doel van die park nie: “to control epidemics and ruffians” (Williams 2006:144). Dit is asof hierdie siening 'n eggo was van dié van sy mentor, Downing:

You may take my word for it, [the parks] will be better preachers of temperance than temperance societies... and better promoters of general good feeling than any lecture on the philosophy of happiness. (Taylor, DE 1999:427)

Vir Olmsted het die park weliswaar gesonde ontspanning gebied, maar dit moes nie inbreuk maak op die stilte wat die landskapargitek te spesifiek geskep het om die stadslawaai uit te sluit nie (Taylor, DE 1999:442; sien ook Kraus 1969:92). Dit was dus geen wonder dat Olmsted in sy ontwerp van Central Park in New York aan middelklaswaardes van gedrag en fatsoenlikheid gestalte gegee het nie. Fisher stel dit treffend: “As such, Manhattan’s ‘front lawn’ can be read as... a unique window on Victorian views of nature as well as the politics of class, ethnicity, gender and race” (Fisher 2011:27).

## 7. PARKONTWERP

Guber skryf gepas:

Throughout history, parks had been defined by acts of creation... They were, in essence, manufactured public spaces, designed on paper by men like Olmsted and brought to life by crews of thousands who went about their work grading soil and planting trees. (Guber 2010:426)

Landskapontwerpers moes gedurig worstel met die teenstrydige spanning om 'n park binne die ruimte van 'n industriële stad te skep (Menard 2010:520). 'n “Rus in Urbe”<sup>16</sup> moes verweselik word, maar dit was nie 'n maklike taak nie, aangesien die ontwerp aan uiteenlopende vereistes moes voldoen. Soos Crantz aantoon, “the design of parks reflected the complexity of the social, economic and political context of city spaces” (Cranz 1982:33).

Eerstens moes dit 'n fisiese alternatief verskaf vir die “philistinism of the commercial city” (Miller 1976:197). Terwyl die ontwerp dus die werklikheid van die historiese permanensie van die stad moes bevestig, moes dit ook die boodskap uitdra dat die park die stadslewe kon veraangenaam en mense se lewenskwaliteit kon verbeter (Nolin 2004:200). 'n Verdere uitdaging was dat die ontwerp veral middelklaswaardes moes weerspieël, wat dan op hulle beurt hopelik parkgebruikers dienooreenkomstig sou beïnvloed<sup>17</sup> (Young 2004:536).

<sup>16</sup> Letterlik: Rus en vrede binne die stad (Taylor, HA 1995:203).

<sup>17</sup> Sien ook vorige bespreking.



Sommige van die basiese beginsels van parkontwerp soos die plasing van boomlanings en grasperke is al in die ontwerp van die 18de-eeuse Engelse tuinlandskap vasgelê. Die verskil teen die helfte van die 19de eeu was dat daar nou voldoende ruimte vir massagebruik moes wees (Harding 1999:4). Terselfdertyd moes die natuur in al sy prag tot sy reg kom. Laasgenoemde was immers een van die hoofredes waarom parke gevestig is. Bo-en-behalwe hierdie vereistes moes die park, in Olmsted se woorde, “a single work of art” wees (Taylor, DE 1999:439). Op die ou einde moes die ontwerp die parkbesoekers daarvan oortuig om hulle alledaagse sorge te vergeet en ontvanklik te wees vir ander idees en gevoelens – wat Olmsted “‘tranquilizing’ recreation” (Taylor, DE 1999:436) genoem het.

Parkontwerpers het verskillende opsies gehad oor hoe om aan hierdie oorwegings en vereistes gestalte te gee.

## 7.1 Wildernis

Sommige landskapargitekthe het hulle deur filosowe van die Romantiek soos Rousseau en Wordsworth laat lei. Gevolglik moes die park karaktertrekke van ’n ongerepte wildernis vertoon (Rybczynski 1999:17; Menard 2010:534). In die VSA het Romantici soos John Muir die kampvegter hiervoor geword. Dit het egter gou duidelik geword dat dit onmoontlik was om die idee in die stad uit te voer. ’n Kompromis, sogenaamde “pastoral transcendentalism”,<sup>18</sup> is aangegaan. In die praktyk het die Amerikaanse romantiese konsep “wildernis” uiteindelik niks meer as ’n groot versorgde stadspark beteken nie. Nodeloos om te sê, het Muir hierdie pogings verkleineer en as minderwaardig beskou, gemeet aan die “grand sensational scenery of the wilderness” (Taylor, DE 1999:436-437).

## 7.2 Pastorale parke

In vele opsigte het Olmsted ’n teenoorgestelde standpunt gehuldig. Hy wou ’n rustige, skilderagtige, landelike omgewing skep wat in intieme balans met die natuur was (Young 2004:537). Fisher beskryf dit as “the beauty of the fields, the meadow, the prairie, of green pastures, and the still waters” (Fisher 2011:28; sien ook Dumpelmann 2009:147–148), en Menard voeg by, “attractive promises in every direction...” (Menard 2010:534). Hierdie idees het teruggegryp na die tye toe tuine en die “paradys” soortgelyke ikoniese en simboliese betekenisse gehad het. Thompson wys byvoorbeeld daarop dat Olmsted en Vaux in hulle ontwerp van Prospect Park in Brooklyn, New York, selfs uit die Psalms van Dawid aangehaal het as ’n vertrekpunt: “He maketh me to lie down in green pastures; he leadeth me beside still waters” (Thompson 1998:192). Dit sou ’n refrein in hulle werk word. Die doel was dus om veral nuwe stedelinge te herinner aan die gesonde plattelandse omgewing waarvandaan hulle gekom het (Kraus 1969:92; Miller 1976:180–181). So kon die spanning van ’n onbekende stadslewe verlig word.<sup>19</sup> Dit sou ook beantwoord aan een van die prioriteite waarop die drukgroep vir parke gedurig gehamer het: “that those who used the parks would benefit from more than just a lung-full of fresh air; they would also have a mind-full of improving information and a spirit elevated by modest beauty” (Taylor, HA 1995:204).

<sup>18</sup> Taylor verduidelik die konsep soos volg: “‘Pastoral Transcendentalism’ attributed virtues to natural things like trees, meadows and brooks that could be replicated in urban parks-like settings, thereby justifying the need for parks and laying the foundation for park design theory” (Taylor, DE 1999:426–437).

<sup>19</sup> Sien vorige bespreking hieroor.

### 7.3 Eienskappe van parke

Parkruimtes is verder veral gebruik om wetenskaplike bevindinge, kulturele aktiwiteite en belangrike politieke figure fisies ten toon te stel. Dit moes dien as bewys van vooruitgang. Taylor beskryf dit gepas as 'n "ennobling theme" (Taylor, DE 1995:208). Dit was inderdaad 'n produk van die tyd. Voorbeelde hiervan is legio. Daar word na 'n paar verwys.

'n Kenmerk van 19de-eeuse Europa en die VSA was die populêre belangstelling in die wetenskaplike wonders van die natuurlike wêreld. Die vestiging van botaniese tuine was een van die uitvloeisels hiervan. Dit was dus eintlik voor die hand liggend dat die glashuis 'n prominente formele element in die parkontwerp ingeneem het. Die talle kunstige beelde, argitektoniese ornamente, museums, kunsgalerye sowel as ruimtes vir musiekkonserte in parke is verdere bewyse van die pogings om die parklandskap te veredel. Dit was ongetwyfeld ook simbole van prestige.

Sekerlik die beste voorbeeld van die akkommodering van 'n politieke figuur is die standbeeld van koningin Victoria wat die meeste Britse en heelwat voormalige kolonies se parke domineer, "apparently setting a model of appropriate behaviour in stone as efficiently as she did in the flesh" (Taylor, DE 1995:211). Binne die konteks van die tyd het dit immers die grootsheid van die Britse Ryk verteenwoordig. Die oprigting van standbeelde, veral van politici, het in die meeste stedelike parke in die Britse Ryk tradisie geword.

Die insluiting van 'n militêre paradegrond met indrukwekkende ingangshekke in heelwat Engelse parke het 'n dubbele doel gedien. Militêre oefeninge in die park was 'n verdere bewys van politieke magsvertoon, terwyl laasgenoemde in eie reg kunswerke was. Vir Taylor was beide vorme egter duidelike vorme van sosiale beheer. "The high visibility of the military personnel in the parks and the entrance gates carried the message that parks were public spaces where people followed prescribed behaviour" (Taylor, DE 1999: 442, 451–452).



*Canada Gate, 'n geskenk van Kanada om sy bedrae tot die Britse Ryk te vier, is in die vroeë 20ste eeu opgerig. Dit vorm 'n formidabele ingang tot Green Park.*

Bron: [www.alamy.com](http://www.alamy.com)

Parkontwerpers het meestal daarin geslaag dat die openbare park 'n "contrasting scenic alternative" (Menard 2010:520) vir die stadsbeton geword het. Die Victoriaanse openbare parke, tesame met die wetenskaplike en kunsmuseums, was uitstekende voorbeelde van waar opvoeding en plesier ontmoet het: "They were, in effect, gigantic stage-sets, in which the design facilitated the appropriate comportment and responses of the players" (Taylor, HA 1995:211). Gevolglik het baie mense die stadspark beskou as "one of the most virtuous, in the utilitarian sense, of our public institutions" (Jordan 1994:87). Vir Moga het die kombinasie van al hierdie elemente tot nuwe invloedryke sienings van die stad gelei (Moga 2009:320).

## 8. SLOT

'n Paar betekenisvolle punte moet beklemtoon word. Teen die einde van die eeuwending was die stedelike park al goed gevestig as 'n noodsaaklike deel van die stedelike samestelling. Behalwe dat hulle ruimte gebied het vir ontspanning, was hulle ook belangrike simbole van beheer, burgerlike trots en moraliteit.

Die stedelike middelklas het die werkersklas en die armes verantwoordelik gehou vir die agteruitgang van die stad omdat die verhouding met die landelike omgewing verbreek is. Die middelklas het dit as hulle plig gesien om dié verhouding te herstel. Landskapontwerpers soos Olmsted, Vaux en Paxton het, as deel van 'n elitistiese manlike middelklas, baie mag en diskresie gehad om hulle morele, kulturele en sosiale sienings deur hulle ontwerp te implementeer. Terwyl die landskapontwerp van parke dus inderdaad die plesier weerspieël het wat uit die natuur geput kon word, was dit egter ook 'n meganisme van sosiale beheer wat gehelp het om 'n meer gedweë industriële werker te verseker.

Dit was deel van die laat 19de-eeuse maatskaplikemanipulasie-projek om mense te dissiplineer en seker te maak dat hulle gedrag en voorkoms "beskaafd" is. Die vestiging van parke as deel van die verandering van die stedelike landskap het perfek hierby ingepas, aangesien parke "exhibitionary complexes" (Hoskins 2003:16) was wat spesifieke middelklas sosiale kodes gekommunikeer het. Die vinnige groei in die getal stedelike parke teen die eeuwending was 'n bewys daarvan dat die middelklas en stadsvaders hierdie idees ten volle gesteun en toegepas het.

Verder was stedelike parke in die Victoriaanse era betwiste vryetydsruimtes, hoofsaaklik gebaseer op klasseverskille, waar die waardes van die fatsoenlike middelklas onteenseglik die botoon gevoer het. Hierdie eksklusiwiteit het natuurlik 'n bespotting gemaak van die 19de-eeuse voorstanders van parke se ideaal dat parke die oplossing vir stedelike probleme was en dat hulle toegang aan almal moes bied. Nietemin het stedelike parke vanaf die begin van die 20ste eeu toenemend ontspannings- en oefenruimtes vir alle klasse geword.

Alhoewel parke bygedra het tot die verbetering van lewensomstandighede in die stad, het die realiteit dat die stad primêr 'n ruimte vir vervaardiging en handel was, die stedelike landskap steeds oorheers. Gevolglik kon die idealistiese idee dat die natuur met die fundamentele karakter van die stad versoen kon word, nie ten volle geïmplementeer word nie. Die realiteit en ironie was dat die ekonomiese kern van die stad afhanklik was van die uitbuiting van die geïdealiseerde landelike omgewing (Miller 1976:192). Nietemin kon die landskapargitek gedeeltelik 'n natuurlike balans tussen die park en die stad vind. Openbare parke het dus 'n baie groot rol gespeel om die stedelike omgewing te herdefinieer.

## BIBLIOGRAFIE

- Altman, I. & Wohlwill, J.F. (Eds). 1983. *Behavior and the Natural Environment*. Netherlands: Springer.
- Barr, A. H. 1975. *Picasso: Fifty Years of his Art*. London: Seeker & Warburg.
- Barcroft, J. 2004. Second language vocabulary acquisition: a lexical input processing approach. *Foreign Language Annals*, 37(2):200-208.
- Bailey, P. 1978. *Leisure and class in Victorian England: rational recreation and the contest for control, 1830-1885*. London: Routledge & K. Paul.
- Bluestone, D. M. 1987. From Promenade to Park: The Gregarious Origins of Brooklyn's Park Movement. *American Quarterly*, 39 (4):529-550.
- Bluestone, D. M. 1988. Detroit's City Beautiful and the Problem of Commerce. *Journal of the Society of Architectural Historians*, 47(3):245-262.
- Brehony, K. 2003. A 'Socially Civilising Influence'? Play and the Urban 'Degenerate'. *Paedagogica Historica. International Journal of the History of Education*, 39(1):87-106.
- Brill, M. 2001. Mistaking Community Life for Public Life. *Places*, 14(2):48-55.
- Brown, G., Schebella, M.F. & Weber, D. 2014. Using participatory GIS to measure physical activity and urban park benefits. *Landscape and Urban Planning*, 121:34-44.
- Bulman, T. & Orloff, C. 2004. Maintaining Eden: John Charles Olmsted and the Portland Park System. *Yearbook of the Association of Pacific Coast Geographers*, 66:114-119.
- Chadwick, G.F. 1966. *Park and the Town: Public Landscape in the 19th and 20th Centuries*, London, Architectural Press.
- Cherry, G. E. 1969. Influences on the Development of Town Planning in Britain. *Journal of Contemporary History*, 4(3):43-58.
- Clark, F. 1973. Nineteenth-Century Public Parks from 1830. *Garden History*, 1(3):31-41.
- Conway, H. 1991. *People's parks: the design and development of Victorian parks in Britain*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Conway, H. 1996. *Public Parks*. Princes Risborough: Shire Publications.
- Conway, H. 2000. Everyday Landscapes: Public Parks from 1930 to 2000. *Garden History*, 28(1):117-134.
- Cranz, G. 1982. *Politics of Park Design: A History of Urban Parks in America*. Cambridge, Massachusetts: MIT Press.
- Crompton, J.L. 2008. *Twentieth Century Champions of Parks and Conservation*, Volume II, Sagamore.
- Cunneen, C. 1980. In Roe, J. (ed.). *Twentieth Century Sydney: Studies in Urban and Social History*. Sydney: Hale & Iremonger in association with The Sydney History Group, pp. 105-119.
- Cunningham, H. 2014. *Time, Work and Leisure: Life Changes in England since 1700. Studies in Popular Culture*. Manchester: Manchester University Press.
- De Vries, S et al. 2011. In Nilsson, K., Sangster, M., Gallis, C., Hartig, T., De Vries, S., Seeland, K. & Schipperijn, J. (Eds). *Forests, trees and human health*. Springer. Netherlands, pp. 205-243.
- Dickason, J. G. 1983. The origin of the playground: The role of the Boston women's clubs, 1885-1890. *Journal Leisure Sciences. An Interdisciplinary Journal*. 6(1):83-98.
- Dooling, S. Simon, G. & Yocom, K. 2006. Place-based urban ecology: A century of park planning in Seattle. *Urban Ecosyst*, (9):299-321.
- Dornhoff, G.W. 1970. *The Higher Circles*. New York: Random House.
- Dumpelmann, S. 2009. Creating order with nature: transatlantic transfer of ideas in park system planning in twentieth-century Washington D.C., Chicago, Berlin & Rome. *Planning Perspectives*, 24(2):143-173.
- Faggi, A. & Ignatieva, M. 2009. Urban green spaces in Buenos Aires and Christchurch. *Municipal Engineer*, 162(4):241-250.
- Firching, J. 2003. Historical Dallas Parks. *Legacies*, 15(1):4-15.
- Fisher, C. 2001. Nature in the City: Urban Environmental History and Central Park. *Organisation of American History. Magazine of History*, 25(4):27-31.
- Foster, J. 2012. The Wilds & the Township: articulating modernity, capital and socio-nature in the cityscape of pre-apartheid Johannesburg. *Journal of the Society of Architectural Historians*, 71(1):45-59.



- Francis M. & Hester, RT, (Eds). 1990. *The Meaning of Gardens*. Cambridge MA: MIT Press.
- Gans, H. J. 1993. From 'Underclass' to 'Undercaste': Some Observations about the Future of the Post-industrial Economy and its Major Victims. *International Journal of Urban and Regional Research*, 17(3):327-335.
- Gaskell, S. M. 1980. Gardens for the Working Class: Victorian Practical Pleasure. *Victorian Studies*, 23(4):479-501.
- Godbey, G. M., Roy, L., Payne, L.L. & Orsega-Smith, E. 1998. The relation between health and use of local parks. *National Recreation Foundation*.
- Godbey, G.C., Caldwell, L.L., Floyd, M. & Payne, L.L. 2005. Contributions of Leisure Studies and Recreation and Park Management Research to the Active Living Agenda. *American Journal of Preventive Medicine*, 28(2S2):150-158.
- Guber, D. L. 2010. 'Make of Them Grand Parks, Owned in Common': The Role of Newspaper Editorials in Promoting the Adirondack Park, 1864-1894. *Journal of Policy History*, 22(4):423-449.
- Gunn, S. 2004. Class, identity and the urban: the middle class in England, c. 1790-1950. *Urban History*, 31(1):29-47.
- Gunn, S. & Owens, A. 2006. Nature, technology and the modern city: an introduction. *Cultural Geographies*, 13(4):491-496.
- Harris, J. 1993. *Private lives, public spirit: a social history of Britain, 1870-1914*. Oxford: Oxford University Press.
- Hartig, T. 2008. Green space, psychological restoration, and health inequality. *Lancet*, 372:9650: 1614-1615.
- Henneberger, J. W. 2002. 'Once again, why public parks'? Origins of fully funded public parks. *John Wright Forum*, 19(2):13-20.
- Hoskins, I. 2003. 'The Core of the City': Public Parks, Respectability and Civic Regulation in Sydney. *National Identities*, 5(1):7-24.
- Huston, S.L., Evenson, K.R., Bors, P. & Gizlice, Z. 2003. Neighborhood Environment, Access to Places for Activity, and Leisure-time Physical Activity in a Diverse North Carolina Population. *American Journal of Health Promotion*, 18(1):58-69.
- Jones, K.R. & Wills, J. 2005. *The invention of the park: recreational landscapes from the Garden of Eden to Disney's Magic Kingdom*. Cambridge: Polity.
- Jordan, H. 1994. Public Parks, 1885-1914. *Garden History*, 22(1):85-113.
- Kaplan, R. & Kaplan, S. 1989. *The experience of nature: a psychological perspective*. Cambridge & New York: Cambridge University Press.
- Kaplan, S. 1995. The restorative benefits of nature: towards an integrative framework. *Journal of Environmental Psychology*, 16:169-182.
- Kheraj, S. 2007. Restoring Nature: Ecology, Memory, and the Storm History of Vancouver's Stanley Park. *Canadian Historical Review*, 88(4):577-612.
- Kraus, K. 1969. Providing for Recreation and Aesthetic Enjoyment. *Proceedings of the Academy of Political Science*, 29(4):90-102.
- Malchow, H.L. 1985. Public Gardens and Social Action in Late Victorian London. *Victorian Studies*, 29(1):97-124.
- Marne, P. 2001. Whose public space was it anyway? Class, gender and ethnicity in the creation of the Sefton and Stanley Parks, Liverpool: 1858-1872. *Social & Cultural Geography*, 2(4):421-443.
- Menard, A. 2010. The Enlarged Freedom of Frederick Law Olmsted. *New England Quarterly*, 83(3):508-538.
- Miller, R.L. 1976. The landscapers utopia versus the city: a mismatch. *New England Quarterly*, 49(2):179-193.
- Mirams, S. 2002. 'For Their Moral Health': James Barrett, Urban Progressive Ideas and National Park Reservation in Victoria. *Australian Historical Studies*, 33(120): 249-266.
- Moga, S.T. 2009. Marginal Lands and Suburban Nature: Open Space Planning and the Case of the 1893 Boston Metropolitan Parks Plan. *Journal of Planning History*, 8:308-329.
- National Recreation and Park Association, Synopsis of 2010 Research Papers – the Key Benefits. [www.nrpa.org/research-papers](http://www.nrpa.org/research-papers).

- Nolin, C. 2004. Public Parks in Gothenburg and Jönköping: Secluded Idylls for Swedish Townsfolk. *Garden History*, 32(2):197-212.
- O'Reilly, C. 2009. Aristocratic Fortunes and Civic Aspiration: Issues in the Passage of Aristocratic Land to Municipal Ownership in Later Nineteenth and Early Twentieth Century Manchester with Particular Reference to the Sale of Heaton Park. Doktersgraadverhandeling. Manchester Metropolitan University.
- O'Reilly, C. 2013. From 'the people' to 'the citizen': the emergence of the Edwardian municipal park in Manchester, 1902–1912. *Urban History*, 40(1):136-155.
- O'Reilly, C. 2013. 'We Have Gone Recreation Mad': The Consumption of Leisure and Popular Entertainment in Municipal Public Parks in Early Twentieth Century Britain. *International Journal of Regional and Local History*, 8(2):112–128.
- Payal, A. 2011. Online Social Sites as Virtual Parks: An Investigation into Leisure Online and Offline. *Information Society*, 27(2):113-120.
- Pincetl, S. & Gearin, E. 2005. The reinvention of public green space. *Urban Geography*, 26(5):365–384.
- Platt, H.L. 1999. The emergence of urban environmental history. *Urban History*, 26(1):89-95.
- Powell, K.E., Martin, L.M. & Chowdhury, P.P. 2003. Places to Walk: Convenience and Regular Physical Activity. *American Journal of Public Health*, 93(9):1519-1521.
- Rosenzweig, R. & Blackmar, E. 1992. *The Park and the People. A History of Central Park*. Ithaca: Cornell University Press.
- Rybczynski, W. 1999. Why We Need Olmsted Again. *Wilson Quarterly*, 23(3):15-21.
- Sanders, R. 2009. The Public Space of Urban Communities. In Orvell, M. & Meikle, J.L. *Public Space and the Ideology of Place in American Culture*. Brill, pp. 263–87.
- Schenker, H. M. 2003. Central Park and the Melodramatic Imagination. *Journal of Urban History*, 29(4):375-393.
- Schenker, H. M. 2009. *Melodramatic Landscapes: Urban Parks in the Nineteenth Century*. Charlottesville: The University of Virginia Press.
- Schuyler, D. 1986. *The New Urban Landscape: The Redefinition of City Form in Nineteenth Century America*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Shi, M. 1998. From Imperial Gardens to Public Parks: The Transformation of Urban Space in Early Twentieth-Century Beijing. *Modern China*, 24(3):219-254.
- Tafari, M. 1976. *Architecture and Utopia: Design and Capitalist Development*. Cambridge: MIT Press.
- Taylor, D. E. 1999. Central Park as a Model for Social Control: Urban Parks, Social Class and Leisure Behavior in Nineteenth-Century America. *Journal of Leisure Research*, 31(4):420-477.
- Taylor, H. A. 1995. Urban Public Parks, 1840-1900: Design and Meaning. *Garden History*, 23(2):201-221.
- Thompson, C. W. 1998. Historic American Parks and contemporary needs. *Landscape Journal*, 17(1):1-25.
- Thompson, C. W. 2011. Linking Landscape and Health: The Recurring Theme. *Landscape and Urban Planning*, 99(3-4):187–195.
- Ulrich, R.S. 1979. Visual landscapes and psychological well-being. *Journal Landscape Research*, 4(1):17-23.
- Ulrich, R.S. & Addoms, D.L. 1981. Psychological and Recreational Benefits of a Residential Park. *Journal of Leisure Research*, 13(1):43–65.
- Ulrich, R.S. & Parsons, R. 1992. In: Relf (ed.). *The Role of Horticulture in Human Well-Being and Social Development: A National Symposium*. Portland OR: Timber Press.
- Van Deusen, R. 2002. Public space design as class warfare: Urban design, the 'right to the city' and the production of Clinton Square, Syracuse, NY. *GeoJournal*, 58(2): 149–158.
- Walker, S.E. & Duffield, 1983. B. Urban parks and open spaces — an overview. *Landscape Research*, 8(2):2-12.
- Williams, B. 2006. The Paradox of Parks, *Identities: Global Studies in Culture and Power*. 13(1):139-171.
- Young, T. 1995. Modern Urban Parks. *Geographical Review*, 85(4):535-551.



# Die psigososiale omstandighede van straatkinders en hulle behoeftes in 'n lewensvaardigheidsprogram

*The psycho-social circumstances and needs of street children: A needs assessment*

**ELZAHNE SIMEON**

Maatskaplike Werk

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: Elzahne.Simeon@nwu.ac.za

**ALIDA HERBST**

Skool vir Psigososiale Wetenskappe

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: Alida.Herbst@nwu.ac.za

**HERMAN STRYDOM**

Maatskaplike Werk

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: Herman.Strydom@nwu.ac.za



Elzahne Simeon



Alida Herbst



Herman Strydom

**ELZAHNE SIMEON** verwerf die BMW-graad (Cum Laude) in 2008 aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy werk as maatskaplike werker by die Departement Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling se Afdeling Kinderen Gesinsorg vanaf 2008 tot 2010. In 2011 aanvaar sy 'n betrekking as lektor in die Vakgroep Maatskaplike Werk aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy verwerf haar meestersgraad in Maatskaplike Werk in dieselfde jaar. Sy is tans 'n senior lektor in hierdie vakgroep, met kundigheid in kindersorgaangeleenthede, en spesifiek kindersorgwetgewing. Me. Simeon is tans 'n ingeskrewe doktorsale student en beurshouer van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die fokus van haar studie is op straatkinders en spesifiek die ontwikkeling en evaluering van 'n lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders aan die hand van die lewenskaarttegniek. Sy het alreeds twee artikels in geakkrediteerde

**ELZAHNE SIMEON** obtained her BSW degree (Cum Laude) at the Potchefstroom Campus of the North-West University in 2008. She was employed as a social worker at the Child and Family Welfare division of the Department of Health and Social Development from 2008 to 2010. In 2011 she accepted a position as a lecturer in the Subject Group of Social Work at the Potchefstroom Campus of the North-West University. She obtained her master's degree in social work in the same year. She is currently a senior lecturer in this subject group, specialising in child welfare matters, and in child care legislation in particular. Ms Simon is currently a registered doctoral student and bursary holder of the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. The focus of her study is on street children and specifically the development and evaluation of a life skills programme for street children on the basis of the life map technique. She has already published two

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>tydskrifte gepubliseer en gee ook studieleiding aan 'n aantal magisterstudente. Sy het ook 'n verskeidenheid konferensie-aanbiedinge gedoen en is 'n bestuurslid van Thakaneng, 'n geregistreerde kinder- en jeugsorgsentrum in Potchefstroom.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         | <p>papers in refereed journals and she is also supervising a number of master's students. She has made a variety of conference presentations and is a board member of Thakaneng, a registered child and youth care centre in Potchefstroom.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |
| <p><b>ALIDA HERBST</b> is 'n medeprofessor in Maatskaplike Werk en direkteur van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy het uitgebreide praktykervaring in geneeskundige maatskaplike werk en dienslewering aan kinders en gesinne in nood. Haar navorsing fokus op die psigososiale gesondheid van individue, groepe en gemeenskappe. Die klem val op intervensies waar narratiewe benut word in die ondersteuning van persone wat uitdagings ervaar. Sy het in haar doktorsale studie 'n groepwerkprogram ontwikkel en geëvalueer waar lewenskaarte benut is om jong volwassenes met MIV te ondersteun. As outeur en mede-outeur het sy alreeds 18 bydraes in nasionale en internasionale tydskrifte asook 'n aantal hoofstukke in handboeke oor narratiewe hulpverlening en maatskaplikewerkbestuur gepubliseer. Sy het ook aanbiedings by 41 nasionale en 14 internasionale konferensies gedoen. Haar mees onlangse bydrae was om as redakteur van 'n Suid-Afrikaanse handboek oor traumabewerting op te tree. Sy lewer op 'n deurlopende basis bydraes by kongresse van die South African Association of Health Educationists en die Association of Medical Educators in Europa. Sy dien op die redaksie van die vaktydskrif <i>The Social Work Practitioner-Researcher</i> en tree ook op as keurder van bydraes vir 'n aantal nasionale en internasionale vaktydskrifte. Hierbenewens tree prof. Herbst jaarliks as gasdosent op by die internasionale dae van Thomas Moore en Leuven Universiteite in België.</p> | <p><b>ALIDA HERBST</b> is an associate professor in Social Work and director of the School of Psychological and Behavioural Sciences at the Potchefstroom Campus of the North-West University. She has extensive experience of the practice of medical social work and services provided to children and families in need. Her research focuses on the psychosocial health of individuals, groups and communities. The emphasis is on interventions where narrative is utilised in the support of people who are experiencing challenges. In her doctoral studies, she developed and evaluated a group programme where life maps are used to support young adults with HIV. She has already published 18 contributions as author or co-author in national and international journals, as well as a number of chapters in books on narrative counselling and social work management. She also made presentations at 41 national and 14 international conferences. Her most recent contribution was as editor of a South African textbook on trauma counselling. She regularly makes contributions at congresses of the South African Association of Health Educationists and the Association of Medical Educators in Europe. She serves on the editorial board of the journal <i>The Social Work Practitioner-Researcher</i> and also acts as a reviewer of contributions for a number of national and international journals. In addition, prof. Herbst is an annual guest lecturer at the international days of Thomas Moore and Leuven Universities in Belgium.</p> |
| <p><b>HERMAN STRYDOM</b> was vanaf 1972 tot middel 1987 verbonde aan die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria, waarna hy aangesluit het by die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy belangstelling in vakverband fokus veral op veroudering, MIV en Vigs en navorsingsmetodologie. Prof. Strydom is outeur en mede-outeur van 126 artikels in geakkrediteerde tydskrifte, asook outeur en mede-outeur van 44 hoofstukke in verskillende handboeke en verwante publikasies. Hy het alreeds 82 aanbiedinge gedoen by nasionale en 96 by inter-</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 | <p><b>HERMAN STRYDOM</b> was attached to the Department of Social Work at the University of Pretoria from 1972 until the middle of 1987, whereafter he joined the School of Psychological and Behavioural Sciences at the Potchefstroom Campus of the North-West University. His interests are primarily focused on aging, HIV and AIDS and research methodology. Prof. Strydom is the author/co-author of 126 articles in refereed journals, as well as the author/co-author of 44 chapters in various textbooks and related publications. He has already made 82 presentations at national and 96 at international conferences. 46 master's students graduated under his guidance</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |

nasionale konferensies. Onder sy leiding as studieleier/medestudieleier het 46 magister-kandidate afstudeer, terwyl hy as promotor/medepromotor vir 35 doktorsle studente opgetree het. Hy tree ook gereeld op as eksterne eksaminator vir nagraadse studente van die meeste Suid-Afrikaanse Universiteite, en as keurder vir 'n aantal binnelandse en buitelandse tydskrifte. Hy het alreeds 108 artikels vir hierdie tydskrifte geëvalueer en is by die Nasionale Navorsingstigting as navorser gegradeer sedert 2001. Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en bestuurslid van die Potchefstroomtak van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Prof. Strydom het ook die Stalsprys vir Maatskaplike Werk van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang in 2005, asook die Distinguished Educator Award van Asaswei (Association of South African Social Work Education Institutions) in 2013.

as supervisor/co-supervisor, while he acted as promotor/co-promotor for 35 doctoral students. He also regularly acts as external examiner for postgraduate students at most South African universities, and as reviewer for a number of local and international journals. He has already reviewed 108 articles for these journals and has been an NRF-graded researcher since 2001. He is a member of the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* and an executive member of the Potchefstroom branch of the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. Prof. Strydom also received the Stals Prize for Social Work from the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* in 2005, as well as the Distinguished Educator Award from Asaswei (Association of South African Social Work Education Institutions) in 2013.

## ABSTRACT

### ***The psycho-social circumstances and needs of street children: A needs assessment***

*The phenomenon of street children has become a world-wide problem, which can be attributed to many causes that are experienced in the community at large, such as economic difficulties, joblessness and family discord. These children lose out on the privileges of a healthy family life and their basic needs are in general not fulfilled. This has a detrimental effect on street children's development and often has serious psychosocial consequences, such as distrust in people, a lack of self-confidence and negative interpersonal relationships. Life on the street is characterised by various psychosocial challenges such as abuse, prostitution, substance abuse, gangsterism, crime and human rights violations. Children are often not capable of controlling these injustices against them and therefore they are dependent on other people to act on their behalf.*

*The strengths- and empowerment perspectives were used as the theoretical foundation of the study. Limited literature is available on the psychosocial needs and circumstances of street children in South Africa. The role of social work can be seen as assisting clients to identify their own strengths and those of their communities, in order to solve their psychosocial problems and to enhance their circumstances. Empowerment can be described as a self-help activity that assists people to take control of their lives and to develop strategies to overcome their adversities. The aim of the study was to do a needs assessment of the psychosocial circumstances and needs of street children at the Thakaneng Child and Youth Care Centre in Potchefstroom in order to obtain information which can be utilised in a life skills program.*

*Mixed-method research was utilised for the purpose of this study, where quantitative and qualitative techniques were used in combination within the exploratory and descriptive research designs. For the part of the study reported on in this article, data was collected by means of a self-structured questionnaire. From the data obtained a number of possible themes relevant to a life skills programme could be identified. The total population of Thakaneng, namely 50*

street children, were recruited as participants in this study. The social worker from Thakaneng acted as a gatekeeper for the project. All applicable ethical issues were taken into consideration in this study, such as the principle of no harm, voluntary participation, written-informed consent, steps to avoid misleading participants, anonymity, confidentiality and privacy. The risks and advantages for participants in the study were ethically calculated. Validity and reliability of the quantitative data as well as trustworthiness of the qualitative data were taken into consideration.

It was found that time management, self-knowledge, knowledge about mutual trust, self-assertive behaviour, and decision-making skills were the skills of which the participants were most in need. All the participants scored more than 94% on these items. The middle group (all between 86% and 92%) included needs in terms of health and a healthy lifestyle, problem-solving skills, knowledge on career choices, coping with changes, knowledge on children's rights, and future planning. Other needs among this group include belief in the self, knowledge on HIV and Aids, how to apply for a job, how to achieve aims for daily living, how to control emotions, how to develop communication skills, how to apply financial management and to learn more on interpersonal relationships.

The group of needs with the lowest score (all between 74% and 80%) involved needs such as skills to handle stress, anxiety, anger, grief and bereavement, and to manage conflict. Although all these constructs measured lower than the rest, their importance is still high and thus they should be dealt with. The most important life skills were identified by means of the needs assessment and verified by both the quantitative and qualitative data as well as the literature study. These needs can be grouped into a number of topics that can eventually be incorporated into an empowerment programme for street children, namely self-knowledge, self-confidence and self-assertive behaviour; interpersonal relationships and trust; coping and dealing with emotions; future planning and decision making; health and a healthy life style; communication skills; problem solving and conflict management; time management; financial management; and specific other issues such as the danger of using drugs, the prevention of HIV and other transferable sexual diseases, and children's rights.

**KEY WORDS:** life skills, child and youth care centre, mixed-methods research, programme, street children, empowerment, strengths perspective, empowerment programme, psycho-social circumstances and needs

**TREFWOORDE:** lewensvaardighede, kinder- en jeugsorgsentrum, gemengde metode navorsing, program, straatkinders, bemagtiging, sterkteperspektief, bemagtigingsprogram, psigososiale omstandighede, behoeftes

## OPSOMMING

Die straatkindverskynsel het dwarsoor die wêreld 'n maatskaplike probleem geword en kan aan heelwat faktore toegeskryf word soos swak ekonomiese toestande, werkloosheid en gesinsprobleme wat in die gemeenskap ervaar word. Hierdie kinders verbeur dikwels die voorregte en bydraes tot ontwikkeling wat deur 'n gesonde gesinslewe teweeg gebring word, en daar word onvoldoende in hulle basiese behoeftes voorsien. Hierdie situasie strem hul normale ontwikkeling en hulle openbaar dikwels ernstige psigososiale nagevolge, soos wantroue in mense, 'n gebrek aan selfvertroue en swak interpersoonlike verhoudings.

Die studie se teoretiese uitgangspunt is die sterkte- en bemagtigingsperspektiewe wat aanvullend in maatskaplike werk benut kan word. Min literatuur is beskikbaar oor die psigososiale behoeftes en omstandighede van straatkinders in Suid-Afrika. Die doel van die studie

behels 'n behoeftebepaling ten opsigte van die psigososiale omstandighede en behoeftes van straatkinders by die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum (TKJS) in Potchefstroom ten einde inligting te versamel wat benut kan word in 'n lewensvaardighedsprogram. Die gemengde navorsingsmetode is benut deurdat kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsingstegnieke en -metodes binne die verkennende en beskrywende navorsingsontwerpe benut is. Vir die deel van die studie waaroor in hierdie artikel verslag gedoen word, is data deur middel van 'n selfgestruktureerde vraelys ingesamel. Vanuit die verkreë data kon die behoefte vir, en moontlike temas van belang vir 'n lewensvaardighedsprogram, geïdentifiseer word.

Van die belangrikste lewensvaardighede wat die navorser vanuit die behoeftebepaling en die literatuur kon identifiseer, is selfkennis; selfvertroue en selfhandhawing; interpersoonlike verhoudings en vertroue; algemene en emosionele hanteringsmeganismes; toekomsbeplanning en besluitneming; gesondheid en 'n gesonde leefstyl; kommunikasievaardighede; probleemoplossing en konflikthantering; tydsbestuur; finansiële bestuur en sekere ander aangeleenthede, soos die gevare verbonde aan die misbruik van middels, die voorkoming van MIV en ander oordraagbare geslagsiektes, asook kinderregte. Hierdie vaardighede word deur die kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe data bevestig.

## 1. INLEIDING

Die straatkinderskynsel is 'n kenmerkende maatskaplike probleem (Benghait 2002:34; Lefeh 2008:10; Ward 2007:35). Idemudia, Kgokong en Kolobe (2013:164) bevestig dat daar min literatuur beskikbaar is oor die psigososiale behoeftes en omstandighede van straatkinders in Suid-Afrika. In hierdie artikel val die fokus op 'n ondersoek na die psigososiale omstandighede van straatkinders by die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum (TKJS) in Potchefstroom en hulle behoeftes met betrekking tot lewensvaardighede.

## 2. AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Daar is 'n groot debat oor die definisie van straatkinders. Die term straatkind is 'n sambreelterm wat gebruik word vir verskeie groepe kinders in moeilike lewensomstandighede, maar die definisies verskil van land tot land en van outeur tot outeur (Serrokh 2006:1). Die *Gauteng Street Children Shelters Act, 16 of 1998* beskryf straatkinders as kinders wat in tydelike versorging is, kinders wat gereeld van een plek na 'n ander trek of kinders wat in institusionele sorg is weens die feit dat hul nie 'n ander heenkome gehad het nie en die risiko bestaan dat hulle weer op straat kan beland. Hanbury (2002:3) beskryf straatkinders as kinders wat op straat leef en werk; kinders wat by die huis slaap, maar die meeste van hul tyd op straat spandeer asook kinders wat in nagskuiulings slaap. Die *Children's Act, 38 of 2005* sluit hierby aan deur straatkinders te beskryf as kinders wat op straat leef of werk as gevolg van mishandeling, verwaarloosing, armoede of enige ander rede. Cox en Pawar (2006:326) definieer straatkinders soos volg: "...streetchildren are those who spend most of their time on the streets whether working or not; have tenuous ties, or no ties at all, with their families; and have developed specific survival strategies". Verskeie outeurs beskryf ook straatkinders in verskillende kategorieë soos byvoorbeeld kinders van die straat, kinders op die straat en kinders in skuiulings of institusionele versorging (Altanis & Goddard 2004; Mitchell, Nyakake & Oling 2007; Tolfree, 2003:7). Dit is dus duidelik dat daar nie eenstemmigheid is rakende 'n definisie vir straatkinders nie. Die deelnemers was ten tyde van hierdie studie inwonend by die TKJS, maar daar is nie 'n waarborg dat hulle nie weer op straat gaan beland nie. Dus vir eenvormigheid in hierdie artikel



word die term straatkind gebruik, maar die outeurs erken wel dat daar nie uitsluitel is rakende die definisie nie.

Die straatkindverskynsel het dwarsoor die wêreld 'n groot maatskaplike probleem geword. Volgens skattings was daar alreeds in 2004 meer as 100 miljoen straatkinders in die wêreld (Kit 2004:1; Louw 2008:3). Hierdie verskynsel het ook in Suid-Afrika oor die jare drasties toegeneem (Lefeh 2008:10). Volgens Ward (2007:55) het die mees resente statistiek daarop gedui dat daar in 2000 reeds meer as 10 000 straatkinders in Suid-Afrika was. Daarteenoor het Benghait (2002:34) in 2001 geskat dat daar meer as 50 000 kinders in Suid-Afrika op straat leef. Dit is egter moeilik om resente, betroubare statistiek rakende die straatkindverskynsel in Suid-Afrika te verkry omdat dit moeilik is om kontrole te hou van presies hoeveel kinders op straat leef en werk. Daar is gevolglik ook 'n gebrek aan resente literatuur rakende hierdie verskynsel.

Die straatkindverskynsel kan aan heelwat faktore toegeskryf word, soos swak ekonomiese toestande, werkloosheid en gesinsprobleme wat in die gemeenskap ervaar word (Ashoka 2004:1; Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum 2014:4). Hierdie kinders verbeur dikwels die voordele wat 'n gesonde gesinslewe vir ontwikkeling inhou en daar word gebrekkig in hulle basiese behoeftes voorsien. Hierdie faktore strem hulle normale ontwikkeling (Schimmel 2006:222). Kinders het gewoonlik vanaf geboorte 'n groot behoefte daaraan om 'n band met hulle primêre versorgers te vorm (Schultz 2002:17; Thomas 2005:19; Zastrow & Kirst-Ashman 2016:335) en 'n gebrek aan hierdie binding kan ernstige psigososiale nagevolge vir die straatkind inhou, soos 'n wantroue van mense, 'n gebrek aan selfvertroue en swak interpersoonlike verhoudings (Zastrow & Kirst-Ashman 2016:335; UNICEF 2002; Ward 2007:233-246). Straatkinders toon ook dikwels tekens van depressie, angstigheid, regressiewe gedrag en 'n gebrek aan 'n eie identiteit (Kaime-Atterhog & Ahlberg 2008; Mufune 2000; Richter 1991; Richter & Van der Walt 2003; Ward 2007). Hierdie situasie kan moontlik toegeskryf word aan die trauma wat straatkinders ervaar as gevolg van mishandeling en 'n gebrek aan ouerlike liefde en versorging (Blaustein & Kinniburgh 2010; Saxe, Eliss & Kaplow 2007; Schore & Schore 2008). Uiteindelik word die straatkind se totale psigososiale funksionering hierdeur beïnvloed.

Barker (2014:345) en Faul (1995:159) verduidelik *psigososiale funksionering* as die individu se gedragspatrone in die verskillende lewenstadiums, lewenstake, rolle en sisteme waarvan hy/sy deel vorm. Optimale psigososiale funksionering veronderstel dat die positiewe kragte sterker sal wees as die negatiewe kragte. Die lewe op straat word egter gekenmerk deur psigososiale omstandighede soos mishandeling, verwaarlosing, prostitusie, dwelmmisbruik, bende-aktiwiteite, misdaad, swak interpersoonlike verhoudings en menseregteskendings (Barette 1995:11; Idemudia et al. 2013:162; Pearce 2009:20; Shaw 2001:1; Shook & Finn 2009:xiii; Wexler 2008:546). Die begrip psigososiale omstandighede dui op die straatkinders se psigologiese en maatskaplike omstandighede. Die psigologiese omstandighede fokus op die individu se interne prosesse soos byvoorbeeld hoe hy reageer op uitdagings en stres (Weiten 2007:2), terwyl die maatskaplike omstandighede dui op eksterne omstandighede in die individu se omgewing wat sy psigososiale funksionering kan beïnvloed. Kinders is dikwels nie in staat om die ongeregthede wat teenoor hulle gepleeg word, te beheer nie en daarom is hulle afhanklik van ander om namens hulle die regte stappe en besluite te neem.

Die taak van die maatskaplike werker is in hierdie opsig baie belangrik. Dit is die taak van die maatskaplike werker in besonder om, sover moontlik, voorkomende programme te loods om te voorkom dat kinders in nood hulle tot die strate wend. 'n Lewensvaardigheidsprogram kan straatkinders help om suksesvol in die samelewing te funksioneer en om hul psigososiale funksionering te bevorder.



Daar is 'n gebrek aan gepubliseerde navorsing oor die behoeftes van straatkinders in Suid-Afrika. Idemudia et al. (2013:164) bevestig dat daar baie min literatuur beskikbaar is rondom die behoeftes van straatkinders in Suid-Afrika. Behoeftes van die straatkinders kan aangepak word met behulp van 'n gepaste lewensvaardigheidsprogram wat die straatkinders met vaardighede sal bemagtig om uitdrukking en betekenis te gee aan hul materiële, liggaamlike, geestelike, maatskaplike en godsdienstige verwagtinge, behoeftes en eise. 'n Lewensvaardigheidsprogram sal verder straatkinders moontlik kan help om die eise van hul psigososiale omstandighede beter te hanteer.

Uit die voorafgaande word die volgende navorsingsvraag geformuleer:

*Wat is die psigososiale omstandighede en behoefte aan lewensvaardighede van straatkinders by die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum in Potchefstroom?*

### 3. DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

Om die psigososiale omstandighede en behoeftes van straatkinders by die Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum (TKJS) in Potchefstroom rondom lewensvaardighede te identifiseer.

### 4. TEORETIESE BEGRONDING

Die straatkindverskynsel word meestal as 'n negatiewe verskynsel in die samelewing beskou en daar word dikwels teenoor hierdie kinders gediskrimineer (Zastrow 2010:409). Die teoretiese begronding waarop hierdie studie berus is die sterkte-en bemagtigingsperspektiewe wat aanvullend in maatskaplike werk benut word (Saleebey 2013:110; Zastrow 2010: 409). Alle mense het sterkpunte en die mens se vermoë om hierdie sterkpunte te identifiseer en te ontwikkel bevorder persoonlike groei en 'n positiewe uitkyk op die lewe (Hassim & Herbst 2016: 208). Hiervolgens is die rol van die maatskaplike werker om kliënte te help om sterkpunte binne hulself en hul omgewing te identifiseer ten einde hul psigososiale probleme op te los en sodoende hul omstandighede te verbeter. Die sterkteperspektief daag maatskaplike werkers uit om nie op die kliënte se probleme of swakpunte te fokus nie, aangesien dit kan bydra daartoe dat die kliënt se potensiaal om te groei nie raakgesien word nie (Zastrow 2014:52). Maatskaplike werkers moet eerder kliënte bemagtig om hul eie sterkpunte tot voordeel van hulself en hul omstandighede aan te wend. Potgieter (1998:216) en Zastrow (2010:409) beskryf *bemagtiging* as 'n selfhelpaktiwiteit wat behels dat daar beheer geneem word en dat instaatstellende aktiwiteite en strategieë aangebied word, om hulpeloosheid en magtelosheid teë te werk.

Maatskaplike werk as 'n professie fokus daarop om kliënte se sterkpunte te ontwikkel deur die toepassing van die beginsels van die sterkteperspektief in hulpverlening aan die kliëntsisteem. Deurdat kliënte gehelp word om hul sterkpunte te ontwikkel, word hulle ook sodoende bemagtig. Dit kan onder meer gedoen word deur die kliëntsisteem aktief te betrek in byvoorbeeld lewensvaardigheidsprogramme wat hulle in staat sal stel om lewensuitdagings beter te hanteer.

### 5. BEPERKINGE VAN DIE ONDERSOEK

Aangesien die straatkinders by die TKJS met mekaar kontak het, kon kontaminasie die beantwoording van die vrae en die verloop van die studie beïnvloed het. Die deelnemers kon ook moontlik die navorsing gemanipuleer het, veral wat die beantwoording van die kwalitatiewe vrae betref.

## 6. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die gemengde navorsingsmetode is vir die doeleindes van hierdie studie benut deurdat beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingstegnieke en -metodes in die studie toegepas is (Creswell 2014:228). Die ontwerp wat gevolg is, is beide verkennend en beskrywend van aard (Rubin & Babbie 2011:133). 'n Self-gestruktureerde vraelys met 'n aantal geslote- en oop vrae is ontwerp om die psigososiale omstandighede van die straatkinders te ondersoek en hul behoeftes aan lewensvaardighede te identifiseer. Die vraelys was oorwegend kwantitatief van aard, vergesel van 'n bykomende kwalitatiewe skedule met enkele oop vrae. Op hierdie wyse kon triangulering van data bereik word (Thyer 2010:612-616). Die vraelys is aangevul met prente, om dit meer kindervriendelik te maak. Die doel van die vraelys was om die straatkinders se kennis en behoeftes rakende lewensvaardighede te bepaal asook om 'n agtergrond te kry oor hulle persoonlike omstandighede. Die vraelys is aanvanklik in Engels opgestel, waarna dit vertaal is in Setswana omdat dit die meeste straatkinders se moedertaal was. Die benutting van 'n tussenganger (die maatskaplike werker van die TKJS) en 'n tolk het die voltooiing daarvan vergemaklik. Hulle was ook deurentyd teenwoordig om instruksies te gee en om die kinders te help om die vrae te verstaan.

Die totale populasie van TKJS se 50 inwonende straatkinders het die deelnemers van hierdie studie uitgemaak. Al 50 was seuns tussen 10 en 17 jaar oud. Die maatskaplike werker van TKJS het as tussenganger opgetree om ingeligte, skriftelike toestemming van die straatkinders te verkry. Welwillendheidstoestemming is ook van die bestuur van die TKJS verkry om die studie te onderneem, sowel as ingeligte skriftelike toestemming van die wettige voog of ouer van elke kind. Die Noordwes-Universiteit se etiekkomitee het ook goedkeuring vir die projek verleen. Etiese aspekte wat veral in ag geneem is, sluit in: skadevermyding, vrywillige deelname, ingeligte skriftelike toestemming, ware, korrekte en volledige inligting aan deelnemers, anonimiteit, vertroulikheid, privaatheid, verwerking en vrystelling van inligting, sowel as moontlike risiko's en voordele verbonde aan deelname aan die studie (Babbie 2013:32-39; Brinkmann & Kvale 2008:272; Plowright 2011:156; Strydom 2011:114). Die maatskaplike werker van die TKJS was deurlopend betrokke om kinders met ontlonting by te staan indien enige emosionele probleem sou ontwikkel. Die volgende kriteria is gebruik vir in- en uitsluiting tot die studie:

### Insluitingskriteria

- Alle inwonende straatkinders van TKJS ten tyde van die studie
- Seuns in die ouderdomsgroep van 10-17jaar
- Straatkinders wat toestemming gegee het om aan die studie deel te neem
- Straatkinders wat Afrikaans of Engels kan verstaan en praat

Die kwantitatiewe deel van die vraelys met behulp van rekenaarsagteware (Paswin 2000) van Perspektief Opleidingskollege verwerk (Faul & Hanekom 2007), terwyl die kwalitatiewe deel tematies deur die navorser verwerk is volgens Tesch se benadering (Creswell 2014:198; Poggenpoel 1998:334-353). Data is nie in terme van tabelle en figure weergegee nie, aangesien daar net 50 deelnemers was en die tabelle as oorvereenvoudig beskou sou kon word. Dus is die persentasies bloot van hoog na laag aangebied en verder bespreek.

Die aspekte van vertrouenswaardigheid is in ag geneem in die verwerking van die kwalitatiewe data (Bothma 2010:232-235; Nieuwenhuis 2007:80). Geloofwaardigheid is verseker deurdat die navorser betrokke was in die navorsingsproses, self die behoeftebepaling gedoen, en deurlopend van observasie gebruik gemaak het (Babbie & Mouton 2010:276-278). Die feit

dat die navorser die veelvuldige metode toegepas het en triangulering verseker het, bevorder die vertrouenswaardigheid van hierdie navorsing (Creswell 2014:201). Oordraagbaarheid is verkry deur die proses deurgaans te monitor en skriftelik daarvoor verslag te doen. Vertroubaarheid is bereik deur die ouditering van alle data soos bandopnames, prosesnotas, veldnotas asook opsommings en teoretiese notas. Bevestigbaarheid is bereik deurdat alle datastelle geoudit is vir die “hoe” en “wat” van die bevindinge (Schurink, Fouché & De Vos 2011:422).

## 7. BEVINDINGE

### 7.1 Kwantitatiewe bevindinge

Die kwantitatiewe bevindinge word vervolgens bespreek ten opsigte van drie afdelings, naamlik biografiese inligting van deelnemers, psigososiale omstandighede en behoefte aan lewensvaardighede. Na afhandeling van die kwantitatiewe data word die kwalitatiewe bevindinge in 'n aantal temas bespreek.

#### 7.1.1 Biografiese inligting

Al die deelnemers was manlik, in ooreenstemming met die literatuur wat aantoon dat seuns meer geneig is as dogters om hulself tot die straat te wend vir oorlewing (Mufune 2000:233; Volpi 2003:1-30). Die meerderheid deelnemers se eerste taal was Setswana, maar baie van die deelnemers kon ook Engels of Afrikaans praat en verstaan. Die ouderdomsverspreiding van die deelnemers was 10 tot 17 jaar, met die meeste deelnemers (24%) wat 16 jaar oud was en die tweede grootste groep (22%) wat 15 jaar oud is. Daar kan dus afgelei word dat die meeste deelnemers in die adolessente en middelkindjare, lewensfase is (Louw & Louw 2014:221).

Wanneer die vlak van skoolopleiding in ag geneem word, is dit duidelik dat die meeste deelnemers (64%) in grade een tot sewe is. 20% van die deelnemers is in grade agt tot twaalf, terwyl die res (16%) nog nooit skool bygewoon het nie. Straatkinders is oor die algemeen nie gemotiveerd om skool by te woon nie en gevolglik is hul motivering om hul skoolloopbaan suksesvol te voltooi, baie laag (Scott 1994:28).

#### 7.1.2 Psigososiale omstandighede

Die psigososiale omstandighede van die straatkinders is ondersoek en sal vervolgens bespreek word:

Die meerderheid van die straatkinders by die TKJS het voorheen op die straat geleef of gewerk. Hulle is op straat as gevolg van faktore soos ouers wat oorlede is, ouers wat substansafhanklik is, mishandeling tuis, konflik tussen ouers, onbeheerbare gedrag van die kinders en armoede (Thakaneng 2014). Al hierdie faktore word in die literatuur bevestig (Ennew 2004; Lewis 2004; Motale & Smith 2003; Wargan & Dreshem 2009). Die kinders beskryf hul verhoudings met hul ouers as swak of dat daar geen verhouding is nie. Die meeste kinders het ook genoem dat hulle slegs kan staatmaak op die personeel van die TKJS, wat volgens die kinders die enigste mense is wat vir hulle omgee. Hierdie kinders voldoen aan die *Children's Act, 38 of 2005* se beskrywing van kinders wat sorg en beskerming benodig.

Baie van die kinders by die TKJS misbruik een of ander substans (Louw & Louw 2014:426). Die meerderheid deelnemers (38%) het genoem dat hulle rook, wat ooreenstem met Van Rooyen en Hartell (2002:191) se bevinding dat die rook van tabak en dagga gewild is onder straatkinders. Die meeste deelnemers (40%) het genoem dat hulle die meeste van die tyd alkohol gebruik, terwyl slegs 24% van die deelnemers vermeld het dat hulle nog nooit alkohol gebruik het nie. Die meerderheid deelnemers (42%) het genoem dat hul nog nooit gom gesnuif het nie, teenoor 30% wat vermeld het dat hulle dit die meeste van die tyd doen en 28% wat soms gom snuif. Van Rooyen en Hartell (2002:190) is van mening dat straatkinders voorkeur gee aan middels wat ingeasem word soos gom. Sommige skrywers (Louw & Louw 2014:426; Malindi & Theron 2010:319) verduidelik dat straatkinders middels gebruik om van die werklikheid te probeer ontvlug en middels as 'n hanteringsmeganisme gebruik. Gom is relatief goedkoop en maklik verkrygbaar, terwyl alkohol en dwelmiddels vir minderjariges moeiliker is om te bekom.

Die deelnemers moes drie (3) uit 12 moontlike gevoelens identifiseer wat hulle meestal ervaar. Die volgende gevoelens is oorwegend deur deelnemers ervaar: gelukkigheid (64%), skaamheid (40%), ongelukkigheid (36%), liefdevolheid (32%) en vrees (28%). Die gevoelens van gelukkigheid en liefdevolheid kan moontlik toegeskryf word aan die deelnemers se verblyf by die TKJS, waar hulle liefdevol hanteer word, voel dat hulle iewers behoort en waar daar in die meeste van hul behoeftes voorsien word. Die gevoelens van skaamheid kan moontlik met 'n lae selfbeeld verband hou en die gevoel van ongelukkigheid kan aan verskeie faktore soos byvoorbeeld swak interpersoonlike verhoudings en konflik met ouers of vriende en personeel van die TKJS toegeskryf word.

### *7.1.3 Behoeftes rakende lewensvaardighede*

Hierdie gedeelte van die vraelys het gepoog om die deelnemers se behoeftes rondom spesifieke lewensvaardighede te bepaal. Dit was 'n ja/nee-vraelys, waar die deelnemers kon aandui of hulle meer van 'n spesifieke vaardigheid wou leer of nie. Die bevindinge toon duidelik dat die straatkinders wel 'n behoefte het aan elk van die betrokke lewensvaardighede, alhoewel sekere behoeftes groter is as ander.

Tydsbestuur (98%), selfkennis (96%), kennis oor wedersydse vertroue (96%), selfhandhawende gedrag (94%) en besluitnemingsvaardighede (94%) kan as die grootste behoeftes van deelnemers beskou word. Tydsbestuur is belangrik vir 'n suksesvolle lewe (Sasson 2015:2; Van Heerden 2015:11) en dit is noodsaaklik dat straatkinders gehelp word om hul tyd effektief te bestuur ten einde op die belangrikste sake te kan fokus en sodoende tyd optimaal te kan benut (Atkinson 2008:195; Van Heerden 2015:15). Selfkennis is belangrik vir identiteitsvorming, om jou plek in die lewe in te neem en om die gevoel van behoort te ervaar, ten einde 'n produktiewe lewe te kan lei (Hanbury 2002:7; Louw & Louw 2014:360; Thoburn, Chand & Procter 2008:23; Thompson 2009:3).

Wedersydse vertroue is 'n belangrike faset van die lewe en kinders wat voorheen aan trauma blootgestel was, kan later in hul lewe sukkel om ander te vertrou (Bademci, Karadayi & De Zulueta 2015:21). Selfhandhawende gedrag beteken om vas te staan by dit wat jy glo en ook om selfrespek en respek vir ander mense te bevorder (Thompson 2009:39; Van Heerden 2005:65). Besluitnemingsvaardighede by kinders is belangrik omdat hulle soms oorweldig voel deur al die moontlikhede wat beskikbaar is (Louw & Louw 2014:354). Doeltreffende besluitneming kan 'n bydrae lewer tot 'n gesonde lewenstyl, aangesien goeie besluitnemingsvaardighede die individu kan help om onafhanklik te funksioneer (Strydom 1994:82).

Ander behoeftes wat in die middelgroep na vore getree het, is gesondheid en 'n gesonde lewenstyl (92%), hoe om probleme op te los (92%), kennis oor loopbaankeuses (92%), om verandering te kan hanteer (92%), kennis oor kinderregte (92%) en toekomsbeplanning (92%). Hierdie vyf (5) behoeftes het almal met dieselfde persentasie na vore gekom, terwyl geloof in hulleself (90%), kennis oor MIV en Vigs (90%), hoe om vir werk aansoek te doen (90%), om lewensdoelstellings daar te stel (90%), om emosies te kan beheer (90%), om kommunikasievaardighede te bekom (88%), om finansiële bestuur te kan toepas (86%) en om meer te leer oor interpersoonlike verhoudings (86%) ook in die middelgroep geplaas kan word.

Die behoefte aan kennis oor gesondheid en 'n gesonde lewenstyl is vir enige kind belangrik. Straatkinders het dikwels 'n gebrek aan kennis omtrent gesondheid, veral weens die omstandighede waaraan hulle op straat blootgestel word, wat 'n nadelige impak op hul gesondheid kan hê (Heineman & Ehrensaft 2006:24; Louw & Louw 2014:426). Straatkinders is dikwels nie gemotiveerd om van mediese fasiliteite gebruik te maak nie of hulle kan probleme ervaar om toegang tot sodanige fasiliteite te verkry. Probleemoplossingsvaardighede is 'n verdere kernvaardigheid waaroor die jeug moet beskik (International Youth Foundation 2014:8). Hierdie vaardighede is nie ingebore nie, maar moet doelbewus ontwikkel word in gesonde lewensomstandighede sodat die individu suksesvol kan funksioneer (Bedell & Lennox 1997:163; Little 2015:2).

Die meerderheid deelnemers wil meer leer oor loopbaankeuses. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die meeste straatkinders graag 'n beter lewe wil hê as wat hulle tans het (Louw & Louw 2014:374). Die behoefte om verandering te kan hanteer val ook in die middelgroep behoeftes en kan moontlik teruggevoer word na die feit dat die meeste straatkinders van 'n jong ouderdom af op straat was en daarom sukkel om aan te pas met die struktuur en dissipline by die TKJS (Bogatsu, 25 Junie 2015). Die aanleer van gesonde hanteringsmeganismes by straatkinders is belangrik, sodat hulle hul gevoelens kan hanteer en geleenthede kan benut wat hul voordoen (Greenglass & Fiksenbaum 2009:29; Tartakosky 2015:1).

Deelnemers het ook aangedui dat hulle graag meer oor kinderregte wil weet omdat hulle dikwels slagoffers is van geweld en menseregteskendings (Wexler 2008:546). Straatkinders moet ook deeglik kennis neem daarvan dat verantwoordelikhede met regte gepaardgaan (Louw & Louw 2014:462). Die behoefte aan kennis aangaande toekomsbeplanning en toekomsprospektief is ook geïdentifiseer (Panday et al. 2009:26). Die behoefte om in die self te glo hang nou saam met 'n gesonde selfbeeld en selfvertroue (International Youth Foundation 2014:8; Tracy & Tracy-Stein 2012:12) en is veral vir straatkinders belangrik.

Die voorkoming van MIV en Vigs is 'n behoefte by hierdie kinders, veral omdat hulle dikwels op straat uitgelewer is aan hierdie probleem (Nelson Mandela Children's Fund 2006:1; Van Heerden 2015:89). Kennis oor hoe om vir 'n betrekking aansoek te doen, is nog 'n behoefte wat deur die deelnemers uitgespreek is (Atkinson 2008:195; Van Heerden 2015:253). Hulle ervaar ook 'n behoefte om lewensdoelstellings daar te stel en te bereik – dit is veral belangrik om realistiese doelwitte te hê (Hargie 2006:43). Voorts het die deelnemers aangetoon dat hulle die behoefte het om emosies te kan beheer (Bademci et al. 2015:21; Louw & Louw 2014:439). Die verbetering van kommunikasievaardighede ten einde beter interpersoonlike verhoudings te kan handhaaf, is ook as 'n behoefte geïdentifiseer (Thompson 2009:102).

Finansiële bestuur het as 'n behoefte na vore getree. Straatkinders se ekonomiese omstandighede is normaalweg swak en hulle verlang daarna om hul materiële behoeftes te bevredig (OECD 2014:16; Semeelo 25 Junie 2015). Positiewe interpersoonlike verhoudings is ook as 'n behoefte deur deelnemers aangedui en kan as 'n belangrike deel van alledaagse funksionering beskou word (Heineman & Ehrensaft 2006:25; Louw & Louw 2014:454; Van Heerden 2005:73).

Vaardighede vir die hantering van stres (74%), angs en woede (beide 76%), hartseer (78%) en konflik (80%) is die behoeftes wat die laagste persentasie behaal het, alhoewel dit steeds as hoog beskou kan word. Die behoefte aan streshanteringsmeganismes het na vore gekom juis omdat straatkinders stres ervaar as gevolg van hul omstandighede en hul pogings om te oorleef op straat (Bademci et al. 2015:20; Van Rooyen & Hartell 2002:191). Die behoefte om angs en woede te kan hanteer is ook by straatkinders aanwesig juis omdat hul fisiese omgewing veel te wense oorlaat (Bademci et al. 2015:22; Mukherjee 2005:3-4).

As gevolg van die moeilike omstandighede waaraan straatkinders blootgestel word, is gevoelens soos hartseer en hulpeloosheid 'n algemene verskynsel (Mukherjee 2005:3-4). Die behoefte aan konflikhanteringsmeganismes is deur deelnemers uitgespreek juis omdat effektiewe konflikhantering straatkinders sal bemagtig om verskille met ander konstruktief te hanteer en persoonlike groei te bevorder (Zastrow 2010:175).

## 7.2 Kwalitatiewe bevindinge

In die kwalitatiewe bevindinge, wat met meer diepte en gesprek as die kwantitatiewe data plaasgevind het, wou die navorsers uitvind of daar raakpunte met die kwantitatiewe data is. Die volgende temas kan uitgelig word na aanleiding van die vrae rakende die sake waarvan deelnemers meer wou leer. Die volgende vyf temas kan uitgesonder word en stem ooreen met die kwantitatiewe bevindinge wat ook aangetoon het dat deelnemers meer oor die volgende aspekte wil leer:

### 7.2.1 Toekomsbeplanning

Die volgende narratiewe kan as verteenwoordigend beskou word van die opinies oor toekomsbeplanning.

- “Ek wil meer leer oor 'n beter toekoms.”
- “Ek wil skool bywoon en 'n goeie werk kry.”
- “Ek begeer om eendag 'n polisieman te word.”
- “Ek wil van vreemde goed leer wat ek nie ken nie sodat ek baie in die lewe kan bereik.”

Uit die bogenoemde direkte aanhalings van deelnemers is dit duidelik dat die deelnemers toekomsdrome het, terwyl sommige ook onrealistiese verwagtings koester.

### 7.2.2 Interpersoonlike verhoudings

Die volgende aanhalings kan uitgelig word.

- “Ek wil positiewe verhoudings met ander mense hê”.
- “Ek wil graag leer om meer vriende te maak.”
- “Ek wil nie meer van ander mense steel of hulle seermaak nie – ek wil 'n goeie vriend wees.”
- “My gesin moet beter na my omsien en vir my lief wees.”

Volgens die terugvoer van die deelnemers wil hulle op 'n verskeidenheid vlakke goeie interpersoonlike verhoudings bou en handhaaf. Hierdie bevinding is positief en word ondersteun deur die literatuur (Heineman & Ehrensaft 2006:25; Van Heerden 2015:70).



### 7.2.3 *Gevoelens / Emosies*

Die deelnemers het die volgende bydraes gemaak oor gevoelens en emosies.

- “Ek wil hê dat ander mense my moet liefhê.”
- “Ek wil leer hoe om op te tree as ek wil huil en seergemaak voel.”
- “Wil graag leer om woede te beheer.”
- “Ek wil weet hoe ek moet optree as ander kinders met my baklei en lelik is.”

Vanuit die narratiewe is dit duidelik dat die deelnemers nie oor die vaardighede beskik om hulle gevoelens of emosies te hanteer nie. Die literatuur bevestig dat straatkinders sukkel om hulle emosies effektief te reguleer (Bademci et al. 2015:21; Louw & Louw 2014:439).

### 7.2.4 *Gesonde lewenstyl*

Die volgende opmerkings kan as verteenwoordigend gesien word van die standpunte oor gesonde lewenstyl.

- “Ek wil Vigsvry leef en my nie by seksuele aktiwiteite laat betrek nie.”
- “Ek wil gesond leef en baie oud word.”
- “Beide my liggaam en gees moet gesond wees – sonder die een beteken die ander nie veel nie.”

Dit is belangrik dat straatkinders geleer moet word om 'n gesonde leefstyl te handhaaf (Heineman & Ehrensaft 2006:24). Hierdie behoefte is ook met die kwantitatiewe data uitgelig en word dus as belangrik beskou.

### 7.2.5 *Besluitneming*

Die volgende opmerkings kan aangehaal word.

- “Ek wil sterk staan en nie rook nie – dit maak jou liggaam klaar.”
- “... moet sterk staan as vriende jou probeer verlei om verkeerde dinge te doen.”
- “As ek klaar is met die straatlewe wil ek nie weer daarin beland nie.”

Om besluite te neem en om daarby te bly, is twee verskillende sake en nie altyd maklik uitvoerbaar teen 'n agtergrond van portuurgroepdruk nie. Louw en Louw (2014:354) en Ministry of Youth Development (2015:1) is van mening dat dit normaal is vir kinders om soms te sukkel met besluitneming, maar dat dit noodsaaklik is om hierdie vaardigheid te bemeester.

## 8. **BESPREKING EN INTEGRASIE VAN BEVINDINGE**

Die bevindinge van hierdie studie het aangetoon dat die meerderheid deelnemers in die adolessente lewensfase is en dat dit in ag geneem moet word in alle aktiwiteite wat vir hierdie teikengroep beplan word. Sommige deelnemers bevind hulle in die middelkindjare fase en dit behoort ook in die beplanning in ag geneem te word. Die doelstelling van hierdie artikel fokus op 'n behoeftebepaling na die psigososiale omstandighede en behoefte aan lewensvaardighede van straatkinders. Baie adolessente sukkel om vaardighede soos die vorming van 'n eie identiteit, selfaanvaarding, effektiewe besluitneming, interpersoonlike verhoudings, beroepskeuse, konflikthantering en die hantering en aanvaarding van verantwoordelikheid onder die knie te

kry (Behr, Cilliers & Meyer 1996:84). Die navorser is van mening dat straatkinders hierdie oorgang na volwassenheid selfs moeiliker kan ervaar omdat hulle geen of min gesonde volwasse ondersteuningsisteme het nie en geneig is om hulleself te wend tot risikogedrag soos substansmisbruik, geweld, oneerlikheid en misdaad. Uit die navorsing is dit duidelik dat straatkinders 'n gebrek het aan basiese lewensvaardighede, wat hul effektiewe funksionering in die gemeenskap belemmer. Van die belangrikste lewensvaardighede wat die navorser vanuit die behoeftebepaling en die literatuur kon identifiseer, word vervolgens uiteengesit. Hierdie bevindinge behoort maatskaplike werkers en ander dissiplines van riglyne te voorsien wanneer programme met 'n fokus op lewensvaardighede vir straatkinders beplan word.

### **8.1 Selfkennis, selfvertroue en selfhandhawing**

Hierdie drie behoeftes kan saam aandag geniet, aangesien dit oor die persoon self handel, interafhanklik van mekaar is en mekaar wedersyds beïnvloed. 'n Eie identiteit kan ook hieraan gekoppel word. Die meeste van die deelnemers is in die fase van adolessensie en volgens Van Heerden (2015:21) is dit juis tydens hierdie lewensfase uiters belangrik om 'n eie identiteit te ontwikkel. Die vorming van 'n identiteit kan bydra tot 'n positiewe selfbeeld en selfvertroue bevorder (Louw & Louw 2014: 360; Zastrow & Kirst-Ashman 2016:336-337).

### **8.2 Interpersoonlike verhoudings en vertroue**

Die behoefte aan interpersoonlike verhoudings het herhaaldelik na vore gekom in die kwantitatiewe sowel as die kwalitatiewe bevindinge. Wedersydse vertroue loop hand aan hand met interpersoonlike verhoudings en kan in kombinasie behandel word. Dit is belangrik dat straatkinders geleer moet word hoe om positiewe verhoudings met ander te kweek. Kinders in die middelkindjare en adolessensie het 'n intense behoefte om iewers te behoort (Zastrow & Kirst-Ashman 2016:335-340). Vertroue in ander en positiewe interpersoonlike verhoudings is dus vir hulle baie belangrik (Louw & Louw, 2014:454). Interpersoonlike verhoudings is belangrik omdat dit die mens help om sy emosies en sosiale interaksies te reguleer (Van Heerden 2015: 70).

### **8.3 Hantering van emosies**

Die omstandighede waaraan straatkinders blootgestel word, maak dit belangrik dat hulle hanteringsmeganismes moet aanleer, veral om hulle in staat te stel om die verskillende emosies wat hulle ervaar beter te hanteer. Die behoefte aan hierdie vaardighede kom sterk na vore vanuit die bevindinge. Die literatuur bevestig dat kinders wat voorheen blootgestel was aan trauma en nie liefde en sorg van hul ouers ontvang het nie, moontlik kan sukkel om hul emosies te reguleer (Bademci et al. 2015:21; Louw & Louw 2014:439).

### **8.4 Toekomsbeplanning en besluitneming**

Nog 'n belangrike ontwikkelingstaak van kinders in die middelkindjare en adolessensie is om vir die toekoms te beplan (Zastrow & Kirst-Ashman, 2016:335-337). Die behoeftes aan toekomsbeplanning en beter besluitneming is herhaaldelik in die studie geïdentifiseer. Daar is besluit om hierdie twee vaardighede in die program in te sluit, asook om dit te kombineer en saam te hanteer.

## 8.5 Gesondheid en 'n gesonde lewenstyl

Die behoefte aan kennis oor gesondheid en die handhawing van 'n gesonde lewenstyl het by die kwantitatiewe sowel as die kwalitatiewe data na vore gekom. Literatuur bevestig ook die belangrikheid dat straatkinders ingelig moet word oor gesondheid en 'n gesonde leefstyl (Heineman & Ehrensaft 2006:24; Van Heerden 2015:85).

## 8.6 Kommunikasievaardighede

Die behoefte aan effektiewe kommunikasie het herhaaldelik na vore gekom vanuit die bevindinge. Effektiewe kommunikasie behoort straatkinders se psigososiale funksionering in die samelewing te bevorder (International Youth Foundation 2014:8; Thompson 2009:102).

## 8.7 Probleemoplossing en konflikhantering

Die behoeftes aan probleemoplossing en konflikhantering blyk duidelik uit die bevindinge. Dit is noodsaaklike vaardighede waarmee straatkinders toegerus behoort te word (International Youth Foundation 2014; Little 2015; Van Heerden 2015; Zastrow 2010).

## 8.8 Tydsbestuur

Die behoefte aan effektiewe tydsbestuur het in al die datastelle na vore gekom en word ook deur die literatuur as belangrik beskou (Atkinson 2008; Sasson 2015; Van Heerden 2015).

## 8.9 Finansiële bestuur

Die kwantitatiewe en kwalitatiewe data toon albei die behoefte aan finansiële bestuur by die deelnemers. Die literatuur bevestig ook dat kennis aangaande finansiële bestuur belangrik is vir straatkinders omdat hulle nooit geleer het om met geld te werk en te begroot nie (Atkinson 2008:195; OECD 2014:16).

## 8.10 Ander aangeleenthede

Afgesien van die behoeftes wat hierbo aangestip is, behoort straatkinders ook oor die gevare van die misbruik van middels ingelig te word, asook oor die voorkoming van MIV en ander oordraagbare geslagsiektes. Kinderregte is nog 'n aangeleentheid wat aandag behoort te geniet. Hierdie onderwerpe kan afsonderlik behandel word of by een van die bestaande onderwerpe ingesluit word.

## 9. SAMEVATTING

Hierdie studie het duidelik bevind dat die straatkinders by die TKJS kwesbaar is en 'n behoefte aan sekere lewensvaardighede het. Maatskaplike werkers en persone uit aanverwante dissiplines behoort hieraan aandag te gee in die beplanning van programme en intervensies wat daarop gemik is om straatkinders te bemagtig, hulle psigososiale omstandighede te verbeter en hulle in staat te stel om lewensuitdagings beter te hanteer. Vanuit die data wat ingesamel is, was dit duidelik dat die straatkinders se psigososiale omstandighede swak is en nie bevorderlik is vir

gesonde ontwikkeling nie. Baie van die kinders was blootgestel aan traumatiese ervarings by hul ouerhuise of op straat. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die deelnemers aan hierdie ondersoek sorg en beskerming nodig het, en dat daar gepoog moet word om in hul wye reeks behoeftes te voorsien. 'n Lewensvaardigheidsprogram vir straatkinders word in die vooruitsig gestel, om hulle met vaardighede te bemagtig en hul psigososiale funksionering in geheel te bevorder.

## BIBLIOGRAFIE

- Ashoka. 2004. Helping the street children of South Africa: Profile of Ashoka fellow David Fortune. <http://www.shareintl.org/achives/social-justice/sj-helping.htm> [8 Maart 2004].
- Atkinson, M. 2008. Aging out of foster care: Towards a universal safety net for former care youth. *Harvard Civil Rights/Civil Liberties Law Review*, 43:183-212.
- Altantis, P. & Goddard, J. 2004. Street children in contemporary Greece. *Children & society*, 18:299-311.
- Babbie, E. 2013. *The practice of social research*. 9th ed. Belmont: Wadsworth.
- Babbie, E. & Mouton, J. 2010. *The practice of social research*. Cape Town: Oxford University Press.
- Bademci, H.O., Karadayi, E.F. & De Zulueta, F. 2015. Attachment intervention through peer-based interaction: Working with Istanbul's street boys in a university setting. *Children and Youth Services Review*, 49:20-31.
- Barette, M.J. 1995. *Street children need our care*. Pretoria: Kagiso.
- Barker, R.L. 2014. *The social work dictionary*. 6th ed. Washington: NASW Press.
- Bedell, J.R. & Lennox, S.S. 1997. *Handbook for communication and problem-solving skills training: A cognitive-behavioral approach*. New York: Wiley & Sons.
- Behr, B., Cilliers, E. & Meyer, C. 1996. *Tieners in die kol: Opleiding aan gespreksgroepleiers*. Pretoria: Dikubeng.
- Benghait, L. 2002. Hoop vir Benoni se straatkinders. *Lig*, 67(1):34-35.
- Blaustein, M.E. & Kinniburgh, K.M. 2010. *Treating traumatic stress in children and adolescents: How to foster resilience through attachment, self-regulation, and competency*. New York: The Guilford Press.
- Bogatsu, P. 2015. Persoonlike onderhoud met maatskaplike werker by Thakaneng, Potchefstroom. [Datum van onderhoud: 25 Junie 2015].
- Bothma, K. 2010. *Trustworthiness in qualitative research*. Potchefstroom: North-West University, Department of Psychology.
- Botma, Y., Greeff, M., Mulaudzi, F.M. & Wright, S.C.D. 2010. *Research in health sciences*. Cape Town: Pearson Education.
- Brinkmann, S. & Kvale, S. 2008. Ethics in qualitative psychological research. In Willig, C. & Staiton-Rogers, W. (eds). *The Sage handbook of qualitative research in psychology*. Thousand Oaks, CA: Sage, pp. 263-279.
- Creswell, J.W. 2014. *Research design: Qualitative, quantitative & mixed methods approaches*. 4th ed. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Ennew, J. 2004. *Street and working children: A guide to planning*. London: Jacob Bowley Limited.
- Faul, A.C. 1995. Scale development in social work. Johannesburg: Rand Afrikaans University. (Dissertation - PhD).
- Faul, A.C. & Hanekom, A.J. 2007. *Ecometric assessment: An introduction*. Potchefstroom: Perspective Training College.
- Greenglass, E.R. & Fiksenbaum, L. 2009. Proactive coping and positive affect and well-being. *European Psychologist*, 14(1):29-39.
- Hanbury, C. 2002. *Life skills: An active learning handbook for working with street children*. Malaysia: Macmillan.
- Hargie, O. 2006. *The handbook of communication skills*. London: Routledge.
- Hassim, T. & Herbst, A. 2016. Strengths-based interventions in trauma counselling. (In Herbst, A. & Reitsma, G. *Trauma Counselling: Principles and Practice in South Africa today*. Cape Town: Juta, pp. 205-230).

- Heinemann, T.V. & Ehrensaft, D. 2006. *Building a home within: Meeting the emotional needs of children and youth in foster care*. Baltimore: Paul Brooks Publishers.
- Idemudia, E.S., Kgokong, K. & Kolobe, P. 2013. Street children in Mafikeng, North West Province: A qualitative study of social experiences. *Journal of Social Development in Africa*, 28(1):162-164.
- International Youth Foundation. 2014. Strengthening life skills for youth: A practical guide to quality programming. [https://www.s4ye.org/agi/pdf/Project\\_Design/Strengthening\\_Life\\_Skills\\_For\\_Youth.pdf](https://www.s4ye.org/agi/pdf/Project_Design/Strengthening_Life_Skills_For_Youth.pdf) [25 September 2015].
- Kaime-Atterhog, W. & Ahlberg, B.M. 2008. Are street children beyond rehabilitation? Understanding the life situation of street boys through ethnographic methods in Nakuru, Kenya. *Children and Youth Services Review*, 30:1345-1354.
- Kit, L. 2004 *Street children: Overview* <http://www.kit.nl/specials/html/scstreetchildren> [13 August 2012].
- Lefeh, N.R. 2008. South African government responses to the plight of street children: An analysis of policy development and implementation in Johannesburg. Johannesburg: University of Witwatersrand. (Dissertation - MA).
- Lewis, H.P. 2004. *Also Gods children: Encounters with street children*. Cape Town: Ihilihili Press.
- Little, E. 2015. *Problem-solving with teenagers*. [http://raisingchildren.net.au/articles/problem\\_solving\\_teenagers.html](http://raisingchildren.net.au/articles/problem_solving_teenagers.html) [25 September 2015].
- Louw, D.A. & Louw, A.E. 2014. *Die ontwikkeling van die kind en adolessent*. 2de uitg. Boemfontein: Psychology Publication.
- Louw, S. 2008. 'n Ekologiese perspektief op die straatkindverskynsel. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif-PhD).
- Malindi, M.J. & Theron, L.C. 2010. The hidden resilience of street youth. *South African Journal of Psychology*, 40(3):318-326.
- Ministry of Youth Development (New Zealand). 2015. *Youth participation in decision-making*. <http://www.myd.govt.nz/working-with-young-people/youth-participation-in-decision-making/index.html> [27 September 2015].
- Mitchell, K., Nyakake, M. & Oling, J. 2007. How effective are street youth peer educators? Lessons learned from an HIV/AIDS prevention programme in urban Uganda. *Health education*, 107(4):364-375.
- Motale, S. & Smith, I. 2003. Exposed to risk: Girls and boys living on the streets. *Agenda*, 17(56):62-72.
- Mufune, P. 2000. Street youth in Southern Africa. *International Social Science Journal*, 52(164):233-243.
- Mukherjee, N. 2005. *Towards evolving a rights-based participatory monitoring tool for sustainable human development and reduction of vulnerability of street children in urban South Asia*. Paper presented at UNICEF-New School University, New York. <http://www.streetchildren.org.uk/reports/Conference%20%20Children%20and%20Poverty%20-%20> [25 April 2005].
- Nelson Mandela Children's Fund. (2006). Report on multiple vulnerabilities: Qualitative data from the study of orphans and vulnerable children in South Africa. Pretoria: Nelson Mandela Children's Fund.
- Nieuwenhuis, J. 2007. Qualitative research designs and data gathering techniques. In Maree, K. (ed). *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik, pp. 69-97.
- OECD. 2014. *Financial education for youth: The role of schools*. Paris: OECD Publishing.
- Panday, S., Makiwane, M., Ranchod, C. & Letsoalo, T. 2009. *Teenage pregnancy in South Africa: With a specific focus on school-going learners*. Pretoria: Department of Basic Education.
- Paswin. 2000. *Computer software*. Potchefstroom: Perspective Training College.
- Pearce, J.J. 2009. *Young people and sexual exploitation: It's not hidden, you aren't looking*. New York: Routledge.
- Plowright, D. 2011. *Using mixed methods: Frameworks for an integrated methodology*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Poggenpoel, M. 1998. Data analysis in qualitative research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpoit, C.S.L. (eds). *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik, pp. 334-353.
- Potgieter, M.C. 1998. *The social work process: Development to empower people*. South Africa: Prentice Hall.

- Richter, L.M. 1991. Children living and working in the street in South Africa: Children living and working in the street in rich and poor countries. *Child Care Worker*, 9:5-7.
- Richter, L.M. & Van der Walt, M. 2003. The psychological assessment of South African children living and working in the street. *Children, Youth and Environments*, 13(1):11-19.
- Rubin, A. & Babbie, E. 2011. *Research methods for social work*. Belmont: Brooks/Cole.
- Saleebey, D. 2013. *Strengths perspectives in social work practice*. 6th ed. University of Kansas: Pearson.
- Sasson, R. 2015. *Success consciousness mental tools for a great life. Importance of time management*. <http://www.successconsciousness.com/blog/time-management/importance-of-time-management/> [26 September 2015].
- Saxe, G.N., Ellis, B.H. & Kaplow, J.B. 2007. *Collaborative treatment of traumatized children and teens*. New York: Guilford Press.
- Schimmel, N. 2006. Freedom and autonomy of street children. *The International Journal of Children's Rights*, 14(3):211-234.
- Schore, J.R. & Schore, A.N. 2008. Modern attachment theory: The central role of affect regulation in development and treatment. *Clinical Social Work Journal*, 36(9):9-20.
- Schultz, R. 2002. *In the best interest of a child: A practical model*. Pretoria: Christelike Maatskaplike Raad.
- Schurink, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpoit, C.S.L. (eds). *Research at grassroots for the social sciences and human service professions*. 4<sup>th</sup>ed. Pretoria: Van Schaik, pp. 397-423.
- Scott, M. 1994. The motivation to learn with special reference to squatter and street children. *Paidonomia*, 18(2):24-33.
- Semeelo, M. 2015. Persoonlike onderhoud met die hoof van Thakaneng, Potchefstroom. [Datum van onderhoud: 25 Junie 2015].
- Serrok, B. 2006. *Microfinance and street children: is microfinance an appropriate tool to address the street children issue?* Brussels: Free University of Brussels. (Thesis-PhD.).
- Shaw, G.B. 2001. *Street children – Community children*. <http://www.pangaea.org/streetchildren/kids.htm> [30 July 2010].
- Shook, J.J. & Finn, J.L. 2009. *Childhood, youth and social work transformation: Implications for policy & practice*. New York: Columbia University Press.
- South Africa. 2005. *Children's Act no 38 of 2005*. Pretoria: Government Printers.
- South Africa. 1998. *Street children Act, 16 of 1998*. Pretoria: Government Printers
- Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service profession. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpoit, C.S.L.(eds). *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik, pp. 113-130.
- Strydom, I. 1994. Besluitnemingsvaardighede: 'n Sielkundige-andragogiese perspektief. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling-MA).
- Tartakovsky, M.S. 2015. *Techniques for teens: How to cope with your emotions*. <http://psychcentral.com/blog/archives/2013/07/20/techniques-for-teens-how-to-cope-with-your-emotions/> [27 September 2015].
- Thakaneng Kinder- en Jeugsorgsentrum. 2014. Besigheidsplan 2013/2014. Potchefstroom. [Ongepubliseer].
- Thyer, B. 2010. *The handbook of social work research methods*. Los Angeles: SAGE, pp. 612-616.
- Thoburn, J., Chand, A. & Procter, J.2008. *Foster children's emotional needs: Child welfare services for minority ethnic families: The research reviewed*. London: Jessica Kingsley.
- Thomas, N. 2005. *Social work with young people in care*. New York: Palgrave Macmillan.
- Thompson, N. 2009. *People skills*.3rd ed. New York: Palgrave Macmillan.
- Tolfree, D. K. 2003. *Community based care for separated children*. Stockholm: Save the children Sweden.
- Tracy, B. & Tracy-Stein, C. 2012. *Kiss that frog: 12 great ways to turn negatives into positives in your life and work*. San Francisco: Berett-Koehler.
- UNDP. 2000. *Human development report*. <http://undp.org> [8 June 2010].
- UNICEF. 2002. *State of the world's children 2002: Child participation*. New York: UNICEF.
- Van Heerden, E. 2005. *Life skills: My journey, my destiny*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Heerden, E. 2015. *Life skills: My journey, my destiny*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik.



- Van Rooyen, L. & Hartell, C.G. 2002. Health of street child: The relationship between life-style, immunity and HIV/AIDS: A synergy of research. *South African Journal of Education*, 22(3):188-192.
- Volpi, E. 2003. Children living and working in the street: Promising practices and approaches. *Child, Youth and Environments*, 13(1):1-30.
- Ward, C.L. 2007. Monitoring the well-being of street children from a rights perspective. In Dawes, A., Bray, R. & van der Merwe, A. (eds). *Monitoring child well-being: A South African rights-based approach*. Pretoria: HRSC Press, pp. 233-246.
- Wargan, K. & Dreshem, L. 2009. *Don't call me a street child: Estimation and characteristics of urban street children in Georgia*. [http://pdf.usaid.gov/pdf\\_docs/Pnado657.pdf](http://pdf.usaid.gov/pdf_docs/Pnado657.pdf) [15 February 2016].
- Weiten, W. 2007. *Psychology themes and variations*. 7th ed. Belmont, Calif.: Thomson Wadsworth.
- Wexler, L.P. 2008. Street children and U.S. immigration law: What should be done: *Cornell International Law Journal*, 41(2):545-575.
- Zastrow, C. 2010. *Introduction to social work and social welfare: Empowering people*. 9th ed. New York: Thompson Brooks/Cole.
- Zastrow, C. 2014. *Introduction to social work and social welfare: Empowering people*. 11th ed. Canada: Brooks/Cole Cengage Learning.
- Zastrow, C. & Kirst-Ashman, K. 2016. *Understanding human behavior and the social environment*. Tenth edition. Boston: Cengage Learning.

# Afrikaans en Musiek. Kantaantekeninge van iemand wat aan die kant teken

*Afrikaans and Music. Notes from the Sideline*

WINFRIED LÜDEMANN

Departement Musiek

Universiteit van Stellenbosch

E-pos: wl@sun.ac.za



Winfried Lüdemann

WINFRIED LÜDEMANN is 'n emeritus professor in Musiekwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch en voormalige voorsitter van die Departement Musiek. Hy het wyd en oor 'n verskeidenheid onderwerpe gepubliseer, insluitend Suid-Afrikaanse musiek en 'n biografie oor die Duitse komponis Hugo Distler (Augsburg, 2002). Sy lewendige belangstelling in Afrikaanse musiek berus in gelyke mate op wetenskaplike betrokkenheid en praktiese ervaring as komponis.

WINFRIED LÜDEMANN is an emeritus professor of Musicology at Stellenbosch University and former chair of the Department of Music. He has published widely on a diverse range of topics, including South African music and a biography of the German composer Hugo Distler (Augsburg, 2002). His keen interest in Afrikaans music derives in equal measure from scholarly engagement and practical experience as composer.

## ABSTRACT

### *Afrikaans and Music. Notes from the Sideline*

*Against the backdrop of ever present questions about the role of Afrikaans in the current South African context various aspects of the relationship between Afrikaans and music are examined. To begin with, the article argues for the recognition of vocal music as a distinct linguistic domain. As the intersection between musical and linguistic forces, it is a domain that functions according to principles that differ from those present in the domains of spoken language, and which are the subject of general or sociolinguistics. To illustrate this point, a general overview of the genres and compositional techniques of vocal music is provided, from medieval times up to the present. The specifically musical characteristics of the Afrikaans language are then examined and compared to those of other languages. These include aspects such as the sound and pronunciation of phonemes, principles of accentuation and characteristics of pitch distribution. They represent musical potential which can be exploited by composers if they are sensitive to such characteristics in the language they are setting to music. They are also of interest to singers. The various challenges of setting specifically Afrikaans texts to music are highlighted. It is asked whether a century of much celebrated Afrikaans literature, including*

*the Afrikaans translation of the Bible and the Afrikaans hymnal, has resulted in an equivalent repertoire of music. Regrettably, the overall yield is quite low, despite a number of significant contributions to the art song genre by foremost composers like Arnold van Wyk and Hubert du Plessis. Consequently, it is argued that the remarkable flowering of Afrikaans literature over this period did not lead to a concomitant production of vocal music, least of all in the area of choral music. In addition, it is shown that those composers who have produced vocal music prefer the work of poets of the older generations, and it is asked why the work of younger poets generally is not considered to have the same musical potential or to generate the same degree of musical interest. Moreover, it seems that in the minds even of intellectuals who profess to have a love for Afrikaans and have a stake in its continued existence as a language of culture, the natural musical manifestation of their language is to be found in popular music. It is lamented that the presence of Afrikaans in the genres of art song and choral music does not feature more prominently in the consciousness of speakers of the language and that composers do not provide them with sufficient suitable material to change the imbalance. An overview of the relatively small repertoire of published secular and sacred Afrikaans choral music is provided and its stylistic traits are examined. The focus is on collections of choral music published by official cultural and church organisations, because these can be seen to be broadly representative of the membership of their respective organisations. It is found that, on the whole, this repertoire of choral music is quite limited in scope as far as stylistic techniques are concerned. In the majority of examples composers do not go beyond simple arrangements of existing hymns or songs and even less do they venture into tonal territory beyond that of nineteenth-century conventions. This goes to show that composers of choral music have not yet fully realised and exploited the potential of setting Afrikaans words to music, least of all in the musical vocabulary of our time. By contrast, the current vibrant interest in choral singing amongst many young South Africans of all cultures is mentioned. This bodes well for the future of the genre. It also provides opportunities for social and cultural interaction amongst the participants and for experimentation in concert programming. Conductors, composers, organisers and sponsors should seize this opportunity to create a culture of Afrikaans choral music that can add a worthy voice to the cultural diversity of South Africa.*

**KEY TERMS:** Afrikaans, language domains, linguistics, intersection between language and music, choral music, art song, genres of vocal music, Afrikaans music, cultural diversity

**TREFWOORDE:** Afrikaans, taaldomeine, taalwetenskap, kruispunt tussen taal en musiek, koormusiek, kunslied, genres van vokale musiek, Afrikaanse musiek, kulturele diversiteit

## OPSOMMING

Teen die agtergrond van vrae oor die toekoms van Afrikaans stel hierdie artikel vokale musiek as 'n eie "bestaansdomein" van taal aan die orde. Die spesifiek musikale kenmerke van Afrikaans in vergelyking met ander tale word ondersoek asook die implikasies daarvan vir die komponis van Afrikaanse musiek. 'n Kritiese oorsig word verskaf oor toonsettings van Afrikaanse tekste van die afgelope eeu, veral wat kunsliedere met klavierbegeleiding en verwerkings van Psalms en Gesange betref. Die betekenis van die huidige opbloei van koormusiek in Suid-Afrika word geskets en 'n pleidooi word gelewer dat koormusiek erken word as 'n belangrike domein waarin Afrikaans as kultuurtaal bestaan.

## Persoonlike woord vooraf

Hierdie artikel word geskryf vanuit die perspektief van 'n nie-Afrikaanssprekende buitestander wat van die kantlyn af na ontwikkelinge rondom Afrikaans kyk. As geleentheidskomponis het ek 'n aantal beskeie bydraes tot Afrikaanse koormusiek gelewer en ek het in hierdie verband baie besin oor die musikale potensiaal van die Afrikaanse taal in vergelyking met ander tale waarin ek ook gekomponeer het. Teen my aanvanklike vooroordeel in het Afrikaans my as musiektaal toenemend begin fassineer. Ek het agtergekom dat die potensiaal daarvan as taal vir koormusiek nog nie behoorlik ontdek en ontgin is nie. Dit is hoe die titel van hierdie artikel verstaan moet word.

## INLEIDING

Die konteks waarbinne enige gedagtewisseling oor Afrikaans vandag moet plaasvind is die uiteenlopende kragte wat in ons huidige tyd en samelewing op die taal inwerk. Hierdie kragte sluit in (sonder aanspraak op volledigheid):

- onlangse besluite deur historiese Afrikaanse universiteite om Engels as akademiese verstektaal te vestig. Dit beteken dat die voortbestaan van Afrikaans as akademiese taal in gedrang is;
- pogings van Afrikaans om weg te breek van sy beeld as taal van die onderdrukker en die soeke na 'n nuwe en vrye identiteit binne 'n kultureel diverse samelewing. Hierdie nuwe vryheid beteken dat Afrikaans nie meer in die kele van nie-Afrikaanssprekendes afdwing sal word nie. Dié twyfelagtige eer kom nou weer Engels toe, soos onlangse gebeure rondom haarstyl en taalpraktyk by vooraanstaande Engelse skole getoon het;
- pogings om Afrikaans los te maak van die heerskappy van selfaangestelde kultuurbase en “taalbulle” en om meer erkenning te gee aan die volle verskeidenheid van gebruikers van die taal;
- die spanning tussen die aanspraak van Afrikaans om as 'n inheemse taal van Afrika erken te word, maar om terselfdertyd as brug tussen Europa en Afrika te dien. Onlangse oproepe tot dekolonisering dryf dié spanning op die spits;
- demografiese verskuiwings met uiters verreikende gevolge vir die natuurlike aanwas van Afrikaanssprekendes. Hier verwys ek na emigrasie asook verengelsing van groot dele van die voorheen Afrikaanssprekende bevolking.

Die gevaar by al hierdie tendense is dat Afrikaans sy status as kultuurtaal sal verloor en slegs nog as 'n omgangstaal gebruik sal word. Afrikaans as kultuurtaal is die fokuspunt van hierdie artikel.

## HOOFDEEL

Vir die hierop volgende redenasie rondom taal en musiek word die konsep van taaldomeine aan die orde gestel.<sup>1</sup> Dié konsep word gebruik om na verskillende **bestaans-** en **gebruiks-**domeine van taal te verwys, byvoorbeeld omgangstaal, akademiese taal, administratiewe taal, besigheidstaal, die taal van regspraak, die taal van godsdiens en teologie, ens. Dit gaan dus om die **bestaan** (of in die huidige konteks: die voortbestaan) van 'n taal en hoe dit in hierdie verskillende domeine manifesteer. Elkeen van die domeine word onderskei deur 'n bepaalde woordeskat en gebruikskonvensies. Dat die koppeling tussen taal en musiek eweneens 'n domein is waarin taal bestaan, word selde in navorsing gereflekteer.

Gesonge taal het te alle tye en in alle kulture 'n belangrike bestaansdomein van taal verteenwoordig, vanaf die eenvoudigste volksliedjie of die mees spontane religieuse uitroep of towergeprewel tot by die mees verheve vokale kunsmusiek. Trouens, in die evolusie van die vroegste mense was woord en klank, taal en musiek waarskynlik onlosmaaklik aan mekaar gekoppel, dalk selfs een en dieselfde verskynsel.<sup>2</sup> Maar selfs al beskou ons taal en musiek vandag as afsonderlike kommunikasievorme, verteenwoordig vokale musiek 'n uitdrukkingsvorm waarin albei 'n aandeel het. Dit vorm 'n kruispunt waar die eiesoortige kragte op mekaar inwerk en iets genereer wat meer is as die som van sy dele. Dit is 'n interessante uitdaging om die aard van hierdie kragte en hulle verhouding tot mekaar te probeer verstaan.

Maar eers 'n paar algemene opmerkings om te wys hoe die musikale taaldomein 'n plek is waar taal 'n bestaan het wat anders is as dié van gesproke taal. 'n Interessante voorbeeld hiervan is dat musiek 'n belangrike aandeel het in die huidige voortbestaan van die uitgestorwe taal Latyn, omdat dit in gesonge vorm aan baie mense bekend is, al het hulle nooit Latynonderrig ontvang nie. Dit is verder interessant dat Afrikaanse komponiste van vokale musiek vandag dikwels Latynse tekste toonset, sodat hulle musiek as neutraal beskou kan word, en vir alle kultuurgroepe ewe aanvaarbaar kan wees en terselfdertyd die bagasie wat Afrikaans nog met hom dra, kan ontkom. 'n Derde voorbeeld: wie sou vandag nog van die Duitse digter Wilhelm Müller (1794–1827) en sy poëtiese wêreld weet as dit nie was vir die aangrypende toonsettings van Franz Schubert (1797–1828) nie? Vokale musiek verteenwoordig dan ook een van die domeine waarin die Afrikaanse taal sy bestaan het. So leef voorbeelde van outydse of streeks-Afrikaans tot vandag toe nog voort in talle van die liederwysies. Dink maar aan woorde soos “O beskerm my deur u Almag as die kwade my genaak”, wat in die *Magaliesburgse Aandlied*

<sup>1</sup> In algemene taalwetenskap word die konsep van taaldomeine veral gekoppel aan die werk van Joshua Fishman. Hudson (1980: 78) beskryf dit soos volg: “... domains are congruent combinations of a particular kind of speaker and addressee, in a particular kind of place, talking about a particular kind of topic.” Vgl. ook Spolsky (1998: 34 en 122). Besinning oor die voorkoms van “sublanguages” as “restricted semantic domains” kan in Kittredge en Lehrberger (1982) gevind word. In die inleiding tot hierdie boek skryf hulle: “The idea of a sublanguage as part of a natural language, with a grammar of its own, was developed in a systematic way by Zellig Harris [...] This notion of sublanguage is like that of *subsystem* in mathematics. Harris argues that although the set of sentences in a sublanguage is a subset of the set of sentences in the whole language, the grammar of the sublanguage is not necessarily included in the grammar of the whole language; rather the two grammars intersect” (1). Die begrip taaldomein soos wat dit in die huidige artikel aanwending vind, sluit by dié van Fishman en Kittredge & Lehrberger aan, sonder om daarmee identies te wees. Veral die idee dat die wetmatighede in 'n taaldomein anders kan wees as dié van die taal as geheel sal in hierdie artikel verder ontwikkel word.

<sup>2</sup> In Engels word die term “musilanguage” graag in dié verband gebruik (sien Brown 2000). Steven Mithen (2005) wy selfs 'n hele boek aan hierdie onderwerp.

voorkom. Soortgelyke uitdrukkings sal in sogenaamde Maleier- of Griekwamusiek behoue gebly het. Om saam te vat: vokale musiek verteenwoordig 'n bestaansdomein van taal wat vanuit 'n taal- asook musiekwetenskaplike perspektief 'n interessante navorsingsterrein is. Dit geld spesifiek ook vir 'n besinning oor Afrikaans en musiek.

Vervolgens word enkele aspekte van die kruispunt tussen taal en musiek sistematies bespreek, voordat meer oor Afrikaans en musiek gesê word, naamlik: die verskillende genres waarin vokale musiek neerslag vind, die spesifieke verhouding tussen woord en toon in sodanige komposisies en die spesifieke vormkragte wat in hierdie verband ter sprake is.

Sonder aanspraak op volledigheid kan die volgende **genres** in hierdie verband genoem word: Eerstens seker die volkslied, gevolg deur die geestelike of kerklied. Gedurende die 16<sup>de</sup> en 17<sup>de</sup> eeue was die madrigaal die belangrikste vorm van sekulêre musiek in Europa. In die genre van opera (maar ook in gewyde musiek soos kantate en oratorium) word tradisioneel tussen resitatief en aria onderskei. Die Italiaanse taal en opera word sodoende feitlik sinoniem. In Duitsland word gedurende die 19<sup>de</sup> eeu die kunslied met klavier- en later met orkesbegeleiding geskep en verteenwoordig die natuurlike en vanselfsprekende musikale neerslag van die Duitse liriese poësie van daardie eeu. In die 20<sup>ste</sup> en 21<sup>ste</sup> eeue is dit die (hoofsaaklik) Anglo-Amerikaanse populêre lied in sy vele fasette (van ligte pop- tot sosiaal-kritiese rockmusiek) wat wêreldwye aanklank vind. Ander voorbeelde is motette, toonsettings van die mis, koraalverwerkings, ensemble-liedere, volksliedverwerkings en later die 20<sup>ste</sup>-eeuse koorlied. Vanweë sy kort geskiedenis word Afrikaans in slegs enkele van hierdie genres verteenwoordig.

Wanneer dit by die **woord-toon-verhouding** in vokale musiek kom het komponiste oor die eeue heen 'n uitgebreide en hoogs gedifferensieerde repertoire van tegnieke ontwikkel om woorde in al hul nuanses van klank en ritme te toonset, te harmoniseer, te interpreteer, uit te beeld, te deklameer, te simboliseer of met instrumentale begeleiding aan te vul of in te klee. Musiektegnieke strek vanaf eenstemmigheid, elementêre meerstemmigheid en noot-teen-noot koraalstyl tot by die mees komplekse polifonie, meerkorigheid of – in ons tyd – koorimprovisasie en die benutting van die toevalselement. Alle kleur- of timbreoontlikhede van die mensestem word ontdek en ontgin, vanaf die mees welklinkende en natuurlike *bel canto*, via die kunsmatige castratostem tot by botoonsang of stemverwringing in soul- en rockmusiek. Selfs elektroniese manipulasie van die stemtimbre word in eietydse komposisies aangewend. Elkeen van hierdie tegnieke ontgin spesifieke botoonsamestellings waartoe die stem in staat is. Dit is potensiaal wat in gesproke taal nie ontgin word nie.

'n Verdere kwessie is die uiteenlopende **vormkragte** wat in taal en musiek werksaam is. Die twee is selde in volkome balans. In strofiese volks- of kerkliedere, in die Gregoriaanse *cantus*, in die Bybelse psalms, in liturgiese resitatief of in die operaresitatief is musikale vormkragte aan dié van die teks ondergeskik.<sup>3</sup> Daarenteen voer musikale vormkragte byvoorbeeld in die (da capo-) aria in operas of oratoria die botoon. Die motet of die kunslied kan iewers tussenin geplaas word. In die eersgenoemde gevalle bly die sintaktiese struktuur van die teks onaangetaas. Maar in die ander geval kan die sintaksis 'n omvorming ondergaan wat in gesproke taal nie gebruiklik is nie. Die beginsels van goeie vorming en verstaanbaarheid van sinne, wat byvoorbeeld deur middel van teorieë soos “generative” en “universal grammar” verklaar word, word dan opgehef of maak nie meer saak nie. Samehang en verstaanbaarheid word nou deur die vereistes van “musikale sintaksis” (= musiekvorm) geskep. Die mees

<sup>3</sup> In die geval van strofiese liedere kan die teenoorgestelde verhouding ook geld: as die melodie vir die eerste strofe ontwerp is, maar onveranderd vir die ander strofes herhaal word, kan dit soms tot verkeerde aksentuering in die latere strofes lei.



ooglopende voorbeeld hiervan is die soms oordadige herhaling van woorde of sinsnedes, wat vergeleke met die gesproke taal selfs alle retoriese uitbreiding ver oorskry. In die aria “Rejoice greatly, o daughter of Zion” uit G.F. Händel (1685–1759) se *Messiah* word die woord “rejoice” in geheel sestien keer herhaal, terwyl daar vanaf maat 20 ’n melisma<sup>4</sup> met 49 note op die lettergreep “-joice” gesing word. In sy dubbelkorige motet *Der Geist hilft unsrer Schwachheit auf* gun J.S. Bach (1685–1750) homself meer as 40 mate om hierdie ses woorde uit te komponeer. In hierdie seksie kom die woorde “Der Geist hilft” alleen in die sopraanparty van Koor I tien keer voor. Ook hy maak van melismatiese verlenging van ’n enkele lettergreep gebruik. Heel aan die begin van die werk word die woord “Geist” in die sopraan van Koor I byvoorbeeld uitgereek oor nie minder nie as 25 note. Na aanleiding van hierdie voorbeelde kan beweer word dat komponiste soos Händel en Bach die stem, ten spyte van hulle fyn aanvoeling vir waartoe hierdie menslike orgaan in staat is, eintlik maar soos ’n instrument gebruik en die teks heeltemal aan musikale vormkragte onderwerp. In teenstelling tot Mendelssohn se klavierstukke getiteld *Liedere sonder woorde*, sou Bach se motet as ’n *concerto met woorde* beskryf kon word.

In meerstemmige verband word die sintaktiese ordening van taal aan nog verdere wysigings onderwerp. So gebeur dit dat (soos in die genoemde motet van Bach) in die styl van 16<sup>de</sup>-eeuse meerstemmige vokale musiek, waar die stemme een na die ander in nabootsing van mekaar inval, verskillende dele van dieselfde sin gelyktydig gehoor kan word. In Adrian Willaert (1480–1562) se motet *Ave Regina coelorum* byvoorbeeld verskyn die vier kanonies nabootsende stemme in die volgende rangskikking:

Canon duorum temporum fuga in Subdiapente 5

Ad longum

A - ve Re - gi - na coe - lo - rum, coe - lo - rum Ma - rum

### Notevoorbeeld 1

Adrian Willaert: Motet *Ave Regina coelorum* (Fellerer 1965:31)

Die sintakties sinvolle volgorde van woorde, wat in gesproke taal essensieel is, word dus deur die musiek buite werking gestel. Dit is juis hierdie veelstemmige “gelyktydigheid van die opeenvolgende”, die opskorting van chronologiese volgorde – en wat op sigself dalk as afbeelding van die transendente sfeer of die ewigheid vertolk kan word – wat tydens die Konsilie van Trente (1545–1563) in die Rooms-Katolieke kerk tot weerstand teen die “onverstaanbare” komplekse polifonie van die musiek van die Renaissance gelei het.

’n Ander voorbeeld van musiek waarin die gewone konvensies van verstaanbaarheid van taal opgehef word, kom voor in gevalle waar verskillende tekste gelyktydig aangebied word. Dit word met groot vrug in opera aangewend en is ’n kunsgreep wat ten doel het om verwardheid of teenstrydigheid tussen persone so aan te bied dat linguistiese onverstaanbaarheid maar

<sup>4</sup> ’n Reeks note op ’n enkele lettergreep.

musikale sinvolheid tot stand kom. Verteenwoordigend van die ontelbare voorbeelde is die beroemde sekstet in die derde bedryf van W.A. Mozart (1756–1791) se opera *Die huwelik van Figaro*. Die verskillende emosies wat by die betrokke karakters tot uitdrukking kom wanneer die identiteit van die hoofkarakter Figaro se werklike ouers onverwags openbaar gemaak word, word deur die komponis treffend saamgesnoer tot 'n komplekse musiekensemble.

Dergelike jukstaposisie kan ook aangewend word om een teks kommentaar te laat lewer op 'n ander een. In die grootskaalse openingskoor van J.S. Bach se Matteuspassie lewer die sopraanparty kommentaar (“O Lamm Gottes unschuldig ...”) op die koor se woorde “Kommt, ihr Töchter, helft mir klagen ...”. Hierdie werk word gewoonlik as 'n voorbeeld van meesterlike kontrapunt voorgelê, maar vanuit die perspektief hier ter sprake, naamlik dié van vokale musiek as taaldomein, wys dit hoe tekste met verskillende betekenisse op die basis van 'n musikaal samehangende struktuur (in hierdie geval dié van kontrapunt) in verband met mekaar gebring kan word. Die gewone taalkundige sintaksis word hier dus met musikaal-strukturele beginsels aangevul of oorkoepel om 'n betekenis aan die woorde te gee wat hulle andersins nie sou hê nie.

Die isoritmiese motet van die dertiende-eeuse Franse Ars Nova neem hierdie tekstuele pluraliteit tot die uiterste. In Guillaume de Machaut (1300–1377) se motet *S'il estoit nulz/ S'amours tous amans joir/Et gaudebit cor vestrum* verskyn die volgende Franse en Latynse tekste gelyktydig in die driestemmige tekstuur van die komposisie (hier saam met 'n Engelse vertaling, volgens Davison en Apel 1949: 245):

*S'il estoit*: If there is anyone who should complain of harm received from love, I should indeed complain without restraint ...

*S'amours*: If love were to make every lover rejoice at the beginning, he would lessen his worth, for no lover would have the great pleasure that one enjoys in serving a lady of honour ...

*Et gaudebit cor vestrum*: And your hearts shall be glad.

Die derde stem verwys na die godsdienstige Latynse *clausula* vir die fees van Hemelvaart, gebaseer op Johannes 14, 18: *Non vos relinquam orphanos, vado et venio ad vos et gaudebit cor vestrum* (Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe [en julle harte sal bly wees]).<sup>5</sup>

*S'il estoit nulz*

ET GAUDEBIT COR VESTRUM

## Notevoorbeeld 2

Guillaume de Machaut: Motet *S'il estoit nulz / S'amours tous amans joir / Et gaudebit cor vestrum* (Davison & Apel 1949: 44)

<sup>5</sup> Verdere bespreking hiervan kan gevind word in Baltzer (1997). Die vertaling wat hier aangebied word is gebaseer op dié bron.

In hierdie voorbeeld gaan dit dus nie net om tekste met heeltemal uiteenlopende betekenis nie, maar ook om verskillende tale. Boonop word die grens tussen die geestelike en sekulêre verwysingsfere opgehef.

Die musikaal gelyktydige teenwoordigheid van verskillende uitsprake in verskillende tale kan ook die doel hê om politieke protes, kulturele diversiteit of kulturele versoening te verwoord en te toonset. Van die legio voorbeelde hier ter sprake sou die musiek van Johnny Clegg en die groepe *Juluka* en *Savuka* uitgesonder kon word, spesifiek 'n lied soos *Asimbonanga*.<sup>6</sup>

Karlheinz Stockhausen (1928–2007) eksperimenteer in sy deels elektroniese werk *Gesang der Jünglinge* (1965, gebaseer op 'n apokriewe lofgesang van die drie jong mans in die vuuroord in Daniël 3) met die suiwer klankmatige aspekte van die mensestem en taal en met verskillende grade van verstaanbaarheid daarvan. Plek-plek bly net nog die foneme van die woorde oor. Van taal as 'n sintakties samehangende en semanties sinvolle ordening van woorde bly slegs nog die klank van die mensestem oor.

Musici ontgin hierdie veelvuldige moontlikhede van hoe om taal te toonset al vir eeue lank en die beskrywings hierbo is vir iemand wat met musiekgeskiedenis vertrou is, niks nuuts nie. Die rede waarom dit hier nogtans uitgelig word, is om aan te toon dat die musikale taaldomein deur beginsels, moontlikhede en konvensies gekenmerk word wat meer kompleks is as dié van taal sonder musiek en dus vanuit beide 'n taal- en musiekwetenskaplike oogpunt 'n vrugbare terrein van ondersoek kan wees.

Hierdie oorwegings word vervolgens op Afrikaans as musikale taaldomein toegepas. Hoe lyk hierdie domein, watter vrae bring dit na vore en watter kwessies verdien verdere ondersoek?

Ten eerste die kwessie van die singbaarheid van Afrikaans. Dit is bekend dat sommige tale makliker sing as ander. Dit het te make met die foneme, die timbre en die aksentuering wat eie is aan 'n taal, en hoe dit verklank word in die toonsetting. Italiaans word dikwels vanweë sy stemplasing en die suiwer fonetiese klinkers voorgehou as die mees natuurlike musikale taal. isiZulu is seker nog 'n beter voorbeeld. Afrikaans sing daarenteen moeiliker. Afgesien van die stemplasing agter in die keel, wat 'n relatief donker timbre tot gevolg het, en die musikaal onaantreklike keelklanke, bied die talle diftonge vir sangers 'n aansienlike uitdaging. Vooraanstaande koordirigente soos Philip McLachlan en Acáma Fick ontwikkel dan ook 'n vorm van Afrikaanse uitspraak vir hulle kore wat hierdie natuurlike nadele oorkom deur die uitspraak van woorde te verplaas vanuit die keel na voor in die mond, sodat die foneme 'n ligter kleur kry.<sup>7</sup>

'n Verdere kwessie is die eienskappe van ritme, aksentuering en toonhoogte wat kenmerkend is van 'n taal en ter sprake moet kom wanneer daar oor die verhouding tussen taal en musiek nagedink word. Breedweg kan daar tussen tonale en nie-tonale tale onderskei word. Vir die doel van hierdie ondersoek sal by die verhouding tussen nie-tonale tale en musiek volstaan word, omdat Afrikaans 'n voorbeeld van 'n nie-tonale taal is. Thrasybulos Georgiades het in sy baanbrekende studie *Musik und Sprache* (Engels: *Music and Language* 1982) sommige aspekte van hierdie verhouding ondersoek en uitgewys dat 'n taal se individuele eienskappe telkens tot eiesoortige verklankings lei, wat verreikende musikale gevolge kan hê. Om te kyk hoe sy gedagtes op Afrikaans toegepas kan word, is dit nodig om 'n kort samevatting van Georgiades se bevindinge te gee. Hy toon byvoorbeeld aan dat daar 'n fundamentele verskil

<sup>6</sup> Musikale polistilistiek sonder woorde kan met dieselfde doel aangewend word, soos bv. in Hans Roosenschoon se instrumentale komposisie *Timbila*.

<sup>7</sup> Vergelyk die verskillende LP- en CD-opnames van hulle werk. Daar kan terloops beweer word dat Engels en Russies nog moeiliker sing as Afrikaans.

tussen Grieks of die Romaanse tale en 'n Germaanse taal soos Duits is. In eersgenoemde tale val die aksent van 'n woord nie saam met die lettergreep wat die kern- of stambetekenis van die woord bevat nie, maar eerder met die lettergreep wat die infleksie van 'n woord of die plasing daarvan binne die sinsbou verduidelik:

In Latin the act of speaking is not completely identical with the meaning. [...] Latin [...] distributes its accents according to principles other than meaning. Thus one and the same word can be accented differently according to the particular form in which it is presented. [...] The language [...] distributes the accents not according to their meaning but rather in order to clarify the sentence structure, to indicate the function of the word within the context of the sentence, to show, for instance, whether nominative or genitive case, singular or plural number, is intended. (Georgiades 1982:50)

Hy illustreer dit aan die hand van verskillende verbuigings van die woord *adorare*: *adoráre*, maar *adóro*, *adorátio*, *adoratiónis* (ibid. 50). In Duits, daarenteen, is die beklemtoning heeltemal anders:

The German language, however, behaves differently. [...] German retains the same accentuation throughout all of the different forms. [...] Here the spoken language coincides entirely with the meaning. The content of meaning not only is represented indirectly by means of the sentence structure, but is realized directly in the sound. [...] The accentuation [...] is nothing other than the emphasis appropriate to the syllable which carries the meaning; and this syllable, of course, always remains the same with each basic word. [...] How great is the significance thus attached to accentuation, in that it becomes the vehicle of meaning, that it seems to take on the power of creating the word! And how fundamentally does this transform the task of music! (Georgiades 1982:50-51)

Die verbuigings van die Duitse woord *verehren* word gebruik om dit te illustreer: *veréhren*, *ich veréhre*, *veréhrte*, *wir veréhren*, *veréhrten*, *die Veréhrung*, *der Veréhrung* (ibid. 50).

Georgiades toon aan dat hierdie verskille in aksentuering nog 'n verdere implikasie kan hê wanneer dit by die verklanking daarvan kom. Terwyl in Latyn die beklemtoonde en onbeklemtoonde lettergrepe min of meer gelykwaardig langs mekaar staan, is die onbeklemtoonde lettergreep in Duits ondergeskik aan die beklemtoonde een. Hy illustreer dit aan die hand van die volgende twee woorde, waar die eerste lettergreep telkens die aksent dra: *pă-těr* teenoor *Văt-ěr* (ibid. 50). Wanneer dit by die verklanking van so 'n woord kom is die implikasie dat in Duits die beklemtoonde lettergreep nie net 'n ritmiese aksent het nie, maar ook 'n verskil in toonhoogte kan verteenwoordig. Georgiades voeg by:

Since meaning and sound, meaning and speech now coincide completely with one another in the German language, the musical setting of language is also obliged to concern itself with meaning. Here music cannot be the mere vehicle of language as in Latin (ibid. 55).

As ritme en toonhoogte reeds aanwesig is in 'n teks wat getoonset word, gee dit aan die komponis nie net die geleentheid om die inherente woordmelodie te hoor en te ontgin nie, maar, meer nog, om 'n bepaalde interpretasie daaraan te gee. Dit geld ook vir die plasing van sulke woorde in die konteks van 'n frase of sin. Net soos van 'n woordmelodie kan daar dan van die melodie van 'n frase of sin gepraat word. Vanselfsprekend kan 'n komponis hierdie potensiaal ignoreer, soos dit in die meeste populêre musiek gebeur, andersyds is dit potensiaal wat deur 'n sensitiewe komponis verbeeldingryk ontgin kan word.

Omdat Afrikaans tot die Germaanse taalfamilie behoort kan die dinge wat Georgiades hierbo oor die verskil tussen Latyn en Duits sê net so toegepas word op Afrikaans. Die vraag is nou tot watter mate komponiste wat Afrikaanse tekste toonset bewus is van hierdie eienskappe en potensiaal van die taal, en dit ontgin. Dit is 'n vraag wat verder gaan as net die korrekte skandering van woorde deur middel van musiek. Dit gaan veel meer oor die klankwêreld wat in 'n komponis se verbeelding kan ontstaan as hy/sy ontvanklik is vir die spesifieke woord-melodie wat in 'n Afrikaanse teks aanwesig is.

Die begrip klankwêreld neem die ondersoek nou nog 'n stap verder, weg van die strukturele eienskappe van taal en klank na die verbeeldingswêreld wat deur woorde of musiek geskep word. Dit lei dan tot die vraag of en hoe die wêreld wat deur 'n teks geskep word in eenklank gebring of aangevul kan word met die andersoortige wêreld wat deur musiek geskep word. Waar daar by die vroegste mense vermoedelik 'n simbiotiese verhouding tussen linguistiese en musikale vorme van uitdrukking was, het evolusie en die ontwikkeling van beskawing meegebring dat die twee uitdrukkingsvorme selfstandig geword het en in afsonderlike rigtings beweeg het. Nogtans is daar voorbeelde waar teks en musiek feitlik in eenklank met mekaar verkeer. Volksliedere of vokale musiek van 'n elementêre godsdienstige aard sou as voorbeelde genoem kon word. In sulke gevalle is dit moeilik om te dink dat die een sonder die ander kan bestaan. In ander gevalle vul die musikale inkleding die teks aan met 'n kwaliteit wat dit voorheen nie gehad het nie. Die mate waarin die wêreld van die teks met die wêreld van die musiek in eenklank is of in spanning daartoe verkeer sal in verskillende soorte vokale musiek telkens verskil. Dit is ook nie noodwendig staties nie, soos die wyd verspreide kontrafakpraktyk aantoon.<sup>8</sup> Hoe ver die twee wêreldes van mekaar verwyder kan wees wat in vokale musiek met mekaar in verband gebring kan word, kan in die vierde deel (*Urlicht*) van Gustav Mahler (1860–1911) se tweede simfonie (die sogenaamde “Opstandingsimfonie”) waargeneem word. Die kinderlik-naïewe volksgedig “O Röschen rot!” uit *Des Knaben Wunderhorn* word in hierdie werk deur die komponis verhef tot ware simfoniese wêreldbeskouingsmusiek.

Hierdie gedagtegang kan uitgebrei word vanaf individuele gevalle tot by hele repertoriums van vokale musiek. So kan byvoorbeeld beweer word dat die groot aantal Latynse liturgiese tekste van die Middeleeue hul musikale ekwivalent in die Gregoriaanse *cantus* of die polifoniese mis gevind het. Soortgelyk het die Duitse Bybelvertaling van Luther tot die ontstaan van die 17<sup>de</sup>-eeuse Duitse motet gelei, terwyl die 19<sup>de</sup>-eeuse Duitse kunslied sonder die gelyktydige opbloeï van Duitse liriese poësie ondenkbaar is. Daarenteen is 20<sup>ste</sup>-eeuse rockmusiek feitlik sinoniem met die Engelse taal, selfs al kom die musikante uit die vasteland van Europa of Skandinawië.<sup>9</sup> Gevolglik sou gevra kon word of Afrikaanse prosa en digkuns op sy beurt ook 'n natuurlike musikale ekwivalent gevind het? Moes die fenomenale ontwikkeling van Afrikaanse dig- en skryfkuns oor die kort periode van eenhonderd jaar nie tot 'n ewe fenomenale liedkuns gelei het nie? Of: moes die vertaling van die Bybel of die beryming van psalms in Afrikaans nie ook tot 'n opbloeï in gewyde Afrikaanse musiek gelei het nie? Ongelukkig is die antwoord: Nee, die wêreld(e) wat deur Afrikaanse letterkunde geskep is, is nie op gelyke skaal met die klankwêreld van musiek aangevul nie. Tot op datum het gewyde Afrikaanse

<sup>8</sup> Om maar net een voorbeeld te noem: die gesang *O Heer, uit bloed en wonde* (*Liedboek van die Kerk*, no. 387), wat gebaseer is op Paul Gerhardt se *O Haupt voll Blut und Wunden* (1656; deur die aangrypende harmonisasies in J.S. Bach se *Matteuspassie* het dié lied vir baie mense 'n onlosmaaklike assosiasie met Christus se lyding gekry), maak gebruik van 'n melodie van Hans Leo Hassler (1601) vir die sekulêre liefdeslied *Mein G'müt ist mir verwirret*. Die melodie word ook deur die Amerikaanse sanger Paul Simon gebruik vir sy gewilde treffer *American Tune*.

<sup>9</sup> 'n Voorbeeld is die Duitse groep Scorpions.



musiek op enkele uitsonderings na nie veel meer as konvensionele verwerkings van die psalms en gesange opgelewer nie.<sup>10</sup> En ten spyte van werklik treffende bydraes deur komponiste soos S. le Roux Marais, Arnold van Wyk, Hubert du Plessis, Rosa Nepgen, Pieter de Villiers, Roelof Temmingh en – in ons tyd – Hendrik Hofmeyr op die terrein van die sololied met klavierbegeleiding het hierdie liedkuns in die bewussyn van die meeste Afrikaanssprekendes vandag geen spore agtergelaat nie. Die meeste van hierdie komponiste het op die gebied van sekulêre koormusiek wel ook enkele bydraes gelewer. Nogtans vind Afrikaans vandag in die bewussyn van selfs diegene wat as kenners en bewaarders van hul taal en letterkunde beskryf kan word sy musikale neerslag in die genre van die populêre sololied met kitaar- of “band”-begeleiding, beide sekulêr en gewyd, soos in die musiek vanaf Anton Goosen en Laurika Rauch tot by Koos Kombuis, Karen Zoid, Bok van Blerk, Snotkop en die magdom ander musiekgroepe wat op KYKNet, RSG of Radio Kansel gehoor of gesien kan word.<sup>11</sup> Onlangs is ’n grootskaalse projek deur die dogter van Ingrid Jonker, Simone, van stapel gestuur om die gedigte van haar moeder te laat toonset: en wel in die styl van populêre musiek.<sup>12</sup> Dat hierdie soort musiek, om dit van ander style af te grens, as “kontemporêr” geklassifiseer word, spreek reeds boekdele, asof daar geen ander eietydse musiek in Afrikaans bestaan nie.<sup>13</sup> ’n Kritiese vraag sou wees: is dit al wat daar oor Afrikaans en musiek te sê is, begin en eindig die musikale teenwoordigheid van Afrikaans vandag in die “kontemporêre” populêre lied? Dit kan tog nie die volledige prent wees nie! As Afrikaans daarop aanspraak maak om ’n kultuurtaal te wees dan behoort daar ook ’n wyer en meer uitdagende musikale teenwoordigheid van die taal te wees. Die kans dat daar tog nog ’n deurbraak op die gebied van die kunslied met klavierbegeleiding sal kom, is gering; dié genre spreek vandag eenvoudig nie meer tot genoeg mense nie. ’n Deurbraak is egter op ’n ander gebied moontlik, naamlik op die terrein van koormusiek. Die omstandighede is tans baie gunstig dat Afrikaans in hierdie domein ’n besondere opbloeï kan beleef, sekulêr én geestelik. Die eerste tekens is reeds daar dat toonsettings vir koor van gedigte uit die skat van eenhonderd jaar se letterkunde asook van tekste uit die nuwe Bybelvertaling of die *Liedboek van die Kerk* na vore begin kom.

<sup>10</sup> Enkele komposisies van Pieter van der Westhuizen, Chris Lamprecht en, meer onlangs, Niel van der Watt verteenwoordig uitsonderings op hierdie algemene stelling.

<sup>11</sup> Volgens ’n berig in *Eikestadnuus* (10 November 2016) is Karen Zoid onlangs as beskermvrou van die WAT se skema “borg ’n woord” aangewys. Volgens dr. Willem Botha, hoofredakteur en uitvoerende direkteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) is sy “gevra om beskermvrou te word omdat sy ikoniese status in die Afrikaanse musiekwêreld geniet en wyd gerespekteer word. Sy is eenvoudig buitengewoon begaaf en het aanhangers onder alle generasies.”

<sup>12</sup> “Flamedrop reik binnekort, in samewerking met befaamde digter Ingrid Jonker se dogter Simone (en haar man Ernesto van Sound Action), ’n baie opwindende dubbel-CD uit. *Die kind is nog jonger*-CD bevat gedigte wat deur 36 kunstenaars getoonset is weens die vyftigste herdenking van Jonker se tragiese dood. Dit oortref die basiese vermaaklikheidspotensiaal deurdat die versameling ook dien as bewaring van Jonker se legende, haar woorde, taal, geskiedenis en kultuur. Jonker se passievolle gedigte kry nuwe lewe met ’n wye verskeidenheid musikante in ’n aantal style: akoesties, pop, rock, elektronies, metal en nog meer. Die drie dosyn verwerkings sluit populêre en nuwe kunstenaars in, asook legendes, veterane, prysweners en bydraes van die buiteland (soos Engeland, Duitsland, die VSA). [...] Die kunstenaars sluit in Anton Goosen, Jennifer Ferguson, Die Naaimasjiene en Mavis Vermaak” (*LitNetMusiek* 2016-04-12).

<sup>13</sup> Dit is hoe dit geruime tyd in die amptelike programboekies van die Woordfees op Stellenbosch gedoen is: kontemporêr teenoor klassiek, ongeag of die “klassieke” rubriek ook eietydse musiek bevat. En die kontemporêre deel van die program trek dan natuurlik ook ander borge.



Koorsang en koormusiek ondervind in Suid-Afrika vandag 'n ongekennde opbloeie. Die gewildheid van koorsang en koorkompetisies in ons Swart gemeenskappe is lank reeds spreekwoordelik en die repertoire wat in daardie omgewing ontstaan het, is aansienlik in omvang en gehalte. Maar ook die gehalte en diepte van koorsang in ons nie-Swart gemeenskappe word vandag wêreldwyd erken en bewonder. Koorkompetisies in die buiteland en plaaslike kompetisies soos die ATKV se *Applous* bevestig dit: ons kore en ons koorsang is eersterangs. Ons geld wêreldwyd as een van die mees aktiewe koorlande. En die deelnemers aan hierdie oplewing is grootliks jongmense; letterlik honderde van hulle. Die kerkkore van ouds, met die skril-bewende stemme van bejaarde tannies en die bom-bas-tiese stemme van joviale ou ooms bepaal al lank nie meer die koorlandskap nie. Die deelname van hoë getalle jongmense voorspel dat koorsang 'n geweldige toekomsptensiaal het. Maar: hoeveel van die musiek wat gesing word is Afrikaans of Suid-Afrikaans? Ongelukkig bitter min. Verreweg die meeste musiek wat deur ons kore gesing word kom uit die buiteland. Wat is die redes hiervoor, want dit behoort tog nie so te wees nie? Het ons dan nie die kore, die dirigente, die komponiste, die digters en die infrastruktuur om Afrikaanse koormusiek as 'n eiesoortige repertoire te vestig nie? Die kore en infrastruktuur het ons beslis.<sup>14</sup> Dit wil egter voorkom asof ons talle uitstekende dirigente nie sterk genoeg daarvan oortuig is dat hulle musiek uit eie bodem behoort te bevorder as hulle aan die musiekkultuur van die land wil bou nie. Die gevolg is dat komponiste nie die nodige musiek lewer nie, ás hulle oor die vermoë beskik om sulke musiek te kan voorsien. 'n Ewe groot hekkie is die gebrek aan eietydse tekste wat geskik is vir toonsetting vir koor. 'n Ondersoek na die koormusiek van een van ons mees produktiewe koorkomponiste, Hendrik Hofmeyr, toon aan dat hy dikwels gebruik maak van digters van die ouer geslagte, soos Eugène Marais, C. Louis Leipoldt, Boerneef, D. J. Opperman en verskeie van hulle tydgenote.<sup>15</sup> 'n Ander beduidende komponis van koormusiek, Hans Roosenschoon toonset by voorkeur tekste van Adam Small. Hofmeyr en Roosenschoon is nie geïsoleerde gevalle nie. Is dit 'n aanduiding dat die werke van jonger digters hulle oor die algemeen nie so geredelik leen tot toonsetting soos dié van hul ouer eweknieë nie? Vind die verbeeldingswêreld, verwysingsvelde of beeldspraak van hierdie digters nie meer aanklank by die eerder klassiek georiënteerde komponiste nie? Die antwoord op dié vraag is kompleks en sluit seker die waarskynlikheid in dat sulke digters glad nie aan potensiële toonsetting van hul gedigte dink wanneer hulle skryf nie, soos dit by Duitse digters in die 19<sup>de</sup> eeu wel die geval was.

Die moontlikhede om die strekking en stemming van 'n Afrikaanse gedig in musiek om te sit is in die geval van die sololied met klavierbegeleiding reeds deeglik deur ons komponiste beproef, maar die medium van koorkomposisie bied heeltemal ander uitdagings en skep heeltemal ander moontlikhede. Ten eerste vereis die koorwerk 'n groter objektiwiteit in stemming as die eerder subjektiewe sololied. Tweedens: die komponis word uitgedaag om 'n wye verskeidenheid van koordiatiese komposisietegnieke te bemeester. Dit sluit die ontginning van taalinherente faktore in soos die kleur en ritme van woorde, asook die vermoë om melodielyste wat latent in die teks opgesluit lê te kan herken en daaraan 'n vokale gestalte te gee wat vir die koorsanger aantreklik is om te sing. As die komponis nie sy toevlug neem tot klavierbegeleiding nie, moet alle kleur- en stemmingseffekte deur die koormedium self gegenereer word. En derdens moet die komponis in staat wees om die spanning tussen taal- en musiekimmanente vormkragte, wat – soos ons gesien het – in alle vokale musiek aanwesig

<sup>14</sup> Ons het uitstekende universiteitskore wat landswyd, in die buiteland en op televisie optree, daar is kompetisies soos die ATKV se *Applous* en koorfeeste soos KUESTA.

<sup>15</sup> Sien Bylae 1.

is, op verbeeldingryke wyse te ontgin. Die vraag is of ons komponiste die vermoë het om dit te doen. Is hulle tegniek om vir koor te komponeer, veral onbegeleide koor, fyn genoeg ontwikkel om meer te vermag as slegs noot-teen-noot koraalstyl, pseudopolifonie, oppervlakkige toonskildering of deskantstemme wat nie net blote oktaafverdubbeling van een van die ander stemme in die toonsetting is nie? Het hulle genoegsame insig in musikale vormkragte om nie net liedverwerkings te maak nie maar ook selfstandige koorkomposisies? En dan die kritieke vraag: kan hulle dit in 'n eietydse toonspraak doen?<sup>16</sup> Besik hulle dus enersyds oor die tegniese gereedskap en kennis van die kooridoom om bo die genoemde beperkinge uit te styg en is hulle andersyds vertrouwd genoeg met die leefwêreld van die koorsanger om nie buitensporige eise aan hom of haar te stel nie? Is ons komponiste opgewasse vir die as't ware historiese taak om 'n werklik eietydse Afrikaanse koormusiektradisie te skep? Kan hulle uitstyg bo die soort patriotiese musiek wat aan apartheid gekoppel word en wat aan Afrikaanse musiek so 'n negatiewe bysmaak gegee het?<sup>17</sup> Kan hulle wegbreek van die parogiale volksliedverwerkings wat tydens die apartheidsjare gereeld by die programme van universiteitskore ingesluit is? Kan hulle uitstyg bo die 19<sup>de</sup>-eeuse toonspraak wat nog steeds in Afrikaanse gewyde musiek die botoon voer? Wat gevra word, is 'n eietydse Afrikaanse koormusiek wat vir die hele land van waarde is, want op sy beste verwoord die Afrikaanse digkuns 'n ervaringswêreld wat in Afrika gesetel is. In hierdie sin sal die bydrae wat Afrikaanse koormusiek tot die veelstemmige konsert van Suid-Afrikaanse musiek kan lewer dus heeltemal anders daar moet uitsien as in die vorige politieke bedeling: nie as meerderwaardige leier, wat in afsonderlikheid slegs sy eie stem hoor nie, maar as beskeie deelnemer, wat bewus is van sy agterstand vergeleke met die koortradisie van die Swart kore in ons land, maar wat die selfvertroue het dat sy bydrae van genoegsame belang is om saam met ander groepe aan die land se kultuur te bou. Die kans is goed dat Afrikaans dan ook 'n koortaal word wat, soos die Skandinawiese tale, buite die grense van die eie land gesing en gehoor sal word.<sup>18</sup>

Die uiterlike omstandighede dat dit kan gebeur, is tans baie gunstig en dirigente, kore, komponiste en digters moet die geleentheid aangryp. Die artistieke en sosiale voordele van koorsang en koormusiek is genoegsaam bekend. Dit is meer inklusief en minder elitisties as die

<sup>16</sup> Om maar net enkele voorbeelde van onlangse publikasies van koormusiek te noem: van die 43 koorwerke in die *FAK Sangbundel Volume II* (2012) styg ongeveer 12 bydraes bo hierdie elementêre styleienskappe uit. In die *SAKOV 30 Feesbundel* (2010) is dit slegs ongeveer 3 uit die 18 koorwerke. En van die 48 vewerkings in die drie bundels van die heelwat ouer versameling *Kom loof die Heer* (1979, 1982 en 1986; in die bronnelys onderskeidelik by Cillie en Strydom gelys) is daar minder as 10 wat in stilistiese opsig enigsins uitstyg. Hierdie bundels is deur wyd erkende musiekorganisasies gepubliseer en die werke daarin kan dus sekerlik as verteenwoordigend van hulle genre geld. Naas verwerkings van ouer komposisies (Sweelinck, Schütz, Calvisius) bevat Niel Pauw (2001) se *20 Geestelike Koorwerke* 'n aantal eie werke. Ongeveer 'n derde daarvan is meer as eenvoudige toonsettings in koraalstyl. Maar selfs in hierdie meer veeleisende komposisies, met hul deels vernuftige kontrapunt, bly die toonspraak vasgevang in 19<sup>de</sup>-eeuse tonale konvensies. In watter mate in al hierdie gevalle dalk nog onbewustelik oorblyfsels van die ou Calvinistiese musiekopvatting van onopgesmukte en woordgesentreerde musiek aanwesig is, met sy gepaardgaande inperking van die musikale verbeelding, eerder as gebrekkige komposisietegniek, sou afsonderlik ondersoek moet word.

<sup>17</sup> Sien Lüdemann (2003).

<sup>18</sup> Vir hierdie perspektief is ek dank verskuldig aan my kollega Martin Berger. Sweeds en Noorweërs is tale wat deur relatief klein bevolkings gepraat word, maar musiek in hierdie tale word as gevolg van die internasionale belang van die Skandinawiese koorkultuur wêreldwyd gesing. Musiek in Suid-Afrika se Afrikatale is reeds besig om so 'n deurbraak te maak, gegewe die buitelandse belangstelling in die vryheidsliedere wat deel van die Suid-Afrikaanse musiekkultuur geword het.

klavierbegeleide kunslied, sonder om artistieke gehalte te moet inboet. Die generasiegaping is ook nie die soort probleem wat dit by die kunslied is nie. Versoening en die viering van kulturele diversiteit in 'n veilige omgewing kan daarby gevoeg word. Net soos koormusiek in Sesotho, isiZulu of isiXhosa vandag deur die meeste nie-Swart kore gesing word, is hier 'n geleentheid vir koormusiek in Afrikaans om oor sy vroeëre grense heen uit te reik. Buitendien verskaf koorkonsertprogramme die geleentheid om musiek van verskillende style, soos klassiek, modern, populêr, Afrika en Afro-Amerikaans in te sluit en die onnodige grense tussen hierdie style af te breek. Maar kulturele versoening is nie net op die sosiale vlak van die koor as groep van mense of in programsamestelling moontlik nie, dit kan ook in die struktuur van die musiek self beproef word deur kultureel diverse stylelemente te verbind (sien Lüdemann (2008) en Bylae 2). As 'n musiekstruktuur, soos ons gesien het, verskillende dele van dieselfde teks, verskillende tekste, verskillende tale of selfs verskillende betekenissfere gelyktydig tot 'n samehangende geheel kan saambind, dan kan dit ook vir verskillende musiekstyle of musiekkulture geld.

Tans verkeer ons in 'n hoender-en-eier-situasie: Waar moet die deurbraak vandaan kom: van dirigente, komponiste, digters of borge? Die kenner van musiekgeskiedenis sal weet dat artistieke deurbrake nie beplan of gereël kan word nie, maar die gevolg is van kompleks-saamhangende faktore. Dit gebeur daar waar gunstige omstandighede op die terrein van die ekonomie, sosiale struktuur en institusies heers. 'n Bevorderlike intellektuele en artistieke klimaat asook beskikbare talent is verdere komponente. Dit wil voorkom asof die meeste van hierdie faktore tans by ons aanwesig is. As daar 'n besef ontstaan dat koormusiek 'n belangrike domein vir die voortbestaan van Afrikaans as kultuurtaal en tot voordeel van die land se kultuur as geheel kan wees, dan sal die borge en die opdragte aan komponiste ook na vore begin kom en sal digters en dirigente beslis hulle kant bring. Sal ons die getuies van so 'n geskiedkundige deurbraak wees? Of sal die huidige opbloeit van koorsang soos 'n komeet by ons verby beweeg om daarna weer spoorloos in die niet te verdwyn?

## BIBLIOGRAFIE

- Baltzer, Rebecca. 1997. The Polyphonic Progeny of an *Et gaudebit*: Assessing Family Relations in the Thirteenth-Century Motet. In Dolores Pesce (ed.). *Hearing the Motet. Essays on the Motet of the Middle Ages and Renaissance*. Oxford: OUP, pp. 17 – 27.
- Brown, S. 2000. The “Musilanguage” Model of Human Evolution. In N.L. Wallin, B. Merker & S. Brown (eds). *The Origins of Music*. Cambridge, MA: Massachusetts Institute of Technology, pp. 271-300.
- Cillié, G.G. & Louw, Barbara (reds.). 1979 en 1982. *Kom loof die Heer. Koorverwerkings van Psalms en Gesange vir kerk- en skoolgebruik*. Dele 1 en 2. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- Davison, Archibald & Apel, Willi (red.). 1949. *Historical Anthology of Music (Revised Edition)*. Cambridge MA: Harvard University Press; Londen: Oxford University Press.
- Eikestadnuus. 2016. Ikoon Karen Zoid word Borg 'n Woord se beskermvrou. 10 November, 4.
- Fagan, Henry Allen. 1949. *Soos die windjie wat suis, en ander gedigte*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- FAK-Sangbundel Vol. II. Pretoria: Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.
- Fellerer, Karl-Gustav. 1965. *Altclassische Polyphonie*. In die reeks Karl-Gustav Fellerer (red.) *Das Musikwerk. Eine Beispielsammlung zur Musikgeschichte*, Bd 28. Keulen: Arno Volk Verlag.
- Georgiadis, Thrasybulos. 1982. *Music and Language. The Rise of Western Music as Exemplified in Settings of the Mass*. Vertaling deur Marie Louise Göllner. Cambridge: Cambridge University Press.
- Hofmeyr, Hendrik. 2016. Lys van werke soos gevind in: The Living Composers Project. <http://www.composers21.com/compdocs/hofmeyrh.htm>. Besoek op 1 Desember 2016.
- Hudson, R.A. 1996. *Sociolinguistics (Second Edition)*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Kittredge, Richard & Lehrberger, John (eds). 1982. *Sublanguage. Studies of Language in Restricted Semantic Domains*. Berlyn – New York: Walter de Gruyter.
- Lüdemann, Winfried. 2003. *Uit die diepte van ons see: An Archetypal Interpretation of Selected Examples of Afrikaans Patriotic Music*. *South African Journal of Musicology*, 23:13 – 41.
- Lüdemann, Winfried. 2008. *Nkosi sikelel' i-Afrika*. Uit *Twaalf Koorliedere op gedigte van Henry Allen Fagan*.

- Mithen, S. 2005. *The Singing Neanderthals. The Origins of Music, Language, Mind and the Body*. London: Weidenfeld & Nicolson.
- Nuwe F.A.K.-Sangbundel. 1961. Pretoria: Nasionale Boekhandel.
- Pauw, Niel. 2001. *20 Geestelike Koorwerke*. Eie publikasie.
- SAKOV 30 Feesbundel: Orrel-, koor- en instrumentale verwerkings uit die Liedboek van die Kerk 2001 (Vol. 1). Saamgestel deur Gerrit Jordaan en Daleen Kruger. Queenswood: SAKOV.
- Spolsky, Bernard. 1998. *Sociolinguistics*. Oxford: Oxford University Press.
- Strydom, Lourens & Theron, Elrina (reds.). 1986. *Kom loof die Heer. Koorverwerkings van Psalms en Gesange vir kerk- en skoolgebruik*. Deel 3. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

## BYLAE 1

Van die 56 werke wat in die werklys by Hofmeyr (2016) gelys word, is 27 in Afrikaans, 15 in Latyn. Die Afrikaanse digters sluit in: Boerneef, D.J. Opperman, Ina Rousseau, C.M. van den Heever, N.P. van Wyk Louw, I.D. du Plessis, die Afrikaanse Bybel, Eugène Marais, Marlene van Niekerk, Elmientjie Thom, George Weideman en, Hennie van Coller.

Vir sy sololiedere maak hy, volgens dieselfde webwerf, gebruik van Afrikaanse digters soos: Elisabeth Eybers, Eugène Marais, S.V. Petersen, G.A. Watermeyer, D.J. Opperman, N.P. van Wyk Louw, Wilhelm Knobel, Hennie van Coller en Uys Krige.

## BYLAE 2

Die komposisie waarna hier verwys word (Lüdemann 2008) kan van YouTube afgelaai word by <https://m.youtube.com/watch?v=o0LkA3n31Go>. Dit word gesing deur die Stellenbosch University Chamber Choir onder leiding van Martin Berger. Die teks dateer uit 1947 en is deur Henry Allen Fagan (1949:17) geskryf.

### Nkosi sikelel' i-Afrika

Uit duisend monde word die lied gedra.  
 Ek sluit my oë; soos 'n serafskoor  
 val daardie stemme strelend op my oor:  
 "Nkosi sikelel' i-Afrika" –  
 ons vra U seën, o Heer, vir Afrika.  
 Ek kyk en sien die skare voor my staan:  
 Zoeloe en Kosa, Soeto en Sjangaan,  
 en ook die blanke<sup>19</sup> – vele volkre, ja –  
 almal verenigd om Gods seën te vra  
 op net een tuiste, net een vaderland,  
 want die Alwyse het ons saam geplant  
 en saam laat wortel in Suid-Afrika.

Nkosi sikelel' i-Afrika –  
 seën, Heer, die land wat vele volkre dra.

Fagan het met hierdie gedig waarlik profetiese woorde gespreek, wat meer as veertig jaar later eers waar sou word, nadat 'n hele politieke era daarop gemik was om die presiese teendeel van sy visie te bewerkstellig. Waar daar tans vele aanduidings is dat ons die einde van nog 'n era, die era van die "reënboognasie" bereik het, moet daar gehoop word dat Fagan se woorde vorentoe nie hul relevansie sal verloor nie.

<sup>19</sup> In die toonsetting is die oorspronklike bewoording hier effens gewysig.

# Slavoj Žižek en film(teorie)? Deel 2: 'n Interpretasie van *It Follows*

*Slavoj Žižek and film (theory)? Part 2: An interpretation of It Follows*

**CILLIERS VAN DEN BERG**

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

E-pos: vdbergjp@ufs.ac.za



Cilliers van den Berg

**CILLIERS VAN DEN BERG** is senior lektor in Duits letterkunde aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy het 'n PhD in Duits (2003) en Afrikaans & Nederlands (2009). Sy navorsingsfokus is hoofsaaklik vergelykend van aard en fokus op die interaksie tussen letterkunde en sosiopolitieke konteks, asook die kulturele omgaan met “moeilike verledes”. Uitgebreide navorsingsbesoeke sluit besoeke aan die Universiteit van Augsburg (Duitsland), Leiden Universiteit (Nederland) en Cornell Universiteit (VSA) in.

**CILLIERS VAN DEN BERG** is senior lecturer in German literature at the University of the Free State. He has a PhD in German (2003) and Afrikaans & Dutch (2009). His research is mainly comparative in nature and has the interaction between literature and its socio-political context and the cultural coming to terms with “difficult pasts” as its focus. Extended research visits include research at the University of Augsburg (Germany), Leyden University (the Netherlands) and Cornell University (USA).

## ABSTRACT

*Slavoj Žižek and film (theory)? Part 2: An interpretation of It Follows*

Whereas part 1 of this study gave a short introduction to and overview of Žižekian or neo-Lacanian film theory, part 2 uses the horror film *It Follows* in order to demonstrate the most important theoretical motifs of this theory, thereby illustrating what a Žižekian analysis would look like. The use of the horror genre as explicating tool is motivated by the traditional psychoanalytical reception of this genre by film theorists. A number of Freudian theoretical motifs, often used in the interpretation of these films, are discussed – with specific reference to the unique context of horror movies. These include the Oedipus complex (including all of its effects); the allegorisation of the Oedipus-family nexus (by transposing it to the socio-political context); the suppression of everything that transgresses the heteronormativity of the social order; Unheimlichkeit or the uncanny (which acknowledges the familiar made strange); the porousness of borders between the familiar and unfamiliar (or the “I” and the “Other”, or the protagonist and antagonist); trauma as that which surpasses any attempt to be given meaning through representation; and the object as that which is to be discarded and held at a safe distance.

The argument then shifts to a very specific horror genre, namely the slasher-film, as a genre that in the past has often been used to comment on societal changes. The slasher is

again defined in terms of a number of theoretical motifs and conventions – these include: the notion of the Final Girl (as the sometimes androgenous protagonist who conquers the monster at the end of the film); the explicability of the monster (more often than not as victim of a traumatic incident in the past); the stalking of the protagonist by the antagonistic monster figure; death as punishment for transgressive behaviour; the absence of parents and parental control; and the use of focalisation of the camera (often representing a shift from the perspective of the antagonist at the beginning of the film to the perspective of the protagonist at the end). These motifs and conventions are then used with reference to the psychoanalytical motifs mentioned earlier, to describe the historical trajectory of the horror film, specifically the slasher, in terms of its theoretical reception. This theoretical narrative sees the 1970s as a time where patriarchal normativity was in crisis, the 1980s as a reactionary move towards a neo-conservatism, the 1990s as representative of postmodernism and modern examples of horror as representing a mixture of both, although its conservatism might have the upper hand.

The interpretation of *It Follows* concludes the argument. The film is interpreted again with reference to the theoretical motifs and conventions (both of horror film as genre and the slasher as sub-genre) – with a specific focus on the meaning of sex in the film (thereby reading it in terms of the Žižekian drive, desire and jouissance); the meaning of the monster, of “it” (interpreted with reference to a Symbolic absence, an Imaginary visualisation as attempt at creating meaning and the abject Real); and the film’s use of the gaze as core motif. The gaze (interpreted as manifestation of the objet petit a) has a defamiliarising function both on a diegetic level and the level of the viewer watching the film. This allows the interpretation of the film as an illustration of the dynamics of ideology. Both the characters on the diegetic level and the viewer are confronted by the gaze, which immediately induces attempts to create a fantasy in order to make sense. In conclusion fantasy and ideology are presented as conjoined activities which are only visible through being made unfamiliar – this being the very thrust of Žižekian film theory.

**KEY CONCEPTS:** Žižek, film theory, horror films, slasher, psychoanalysis, ideology, fantasy, gaze, *unheimlich*, postmodern

**TREFWOORDE:** Žižek, filmteorie, grufilms, “slasher”, psigo-analise, ideologie, fantasie, “gaze”, *unheimlich*, postmoderne

## OPSOMMING

Waar deel 1 van hierdie studie ’n kort oorsig oor Žižekiaanse, oftewel neo-Lacaniaanse filmteorie gegee het, word in deel 2 die grufilm, *It Follows*, gebruik om die belangrikste teoretiese motiewe uit hierdie tradisie en dus ook Žižekiaanse filmanalise as sodanig, te demonstreer. Die gebruik van hierdie genre word gemotiveer deur na filmteorie se tradisioneel psigo-analitiese benadering tot grufilms te verwys. Enkele motiewe, herleibaar na Freudiaanse teorie, word aangedui – spesifiek met verwysing na die gebruik daarvan in die teoretisering van grufilms. Daarna word die “slasher”-subgenre beskryf, veral in terme van die historiese trajek wat die psigo-analitiese resepsie van hierdie gewilde genre illustreer. Laastens volg die analise van *It Follows* met betrekking tot die motiewe en konvensies bespreek in die vorige afdelings én deel 1 van hierdie studie. Die betoog word afgesluit deur die film as ’n demonstrasie van die dinamika van ideologie te interpreteer.



## 1. INLEIDING

Deel een van hierdie studie het gepoog om 'n oriënterende oorsig oor neo-Lacaniaanse filmteorie te bied. Laasgenoemde is as “Žižekiaans” getipeer – grootliks vanweë die sentrale en verteenwoordigende rol wat Žižek in hierdie ontwikkeling binne die Lacaniaanse filmteorie speel. Die oorsig het as 'n enigsins simplistiese bestekopname van die(her-)interpretasies van Lacaniaanse sleutelmotiewe vorm aangeneem. Hierdie motiewe sou volgens hom voorheen deur *sogenaamde* Lacaniaanse filmteoretici heeltemal onderbelig of alternatiewelik gewoon verkeerd geïnterpreteer word – iets wat nou deur hom (en ander teoretici) op die voorgrond geskuif en “reggestel” word.

Die motiewe wat as kapstokke van Žižekiaanse filmteorie geïdentifiseer is, sluit onder meer die volgende in: die *objet petit a*; die Simboliese, Imaginêre en Reële registers; *jouissance*; drang en begeerte en fantasie/ideologie. Hierdie teoretiese begrippe skarnier egter almal op die “gaze” as sleutelmotief – dit wat pertinent die herinterpretasie van Lacan vir film beliggaam en dus ook die skeiding tussen tradisionele en neo-Lacaniaanse filmteorie vergestalt. Waar die “gaze” vroeër met die kamera se perspektief in verband gebring is (met al die ideologiese implikasies wat dit meebring), identifiseer Žižekiaanse teoretici die “gaze” as die film se disrupsie van die kyker se blik – 'n vervreemding waardeur die kyker van sy of haar eie geïmpliseerdheid in dit wat gesien word, bewus word. Laasgenoemde belig die film as fantastiese konstruk, maar méér nog ook die beperkinge en feilbaarheid van die Simboliese en Imaginêre registers wat enige filmrepresentasie veronderstel.

Žižek gebruik die “gaze” om die ideologiese dinamika van film te ontmasker en sien film sodoende as verteenwoordigend van en demonstratief vir hoe ideologie as sodanig funksioneer. Sentraal tot Žižekiaanse filmteorie is vervolgens dan juis die wyse waarop filmteorie gebruik kan word om alledaagse ideologie te problematiseer, vernaam in terme van kritiek jeens moderne kapitalisme. Sy selfopgelegde taak is die kritiese analise van *populêre* kultuurprodukte – hoe gewilder die films, hoe meer verteenwoordigend sou dit wees van sosiaal-bepaalde begeertes en die ideologiese pogings om dit te manipuleer.

Deel twee van hierdie studie behels die Žižekiaanse analise van 'n geselekteerde film, ten einde die praktiese aanwending van bogenoemde teoretiese motiewe as analitiese apparatuur te demonstreer. Soos hierbo vermeld, word die “gaze” as sentrifugale oriëntasie van die analise gestel en strook hierdie poging tot interpretasie met Žižek se oortuiging dat film(teorie) met verwysing na ideologiese betekenis gelees moet word. Die film onder bespreking is David Robert Mitchell se grufilm *It Follows* (2014); en ten einde die keuse van die film as ideologies en filmteoreties relevant te motiveer, word die grufilmgenre (en veral die sg. “slasher”-subgenre) teoreties en histories gekontekstualiseer. Žižek gebruik allerlei filmvoorbeelde in sy werk, óók grufilms, maar *It Follows* se internasionale resepsie het tot op hede nog nie 'n suiwer Žižekiaanse optiek verreken nie. Buiten 'n blote demonstrasie van die teoretiese motiewe soos bespreek in deel een van hierdie tweeluik, poog ek dus in deel twee om beide tot die akademiese resepsie van dié spesifieke film in internasionale konteks én tot 'n meer akademiese omgang met grufilms in die Suid-Afrikaanse konteks 'n bydrae te maak.

## 2. DIE GEBRUIK VAN DIE GRUFILMGENRE

'n Ooglopende vraag is waarom hier van 'n grufilm gebruik gemaak word om Žižekiaanse filmanalise te demonstreer? Die antwoord is drieledig van aard: eerstens word die resepsie-geskiedenis van die grufilmgenre – vir soverre laasgenoemde geteoretiseer is – oorwegend deur invalshoeke gekenmerk wat in breë trekke as *psigoanalities* getipeer kan word (waarby

ook Lacaniaanse filminterpretasies aansluit). Tweedens verteenwoordig grufilms tradisioneel 'n filmgenre wat op die periferie van ernstige filmkuns figureer: dit sou banaal wees, dikwels van swak smaak getuig en esteties gesproke nie van besondere hoë kwaliteit spreek nie. Tog bly die genre betreklik gewild, wat dit myns insiens verteenwoordigend van juis dié populêre kultuurprodukte maak, wat Žižek in sy werk ondersoek en as illustrasiemateriaal inspan. Derdens vertoon die historiese narratief rondom die evolusie van die “slasher”-subgenre 'n trajek wat veral politieke-ideologies gelees is/word – spesifiek in terme van psigoanalitiese parameters. *It Follows*, 'n grufilm wat op die konvensies van die “slasher” inspeel, is sodoende by uitstek geskik om Žižekiaanse filmanalise te demonstree.

## 2.1 Grufilms en psigoanalise

Die tipering van filmgenres en filmgenre-konvensies verteenwoordig 'n uiters problematiese en dikwels meta-teoretiese handeling.<sup>1</sup> Hierdie problematiek word veral in die geval van grufilms op die spits gedryf, wat pogings tot 'n klinkklare en a-historiese, universele definisie van genre en genre-merkers dikwels laat skipbreuk ly.<sup>2</sup> Simplisties gesproke kan definisies oorwegend tussen kognitiewe en psigoanalitiese kampe verdeel word: kognitiewe benaderings kan hier nie onder die loop geneem word nie,<sup>3</sup> maar kennisname van die psigoanalitiese tradisie lig wel tradisionele- en neo-Lacaniaanse filmteorie toe.

Die skering en inslag van filmteorie oor die algemeen was, soos in deel een van hierdie studie aangedui, vir lank sterk psigoanalities gekleur – maar dit beteken nie dat die grufilmgenre as sodanig sentraal gestaan het nie. Binne die Amerikaanse filmteoretiese diskoers is die grufilmgenre byvoorbeeld tot groot mate genegeer, maar 'n klassieke bundel geredigeer deur Britton e.a. getiteld *American Nightmare: Essays on the Horror Film* (1979), het 'n baie sterk wending tot die spesifiek Freudiaanse lees van hierdie genre bepleit. Wood (1979) se inleidende essay hierin slaan ook die brug tussen Freud en Marx (via Marcuse), wat in ander diskursiewe kontekste al lank reeds met groot vrug gedoen is.<sup>4</sup>

Waar deel een van hierdie ondersoek op kognitiewe teoretici se diskreditering van psigoanalitiese filmteorie (veral met betrekking tot die Lacaniaanse vergestaltung daarvan) gewys het, poog verskeie teoretici steeds om die relevansie en heuristiese waarde van eersgenoemde te bepleit – Schneider (red.) se *Horror Film and Psychoanalysis* (2004) is 'n meta-teoretiese bestekopname van hierdie poging.<sup>5</sup> Soos hierbo aangedui, speel ook Žižekiaanse filmteorie op hierdie problematiek in – nie net deur sy gebruik van talle voorbeelde uit die grufilmskat nie, maar ook sy herontplooiing van Lacaniaanse motiewe in sy filmteoretiese werk.

<sup>1</sup> Kyk Buscombe (2012:12-26); Altman (2012:27-41); Grindon (2012:42-59); Wright (2012:60-68) en Murphy (2011:10-14).

<sup>2</sup> Kyk Cherry (2009:1-19); Crane (1994:22-45); Kawin (2012:360-381); Tarrat (2012:382-401) en Murphy (2011:14).

<sup>3</sup> Noël Carroll se *The Philosophy of Horror, or, Paradoxes of the Heart* (1990) is hier van seminale belang. Kyk ook Smuts (2014:3-20); Cherry (2009:155-166) en Wetmore (2012:loc 158).

<sup>4</sup> Die betekenis van Wood kan nie onderskat word nie (kyk bv. Murphy 2011:16-19; Phillips 2012:11).

<sup>5</sup> Selfs die self-verklaarde eksponent van kognitiewe filmteorie, Noël Carroll, wys in hierdie bundel daarop dat psigoanalitiese perspektiewe *soms* van waarde kan wees (2004:257-270).

## 2.2 Psigoanalitiese motiewe in grufilms

Psigoanalitiese filmteorie is en bly egter ook 'n sambreelterm vir verskeie teoretiese praktyke wat dikwels van mekaar verskil en mekaar soms selfs wedersyds uitsluit.<sup>6</sup> Lacaniaanse en Žižekiaanse filmteorie verteenwoordig maar twee geledinge hiervan – tog kan daar op 'n aantal algemene kernmotiewe gedui word, wat ook relevant vir die Žižekiaanse interpretasie van *It Follows* sal wees:

- 1) Noodwendig speel Freud se Oedipuskompleks 'n belangrike rol – in terme van die grufilm dikwels vergestalt in die dinamika van die *kerngesin*: hierby word die patriargale funksie van die vader, wat die kastrasie-effek, die verdringing van drifte en drange en talle ander aspekte wat hiermee resoneer, insluit.<sup>7</sup>
- 2) Die verbandlegging tussen Freud en Marx beteken, in terme van die gesinsdinamika van die grufilm, pertinent die *allegoriserings* van die gesin: die mikrokosmos van die familie-opset word vertaal na die makrokosmos van die sosio-politieke bestel. Die Oedipuskompleks verkry hierdeur politieke kontoere en die gruwels van die gesin word na die gruwels van die geïdeologiseerde maatskappy as sodanig getransponeer.<sup>8</sup>
- 3) Dit wat nie by die heteronormatiewe, patriargaal-bepaalde stand van sake inpas nie, word liefs *onderdruk of verdring*. Dit is die lot van enige vorm van sosio-politieke transgressie, waarvan verskeie vorme van seksualiteit, oftewel seksuele energie, sekerlik as die skouspelagtigste voorbeelde dien. Die keersy hiervan is egter juis die “Wiederkehr des Verdrängten” as simptomatiese manifestasie van dit wat onderdruk word.<sup>9</sup>
- 4) “*Das Unheimliche*” (“uncanny”) word verstaan as die onthutsing wat volg op die vertroue wat vervreemd of bevreemdend word. Agter die bekende skuil die afgrond van die onbekende (of omgekeerd) en die visuele filmbeeld (“image”) word 'n skerm waardeur die verskuilde bedreiging afgeskerm word.<sup>10</sup>
- 5) Strak *grense vervaag* of *skeidings word poreus* (sien 4) – daar is 'n onthutsende bewuswording van die osmose tussen die Ek en die Ander, die monster en sy teenstander: die funksie van projeksie in die vaslê van hierdie grense is onderliggend aan hierdie dinamika. Dit beteken onder meer dat die interpretasie van sekere grufilms 'n herbesinning oor die grense van beide die subjek en sy/haar liggaam/liggaamlikheid/beliggaming noodsaak.<sup>11</sup>
- 6) Die gruwelike in die grufilm is dikwels dit wat nie onder woorde gebring kan word nie – dit wat anderkant die grense van interpretasie lê. Daarom word dit soms ook

<sup>6</sup> Kyk as 'n voorbeeld Schneider (2004) se reeds vermelde werk; kyk ook bv. Staiger (2015:223-224) oor die “slasher” in dié verband.

<sup>7</sup> Kyk bv. Dumas (2014:25-26, 30-32); Wood (1979) en Williams (1996) se werk: *Hearths of Darkness: The Family in the American Horror Film* (15, 18). Interessant genoeg bied Greven (2011:87-88) 'n ander perspektief op die psigoanalitiese gesinsdinamika wat nie op die Oedipuskompleks berus nie.

<sup>8</sup> Kyk Sharrett (2014:56-72); Cherry (2009:167ff.); Phillips (2005:3-6); Williams (1996:16, 270); Roche (2014:23-24, 65); Jackson (2013:86).

<sup>9</sup> Kyk bv. Dumas (2014:33). Die genre van grufilms as sodanig vertoon natuurlik dikwels ook 'n transgressiewe aard!

<sup>10</sup> Kyk bv. Cherry (2009:102-111); Gelder (2000b:49). Kyk ook deel een van hierdie studie.

<sup>11</sup> Hoewel losstaande van suiwer Freudiaanse interpretasies, voer Halberstam (1995) 'n oortuigende argument rakende “vel” as metafoor in grufilms aan. Die vel word die grens / skeiding wat metafories dobber tussen die Ek en die Ander (kyk veral 6-8).

met *trauma* in verband gebring, wat noodwendig liefs verdring word. Hierdie trauma kan ontologies of histories bepaald wees, maar vreet in beide vergestaltungs die normatiwiteit van die alledaagse (van die protagonis en/of kyker) aan.

- 7) Die gruwelike volg dikwels vanuit 'n fokus op die *abjekte* as dié objek van walg en weersin wat alleenlik deur die vasstel van grense afgewys en afgeweer word. Die abjekte veronderstel 'n objektivering van dit wat weersin wek,<sup>12</sup> in die geval van grufilms dikwels vergestalt deur die monstrositeit van die antagonis, of die platloop van enige buffers waardeur distansie tot die weersinwekkende gehandhaaf word.

Hierdie sewe motiewe verteenwoordig 'n uiters gesimplifiseerde veralgemening: elk daarvan word genuanseerd en uniek in die verskillende geledinge van psigoanalitiese filmteorie ingebed. Tog is dit ook duidelik dat die motiewe mekaar grootliks impliseer, deels oorvleuel of ten minste met mekaar resoneer.<sup>13</sup> Maar wat is dan die definisie van die grufilmgenre? Hipoteties gesproke waarskynlik 'n veranderlike konstellasie van hierdie motiewe of, om dit epigrammatis in die woorde van Wood (1979:14) te stel: "Normality is threatened by the monster".<sup>14</sup>

## 2.3 "Slashers" as subgenre

Soos die genre waartoe dit behoort, vertoon die "slasher"-subgenre soortgelyke probleme waar dit kom by tipering en definisie – 'n kwessie wat verder bemoeilik word deur die ontwikkelinge binne hierdie subgenre. Een van die eerste teoretiese bydraes om die "slasher" krities af te tas, was Vera Dika se *Games of Terror* (1990), 'n werk wat 'n strukturalistiese invalshoek gebruik om die films te tipeer.<sup>15</sup> Buiten die strukturalistiese sjablone van verskeie kritici wat gevolg het, word aspekte van die "slasher" telkens weer tuisgebring in die konstellasie van motiewe hierbo genoem – soos duidelik sal word wanneer hieronder 'n voëlvlug oor die historiese trajek van die "slasher" gebied word.

### 2.3.1 Generiese merkers en konvensies van die "slasher"

Die konvensies van die "slasher" is eweneens moeilik vasstelbaar (kyk Cherry 2009:20-36) – wat beteken dat hier nie standpunt oor "slasher"-konvensies in die historiese ontwikkeling van die genre ingeneem kan word nie. John Carpenter se *Halloween* (1978) word as die eerste volbloed "slasher" geag, met die sub-genre wat veral in die 1980's die loket stormloop (kyk Rockoff 2002:loc 382-739).<sup>16</sup>

<sup>12</sup> Kyk Creed (1993); Creed (2000:64-66); Humphrey (2014:39); Dumas (2014:32). Greven (2011:141) bied 'n alternatief op die interpretasie van die Abjekte met betrekking tot die rol van die vrou in die grufilm-genre.

<sup>13</sup> Copjec (2000:53-54) dui op die gevare verbonde aan die gebruik van die Oedipus-motief en die teoretiese tentakels wat daarmee saamhang. Kyk ook Halberstam (1995:9-11).

<sup>14</sup> Kyk ook Nickel (2012:14).

<sup>15</sup> Kyk Cherry (2009:39); Conrich (2015:110-114) en Rockoff (2002:loc 111).

<sup>16</sup> Kyk Murphy (2011:136-139) vir 'n geselekteerde lys van "slashers" – die bekendste voorbeelde is waarskynlik die *Halloween*-films, die *Friday the 13<sup>th</sup>*-films, die *A Nightmare on Elm Street*-films en dan die *Scream*-films as 'n postmoderne ontwikkeling.

Verskillende teoretici stel verskillende genre-konvensies vas,<sup>17</sup> waarvan hier enkele gemeenskaplike motiewe gelys word:<sup>18</sup>

- 1) Die narratief word gedryf deur die protagonis en antagonis (monster): die protagonis is gewoonlik 'n aantreklike, seksueel nie aktiewe meisie (maagd?), wat in die laaste bedryf van die filmnarratief die monster oorwin en oorleef. Hierdie karakter is die emblematiese *Finale Meisie* ("Final Girl") – een van die belangrikste teoretiese kapstokke in die grufilmgenre. Clover maak met die publikasie van *Men, Women and Chainsaws* (1992) 'n enorme kritiese impak met haar teoretisering van die Finale Meisie. Sy problematiseer die gender van laasgenoemde, wat weens haar androgene of manlike eienskappe, asook die internalisering van patriargale, fallosentriese konvensies in die oorwinning oor die monster, 'n manlike surrogaat sou daarstel, waarmee die manlike kyker kan identifiseer.<sup>19</sup>
- 2) Die monster word dikwels gedefinieer, oftewel "sinvol" verklaar in terme van 'n traumatiese insident uit sy verlede – wat deels lig op sy moordveldtog werp.
- 3) Die konflik neem die vorm van teistering van die protagonis en haar onmiddellike vriende en/of familie aan (laasgenoemde word deur die loop van die narratief op grusame wyse vermoor – en dít dan meestal intiem, deur die gebruik van 'n primitiewe wapen soos 'n mes, kapes of byl).
- 4) Die dood van die slagoffers kan dikwels as bestraffing van "transgressiewe" gedrag geïnterpreteer word – tipies na aanleiding van seksuele handeling en/of seksuele promiskuiteit (kyk punt 3 onder 2.2 hierbo; kyk ook Clover 1992:34; Short 2007:45).
- 5) Die milieu waarin die teistering afspeel, word dikwels deur 'n afwesigheid van outoriteitsfigure gekenmerk – ouers staan byvoorbeeld heeltemal periferaal tot die ontvouende konflik (kyk bv. Short 2007:53-54). Veral hierdie konvensie word dikwels in terme van politieke allegoriserings geles (kyk punt 2 onder 2.2 hierbo; kyk ook Clover 1992:22).
- 6) Die fokalisering van die kamera is in die "slasher" van groot betekenis, oorgeset synde word dit dikwels deur teoretici op die voorgrond geplaas.<sup>20</sup> Daar vind gewoonlik 'n verskuiwing van fokalisasie met verloop van die handeling plaas: die kamera-perspektief se fokalisering vanuit die monster se perspektief aan die begin van die film verskuif na die fokalisering vanuit die Finale Meisie se perspektief teen die einde.<sup>21</sup> Dit is egter ook so dat veral "slashers" as misogynisties geïnterpreteer is, weens wat beskou is as die voyeuristiese objektivering van die vroulike slagoffers en Finale Meisie (natuurlik met behulp van Mulvey se teoretisering van die manlike

<sup>17</sup> Kyk bv. Rockoff (2002:loc 111-254); Clover (1992:23-42); Staiger (2015:214-215); Gelder (2000a:273); Roche (2015:17-18); Murphy (2011:23-26); Kendrick (2014:318-320).

<sup>18</sup> Hierdie konvensies geld "gewoonlik" of "dikwels" en moet geensins as programmaties geles word nie.

<sup>19</sup> Kyk veral Clover (1992:43-47, 51); Cherry (2009:139-140); Roche (2014:203); Pheasant-Kelly (2015:151-152). Short (2007) is uiters krities oor Clover se interpretasie (kyk veral 4, 6, 12, 47-49, 56, 160).

<sup>20</sup> Kyk bv. Clayton (2015:7-8); Balanzategui (2015:162). Interpretasie verskil oor die betekenis hiervan – kyk bv. Roche (2015:19, 22).

<sup>21</sup> Kyk Roche (2015:18); Roche (2014:103).

“gaze” – soos bespreek in deel 1 van hierdie studie), waarmee die kyker sou identifiseer.<sup>22</sup>

Sommige van hierdie aspekte kan ooglopend met die kernmotiewe van die grufilm, wat hierbo vermeld is, in verband gebring word. Die ooglopendste is die Oedipuskompleks, waarvolgens die afwesigheid van outoriteit die vergestaltung van onderdrukte transgressiewe begeertes moontlik maak – met die monster, as obsene keersy van die Vader, wat dan poog om die balans te herstel. Die oorwinning oor die monster sinjaleer die toetrede tot die narratief van patriargale normatiwiteit.<sup>23</sup>

## 2.4 Voëlvlug oor die grufilm: 'n historiese trajek, met spesifieke verwysing na die “slasher”

Enige voëlvlug wat trag om die trajek van die “slasher”-subgenre (én grufilms wat daarmee geassosieer word) aan te dui, is niks meer as 'n teoretiese konstruk wat hoogstens historiese tendense kan identifiseer nie – 'n konstruk wat hermeneuties gelees moet word. Die narratief kan ook anders verlê word,<sup>24</sup> maar veral die psigo-analities geïnspireerde naspoor van tendense het 'n kritiese diskoers geïnisieer wat 'n belangrike deel van die genre se resepsie uitmaak – 'n resepsie waarop moderne grufilms (soos *It Follows*) inspeel.<sup>25</sup> Die trajek wat hier vermeld word, kan dus nie anders as om in terme van die werklike films wat die genre uitmaak as simplisties en oorvereenvoudig gesien te word nie. In terme van die hoofstroom resepsie maak dit egter tog sin om van die stereotipiese (en soms oppervakkige) opvattinge rondom die genre-ontwikkeling kennis te neem – aangesien die kritiek soms motiewe konkretiseer en gewild maak, waarop latere films dan self-refleksief kan inspeel.

Wood (1979) het 'n rigtinggewende rol in die vasstel van 'n psigoanalities-verpolitiseerde interpretasie van die gru-filmgenre gespeel, deur die motiewe onder 2.2 gelys, as merkers te gebruik om film as vergestaltungen van gewaande sosio-politieke veranderinge te lees. Sy invalshoek val op (destydse) politieke progressiwiteit (al dan nie), wat ook sy siening van grufilms in veral die 70's en 80's kleur (Roche 2014:21, 23-24, 65).<sup>26</sup> Hiervolgens word die 70's as 'n krisistydperk en verbrokkeling van patriargale beheer gedefinieer (kyk Cherry 2009:174-175) – 'n tendens wat dan filmies vergestalt sou word in die uitbeelding van die kerngesin (Phillips 2005:107-110). Die films sou oor die bevraagtekening en problematisering van heteronormatiewe sosiale konvensies en outoriteit gaan wat paranoïese gruwels sou voortbring, in onderskeid met die “veilige” grufilms van vroeër (kyk Hutchings 2014:293). *The Texas Chainsaw Massacre* word as emblematisiese voorstelling hiervan geïnterpreteer: dit sou op die self-vernietigende aard van kapitalisme en die patriargale ideologie dui – selfs die

<sup>22</sup> Kyk Roche (2015:17); Clover (1992:185-186).

<sup>23</sup> Hierdie verteenwoordig 'n simplistiese veralgemening, maar strook tog met die wyse hoe die “slasher” in die verlede geïnterpreteer is (kyk hieronder).

<sup>24</sup> Kyk Roche (2014:5) en veral Nowell (2011:3-4, 6-7), wat daarop dui dat die kommersiële oorwegings wat bepalend vir die totstandkoming en ontwikkeling van die “slasher”-genre was, *geensins* met die krities-teoretiese narratief oor die trajek daarvan ooreenstem nie.

<sup>25</sup> Die dialoog met die gru-kanon gaan oor meer as net intertekstuele verwysings na vroeër films, dit betrek ook die *interpretasies* van hierdie werke (kyk Olick 2007:10-11, oor die dialogisiteit van Bakhtin).

<sup>26</sup> Ander gepostuleerde trajekte van die grufilmgenre sou byvoorbeeld eerder op estetiese transgressie as op politieke progressiwiteit kon fokus (Hutchings 2014:297, 300).



film se slagoffers word 'n gesaneerde weergawe van die daders/monsters, om die logiese gevolge van 'n sisteem wat mank gaan aan self-destruksie, te demonstreer (Wood 2003:108).<sup>27</sup>

Die 80's sou dan 'n reaksionêre antwoord op die beloftes van sosio-politieke progressiwiteit verteenwoordig: hierdie konserwatiewe teruggryp word filmies veral deur die "slasher"-genre beliggzaam (kyk Kendrick 2014:310, 313-315). Soos by punt 4 onder 2.3.1 aangedui, word transgressiewe gedrag van karakters bestraf,<sup>28</sup> en is die monster ook nie noodwendig 'n manifestasie van die "Rückkehr des Verdrängten" nie, maar *juis* van die instansie *wat* bestraf (kyk Wood 2003:173).<sup>29</sup> Williams (1996:211) tipeer dit baie raak as die "Return of Kronos" – met verwysing na die mitologiese titaan wat as voorheen verworpe gesagsfiguur in die hedendaagse grufilm sou terugkeer om paternalistiese wraak op sy kinders te neem. 'n Emblematische film hier sou *Halloween* kon wees, met Michael Myers as die bestraffende "boogymen" (kyk Phillips 2005:135, 138, 140).

Baie grufilms (en spesifiek "slashers") van die 90's word deur 'n postmoderne invalshoek getipeer en hoewel teoretici verskeie redes vir hierdie etiket aanvoer,<sup>30</sup> is dit veral die speelse self-refleksiwiteit van verskeie grufilms<sup>31</sup> (bv. parodie en die opstuur van genre-konvensies; kyk Johnston 2010:loc 5067), wat hierdie tipering regverdig. Die lees van hierdie films as 'n inspeel op Baudrillard se konsep van hiperrealiteit (dus 'n "simulasie", waar films na ander films en genre-merkers verwys, wat op *hul* beurt na ander films verwys en sodoende tot die ewige uitstel van die betekende lei) dui weereens op die resonering van die grufilm met kulturele tendense en sosio-politieke aspekte (Jackson 2013:11, 21, 53; Craig & Fradley 2010:95). Die *Scream*-films is hiervan emblematis: simulasie as sodanig word deur die gesprek van die films met die kanon en onder mekaar vergestalt. Enige "oorspronklikheid" word tot so 'n mate oorskadu, dat dit bykans verdwyn: die intertekstuele spel *word* die teks (kyk Pheasant-Kelly 2015:149-155; kyk ook Kendrick 2014:327).

Die oorgang na die 2000's staan in die verlengde van bogenoemde: die perpetuele self-refleksiwiteit van die filmnarratiewe; 'n vermenging van genres (kyk Craig & Fradley 2010:82, 97) en die versaking van tradisionele betekenis in terme van plot, storie, karakter, tema, ens. ten gunste van die kyker se konfrontasie met eksplisiete en grafiese visualiserings van "bloed en derms", word merkbaar. Laasgenoemde figureer veral in die martelporno-genre – wat 'n meer resente mutasie van sekere "slasher"-motiewe verteenwoordig en waarvan die *Saw*-films emblematis is (Jones 2013:13, 19). Ook hier word op die konvensie van 'n outoriteitsfiguur gesinspeel, wat op brutale wyse straf uitdeel (kyk Pinedo 2014:349; Cherry 2009:200ff; Jackson 2013:90; Wetmore 2012:loc 1778), maar wat haas niks méér vergestalt nie as die funksionele en performatiewe uitspeel van outoriteit, sonder enige morele diepgang (behalwe moontlik obsene plesier?). Die kru en eksplisiete presentering van die liggaam se brutale vernietiging in hierdie films is ook 'n teruggryp na die Abjekte – die verbrokkeling van enige integere liggaamlike identiteit.<sup>32</sup> Die punt is dat, soos in die 1980's, 'n skynbare nieu-konserwatisme die botoon sou voer (kyk Nelson 2010:111-112, 114; Wetmore 2012:loc 3324).

<sup>27</sup> Kyk ook Roche (2014:274) en Williams (1996:184-185, 193).

<sup>28</sup> Kyk Sharrett (2014:69); Hutchings (2014:302-303); Kendrick (2014, 317); Wood (2003:168, 170, 172); Williams (1996:215); Phillips (2012:6).

<sup>29</sup> Hoe suksesvol dit was, is 'n ander vraag – Short (2007:47ff) en Williams (1996:20) dui op 'n alternatiewe blik.

<sup>30</sup> Kyk Pinedo (2004:88, 92); Och (2015:196); Phillips (2005:169).

<sup>31</sup> Self-refleksiwiteit is by uitstek 'n kenmerk van die grufilmgenre (kyk Roche 2014:145; Kendrick 2014:325; Clover 1992:168; Hantke 2010:viii).

<sup>32</sup> Kyk byvoorbeeld Brophy se konsep van "horrorality": (2000:276-279, 283-284); kyk ook Modleski (2000:288-291); McRoy (2010:192-198, 201-202); Crane (1994:141); Dudenhoefter (2014:7-8); Nelson (2010:107).

Die vraag is waar dit ons laat met betrekking tot Žižekiaanse filmteorie? *It Follows*, 'n grufilm wat selfbewustelik inspeel op verskeie “slasher”-konvensies, kan myns insiens (deur die assosiatiewe interpretasie daarvan)<sup>33</sup> met groot vrug as 'n demonstrasie van Žižekiaanse filmteorie in aksie aangebied word.

### 3. IT FOLLOWS (2014)

*It Follows*, die tweede film van regisseur David Robert Mitchell, word as 'n verrassende teenhanger tot sy tienerdrama, *The Myth of the American Sleepover* (2010), gesien. Resepsie was oor die algemeen besonder positief, met verskeie kritici wat van die film se intertekstuele gesprek met die grufilmgenre, veral die inspeel op konvensies van “slashers”, melding maak.<sup>34</sup> Konvensies word hier omgekeer en ondergrawe – hoewel tog nie so (self)-bewustelik gepresenteer soos in die *Scream*-films nie.<sup>35</sup> Vervolgens vergestalt die film nie net inhoudelik die skakering van 'n droomwêreld nie, maar verteenwoordig as 't ware *die* tekstuele droomwêreld van die grufilm-genre: “A 1980s suburban slasher Never Never Land” (Crow 2015; kyk ook Kaye 2015; Winter 2015; Watkins 2015).

#### 3.1 Verhaalgegewe

Na aanleiding van 'n openingstoneel, waartydens 'n vreesbevange meisie deur die kamera agtervolg en uiteindelik dood aangetref word, handel *It Follows* oor die traumatiese belewenisse van die 19-jarige Jay, wat volg op die eerste seksuele ervaring met haar nuwe kêrel, Hugh. Tydens 'n vorige uitstappie het Hugh reeds ongemaklik op iemand gewys, wat Jay nie kon waarneem nie, 'n scenario wat hy nou ná seks in sy motor verklaar: hy het deur middel van die seksdaad 'n vloek aan haar oorgedra. Sy sal voorts deur “dit” gevolg word, “iets” wat die vorm van enige persoon aanneem en slegs aan die stadige pas waarteen “dit” loop, uitgeken kan word. Hierdie entiteit sal Jay doodmaak, indien sy “dit” nie deur middel van seks aan iemand anders oordra nie. Jay word bewus van “dit” wat haar volg en poog vergeefs om verklarings vir hierdie vloek te vind. Sy word deur haar suster en vriende ondersteun – veral deur Paul, wat duidelik op haar verlief is. Hugh het intussen verdwyn en nadat die vriende hom opspoor, kan hy “dit” ook nie werklik verder toelig nie. As beswering van die vloek slaap Jay (mê sy gewillige instemming) met Greg, wat uiteindelik deur “dit” doodgemaak word. Die vriende wend verskeie pogings aan om van “dit” te ontsnap (alhoewel alleenlik Jay “dit” kan waarneem) en ten slotte beplan hulle om “dit” in 'n swembad te uitoorlê. Die manifestasie van “dit” (heel waarskynlik die vergestaltung van Jay se pa), word hier in die kop geskiet. Teen die einde van die film slaap Jay met Paul en die slottoneel wys die nuwe paartjie wat hand-aan-hand die straat afstap – in die agtergrond stap 'n figuur wat moontlik, maar nie noodwendig nie, 'n vergestaltung van “dit” kan wees.

<sup>33</sup> 'n Onderneming wat natuurlik *tipies* van 'n Žižekiaanse interpretasie is – kyk Deel 1 van hierdie ondersoek.

<sup>34</sup> Kyk byvoorbeeld Kohn (2014); Watkins (2015); Dowd (2015); Whittaker (2015); Mulcahey (2015); Bradshaw (2015); Parkin (2015); Rooney (2014); Hoglund (2015); Schlager (2015); Winter (2015); Juzwłak (2015); Kermode (2015).

<sup>35</sup> Balanzategui (2015:163-164, 178) dui in hierdie verband op 'n “new sincerity”.

### 3.2 Psigo-analitiese grufilm-motiewe en “Slasher”-konvensies in *It Follows*

Hoewel sy dit nie in terme van haar status as laaste oorlewende verdien nie, neem Jay wél weens haar toenemende teistering deur die “monster” die rol van die *Finale Meisie* aan. Daar “dit” slegs deur *sekere* individue deur middel van seks in die lewe geroep word, word ook net *hulle* as slagoffers geteiken. Jay is dus wel die vroulike hoofkarakter, maar nie die tradisionele Finale Meisie soos hierbo bespreek nie.

*Dit* bly ’n algehele onbekende faktor – ’n transmuterende instansie waarvan absoluut niks met sekerheid gesê kan word nie. Daar is geen trauma wat “dit” verklaar nie – en juis dit *veroorzaak* die traumatiese uitwerking: nie net wat “dit” doen nie, maar ook die afwesigheid van enige sinvolle interpretasie daarvan. Die monster kan alleenlik vorm gegee word deur ’n fantasmadiese hipotese daaroor te werp (wat trouens tydens die swembad-toneel gebeur!).<sup>36</sup>

Dat Jay, asook die ander slagoffers van die film, vir seksuele transgressie gestraf word, kan slegs vanuit ’n baie eng, konserwatiewe perspektief beweer word. Daar is interpretasies wat die film as ’n allegorie oor die verspreiding van seksueel oordraagbare siektes lees, aangesien die vloek realiseer nêr as seks met ’n slagoffer plaasvind wat reeds draer van die virus is. Tog skiet so ’n interpretasie duidelik tekort – want *juis* méér seks met méér mense sou die vloek op ’n afstand hou (kyk Lyne 2015).

Een van die belangrikste motiewe in die film is die afwesigheid van ouerfigure (kyk Kohn 2014; Mulcahey 2015) – die pa is heeltemal afwesig en die ma skaars op die periferie sigbaar. Gelees vanuit ’n psigo-analitiese perspektief dui die afwesigheid van outoriteit op die inploffing van die patriargie – iets wat duidelik uit die allegoriserings van die gesin waarneembaar word (kyk punt 2 by 2.2 hierbo). Die film speel in Detroit af, met baie tonele wat op die stedelike verval van die stad dui. Die VSA se motorhoofstad is berug vir die ekonomiese verval daarvan: ’n aanduiding van die feilbaarheid van ’n (paternalistiese) kapitalisme, vergestalt deur vervallende krotgeboue. Dienooreenkomstig word min verbied (en voorts verdring): ’n toestand van permissiwiteit skyn die lewens van die tieners te tipeer. Al wat sou geld, is om te doen wat jy wil – ’n gegewe wat ironies genoeg ’n apatie in limbo tot gevolg het. Die tieners kan net op hulleself staatmaak – daar skyn geen oriënterende merkers te wees nie: nóg binne gesinstrukture, nóg binne die groter sosio-politieke sisteem.

Fokalisasie van die kamera is ’n kernsaak, maar meer nog die gebruik van die “gaze” in die film. Die “gaze” in *It Follows* is baie nou met die teenwoordigheid van die monster vervleg (kyk hieronder): aangesien “dit” die vorm van enige figuur kan aanneem, beskik ook *alle* figure oor die vermoë om “dit” te wees – wat ’n *unheimliche* skaduwee oor *alle* agtergrondkarakters werp. Die grense tussen “normaal” en “dit” vervaag, veral met ’n tweede kyk na die film, omdat die vermoede bestaan dat enige van die agtergrondfigure die teenwoordigheid van “dit” kan suggereer. Natuurlik is daar wél vergestaltungen van die monster as die abjekte – ’n abjekte in die oë van Jay, wat weens haar “straf” die monster kan visualiseer. Die suggestie word gelaat dat die aanwesigheid van die monster tot só ’n mate van enige simboliese betekenis ontdaan is, dat die enigste wyse om hierdie traumatiese konfrontasie te oorkom, die imaginêre visualisering daarvan in terme van ’n abjekte beeld is.

<sup>36</sup> Kyk Balanzategui (2015:172) oor *Fallen* (1998), wat tematies tot ’n mate as voorloper gesien kan word.

### 3.3 'n (Žižekiaanse?) Interpretasie

Seks beteken tradisioneel 'n oorgang vanuit die liminale toestand van tiener- (selfs kindwees) na volwassenheid. 'n Deel van hierdie oorgang berus binne die konteks van die film volgens my op 'n kennis van sterflikheid, van verganklikheid – dus van die dood.<sup>37</sup> As sodanig is seks ook ambivalent – 'n ambivalensie wat op die Žižekiaanse teoretisering van drang en begeerte gekarteer kan word. Seks veronderstel enersyds 'n *drang*, wat as sodanig 'n vervloeiing van eros en thanatos verteenwoordig: dit is lewe en wek lewe, maar laat ook die deur oop vir transendering van die Simboliese register, wat in 'n *versinliking* van *jouissance* die Simboliese en Imaginêre kartering van die subjek wegvaag. Hierdie staan egter nie teenoor mekaar nie, maar is twee kante van dieselfde munt (die orgasme is trouens die *petit mort*).

Jay en die ander slagoffers verkry intieme insig in hulle eie sterflikheid en die film verteenwoordig die konfrontasie van die karakters – veral Jay – hiermee. Daar skyn twee moontlike maniere van optrede te wees om met hierdie insig om te gaan: enersyds om méér seks met méér mense te hê (kyk bv. Watkins 2015), of andersyds dit wat Jay teen die einde van die film doen – die sluit van 'n heteronormatiewe, veilige verhouding met Paul. In Žižekiaanse terme kan dit as volg gevolg gelees word: 1) die najaag van meer seks as 'n belofte van die realisering van *jouissance*, of 2) die transmutering van drang in begeerte – seks as hoeksteen van 'n normatiewe sosiale verhouding. Žižek stel baie duidelik dat *jouissance* onbereikbaar bly (kyk deel 1 van hierdie studie) – die teoretiese realisering daarvan sou trouens self-vernietigend wees. Maar die najaag daarvan, soos wat in die film aangedui word, is *ook* self-vernietigend (kyk bv. Parkin 2015). Jay word emosioneel gestroop in die proses om gewillige (en onwillige kandidate) te kry – en die uiteinde is 'n korruptering van haarself. Seks word hiervolgens as 't ware 'n verwonding, wat alleenlik geheel kan word deur verdere verwonding. Teen die einde van die films stap Jay en Paul as die emblematisiese, normatiewe paartjie hand-aan-hand die straat af – in die agtergrond huiwer 'n figuur wat óf vergestaltung van “dit”, óf 'n lukrake verbyganger is. Die einde suggereer, ongeag die status van die agtergrondsfiguur, dat “dit” alleenlik *saam* deur hulle op 'n afstand gehou kan word. In daardie sin is die besluit en einde betreklik konserwatief – redding (?) lê juis in 'n bepaalde normatiewiteit (of dan die volvoering van 'n proses van interpellasie, waar Jay en Paul hulle heteronormatiewe rolle opneem).

Wat verteenwoordig die monster dus in terme van hierdie interpretasie, behalwe as 'n vergestaltung van sterflikheid? Myns insiens fungeer “dit” nie as die bestraffende instansie van tradisionele “slashers” (van die 80er-jare) nie. Soos hierbo aangedui, is dit moeilik om enige morele instansie daarin te sien: dit is juis die lukraakheid en onverklaarbaarheid daarvan, wat telkens weer vooropgestel word. *Dat* dit wel teen die einde van die film tot bepaalde konvensionele, morele keuses (deur Jay en Paul) lei, kan egter as *een* van die sleutels tot die verstaan daarvan gesien word. Hierdie keuses verteenwoordig die teruggryp na 'n konserwatisme, wat ironies genoeg in die verloop van die film as feilbaar daargestel word. Die permissiwiteit wat die tienerlewens stempel, floreer in die afwesigheid van outoriteit. *Maar* juis dit word een van die redes vir die apatie van die karakters – Žižek verwys onder meer na postmoderniteit as 'n toestand van permissiwiteit: die enigste opdrag is genot deur “selfverweseningliking” (kyk Deel 1 van hierdie studie). Dit por die individu aan om *jouissance* te bereik – en die onvermoë om dit te verweseninglik bring óf apatie (as insig in die sinloosheid

<sup>37</sup> Dit verteenwoordig onder meer die spreekwoordelike eet van die boom van alle kennis, vergestalt deur toetrede tot die Simboliese register van volwasse betekenisgewing (kyk bv. Mulcahey 2015; kyk ook die intertekstuele verwysings na T.S Eliot en Dostoyevsky in die film – DeCorinth 2015).

van so 'n onderneming), óf 'n verontrusting omdat daaraan nie voldoen kan word nie. Die monster kan myns insiens in hierdie terme gelees word – die eksternalisering van hierdie vrees vir die postmoderne opdrag: geniet dit!<sup>38</sup> Die skynbare internalisering van die heteronormatiewe, burgerlike konvensies deur Jay en Paul teen die einde van die film, word sodoende 'n wyse om enersyds hierdie opdrag te herlei na 'n meer tradisionele normatiewiteit (drang op begeerte te karteer), maar, andersyds hou dit natuurlik ook die moontlikheid van die ekstasiëse vervulling van die wens na *jouissance* lewendig (kan die orgasme dalk tog realiseer?)

Indien “dit” só gelees word, word dit ook belangrik om die simboliese “leegheid” en abjekte transgressiwiteit daarvan te verstaan. Die traumatiserende impuls van die monster kan na 'n afwesigheid in die singewende konteks van die Simboliese register teruggelei word, maar óók 'n geprojekteerde, dikwels abjekte, Imaginêre verbeelding van 'n Reële aanwesigheid verteenwoordig. In Deel 1 van hierdie studie word na die *jouissance-objet petit a*-Reële triade verwys – en “dit” staan myns insiens in die skadu hiervan. Die monster maak binne die parameters van die Simboliese register geensins sin nie en kan trouens nie eers deur almal waargeneem word nie.<sup>39</sup> Die enigste wyse om daarmee om te gaan, is dat elke slagoffer die leemte Imaginêr verbeeld – as eerste poging om dit tasbaar te konfronteer. Die visuele verbeelding (beide in terme van visuele representasie en fantasie-voorstelling) word 'n eerste tree om uiteindelik 'n Simboliese register as singewende vangnet te span. Tog is die zombie-agtige, onstuitbare teistering van die monster ook vergestaltung van die Reële as drang en vergly die visuele voorstelling daarvan dikwels in manifestasies van die abjekte. As Simboliese leë plek dui die monster ook op die ontoereikendheid van die patriargale orde – die foutlyne in die ideologie wat dit rugsteun en voorts in die stedelike verval van Detroit duidelik word (kyk bv. Whittaker 2015). Die Abjecte van die monster word (via die Oedipale allegoriserings van die karakters) bykans die abjekte oorskot van kapitalisme, overgeset synde vergestaltung van die sosiale vernietiging waarin kapitalistiese vooruitgang gefundeer is.<sup>40</sup>

'n Laaste aspek wat beide op diëgetiese vlak *en* tydens die kyker se ervaring van die film belangrik word, is die funksie van die “gaze”. Die “gaze” is geensins dié van die “slasher” nie, hoewel ook hiermee gespeel word. Om te *kyk* is 'n sentrale motief in die film. Daar is verskeie voorbeelde van voyeurisme: telkemaal loer jong seuns voyeuristies na Jay en die vergestaltung van die monster is afhanklik van *kyk*, ofte wel word “dit” deur die blik van 'n slagoffer geïmpliseer. Die openingstoneel dra *qua* “gaze” en deur die baie ooglopende intertekstuele inspeel op die openingstoneel van *Halloween*, swaar aan betekenis.<sup>41</sup> Waar Michael Myers se eerste moord (as 6-jarige) in die openingstoneel eenduidig vanuit sy perspektief gefokaliseer word (dit word duidelik deur die “suturing” van 'n volgende kamera-perspektief – kyk Deel 1 van hierdie studie), roteer die kamera in die openingstoneel van *It*

<sup>38</sup> In die verlengde van hierdie argument is dit belangrik om na Wood se stelling rakende orgasmes in moderne “slashers” te verwys: “There is just one small problem: in all the films I can recall (and they have fused themselves into one horrible confused image of sex and slaughter) the teenagers hardly ever achieve orgasm” (Wood 2004:xviii); kyk ook Parkin 2015).

<sup>39</sup> Selfs nie teen die einde nie – wat ons daarvan weet, is hipoteses deur die karakters: naartogtelike pogings om sin uit 'n traumatiese afwesigheid te skep.

<sup>40</sup> Pogings om die monster (en per implikasie ook die film te interpreteer) is 'n performatiewe herhaling van dit wat op die diëgetiese vlak van die film gebeur – die resepsie se skep van 'n singewende interpretasie is niks anders as om die narratiewe leemte te vul nie – ook op resepsievlak fungeer die monster dus as 'n *objet petit a*, met die pogings om hierdie interpretasie te vind, herleibaar na die altyd teenwoordige belofte van *jouissance* wat op die interpretasie-horison lê.

<sup>41</sup> Hierdie is 'n baie bewustelike inspeel op die openingstonele van *Halloween* (kyk bv. Mulcahey 2015).



*Follows* om die vreesbevange eerste slagoffer van die monster. Die alomteenwoordigheid van hierdie perspektief ondergaan ook geen “suturing” nie, wat dan ’n disrupsie veroorsaak (en hydra tot die ooglopende poging van hierdie kamerategniek om angstigheid te medieer).

Maar die “gaze”, soos Žižek dit stel, is nié die perspektief van die kamera nie, wél die bevreemdende insig wat die blinde *terugkyk* van die visuele beeld by die kyker ontlok – overgeset synde die geïmpliseerdheid van die kyker deur die kyk na die film. Dié siening van die “gaze” is in hierdie film in verband te bring met *Unheimlichkeit*, waarna hierbo verwys is. Nie net die slagoffers (soos Jay) kan nié op diëgetiese vlak altyd tussen “gewone” mense en vergestaltungen van die monster onderskei nie – ook die kyker is aan dieselfde problematiek uitgelewer. *Alle* agtergrondsfigure kan “dit” wees – *almal* word *unheimlich*. Ironies genoeg word hierdie vermoede met ’n tweede kyk na die film bykans eksponensieel groter, deurdat die kyker onder die indruk van hierdie *Unheimlichkeit* van alle figure op die agtergrond word.<sup>42</sup> *It Follows* word in die proses een van die beste voorbeelde om die Žižekiaanse “gaze” te demonstreer: die film impliseer deurgaans die begeerte van die kyker om agter die kap van die byl te kom (!) – die vermoedens van die monster se teenwoordigheid gooi ’n *unheimliche* skadu oor bykans alle agtergrondsfigure: *almal* kyk met ’n blinde oog na die kyker terug.

Ten slotte kan hier na die onderskeid tussen Brechtiaanse vervreemding en die Žižekiaanse “gaze” verwys word: eersgenoemde presenteer ’n filmiese self-refleksie om die gekunsteldheid van die kunswerk as kunswerk voorop te stel – maar dit bly ’n intensionele boodskap van die film as sodanig, gegewe die diëgetiese ruimte waarin dit afspeel (dit bly deel van die film as ’n “enunciated” artefak).<sup>43</sup> Die “gaze” van Žižek (en *It Follows*) fungeer op ’n ander vlak – in en deur die proses van “enunciation”. Die “gaze” wat terugkyk is noodwendig en inherent deel van die filmmedium, ongeag of dit as sodanig belig word, al dan nie. Die figure in *It Follows* is bykans per definisie gekontamineer met die “gaze” – wat in geen onduidelike terme die gekonstrueerde opset van die representasie onderskryf. Die *objet petit a* is die teenwoordige afwesigheid waarop die film skarnier.

#### 4. SLOT: *IT FOLLOWS* AS/EN IDEOLOGIE/FANTASIE

Bogenoemde interpretasie het na verskeie van die Žižekiaanse filmteoretiese motiewe verwys (die “gaze” en “suture”, *objet petit a*, die Simboliese, Imaginêre en Reële registers, *jouissance* en drange en begeerte), maar uiteindelik gebruik Žižek film(kritiek) om fantasie as ideologie, alternatiewelik ideologie as fantasie, te problematiseer. Die pragmatiese gebruik van fantasie word heel prakties in die swembadtoneel gedemonstreer: die tieners se handeling in die terugvegpoging teen “dit” is duidelik gekonseptualiseer rondom die fantasmatische verbeelding van beide die monster, asook waartoe “dit” in staat is. Is hierdie planne onvanpas en enigsins belaglik? Ja – *want dit is veronderstel om belaglik te lyk*. Dít is wat enige gekonseptualiseerde fantasie (as oriënterende ideologie) verteenwoordig: die terugveg of verdringing van die monster se aanwesigheid, overgeset synde die verdringing van leë plekke in die betekenisketting.

Die einde van die film is, soos hierbo genoem, ’n “meer volwasse” teruggryp na nóg ’n fantasie – hierdie keer ’n gefantaseerde normatiewiteit, ofte wel die ideologiese inkoop op laasgenoemde ten einde die monster, beide as Simboliese afwesigheid én abjekte Reële, op

<sup>42</sup> Dit word verder gefasiliteer deur die gebruik van die kameraskote, wat ’n baie wye en diep perspektief toelaat (kyk bv. Watkins 2015; Whittaker 2015; Mulcahey 2015).

<sup>43</sup> Kyk byvoorbeeld bekende voorbeelde soos Lars von Trier se *Dogville*, Alejandro Jodorowsky se *The Holy Mountain* en Ingmar Bergman se *Persona*.



'n afstand te hou. En dit nie net in terme van “dit” nie, maar ook in terme van die abjekte residu van kapitalistiese normatiwiteit – vergestalt deur die vervalle dele van Detroit.

Laastens impliseer die Žižekiaanse “gaze” die kyker se blik deur die *unheimliche* vervreemding van die karakters gepresenteer in die film. Nie net word ideologiese dinamika en struktuur diëgeties deur die karakters uitgespeel nie – ook die kyk na die film as sodanig repliseer die inkoop, implisering, maar ook (deur die bewuswording van die “gaze” as *objet petit a*) bevreemding van die kyker se blik. *It Follows* verteenwoordig die fantastiese manipulasie van hierdie blik/begeerte: deur insig hierin te verkry, word attent gemaak op hoe ideologie in die daaglikse lewe werk – veral in 'n postmoderne, kapitalistiese opset. En hierdeur word ook die ondergrondse kragte wat die kontoere van ons werklikheid plooi, werklik verken: dié doelstelling van Žižekiaanse filmteorie.

## BIBLIOGRAFIE

- Altman, Rick. 2012. A Semantic/Syntactic Approach to Film Genre. In Grant, Barry Keith (ed.). 2012. *Film Genre Reader IV*. Austin: University of Texas Press, pp. 27-41.
- Balanategui, Jessica. 2015. Crises of Identification in the Supernatural Slasher: The Resurrection of the Supernatural Slasher Villain. In Clayton, Wickham (ed.). 2015. *Style and Form in the Hollywood Slasher Film*. Basingstoke: Palgrave Macmillan, pp. 161-179.
- Bradshaw, Peter. 2015. *It Follows* review – sexual dread fuels a modern horror classic. *The Guardian*, 26 Februarie. <https://www.theguardian.com/film/2015/feb/26/it-follows-review-horror-sex-death> [29 Augustus 2016].
- Britton, Andrew; Lippe, Richard; Williams, Tony; Wood, Robin (eds). 1979. *American Nightmare: Essays on the Horror Film*. Toronto: Festival of Festivals.
- Brophy, Philip. 2000. Horrality – The Textuality of Contemporary Horror Films. In Gelder, Ken (ed.). 2000. *The Horror Reader*. London & New York: Routledge, pp. 276-284.
- Buscombe, Edward. 2012. The Idea of Genre in the American Cinema. In Grant, Barry Keith (ed.). 2012. *Film Genre Reader IV*. Austin: University of Texas Press, pp. 12-26.
- Carroll, Noël. 1990. *The Philosophy of Horror, or, Paradoxes of the Heart*. New York & London: Routledge.
- Carroll, Noël. 2004. Afterword: Psychoanalysis and the Horror Film. In Schneider, Jay (ed.). 2004. *Horror Film and Psychoanalysis: Freud's Worst Nightmare*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 257-270.
- Cherry, Brigid. 2009. *Horror*. London & New York: Routledge.
- Clayton, Wickham. 2015. Introduction: The Collection Awakes. In Clayton, Wickham (ed.). 2015. *Style and Form in the Hollywood Slasher Film*. Basingstoke: Palgrave Macmillan, pp. 1-16.
- Clover, Carol J. 1992. *Men, Women, and Chainsaws: Gender in the Modern Horror Film*. Princeton & Oxford: Princeton University Press.
- Conrich, Ian. 2015. Puzzles, Contraptions and the Highly Elaborate Moment: The Inevitability of Death in the Grand Slasher Narratives of the *Final Destination* and *Saw* Series of Films. In Clayton, Wickham (ed.). 2015. *Style and Form in the Hollywood Slasher Film*. Basingstoke: Palgrave Macmillan, pp. 106-117.
- Copjec, Joan. 2000. Vampires, Breast-Feeding, and Anxiety (Extract). In Gelder, Ken (ed.). 2000. *The Horror Reader*. London & New York: Routledge, pp. 52-63.
- Craig, Pamela & Fradley, Martin. 2010. Teenage Traumata: Youth, Affective Politics, and the Contemporary American Horror Film. In Hantke, Steffen (ed.). 2010. *American Horror Film: The Genre at the Turn of the Millennium*. Jackson: University Press of Mississippi, pp. 77-102.
- Crane, Jonathan Lake. 1994. *Terror and Everyday Life: Singular Moments in the History of the Horror Film*. Thousand Oaks, London, New Delhi: Sage Publications.
- Creed, Barbara. 1993. *The Monstrous Feminine*. London & New York: Routledge.
- Creed, Barbara. 2000. Kristeva, Femininity, Abjection. In Gelder, Ken (ed.). 2000. *The Horror Reader*. London & New York: Routledge, pp. 64-70.

- Crow, David. 2015. *It Follows*: A Homecoming for '80s Horror. *Den of Geek*, 27 Maart. <http://www.denofgeek.com/us/movies/it-follows/244671/it-follows-a-return-to-1980s-horror-john-carpenter> [29 Augustus 2016].
- De Corinth, Henri. 2015. On Mitchell's *It Follows*: Literary Allusions. 31 March. <https://henridecorinth.wordpress.com/2015/03/31/on-mitchells-it-follows-2014-literary-allusions/> [29 Augustus].
- Dika, Vera. 1990. *Games of Terror: Halloween, Friday the 13th, and the Films of the Stalker Cycle*. Madison: Fairleigh Dickinson University Press.
- Dowd, A.A. 2015. David Robert Mitchell on his striking new horror film, *It Follows*. *A.V. Club*, 12 Maart. <http://www.avclub.com/article/david-robert-mitchell-his-striking-new-horror-film-216215> [29 Augustus 2016].
- Dudenhoeffer, Larrie. 2014. *Embodiment and Horror Cinema*. New York: Palgrave MacMillan.
- Dumas, Chris. 2014. Horror and Psychoanalysis: An Introductory Primer. In Benshoff, Harry M. (ed.). 2014. *A Companion to the Horror Film*. Chichester: Wiley Blackwell, pp. 21-37.
- Gelder, Ken. 2000a. Introduction to Part Nine. In Gelder, Ken (ed.). 2000. *The Horror Reader*. London & New York: Routledge, pp. 273-275.
- Gelder, Ken. 2000b. Introduction to Part Two. In Gelder, Ken (ed.). 2000. *The Horror Reader*. London & New York: Routledge, pp. 49-51.
- Greven, David. 2011. *Representations of Femininity in American Genre Cinema: The Woman's Film, Film Noir, and Modern Horror*. New York: Palgrave Macmillan.
- Grindon, Leger. 2012. Cycles and Clusters: The Shape of Film Genre History. In Grant, Barry Keith (ed.). 2012. *Film Genre Reader IV*. Austin: University of Texas Press, pp. 41-59.
- Halberstam, Judith. 1995. *Skin Shows: Gothic Horror and the Technology of Monsters*. Durham & London: Duke University Press.
- Hantke, Steffen. 2010. Introduction: They Don't Make 'Em Like They Used To: On the Rhetoric of Crisis and the Current State of American Horror Cinema. In Hantke, Steffen (ed.). 2010. *American Horror Film: The Genre at the Turn of the Millennium*. Jackson: University Press of Mississippi, pp. vii-xxxii.
- Hoglund, Andy. 2015. References in *It Follows* Set the Tone. *The Huffington Post*, 25 Mei. [http://www.huffingtonpost.com/andy-hoglund/-references-in-it-follows-set-the-tone\\_b\\_6933810.html](http://www.huffingtonpost.com/andy-hoglund/-references-in-it-follows-set-the-tone_b_6933810.html) [29 Augustus 2016].
- Humphrey, Daniel. 2014. Gender and Sexuality Haunts the Horror Film. In Benshoff, Harry M. (ed.). 2014. *A Companion to the Horror Film*. Chichester: Wiley Blackwell, pp. 38-55.
- Hutchings, Peter. 2014. International Horror in the 1970s. In Benshoff, Harry M. (ed.). 2014. *A Companion to the Horror Film*. Chichester: Wiley Blackwell, pp. 292-309.
- Jackson, Kimberly. 2013. *Technology, Monstrosity, and Reproduction in Twenty-First Century Horror*. New York: Palgrave Macmillan.
- Johnston, David MacGregor. 2010. Kitch and Camp and Things That Go Bump in the Night; or, Sontag and Adorno at the (Horror) Movies. In Fahy, Thomas (ed.). 2010. *The Philosophy of Horror*. Lexington: University of Kentucky Press, pp. 229-243.
- Jones, Josh. 2015. The First Horror Film, George Méliès' *The Manor of the Devil* (1896). *Open Culture*, 27 Oktober. <http://www.openculture.com/2015/10/the-first-horror-film-george-melies-the-manor-of-the-devil-1896.html> [29 Augustus 2016].
- Jones, Steve. 2013. *Torture Porn: Popular Horror After Saw*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.
- Juzwlak, Rich. 2015. A Conversation About *It Follows*, 2015's First Must-See Horror Movie. *Defamer*, 13 Maart. <http://defamer.gawker.com/a-conversation-about-it-follows-2015s-first-must-see-h-1691215470> [29 Augustus 2016].
- Kawin, Bruce F. 2012. Children of the Light. In Grant, Barry Keith (ed.). 2012. *Film Genre Reader IV*. Austin: University of Texas Press, pp. 360-381.
- Kaye, Chris. 2015. The Unrelenting Pursuer in Horror Film "It Follows". *Europe Newsweek*, 24 Januarie. <http://europe.newsweek.com/unrelenting-pursuer-horror-film-it-follows-301761?rm=eu> [29 Augustus 2016].
- Kendrick, James. 2014. Slasher Films and Gore in the 1980s. In Benshoff, Harry M. (ed.). 2014. *A Companion to the Horror Film*. Chichester: Wiley Blackwell, pp. 310-328.

- Kermode, Mark. 2015. *It Follows* review – genre clichés at an art-house distance. *The Guardian*, 1 Maart. <https://www.theguardian.com/film/2015/mar/01/it-follows-review-observer-mark-kermode> [29 Augustus 2016].
- Kohn, Eric. 2014. Cannes Review: ‘It Follows’ Is a Teen Horror Movie Like You’ve Never Seen It Before. *Indie Wire*, 24 Mei. <http://www.indiewire.com/2014/05/cannes-review-it-follows-is-a-teen-horror-movie-like-youve-never-seen-it-before-26132/> [29 Augustus 2016].
- Kristeva, Julia. 1982. *Powers of Horror: An Essay on Abjection*. New York: Columbia University Press.
- Lyne, Charlie. 2015. *It Follows*: ‘Love and sex are ways we can push death away’. *The Guardian*, 21 Februarie. <https://www.theguardian.com/film/2015/feb/21/it-follows-teen-horror-movie> [29 Augustus 2016].
- McRoy, Jay. 2010. “Parts is Parts”: Pornography, Splatter Films and the Politics of Corporeal Disintegration. In Conrich, Ian (ed.). 2010. *Horror Zone: The Cultural Experience of Contemporary Horror Cinema*. London: I.B. Tauris, pp. 191-204.
- Modleski, Tania. 2000. The Terror of Pleasure: The Contemporary Horror Film and Postmodern Theory. In Gelder, Ken (ed.). 2000. *The Horror Reader*. London & New York: Routledge, pp. 285-293.
- Mulcahey, Matt. 2015. “We Didn’t Have to Add Too Much Creepiness”: *It Follows* DP Mike Gioulakis. *Filmmaker Magazine*, 31 Maart. <http://filmmakermagazine.com/93629-we-didnt-have-to-add-too-much-creepiness-it-follows-dp-mike-gioulakis/#.V8PjPuJ97cs> [29 Augustus 2016].
- Murphy, Jo. 2011. Re-Presenting Fear: The Slasher Remake as Cumulative Hypertext. Dunedin: University of Otago. Unpublished MA-thesis.
- Nelson, Andrew Patrick. 2010. Traumatic Childhood Now Included: Todorov’s Fantastic and the Uncanny Slasher Remake. In Hantke, Steffen (ed.). 2010. *American Horror Film: The Genre at the Turn of the Millennium*. Jackson: University Press of Mississippi, pp. 103-118.
- Nickel, Philip J. 2010. Horror and the Idea of Everyday Life. In Fahy, Thomas (ed.). 2010. *The Philosophy of Horror*. Lexington: University of Kentucky Press, pp. 14-31.
- Nowell, Richard. 2011. *Blood Money: A History of the First Teen Slasher Film Cycle*. New York: Continuum.
- Och, Dana. 2015. Beyond Surveillance: Questions of the Real in the Neopostmodern Horror Film. In Clayton, Wickham (ed.). 2015. *Style and Form in the Hollywood Slasher Film*. Basingstoke: Palgrave Macmillan, pp. 195-212.
- Olick, Jeffrey K. 2007. *The Politics of Regret: On Collective Memory and Historical Responsibility*. New York & London: Routledge.
- Parkin, Nigel. 2015. “It Follows”: A Critical Analysis. *Fangoria*, 27 Maart. <http://www.fangoria.com/new/it-follows-a-critical-analysis/> [29 Augustus 2016].
- Pheasant-Kelly, Fran. 2015. Reframing Parody and Intertextuality in *Scream*: Formal and Theoretical Approaches to the ‘Postmodern’ Slasher. In Clayton, Wickham (ed.). 2015. *Style and Form in the Hollywood Slasher Film*. Basingstoke: Palgrave Macmillan, pp. 149-160.
- Phillips, Kendall R. 2005. *Projected Fears: Horror Films and American Culture*. Westport, Connecticut & London: Praeger.
- Phillips, Kendall R. 2012. *Dark Directions: Romero, Craven, Carpenter, and the Modern Horror Film*. Carbondale & Edwardsville: Southern Illinois University Press.
- Pinedo, Isabel. 2004. Postmodern Elements of the Contemporary Horror Film. In Prince, Stephen (ed.). 2004. *The Horror Film*. New Brunswick: Rutgers University, pp. 85-117.
- Pinedo, Isabel C. 2014. Torture Porn: 21<sup>st</sup> Century Horror. In Benshoff, Harry M. (ed.). 2014. *A Companion to the Horror Film*. Chichester: Wiley Blackwell, pp. 345-361.
- Roche, David. 2014. *Making and Remaking Horror in the 1970s and 2000s: Why Don’t They Do It Like They Used To?* Jackson: University Press of Mississippi.
- Roche, David. 2015. (In)Stability of Point of View in *When a Stranger Calls* and *Eyes of a Stranger*. In Clayton, Wickham (ed.). 2015. *Style and Form in the Hollywood Slasher Film*. Basingstoke: Palgrave Macmillan, pp. 17-36.
- Rockoff, Adam. 2002. *Going to Pieces: The Rise and Fall of the Slasher Film, 1978 to 1986*. Jefferson: McFarland & Company.
- Rooney, David. 2014. ‘It Follows’: Film Review. *The Hollywood Reporter*, 17 Mei. <http://www.hollywoodreporter.com/review/it-follows-film-review-cannes-705174> [29 Augustus 2016].

- Schager, Nick. 2015. 5 Horror Classics: That Influenced *It Follows*, the New Must-See Horror Movie. *Esquire*, 12 Maart. <http://www.esquire.com/entertainment/movies/a33626/it-follows-horror-classics/> [29 Augustus 2016].
- Schneider, Jay. 2004. Introduction. In Schneider, Jay (ed.). 2004. *Horror Film and Psychoanalysis: Freud's Worst Nightmare*. Cambridge: Canbridge University Press, pp.1-14.
- Sharrett, Christopher. 2014. The Horror Film as Social Allegory (And How it Comes Undone). In Benshoff, Harry M. (ed.). 2014. *A Companion to the Horror Film*. Chichester: Wiley Blackwell, pp. 56-72.
- Short, Sue. 2007. *Misfit Sisters: Screen Horror as Female Rites of Passage*. Hampshire: Palgrave Macmillan.
- Smuts, Aaron. 2014. Cognitive and Philosophical Approaches to Horror. In Benshoff, Harry M. (ed.). 2014. *A Companion to the Horror Film*. Chichester: Wiley Blackwell, pp. 3-20.
- Staiger, Janet. 2015. The Slasher, the Final Girl and the Anti-Denouement. In Clayton, Wickham (ed.). 2015. *Style and Form in the Hollywood Slasher Film*. Basingstoke: Palgrave Macmillan, pp. 213-228.
- Tarrat, Margaret. 2012. Monsters from the Id. In Grant, Barry Keith (ed.). 2012. *Film Genre Reader IV*. Austin: University of Texas Press, pp. 382-401.
- Watkins, Gwynne. 2015. The Yahoo Movies Interview: 'It Follows' Director David Robert Mitchell on His Surprise Horror Hit. *Yahoo! Movies*, 20 Maart. <https://www.yahoo.com/movies/the-yahoo-movies-interview-it-follows-director-114138739632.html> [29 Augustus 2016].
- Wetmore, Kevin J. 2012. *Post-9/11 Horror in American Cinema*. New York: Continuum.
- Whittaker, Richard. 2015. *It Follows* Goes Everywhere: Director David Robert Mitchell on finding horror in Detroit. *The Austin Chronicle*, 26 Maart. <http://www.austinchronicle.com/daily/screens/2015-03-26/it-follows-goes-everywhere/> [29 Augustus 2016].
- Williams, Tony. 1996. *Hearths of Darkness: The Family in the American Horror Film*. Cranbury: Associated University Presses.
- Winter, Max. 2015. Watch: 'It Follows' Is a Slash in the Fabric of the American Dream. *Indie Wire*, 1 Oktober. <http://www.indiewire.com/2015/10/watch-it-follows-is-a-slash-in-the-fabric-of-the-american-dream-131962/> [29 Augustus 2016].
- Wood, Robin. 1979. Introduction. In Britton, Andrew; Lippe, Richard; Williams, Tony; Wood, Robin (eds). 1979. *American Nightmare: Essays on the Horror Film*. Toronto: Festival of Festivals, pp. 7-28.
- Wood, Robin. 2003. *Hollywood From Vietnam to Reagan... and Beyond*. New York: Columbia University Press.
- Wood, Robin. 2004. Forward: "What Lies Beneath?". In Schneider, Jay (ed.). 2004. *Horror Film and Psychoanalysis: Freud's Worst Nightmare*. Cambridge: Canbridge University Press, pp. xiii-xviii.
- Wright, Judith Hess. 2012. Genre Films and the Status Quo. In Grant, Barry Keith (ed.). 2012. *Film Genre Reader IV*. Austin: University of Texas Press, pp. 60-68.

# Versoening tussen leerders: Is parallelmedium-skole die antwoord op die rassismeprobleem?

*Reconciliation between learners: Are parallel-medium schools the answer to the problem of racism?*

**ELIZE DU PLESSIS EN PETRO MARAIS**

Kollege vir Opvoedkunde  
Universiteit van Suid-Afrika  
E-pos: dplesec@unisa.ac.za  
maraip@unisa.ac.za



Elize du Plessis



Petro Marais

**ELIZE DU PLESSIS** het 'n DEd kwalifikasie en 28 jaar ervaring in afstandsonderrig. Sy is 'n mede-professor in die Departement Kurrikulum- en Onderrigstudies aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) en is betrokke by kurrikulumontwikkeling in die Skool vir Onderwysersopleiding. Haar spesialisingsveld is kurrikulumontwikkeling, onderrig en leer en afstandsonderrig. Sy is tans die programkoördineerder van die Nagraadse Onderwysertifikaat program (Senior en VOO fase). Sy is 'n ervare ontwikkelaar van studiemateriaal vir onderwysstudente. Sy het bydraes gelewer tot verskeie boeke en joernale en het referate op nasionale en internasionale kongresse gelewer. Sy tree ook op as kritiese leser vir nasionale en internasionale adademiese joernale en is 'n studieleier vir MED en DEd studente.

**ELIZE DU PLESSIS** holds a DED degree and has 28 years' experience in distance teaching. She is an associate professor in the Department of Curriculum and Instructional studies at the University of South Africa (Unisa) and is also involved in curriculum development in its School of Teacher Education. Her field of specialization is curriculum development, teaching and learning and distance education. She is currently the programme coordinator of the Post Graduate Certificate in Education programme (Senior and FET phase). She is an experienced developer of course material for student teachers. She has made contributions to several books and a variety of journals, and presented papers at both national and international conferences. Elize is also a national and international reviewer for several academic journals and acts as supervisor for MED and DEd students.

**PETRO MARAIS** is professor in die Departement Vroeëkinderonderwys en -ontwikkeling aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA). Sy beskik oor 'n DEd graad. Sy was 'n onderwyseres voordat sy in 1992 by Unisa aangesluit het. Haar spesialisingsveld is Waardegebaseerde Onderrig, Onderwyspraktik en Onderwysbestuur en Leierskap. Sy het 26 jaar onderwysondervinding in tersiëre onderwys deur afstandsonderrig.

**PETRO MARAIS** is professor in the Department of Early Childhood Education and Development at the University of South Africa. She holds a DEd degree. Prior to joining Unisa in 1992, she was a teacher. She specialises in Value Based Education, Teaching Practice and Education Management and Leadership. She has 26 years of teaching experience in tertiary education through open distance learning. Numerous



Verskeie akademiese artikels is deur haar in nasionale en internasionale geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer en sy het ook hoofstukke in verskeie boeke geskryf. Sy het verskeie referate by nasionale en internasionale kongresse gelewer en is 'n studieleier vir MEd en DEd studente.

academic articles have been published nationally and internationally by her and she has also contributed chapters to several books. She presented numerous papers at national and international conferences and acts as supervisor for MEd and DEd students.

## ABSTRACT

### ***Reconciliation between learners: Are parallel-medium schools the answer to the problem of racism?***

*The South African Constitution explicitly prohibits unfair discrimination on the grounds of race or sex. In our schools, this means that every learner in the country has a right to good education, a safe school environment and access to information, irrespective of his or her skin colour or sex. Mother tongue education in 11 official languages has proved to be a challenging matter. A possible solution to this challenge may be the introduction of only English and Afrikaans in parallel-medium schools, a possibility that should perhaps be investigated.*

*One of the topical issues in our society is not so much realising equality by means of legislation (although the manner in which legislation attempts to achieve equality does indeed require further consideration), but rather how to overcome our various prejudices. For some of us, irrespective of race, the true meaning of equality remains something that eludes us (Kruger 2013).*

*Will all schools become culturally and racially integrated? This is a question being raised by worried parents in South African schools since Prof Jonathan Jansen, former principal of the University of the Free State, suggested that English be made the primary medium of instruction in schools (Beeld 2 October 2013).*

*According to Garner (2009) racism or racial discrimination refers to social, economic or political discrimination against a person (or group of persons) on the basis of cultural differences. It does not necessarily refer to hatred on the part of one race for another; but rather to exclusion from – or the refusal of – certain rights and privileges, as applied by the apartheid government for instance. Because of affirmative action, white people are often not appointed to available posts, even though they may be the best candidates.*

*The number of single-medium Afrikaans schools in South Africa has dropped drastically since 1994. While parents previously resisted the idea of parallel-medium schools, they now display a positive attitude towards such schools. Jackson (2014:12) states that education in parallel-medium schools is successful, a point of view confirmed by a school principal in Limpopo. The potential success of parallel-medium school education can be measured by the community's conviction that a long-established Afrikaans-medium school has the right to retain Afrikaans as medium of instruction while making provision for learners from the community who prefer to be taught through the medium of English. This would, however, require excellent leadership (Jackson 2014:12).*

*The aim of this article is to determine how schools can promote multicultural education and how to address racism by inspiring and teaching learners to be moral people.*

*The theoretical framework on which this study was based are Kohlberg's theory of moral development (1963), Whitehouse's theory of universal values (1995) and mainly on Gandhi's theory of social morality (1946). Kohlberg's theory focuses on three levels of moral development*



*namely, pre-conventional morality, conventional morality and post conventional morality (Maduane 1992:115-123). Whitehouse's theory of universal values promotes universal values that are valued by various cultural groups. According to Gandhi, morality is a very complex matter, especially because values linked to morality are not easily distinguished from a multitude of matters that are presented as values and that often contradict one another. He evolved his principles of morality education along the lines of three main themes, namely (1) morality as a decision of will, (2) the pursuit of spiritual cleanliness and (3) morality as a prerequisite for responsible self-actualisation (Iyer 1973:65).*

*Document research (also known as document analysis), which was used in this research, involves the systematic analysis and evaluation of documents that need to be interpreted to reveal their meaning with a view to gaining understanding and generating empirical knowledge from them (Corbin & Strauss 2008 in Joubert, Hartell & Lombard 2016). The researchers approached this study from an interpretivist perspective as well.*

*The leadership of school principals and teachers becomes manifest in their attitudes towards all cultural groups and the way in which they realise those attitudes in their personal lives. They ought to be moral-ethical examples for learners in multi-cultural schools. Without implying that Gandhi's points of view are unreservedly acceptable, one can say that he was an exceptionally good example of a moral-ethical leader. His leadership was characterised by submission to absolute, non-negotiable values. His values were based on respect for all cultures and on service. The authors remain convinced that parallel-medium schools can contribute towards solving the problem of racism.*

**KEYWORDS:** Document analysis, diversity, Gandhi, leadership, morality, multicultural schools, teaching, education, racism

**TREFWOORDE:** Dokumentanalise, diversiteit, Gandhi, leierskap, moraliteit, multikulturele skole, onderrig, opvoeding, rassisme

## OPSOMMING

Die Suid-Afrikaanse Grondwet stel dit duidelik dat enige vorm van diskriminasie nie toegelaat mag word nie. In ons skole beteken dit dat elke leerder 'n reg het op goeie opvoeding en 'n veilige skoolomgewing. Die fokus van hierdie navorsing is gerig op bestaande parallel-mediumskole. Die uiteindelijke vraagstuk is dus hoe multikulturele onderwys bevorder word en hoe rassisme aangespreek kan word?

As teoretiese raamwerk is Kohlsberg se kognitiewe ontwikkelingsbenadering en Whitehouse se universele waarderaamwerkbenadering gebruik om die navorsing te anker. As derde raamwerk beskou die skrywers egter Gandhi se moraliteitsfilosofie as 'n perfekte eksponent van die strewe na versoening aan die hand van moraliteit as 'n teenvoeter vir rassisme en ook as 'n voorwaarde vir nasiebou. Het Gandhi se opvattinge enigsins waarde vir die opvoeding en onderrig van leerders in Suid-Afrika en kan dit moontlik gebruik word om rassisme in skole aan te spreek? Hierdie vrae is met behulp van 'n kwalitatiewe dokumentanalise beantwoord.

Die bevindinge toon dat drie beginsels van Gandhi se moraliteitsfilosofie 'n voorvereiste is vir die bekampings van rassisme in parallelmediumskole. Die aanbeveling is dat alle aspekte van die onderwys gerig moet wees op die verowering van moreel-verantwoordbare selfverwesenliking.

## 1. INLEIDING

Dit is nie so maklik om vas te stel wat die oorspang van rassisme is nie. Daar was in die verlede talle insidente en voorbeelde van rassisme in die media, byvoorbeeld die gebeurtenis wat op 7 Mei 2016 op sosiale media plaasgevind het nadat 'n private gesprek tussen regter Mabel Jansen en Gillian Schutte, onderskeidelik 'n joernalis en aktivis, aan die lig gekom het. Schutte het die gesprek, waarin Jansen haar mening oor swart Suid-Afrikaanse mans se beweerde kultuur van verkragting verduidelik, openbaar gemaak (Maroela Media 2016). Ook Penny Sparrow se omstrede Facebook-plasing is 'n blatante verwoording van kru, rassistiese apartheidsdenke. Haar vergelyking van swart mense met diere is skadelik vir rasseverhoudinge in die land.

Dit is ook tekenend van mense se toenemende geneigdheid tot die impulsiewe uitstuur van ondeurdagte boodskappe op sosiale media. Die Grondwet verseker vryheid van spraak, maar dit beskerm Suid-Afrikaners ook teen haatspraak, aanhitsing tot geweld, rassisme en seksisme (Netwerk 24 4 Januarie 2016). Die reënboognasie het besonder sensitief geraak teenoor rassisme en dit is opmerkings soos dié van Sparrow wat reg in die hande speel van politieke opportuniste wat elke probleem in die land terugvoer na apartheid en ons só in die verlede vasgevang hou. Die FW de Klerk-Stigting vat dit raak in hulle verklaring wanneer hulle noem dat “die probleem met Sparrow se aanmerkings is dat sy swart stereotipering bevorder, naamlik dat (alle) wit mense onsensitiewe en verwaande rassiste is” (Netwerk 24 4 Januarie 2016).

Nog 'n uitlating is deur Hartley gemaak waar sy swart mense met dom diere wat vasmgemaak moet word, vergelyk (Anthony 2016). Wetgewing word nou teen haatspraak voorberei en kundige insette word gelewer om dit so regverdig moontlik te kry. Maar uiteindelik rus die onus op elkeen om hom of haar van kwetsende optrede te weerhou (Toerien 2016).

'n Staat wat wetstoepassing selektief toepas, bou reeds aan môre se probleme. Dit is soos die inkonsekwente toepassing van dissipline met 'n kind se opvoeding (Toerien 2016). Dubbele standaarde in die toepassing van tugstappe kom soms voor en word vervolgens uitgelig.

Gedurende 2015 het Solidariteit in 'n skrywe aan die Universiteit van Johannesburg daarop aangedring dat daar dissiplinêr opgetree moes word teen 'n swart dosent wat toe reeds vir 'n geruime tyd snedige en afbrekende aanmerkings, spesifiek oor wit mense, op haar persoonlike Twitter-profiel gemaak het. Ná verskeie gesprekke en onderhandelings het die universiteit ingestem en is sy ná afloop van 'n interne ondersoek afgedank (Van den Heever 2016).

Die alte bekende “black face”-skandaal by die Universiteit van Pretoria (UP) was weke lank op almal se lippe nadat 'n foto van twee damestudente wat vir 'n partytjie hulle gesigte swart geverf en soos huiswerkers aangetrek het, die koerante vol was. Die UP het na hierdie insident wat by 'n private funksie plaasgevind het, tugstappe gedoen. Tog was dit duidelik dat die insident uit verband geruk is deur belangegroep wat hulle eie agendas dryf. Die UP het egter versuim om dissiplinêre stappe eenvormig toe te pas teen alle rassismeverwante insidente, soos toe wit studente van Huis Taaibos, 'n UP-koshuis, deur twee ongeïdentifiseerde swart studente van Kollegehuis, ook 'n UP-koshuis, by die hekke van Huis Taaibos rassistiese uitlatings en dreigemente toegesnou is. Die een swart student het wit studente gevloek en geskree dat hy wit mense haat en dat hy al die wit mense wil doodmaak. Die verbale aanval het Taaibos-studente diep ontstel, maar die UP het dit geïgnoreer (Du Randt 2014).

Volgens 'n berig in *Die Vryburger* (2015) is daar toenemende gevalle van rassisme en wrewel te bespeur onder die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Isaac Mangena, 'n woordvoerder van die Menseregtekommissie (MRK), sê dat al hoe meer klagtes van haatspraak ontvang word – meestal na aanleiding van plasinge in die sosiale media. Volgens die MRK het rasverwante klagtes in 2015 met sowat 50% toegeneem: 297 klagtes is ontvang teenoor die vorige boekjaar se 206 klagtes (*Die Vryburger* 2015).

Die Grondwet verwoord die waardes, regte en beginsels van die samelewing waarna ons streef, maar ons sukkel steeds om dit te verwesenlik. Hierdie waardes – met inbegrip van menswaardigheid, gelykheid, die bevordering van fundamentele regte en vryhede, sowel as nierassigheid en nieseksisme – is van min waarde as die samelewing (en by implikasie elkeen van ons) dit nie verwesenlik nie. Werklike en wesenlike gelykheid is dus iets wat ons samelewing op etlike gebiede steeds kortkom (Kruger 2013).

Opvoeding is 'n morele aktiwiteit omdat waardes ter sprake is, dit handel oor dit wat reg en verkeerd is (Van Heerden 2016). Skole is dus die ideale omgewing waar morele waardes aan leerders voorgehou kan word ter bevordering van 'n beter gemeenskap. Onderwysers het nie beheer oor die diverse kulturele omstandighede waaruit leerders afkomstig is nie. Die kulturele agtergronde bevat verskillende kulturele, religieuse, rasse, taal- en etniese groepe met verskillende gebruike, waardes en oortuigings (Meier & Marais 2012:127-128). Skole is instellings waar onderwysers en leerders veeltalig en multikultureel met mekaar kommunikeer. Mbudeshale (2014:7) verklaar dat multikulturele onderwys gebaseer is op die feit dat alle kulture daarna streef om universele waarhede, waardes en gewoontes te ontdek en uit te leef. Hierdie agtergrond word voortgesit in die volgende besprekingspunt, naamlik, literatuur.

## 2. LITERATUUR

Die literatuur fokus in die onderstaande subafdelings kortliks op op rassisme en parallelmediumskole.

### 2.1 Rassisme

Volgens Garner (2009) dui rassisme of rasediskriminasie op sosiale, ekonomiese of politieke diskriminasie teenoor 'n persoon (of groep persone) op grond van ras en/of velkleur. Dit dui nie noodwendig op die haat van een ras teenoor 'n ander nie – eerder die uitsluiting of weiering van sekere regte en voorregte, byvoorbeeld soos destyds toegepas deur die apartheidsregering van Suid-Afrika en tans, in die nuwe Suid-Afrika, soos die weiering om wit persone in beskikbare poste aan te stel, selfs al is hulle die beste kandidate vir die pos.

Roets, adjunk-uitvoerende hoof van AfriForum, het erken dat haatspraak en rassisme inderdaad 'n probleem in Suid-Afrika is (Jansen 2017). Roets meen dat die rassismeprobleem, soos baie ander probleme, teruggevoer kan word na kwessies soos die gehalte van onderwys, armoede en werkloosheid – almal kwessies wat “vrugbare grond” vir rassisme skep. “Die wetsontwerp is daar om die simptome te behandel sonder om die oorsaak van die probleem aan te spreek. As ons rassisme wil aanspreek, moet ons meer Suid-Afrikaners toegang gee tot gehalte-onderwys wat mense toegang tot werk sal gee” (Jansen 2017:1).

### 2.2 Parallelmediumskole: voor- en nadele

Internasionaal word daar na die konsep parallelmediumskool verwys as “bilingual education” of dan tweetalige onderrig. In vergelyking met swak tweetalige onderrigvorme, het sterk vorme van tweetalige onderrig die potensiaal om tweetaligheid by kinders te ontwikkel en verder uit te bou. Maar beide sterk en swak vorme het hulle beperkings. Die algemene konsensus is eger dat die swak vorme van tweetalige onderrig ongewild is en dat slegs die sterk tweetalige onderrigvorme tot additiewe tweetaligheid lei en tweetaligheid of veeltaligheid by kinders volhoubaar vestig (Williams 2007).

'n Hele paar lande soos Noorweë en Denemarke kombineer 'n aantal sterk tweetalige onderrigvorme om die groot toevloei van minderheidsgroepe wat na hierdie lande immigrer, te akkommodeer (Williams 2007), of as reaksie op die toenemende behoeftes wat globale tweetaligheid of veeltaligheid meebring wat 'n groot invloed op die politiek het.

In Suid-Afrika is 'n parallelmediumskool 'n skool wat twee of meer onderrigtale in verskillende klasse in dieselfde graad gebruik vir alle grade in die skool (Departement van Basiese Onderwys 2009). Indien daar Afrikaanse en Engelse leerders in een skool is, is die klasse in Afrikaans vir die Afrikaanse leerders en in Engels vir die Engelse leerders – in afsonderlike klaskamers. Ander aktiwiteite, soos kultuur- en sportaktiwiteite, vind gesamentlik plaas.

Jackson (2004:12) was elf jaar lank as ouer verbonde aan 'n parallelmediumskool. In die praktyk het dit beteken dat daar naas die Afrikaanse klasse (met hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, wit kinders) 'n Engelse klas (met hoofsaaklik swart kinders) in elke graad gevestig is. Vir hom as ouer het dit gou geblyk dat dit vir hulle en hul kinders heelwat voordele inhou.

Die eerste is dat die wit leerders swart kinders van hul eie ouderdom op gelyke voet op die skoolterrein kon leer ken. Volgens Jackson (2004:12) is dit 'n voorreg wat hy in sy kinderjare nie gehad het nie. “Al wat ons gehad het, was 'n klomp stereotipe beelde van swart mense – en in ons gemoedere was hulle almal so”. Hulle dogter het vroeg-vroeg spontaan geleer om swart mense nie op hul voorkoms of deur veralgemenings te beoordeel nie, maar op elkeen se individuele optrede en eienskappe. Daardeur het die skool haar toegerus met 'n ontsaglik belangrike vaardigheid wat haar sou help om haar weg in die nuwe Suid-Afrika te baan. In die taalbedeling by die skool het hulle ook nooit verlies ervaar nie. Moedertaalonderrig, wat vir hom van kritieke belang is, was nooit in die gedrang nie. Daarmee saam het hulle egter die wins beleef dat hul kinders ook baie meer direkte blootstelling aan Engels gekry het as wat hulle self ooit gehad het. Ook ander tale van ons land is dikwels op die skoolterrein gehoor.

'n Derde groot wins was dat hulle 'n instelling wat goeie onderwys bied, ook tot beskikking van swart landgenote kon stel. Dit is baie meer as 'n daad van altruïsme. Dit is volgens Jackson (2004:12) in leerders se eie belang dat dit gebeur. “As ons skool, op 'n geringe manier kon bydra om meer van ons swart mede-Suid-Afrikans 'n goeie kans in die lewe te gee, het ons ook daardeur gehelp om ons eie toekoms sekerder te maak.”

Die aantal Afrikaanse enkelmediumskole in Suid-Afrika het sedert 1994 drasties afgeneem. Die afname in die aantal Afrikaanse enkelmediumskole kan toegeskryf word aan faktore soos emigrasie, die dalende geboortesyfer en die keuse van plattelandse ouers om hulle kinders na stedelike skole te stuur. Waar daar voorheen ouerlike teenstand teen parallelmediumskole was, is daar tans 'n positiewe houding teenoor parallelmediumskole. Deesdae, sê Jackson (2004), is daar groter aanvaarding van parallelmediumskole.

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie is oortuig daarvan dat multikulturele parallelmediumskole die rassevraagstuk onder leerders kan oplos. Volgens 'n skoolhoof van 'n skool in Limpopo kan die sukses van parallelmediumskoolonderrig in sy skool gemeet word aan die gemeenskap se aanvaarding dat 'n gevestigde Afrikaanse skool die reg het om Afrikaans as onderrigtaal te behou, terwyl daar voorsiening gemaak word vir leerders uit die gemeenskap wat eerder in Engels onderrig wil ontvang. Hierdie skoolhoof lê egter swaar klem op sterk leierskap en doeltreffende kommunikasie. Die skool handhaaf 'n Christelike karakter, maar ander geloofsoortuigings word ook geakkommodeer.

'n Ander skool, in Mokopane, het aanvanklik leerders verloor as gevolg van parallelmediumonderrig, maar die getalle het weer gestyg omdat ouers en onderwyspersoneel daarna streef om positief te bly, wedersydse respek te handhaaf en nie na swart, wit en bruin leerlinge te verwys nie, maar eerder na Afrikaanse of Engelse leerders.

Natuurlik het die nuwe bedeling vir die skool self ook sy kwota probleme meegebring. Die onderwysdepartement moes byvoorbeeld 'n ekstra pos aan die skool toeken om te help met die ekstra werk wat 'n parallelmediumbedeling meebring – soos die baie ekstra tikwerk omdat vraestelle in beide Afrikaans en Engels getik moet word. Soos by enige skool gebeur dit wel dat leerlinge so af en toe haaks raak met mekaar. In enkele gevalle was rassisme die oorsaak, maar dan het dit 'n geleentheid gebied waardeur die skool die leerders kon leer om anders op te tree. 'n Mens sou spanning tussen leerders kon verwag as rassistiese ouers dit sou aanblaas, maar oor die algemeen is verhoudings op die speelterrein goed. Daar is wit leerders wat in wit groepe sosialiseer, swart leerders wat in swart groepe sosialiseer en wit en swart leerders wat saam in groepe sosialiseer. Niks word afgedwing nie en die leerders leer waardevolle lesse van vrywillige assosiasie en vreedsame naasbestaan. Volgens Jackson (2004:12) kan elke skool se beheerliggaam seker in die lig van sy eie omstandighede besluit wat die beste vir hul skool gaan wees, maar met die wysheid van terugskouing is hy baie dankbaar dat sy kinders in 'n parallelmediumskool kon wees. In die volgende afdeling word die teoretiese raamwerk van hierdie artikel bespreek.

### **3. TEORETIESE RAAMWERK**

Die teoretiese raamwerk waarbinne hierdie studie begrond is, is Kohlsberg se kognitiewe ontwikkelingsbenadering, Whitehouse se universele waarderaamwerkbenadering en Gandhi se sosialemoraliteitsfilosofie. Aangesien Gandhi se moraliteitsfilosofie raakpunte met die voorgenoemde teorieë het, het die skrywers hulle vir die doeleindes van die artikel tot Gandhi beperk.

#### **3.1 Kohlsberg se kognitiewe ontwikkelingsbenadering**

Hierdie ontwikkelingsbenadering impliseer dat opvoeding rakende 'n morele leefwyse op aktiewe denkwyses en denkpatrone gebaseer is – met ander woorde, die wyse waarop mense oor morele beginsels en waardes redeneer. Omdat daar drie vlakke met twee stadiums by elke vlak van kognitiewe wording onderskei word, identifiseer Kohlberg dus ses verskillende stadiums van morele ontwikkeling by die leerder. Kohlberg het 'n moraliteitsgebaseerde opvoedingsprogram ontwikkel waarin 'n leerder gemotiveer word om van sy/haar huidige stadium van morele redeneringsvermoë na 'n volgende stadium te vorder (Brady 1990:13; Maduane 1992:126).

#### **3.2 Whitehouse se universele waarderaamwerkbenadering**

Whitehouse beklemtoon die uitspel van sekere universele waardes wat deur feitlik alle kulture gekoester kan word. Hierdie universele waardes is die boustene vir wet en orde. Balans tussen die regte en verantwoordelikhede van 'n individu aan die een kant en dié van 'n sosiale groep aan die ander kant, is die kern van Whitehouse se universele waarderaamwerkbenadering (Whitehouse 1995:21-27).

#### **3.3 Gandhi se sosialemoraliteitsfilosofie**

Gandhi het sy moraliteitsfilosofie op drie hooftemas gegrond, naamlik (1) moraliteit as 'n wilsbesluit, (2) moraliteit as 'n strewe na geestelike reinheid, en (3) moraliteit as 'n voorwaarde vir verantwoordbare selfverwesenliking (Iyer 1973:65).

Volgens die eerste hooftema het die mens die vryheid om sy eie wil en begeertes tot uitvoering te bring. Hierdie vryheid is 'n vryheid om te kies, al beteken dit ook dat foute begaan word. Moraliteit is dus ook 'n wilsbesluit. Daarom impliseer moraliteit vir Gandhi 'n doelbewuste, voorbedagte wilsuiging en wilshandelinge uit eie vrye keuse. Hierdie morele keuses moet ook diensbaarheid ten doel hê (Pillai 1954:196, 197).

Die tweede aspek van Gandhi se moraliteitsfilosofie het te make met die suiwering van die gees. Gandhi vertolk die rol van waardes in die lewe van mense as die suiwering van die gees (Gandhi 1946 in Iyer 1986:119). Volgens Gandhi is diegene wat reinheid van dade, gedagtes en woorde openbaar, die enigste mense wat getrou bly aan morele waardes, dit hoog ag en daarvolgens lewe (Iyer 1973:64). Die eerste stap in selfreiniging is selfanalise (Tähtinen 1979:63). Gandhi formuleer die invloed van gedagtes as volg: "A man is but the product of his thoughts, what he thinks he becomes" (Iyer 1973:70).

Die verwesenliking van die morele self, wat die derde hooftema van sy moraliteitsfilosofie is, behels die bereidwilligheid van die mens om sy lewe aan die hand van morele waardes te reël (Tähtinen 1979:63). Hierdie verwesenliking verskaf aan die mens die status van menswees in die volle sin van die woord omdat die belewings van morele selfverwesenliking 'n moontlikheidsvoorwaarde vir selfverwesenliking ten opsigte van al die aspekte van menswees is (Iyer 1973:71).

Die relevansie van Gandhi se moraliteitsfilosofie vir die hede met betrekking tot versoening tussen verskillende kultuurgroepe in parallelmediumskole moet vervolgens bepaal word.

Gandhi se diepgaande beskouings oor etiek en moraliteit strek verder as die grense van sy eie volk en land. Gandhi wou die wêreld leer dat opvoeding rakende moraliteit die kind in staat sal stel om morele keuses te maak (Iyer 1973:70). Gandhi se moraliteitsfilosofie kan by wyse van die volgende drie standpunte op 'n parallelmediumskool van toepassing gemaak word, naamlik (1) opvoeding met die oog op vreedsame naasbestaan, (2) opvoeding wat gerig is op konflikhantering en (3) opvoeding ter bevordering van nasiebou (Marais 1998:201–205).

Opvoeding met die oog op vreedsame naasbestaan word bereik in universele waardes waarin naasteliefde 'n prioriteit is en wat volgens Gandhi gekenmerk word deur 'n gesindheid van onselfsugtigheid en die propagering van geweldloosheid (*ahimsā*). Gandhi se *ahimsā*-nalatenskap hou besondere waarde in vir vreedsame naasbestaan. Vir hom dui geweldloosheid nie net op die vermyding van fisieke geweld nie, maar ook op die voorkoming van emosionele geweld. Hy het 'n sensitiwiteit en respek vir kulturele verskille vooropgestel, sodat versoening en vreedsame naasbestaan kon seëvier.

Konflik moet onder meer deur onderhandelings- en arbitrasie opgelos word. Daaruit kan afgelei word dat onderhandelings- en konflikthanteringsvaardighede op alle vlakke by die kurrikulum van leerders ingesluit moet word. Gandhi se gesindheid van onselfsugtigheid en die propagering van geweldloosheid (*ahimsā*) kan met vrug as uitgangspunt in die onderrig van onderhandelings- en konflikthanteringsvaardighede aangewend word.

Opvoeding ter bevordering van nasiebou is volgens Gandhi onmoontlik sonder 'n eenheidsgevoel op voetsoolvlak en 'n erkenning van gemeenskaplikheid op mikrovlak. Hy was by uitstek 'n brugbouer oor grense heen en het klem gelê op die positiewe vertolking van verskeidenheid en uiteenlopendheid (Gandhi 1927:469–471). Hy was 'n voorstander daarvan dat individue en kultuurgroepe bemaagtig moet word om hul volle potensiaal te bereik.



#### 4. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Vir die navorsing oor Gandhi het die navorsers hoofsaaklik sekondêre bronne gebruik. Aangesien die navorsers nie die oorspronklike tale waarin Gandhi geskryf het (Gujarati, Hindi en Sanskrit) magtig is nie, kon Gandhi se oorspronklike uitsprake en die interpretasies daarvan wat in sekondêre bronne gemaak word, nie nagegaan of geverifieer word nie. Al Gandhi se skrywes is deur R Iyer in 'n reeks volumes uitgegee. Vandaar die vele verwysings na R Iyer in die literatuurstudie. Verder het die navorsers hierdie studie vanuit 'n interpretivistiese perspektief benader. Die werklikheid word dus beskou as 'n produk van sosiale, historiese, politieke of ekonomiese interaksie. Deur eksterne invloede is die werklikheid dus gedurig aan die verander (Joubert, Hartell & Lombard 2016). Verder is 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering gevolg omdat dit menslike situasies beskryf en poog om menslike denke te verstaan (Ericson 2012:1451). Die data is verkry van woorde uit transkripsies, beskrywing van waarnemings en dokumente (Joubert et al. 2016). Dokumentnavorsing (ook bekend as dokumentanalise) is die sistematiese analise en evaluering van dokumente wat geïnterpreteer moet word om sin daarvan te maak, om dit te verstaan en om empiriese kennis te genereer (Corbin & Strauss 2008 in Joubert et al. 2016). Die prosedure vir dokumentanalise wat gebruik is, is die deeglike (her)lees van berigte en literatuur rakende rassisme en parallelmediumskole. Kernwoorde is geïdentifiseer deur dit te meet aan die hand van Gandhi se moraliteitsfilosofie as teoretiese raamwerk.

#### 5. BESPREKING

Die bespreking van die bevindinge uit die literatuur is hoofsaaklik gebaseer op Kohlsberg se kognitiewe ontwikkelingsbenadering, Whitehouse se universele waarderaamwerkbenadering en Gandhi se moraliteitsfilosofie wat in skole toegepas kan word.

Kohlsberg se benadering berus op die beredenering van bepaalde dilemmas in die verskillende vlakke van 'n leerder se ontwikkeling (Mundane 1992:126). In multikulturele parallelmediumskole word leerders daagliks met dilemmas rakende rassisme gekonfronteer. Leerders moet onder leiding van onderwysers op 'n bepaalde dilemma fokus, dit bespreek en oplossings daarvoor voorstel om sodoende versoening te bewerkstellig. Voorstelle moet geanaliseer en verduidelik word. Alternatiewe oplossings moet geïdentifiseer word, persone wat deur die oplossing benadeel mag word, moet onderskei word en toekomstige implikasies vir die oplossings moet voorspel word.

'n Vraag wat noodwendig ontstaan betreffende Whitehouse se universele waarderaamwerkbenadering (Whitehouse 1995:21-27) is op watter wyse universele waardes in die kurrikulum van skole geïmplementeer kan word. 'n Filosofiese benadering oor moraliteit kan op verskillende wyses in 'n kurrikulum geïntegreer word. Die nuuskierigheid van kinders kan gewek word deur vraagstelling rakende waardes. Kunste soos musiek en dans asook lewensvaardighede kan gebruik word om kulturele verskille, kulturele vergelykings en kruiskulturele aangeleenthede te bespreek.

Soos blyk uit Gandhi se moraliteitsfilosofie (Gandhi 1946 in Iyer 1970:65; Iyer 1973:65; Gandhi 1946 in Iyer 1986:119 en Tähtinen 1979:63) word drie kernbeginsels in hierdie studie uitgelig, naamlik (1) Moraliteit is 'n wilsbesluit, (2) Moraliteit is 'n strewe na geestelike reinheid en (3) Moraliteit is 'n voorwaarde vir verantwoordbare selfverwesenliking.

Gandhi fokus dus eerstens op die "eie keuse" wat leerders moet maak ten opsigte van moraliteit. Volgens Gandhi is daar twee kragte wat leerders noop om besluite te neem: natuurwette en gewoontes of geneigdhede wat leerders vanaf die kleinkinderjare aanleer. Verder is Gandhi

(1946 in Iyer 1986:119) daarvan oortuig dat moraliteit sedelike keuses behels wat leerders moet aanleer met betrekking tot dit wat goed, reg, edel en rein is, en dat dit doelbewus gedurende die skooljare ingeprent moet word. Leerders moet gemotiveer word om met hul verstand moraliteit te oordink, waardes te identifiseer en dit dan te interpreteer en selfs te herinterpreteer. Skole het die verantwoordelikheid om toe te sien dat hierdie waardes as navolgenswaardig in skole uitgeleef word.

Die tweede moraliteitsbeginsel wat Gandhi beklemtoon, is dat moraliteit 'n strewe na geestelike reinheid behels. Hierdie beginsel is verweef met die eerste beginsel. Die rol van waardes in die lewe van leerders is vir Gandhi die suiwering van die gees wat terselfdertyd ook die liggaam tot voordeel strek: "When the mind has been thoroughly cleansed, the body also will be all right" (Gandhi 1946 in Iyer 1986:119). As gevolg van die vernietigende rol wat dwelms, pornografie en geweld in die lewens van leerders speel, blyk dit duidelik dat geestelike reinheid 'n voorvereiste is vir die bekamping van bogenoemde probleme. Vir leerders beteken dit dat hul gedagtes, woorde en optredes geestelike reinheid moet reflekteer. Skole moet die verantwoordelikheid neem om toe te sien dat leerders hierdie begrip en die uitvoering daarvan bemeester. Leerders moet tydens skoolure genoeg geleenthede gebied word, byvoorbeeld deur middel van debatte, skoolopvoerings en leerinhoud wat gerig is op die verkryging van lewensvaardighede, om die geestelike reinheid wat Gandhi voorhou in hul lewens te verwerklik.

'n Derde beginsel uit Gandhi se moraliteitsfilosofie wat verweef is met die voorafgaande twee beginsels, is die kernwaarheid dat moraliteit 'n voorwaarde vir verantwoordbare selfverwesenliking is. Een van die opvoedings- en onderrigdoelwitte van skole se opvoedings- en onderrigtaak is die verwerkliking van selfverwesenliking deur leerders. Hierdie doelwit kan slegs realiseer indien leerders begelei word om hul lewens aan die hand van morele en sedelike waardes te orden. Alle onderwysgebeure in skole moet gerig wees op die verowering van moreel-aanvaarbare en moreel-verantwoordbare selfverwesenliking, want dit lei tot die bereiking van die mens se werklike lewensdoel op aarde.

Rasseverhoudinge sal nie verbeter voordat ons nie begin om anders oor mekaar en onself te dink en te praat nie. Alle landsburgers moet mekaar beter leer ken en almal moet verstaan dat elkeen vrese en drome het. Gemeensamenheid as teenvegter teen rassisme en as versoenings-meganisme is te vinde in 'n kognitiewe ontwikkelingsbenadering betreffende moraliteit (Kohlsberg), 'n universeel-morele waardestelsel (Whitehouse) en Gandhi se filosofie rakende morele wilsbesluite, moreel-etiese gedagtes, woorde en optredes en die strewe na verantwoordbare selfverwesenliking.

Die feit is dat sommige Suid-Afrikaners nog nie die waarde van nierassigheid wat in ons Grondwet verskans is, begryp of aanvaar het nie. Dit is beslis nie beperk tot 'n spesifieke rassegroep nie. Slagoffers van rassisme is oor die algemeen nie beperk tot enige spesifieke groep mense nie, en die oortreders verteenwoordig alle skakerings van ons reënboognasie (Kruger 2013).

Ons moet in die besonder daarteen waak om nie, in ons pogings om rassisme te veroordeel, rasseverdelings verder aan te hits nie. Dit gebeur gereeld by wyse van ondeurdagte op- en aanmerkings en in politieke-gemotiveerde uitlatings en stellings deur politici. Wanneer dit gebeur, word ras 'n emosionele skild waaragter bekommernisse en vrese verskuil word. Tans hou die gebrek aan verantwoordbaarheid en deursigtigheid, korrupsie en versuim om geskikte onderwys- en gesondheidsdienste te lewer, weinig met rassisme verband. Dit is eerder swak beleid en selfs swakker leierskap wat daarvoor die skuld moet dra (Kruger 2013).

Verruiming en verandering van opvattinge oor taal in Suid-Afrikaanse skole is ongetwyfeld nodig. Daarom is die outeurs voorstanders van parallelmediumskole. In hierdie skole is daar Afrikaanse en Engelse klasse, maar op die skoolterrein kan die Afrikaanse en Engelse leerders

mekaar tog leer ken. Leerders kan steeds onderrig in hul moedertaal kry – en van die voordele daarvan is ons heeltemal oortuig. Daar word voorgestel dat die onderrigtaal Afrikaans of Engels kan wees, terwyl sosiale interaksie in die vorm van sport, ontspanning en ander nie-akademiese aktiwiteite aan die keuse van die leerders oorgelaat kan word. Daardeur kan spanning verminder en taalkwessies vervaag, wat versoening bevorder.

Multikulturele onderwys (soos in parallelmediumskole) is nie bloot net assimilasië waar een kultuur in 'n ander opgeneem word nie, maar moet juis so ingerig word dat geen bevolkingsgroep bo 'n ander bevoordeel word nie. Dit bly 'n groot uitdaging in Suid-Afrika om die houding van rasse ten opsigte van mekaar te verander. Multikulturele onderwys kweek wedersydse begrip en aanvaarding tussen verskillende kultuurgroepe binne 'n gemeenskaplike geografiese bestel. Dié onderwys kan deur toepaslike herstrukturering van die onderwys-ekologie waarlik effektief wees omdat sosiale en kulturele aanpassing of aanvaarding en die sosiale en psigiese ontwikkeling van die kind nie van mekaar geskei word nie. Sosialisering is in der waarheid een van die primêre take van die skool.

Bogenoemde sake hou sterk verband met Gandhi se oortuigings oor moreel-etiese optrede. In hierdie benadering is die basiese morele vrae byvoorbeeld die volgende: Hoe regverdig en moreel-eties is mense se handelinge? Word almal gelyk behandel, of is daar voortrekkery (begunstiging) of diskriminasie? Word mense vanselfsprekend almal billik, regverdig en gelyk behandel? Om hierdie vrae te beantwoord, moet 'n mens intens besin oor Gandhi se drie beginsels van moraliteitsopvoeding en dit toepas. Die drie beginsels van moraliteit as wilsbesluit, die strewe na geestelike reinheid en moraliteit as voorwaarde vir verantwoordbare selfverwesenliking kan met sukses in multikulturele parallelmediumskole toegepas word om nasiebou en effektiewe leierskap te bevorder.

Wat nasiebou betref, vereis dit 'n erkenning en waardering van verskeidenheid deur alle bevolkingsgroepe en 'n bereidwilligheid om in 'n eenheid saamgesnoer te word ten spyte van en sonder prysgawe van verskeidenheid. Dit kan met sukses deur parallelmediumonderrig in multikulturele skole bereik word. Dit is ook presies wat Gandhi gepropageer het: nasiebou sonder prysgawe van kulturele diversiteit, waarby taal ingesluit is, en 'n aanvaarding daarvan dat variasie die samelewing verryk (Marais 1998:203).

Verder kan 'n nasie nie gebou word sonder die opleiding en samewerking van mense op grondvlak nie. Hy wou *ahimsā* elke dag en in alle omstandighede verwesenlik sien deurdat alle individue en die groepe waartoe hulle behoort, bemagtig word om hulle volle potensiaal te bereik aan die hand van hulle eie kultuurerfenis, soos taal. Om dit te bereik, is parallel-mediumonderrig uiters doeltreffend. Met hierdie doel voor oë moet verseker word dat geestelike mag nie met politieke mag verwar word nie, want dit kan lei tot selfsugtige selfregverdiging. Wat ten opsigte van opvoeding dus noodsaaklik is, is om dié bepaalde lewensinstelling by leerders in multikulturele skole aan te kweek – 'n ingesteldheid wat in nasionale belang hoër as verskille in godsdiens, geloof en kulturele agtergrond geag moet word.

Verder het die literatuur getoon dat die leierskap van skoolhoofde van deurslaggewende belang was vir die sukses van parallelmediumonderrig in multikulturele skole. Leierskap, nie net van skoolhoofde nie, maar van elke onderwyser, word geopenbaar in die gesindhede en persoonlike uitleef van respek vir alle kultuurgroepe. Sonder om daarmee te kenne te gee dat Gandhi se standpunte onvoorwaardelik aanvaar word, kan beweer word dat Gandhi 'n buitengewoon goeie voorbeeld van 'n moreel-etiese leier was. Sy leierskap is gekenmerk deur onderwerping aan absolute, ononderhandelbare waardes. Hy het baie eienskappe van 'n suksesvolle leier vertoon, soos moed, deursettingsvermoë, dryfkrag en standvastigheid, maar sy lewe is oorheers deur sy uitlewing van respek vir alle kulture.

Gandhi se benadering wys daarop dat begunstiging en diskriminasie onregverdig en verkeerd is, en stem ooreen met die literatuur. Roets, adjunk- uitvoerende hoof van AfriForum reken dat begunstiging van een ras bo 'n anderr ras ten opsigte van gehalte-onderwys nie geregverdig kan word nie en indien ons rassisme wil bekamp, moet alle Suid-Afrikaners toegang hê tot gehalte-onderwys (Jansen 2017:1).

Multikulturele onderwys wil kinders juis opvoed tot die beoefening van persoonlike verantwoordelikheid en solidariteit in 'n multikulturele gemeenskap. Multikulturele onderwys wil aan elke kultuurgroep die geleentheid bied om sy eie kultuur te handhaaf, maar om terselfdertyd ander se kulture te begryp en 'n positiewe houding daarteenoor te ontwikkel. Daarvan getuig baie suksesvolle multikulturele parallelmediumskole in Suid-Afrika.

## 6. SLOTGEDAGTES

Tydens die opvoedingsjare van 'n leerder is die fokus op selfverwesenliking wat nie losgemaak kan word van morele waardes nie – waardes soos respek, medelye met ander, vergewensgesindheid en 'n soeke na vreedsame naasbestaan – waardes wat deur opvoeding ontsluit moet word en met volgehoue ywer deurdink en deurleef moet word. Indien Gandhi se opvattinge oor moraliteit as voorwaarde vir die bekamping van rassisme en die bevordering van nasiebou (wat effektiewe leierskap insluit) ernstig deurdink en toegepas word, kan opvoeding met die oog op vreedsame naasbestaan in parallelmediumskole verwesenlik word.

'n Nierassistiese samelewing is 'n samelewing waarin diskriminasie geen plek het nie en morele waardes soos menswaardigheid en gelykheid werklik verstaan word. 'n Multikulturele nasie het 'n gemeenskaplike toekoms. Of daardie toekoms 'n samelewing sal ontbloeit wat verenig of verdeeld is, sal van morele keuses afhang.

In 'n land soos Suid-Afrika waarin die onderwys dikwels verpolitiseer word, is dit veral belangrik dat taalbeleid en taalbemagtiging nooit die persoonlike voorkeure van die maghebbers weerspieël nie, want taal dra inderdaad by tot 'n outentieke leefwyse. Die navorsers is van mening dat parallelmediumskole waar gemeenskaplike morele waardes nagestreef word multikulturele onderwys sal bevorder en dat rassisme daardeur beperk kan word.

## DANKBETUIGING

Die navorsers bedank Ilze Holtzhausen de Beer (dbeeric@gmail.com) en Annemarié Swartz (ammieswartz@gmail.com) vir die taalversorging van hierdie artikel.

## BIBLIOGRAFIE

- Anthony, E. 2016. Houtbaai-vrou sê 'Afrikane' is 'onnosele diere' <http://www.netwerk24.com/Nuus/Misdaad/houtbaai-vrou-se-afrikane-is-onnosele-diere-5> Desember 2016. [29 Maart 2017].
- Brady, L. 1990. Feeling and valueing: educational imperatives. *Hygie*, 9(2):12-15.
- Departement van Basiese Onderwys. 2009. *National Assembly written report*. 8 June 2009.
- Die Vryburger*. 2015. Rassisme neem daagliks toe in SA. <http://www.dievryburger.co.za/2015/01/rassisme-neem-daagliks-toe-in-sa/> [10 Mei 2016].
- Du Randt, M. 2014. Rassisme – die monster van ons tyd. <http://afriforumjeug.co.za/rassisme-die-monster-van-ons-tyd/> [10 Mei 2016].
- Ericson, F. 2012. *Qualitative research methods for science education. Second international book in science education*. The Netherlands: Springer Science & Business Media, pp. 1451-1469.
- Garner, S. 2009. *Racisms: An Introduction*. Sage.
- Gandhi, M.K. 1927. *An autobiography: the story of my experiments with truth*. (2nd ed, 1957). Boston: Beacon Press.

- Gandhi, M.K. 1930. Letter to Narandas Gandhi. In Iyer, R. 1986. *The moral and political writings of Mahatma Gandhi*. Volume II. Oxford: Clarendon Press.
- Gandhi, M.K. 1931. Speech at meeting in Lausanne. In Iyer, R. 1986. *The moral and political writings of Mahatma Gandhi*. Volume II. Oxford: Clarendon Press.
- Gandhi, M.K. 1932(a). Necessity of drawing up a balance-sheet. In Iyer, R. 1986. *The moral and political writings of Mahatma Gandhi*. Volume II, Oxford: Clarendon Press.
- Gandhi, M.K. 1932(b). Letter to Narayan M. Khare. In Iyer, R. 1986. *The moral and political writings of Mahatma Gandhi*. Volume II. Oxford: Clarendon Press.
- Gandhi, M.K. 1946. Letter to Kamala Sharma. In Iyer, R. 1986. *The moral and political writings of Mahatma Gandhi*. Volume II. Oxford: Clarendon Press.
- Iyer, R.N. 1973. *The moral and political thought of Mahatma Gandhi*. New York: Oxford University Press.
- Jackson, N. 2004. Parallel-ondererrig het talle voordele: Leerlinge kry ontsaglik belangrike vaardighede. *Beeld*. 18 Februarie 2004:12. Johannesburg.
- Jansen, E.M. 2017. Haatspraak-wet inkrimineer amper almal. <http://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/haatspraak-wet-inkrimineer-amper-almal/> [29 Maart 2017].
- Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds). 2016. Navorsing. *'n Gids vir die beginnervorsers*. Suid-Afrika. Van Schaik.
- Kripalani, J.B. 1971. *Gandhi: his life and thought*. New Delhi: Publications Division, Ministry of Information and Broadcasting, Government of India.
- Kruger, J. 2013. Geen plek vir rassisme in ons samelewing. Sentrum vir Grondwetlike Regte. <http://www.cfr.org.za/index.php/afr/nuus/225-a-fair-ruling-balancing-the-rights-of-school-governing-bodies-and-heads-of-department> [10 Mei 2016].
- Maduane, K.F. 1992. Die relatiewe plek en betekenis van normgehoorsaamheid in die totale beweging van morele opvoeding. Ongepubliseerde DEd-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Marais, P. 1998. Mahatma Gandhi as 'n eksponent van waardegebaseerde opvoeding. Ongepubliseerde DEd-verhandeling. Pretoria: Unisa.
- Maroela Media. 2016. Regter aangekla oor swart mans se 'verkrachtingskultuur'. 9 Mei 2016. <http://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/regter-aangekla-oor-swart-mans-se-verkrachtingskultuur/> [10 Mei 2016].
- Mbudeshele, N. 2014. Don't let conceit destroy this garden of diversity. *Daily Dispatch*, 3 Maart:7.
- Meier, C. & Marais, P. 2012. *Education management in early childhood education*, 2de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Narayan, S. 1971. *Mahatma Gandhi: the atomic man*. Bombay: Somaiya Publications.
- Netwerk 24. 2016. *Beeld en Die Burger* sê: Geen plek vir rassisme in SA <http://www.netwerk24.com/Stemme/Kommentaar/beeld-en-die-burger-se-geen-plek-vir-rassisme-in-sa-20160106>. 4 Januarie 2016.[10 Mei 2016].
- Pillai, N.P. 1954. The educational ideas of Mahatma Gandhi. Ongepubliseerde DEd-proefskrif. Birmingham: University of Birmingham.
- Tähtinen, U. 1979. *The core of Gandhi's philosophy*. New Delhi: Abhanav Publications.
- Toerien, H. 2016. Nuuskomentaar: Student teen student, regering teen regering; en die belastingbetaler hoes <http://maroelamedia.co.za/nuus/nuuskomentaar/nuuskomentaar-student-teen-student-regering-teen-regering-en-die-belastingbetaler-hoes/20-September-2016>. [29 Maart 2017].
- Van Heerden, H. 2016. Leierskap in onseker tye. *Die Koord*. Maandblad van Universiteitsoord. No. 631 Mei 2016.
- Van den Heever, J. 2016. Solidariteit Blog. Suid-Afrika: Dubbele standaarde rondom rassisme en sosiale media. <https://blog.solidariteit.co.za/suid-afrika-dubbele-standaarde-rondom-rassisme-en-sosiale-media> [10 Mei 2016].
- Whitehouse, E.K. 1995. Deliver us from evil: teaching values to elementary school children. *International Schools Journal*, 15(1):21-27.
- Williams, O.E. 2007. Die toepassing van dubbelmedium- en parallelmedium-modelle van tweetalige onderrig by twee primêre skole in die Wes-Kaap. Ongepubliseerde MED-verhandeling. Universiteit van die Wes-Kaap.

# Onderrigleerfaktore bydraend tot studentetalslytasie in TBOO-Kolleges

*Teaching-learning factors contributing to student dropout in TVET Colleges*

**CHARLENE DU TOIT-BRITS EN CINDY ROODT**

Kurrikulumstudies, Fakulteit Opvoedkunde

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: Charlene.DuToit@nwu.ac.za



Charlene Du Toit-Brits



Cindy Roodt

**CHARLENE DU TOIT-BRITS** is 'n medeprofessor in Kurrikulumstudies, Filosofie en Navorsingsmetodologie by die Noordwes-Universiteit. Vir die afgelope 13 jaar is sy betrokke by die opleiding van onderwysers aan die NWU se Fakulteit Opvoedkunde se Afstandsonderwysprogramme en Voltydse onderwysprogramme, waar sy intensief betrokke was by die ontwerp van verskeie programme vir indiensopleiding van hoofde, onderwysers en voorgraadse onderwysstudente in verskeie vakspecialiteite, Kurrikulum Studies, Vergelykende Opvoedkunde en Navorsingsmetodologie. Haar navorsing handel oor verskeie aspekte in Afstandsonderrig, Selfgerigte Leer binne onderwysopleiding asook om self-gerigte leer onder onderwysers en skoliere te bewerkstellig. Sy het ook al verskeie artikels vir akademiese joernale geskryf en MEd en PhD studente binne die genoemde vakspecialiteite afgelewer.

**CHARLENE DU TOIT-BRITS** is an associate professor of Curriculum Studies, Philosophy and Research Methodology at the North-West University. For the past 13 years she has been actively engaged in the training of teachers at the NWU Faculty of Education in their Distance Education Programmes as well as Full Time Education Programmes where she has been actively involved in designing different academic programmes for in-service training of principals, teachers and education students in various subject specialities, Curriculum Studies, Comparative Education and Research Methodology. In her research she is concerned with various elements of Distance Education, Self-Directed Learning within teacher education, as well as promoting self-directed learning for teachers and school learners. She has published several articles in various journals; and she has supervised several Masters and PhD students in the above subject specialities.

**CINDY ROODT** is vir die afgelope 7 jaar betrokke by die opleiding van studente by Taletso TBOO Kollege se programme waar sy intensief betrokke is by die ontwerp van verskeie programme en ook in bestuur. Haar navorsing handel oor verskeie aspekte van Kurrikulumbeplanning binne TBOO Kolleges.

**CINDY ROODT** has for the past 7 years been actively engaged in the training of students at Taletso TVET College, where she is actively involved with designing different programmes for students. In her research she focuses on various elements of Curriculum planning within TVET Colleges.



**ABSTRACT*****Teaching-learning factors contributing to student dropout in TVET Colleges***

*Technical and Vocational education and training in South Africa is influenced by a variety of factors. The increase in student numbers as a result of social, political, demographic as well as economic tendencies puts pressure on TVET Colleges to maintain a better throughput rate in order to deliver a larger potential workforce to the economy. Over the past two decades, enrolment at TVET Colleges has exploded, as vocational education has become a “sector of choice” for lower socio-economic (“under-represented” student) groups, since this will afford them an opportunity of furthering their studies. Taking into account this increase in student numbers, the following question may well be posed: How many of these students complete their studies successfully, and what can be regarded as teaching-learning factors possibly contributing to student dropout? Student dropout and the effects thereof are crucial in Higher Education, but more specifically in TVET Colleges. No single factor can guarantee academic success and/or throughput, since academic achievement depends on a combination of factors. Consequently, in the researchers’ opinion, in order to limit student dropout it is essential to identify specific factors which may contribute to student dropout from TVET Colleges. Based on information available in the body of literature, and the lack of information directly related to the perceptions of students pertaining to potential factors contributing to student dropout, the problem statement and aims of this study are to investigate possible factors contributing to student dropout in a TVET College.*

*In an attempt to solve this intellectual riddle while bearing in mind naturalistic generalisation, the researchers decided to perform a qualitative study. Participants were not observed in experimental situations, but semi-structured individual interviews were conducted within the natural environment of the participants, as part of a case study. The researchers approached the research from an interpretivistic paradigm, utilising non-probability as well as probability samples. The researchers presented an integrated interpretation of key findings, and concluded that factors possibly contributing to student dropout cannot be attributed to a single, isolated aspect only, but to a group of connected and logical factors. Considering teaching-learning factors which may influence student dropout with Level 2 Primary Agriculture students, college management, programme developers and lecturers should bear the following in mind:*

- *the personality identity of students and lecturers;*
- *the type of academic support which could be made available to students **within** and **outside** the classroom;*
- *knowledge and skills of lecturers pertaining to subject content;*
- *motivation for students to complete their studies, driven by a specific community, from within the family, and also from lecturers involved.*

**KEY WORDS:** Students, Colleges, Student dropout, Teaching-learning factors, Academic achievement

**TREFWOORDE:** studente, kolleges, studentetal-slytasie, onderrigleerfaktore, akademiese prestasie

## OPSOMMING

In Suid-Afrika word TBOO-Kolleges deur diverse aspekte beïnvloed. Die toename in studentegetalle as gevolg van sosiale, politieke, demografiese sowel as ekonomiese veranderinge plaas druk op TBOO-Kolleges om 'n beter deurvloeiwyse van studente te handhaaf om sodoende 'n groter potensiële werkskorps aan die landse ekonomie te lewer. In die loop van die afgelope twee dekades het 'n geweldige toename in TBOO-studenteinskrywings voorgekom, en het beroepsonderwys 'n "landskap van keuse" vir laer sosio-ekonomiese groepe geword aangesien dit ook aan hulle 'n geleentheid bied om verder te studeer. Met hierdie toename in die studentetal, kan die volgende vrae met reg gestel word: a) Hoeveel van hierdie studente voltooi hul studies suksesvol? En b) wat kan moontlik aangedui word as onderrigleerfaktore wat tot studentetal-slytasie bydra? Om die doel van die studie te bereik, is besluit op 'n kwalitatiewe gevallestudie. As deel van 'n gevallestudie is die deelnemers nie in eksperimentele situasies waargeneem nie; semi-gestruktureerde onderhoude is binne die natuurlike omgewing van die deelnemers gevoer. Die navorsers het ook die ondersoek vanuit 'n interpretivistiese paradigma aangepak. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat onderrigleerfaktore wat moontlik aanleiding kan gee tot 'n afname in die studentetal nie 'n enkele, geïsoleerde faktor is nie, maar wel 'n groep samehangende en logies verbandhoudende faktore.

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die term *studentetal* verwys na vakinskrywings per akademiese jaar, en studentetal-slytasie verwys na die situasie waar studente wat toelating gehad het tot die module, dit nie voltooi het nie, wat dus lei tot 'n verlaagde studentetal vergeleke met dié van die begin van die jaar. Daarmee word bedoel: of studente het die module nie geslaag nie, of studente wou die module nie meer neem nie en het dit dus gestaak, of studente was nie suksesvol in die module nie en het uitgeval, of studente het as gevolg van swak akademiese prestasie in 'n bepaalde module nie eksamentoelating verkry nie. Die fenomeen studentetal-slytasie geniet lank reeds aandag, en navorsingswerk oor studentetal-slytasie word as pionierswerk beskou, wat op historiese belangrikheid dui (Astin 1971; Lavin 1965).

Een van die belangrikste kwessies by die meeste onderriginstellings in Suid-Afrika is die hoë drui- en uitvalsyfer, met ander woorde die studentetal-slytasyfer (Strayhorn 2014). Die vraag wat inderdaad gestel kan word, is: Wat is die hooforsaak van die hoë drui- en uitvalsyfers by TBOO-Kolleges? TBOO-Kolleges word tans gekenmerk deur 'n voortgesette toename in studentegetalle. Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die ekonomiese oplewing, met ander woorde die wegbeweging van tradisionele produksie en boerdery-aktiwiteite na kennisproduksie. Tussen 1999 en 2006 het inskrywings aan tersiêre onderwysinstellings wêreldwyd met ongeveer 50% toegeneem, van 94,7 miljoen na 142,1 miljoen (Ntshoe, Higgs, Wolhuter & Higgs 2010). Suid-Afrika is geen uitsondering met betrekking tot die internasionale tendense nie. Inskrywingsgetalle by Suid-Afrikaanse tersiêre instellings is trouens hoër as elders weens die toenemende belangstelling in verdere studie na die Apartheidsera. TBOO-Kolleges in Suid-Afrika het van 495 355 inskrywings in 1994 toegeneem na 326 889 in 2010 na 710 535 in 2015 met 'n teiken van 1 238 000 studente-inskrywings in 2019/2020 (Strayhorn 2014; Department Of Higher Education and Training 2016).

Ten einde hierdie teiken te bereik, is die beperking van studentetal-slytasie by onderwysinstellings, en dan ook meer spesifiek by TBOO-Kolleges, noodsaaklik. In Suid-Afrika word TBOO-Kolleges deur verskillende faktore beïnvloed. Die styging in studentegetalle as gevolg van veranderinge op die sosiale, politieke, demografiese sowel as ekonomiese terrein plaas

groot druk op TBOO-Kolleges om 'n beter deurvloeiisyfer van studente te handhaaf (Strayhorn 2012). Die druk is tans op TBOO-Kolleges spesifiek om 'n beter deurvloeiisyfer te handhaaf met die oog daarop om 'n groter potensiële werkskorps aan die landse ekonomie te lewer. Higgs et al. (2011) voer ook aan dat in die afgelope twee dekades 'n geweldige toename in TBOO-studenteinskrywings voorgekom het, en ook dat beroepsonderwys 'n keusegebied vir laer sosio-ekonomiese groepe geword het aangesien dit ook aan hulle 'n geleentheid bied om verder te studeer. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding verwag van TBOO-Kolleges om die deurvloeiisyfer van studente te verhoog, maar in die lig van hierdie toename in studentegetalle kan twee vrae inderdaad gestel word: a) Hoeveel van hierdie ingeskrewe studente voltooi hulle studies suksesvol? En b) Wat kan beskou word as onderrigleerfaktore wat moontlik tot studentetal-slytasie bydra?


Ter vasstelling van onderrigleergeslaagdheid binne die na-skool stelsel kan ingegaan word op studentetal-slytasie wat by 'n akademiese instelling voorkom en is dit opvallend dat, binne die formele onderwyssituasie, akademiese sukses beskou word as die mate van bevredigende voltooiing van 'n studieveld of die sukses van die aflê van evalueringsgeleenthede. Hierdie voltooiing- en slaagsyfers bied 'n kwantitatiewe kriterium, aan die hand waarvan vasgestel kan word of 'n na-skool stelsel student aan spesifieke standaarde beantwoord. Studente word gevolglik die geleentheid gegun om bewys te lewer daarvan of hulle aan alle verpligte standaarde beantwoord deur neergelegde evalueringsgeleenthede te slaag (Strayhorn 2012).

In TBOO-Kolleges is die kontras tussen akademiese doelbereiking, en studentetal-slytasie 'n groot bron van kommer tydens die studente se studietydperk (Indiviglio 2011). Goeie akademiese prestasie word bereik deur die gelyktydige voorkoms van verskeie aspekte, onder andere kundigheid, belesenheid en motivering wat binne 'n klaskamer voorkom, met betrekking tot hierdie studie dus in 'n TBOO-Kollegeklaskamer binne die na-skool stelsel. Alleenstaande kan geeneen van hierdie aspekte akademiese sukses en/of deurvloei waarborg nie; akademiese sukses is afhanklik van die samewerking tussen verskillende aspekte/faktore. Daarom is die navorsers van mening dat, vir 'n afname in studentetal-slytasie, dit gebiedend noodsaaklik is om bepaalde onderrigleerfaktore wat tot studentetal-slytasie in TBOO-kolleges bydra, te identifiseer.

## 2. TEORETIESE RAAMWERK

Aangesien die studie meer as een teorie en/of model oor retensie aanraak (vgl. hieronder), kon daar aanvanklik nie met gemak 'n eenduidige teoretiese raamwerk daarvoor voorgestel word nie. Die outeurs het dit byvoorbeeld aanvanklik oorweeg om hierdie studie binne die teoretiese raamwerk van Bronfenbrenner te posisioneer. Die onderhawige studie fokus egter in die besonder slegs op onderrigleerfaktore wat tot studentetal-slytasie bydra en daar is gevolglik besluit dat die teoretiese raamwerk waarbinne hierdie artikel se navorsing geposisioneer word, dié van Tinto se “Student Integration Model” sal wees. Die rede vir bogenoemde keuse is dat die model van Tinto studentetal-slytasie konseptualiseer as 'n produk van die student se houdings en karaktereenskappe, vermoëns en doelgeoriënteerdheid, wat interaktief met die instellingsomgewing funksioneer. Die navorsing vir hierdie artikel fokus dus op die interaksie tussen onderrigleerfaktore binne akademiese en sosiale integrasie van die student. Nog 'n rede waarom die studie binne die gekose teoretiese model geposisioneer is, is dat die model van Tinto ook die meeste aangehaal en empiries getoets is. In die hantering van die teorie van Tinto poog die skrywers gevolglik om, onder andere, die onderrigleerfaktore wat tot studentetal-slytasie bydra, uit te lig. Die skrywers is wel bewus van die feit dat daar verskeie retensiemodelle

en teorieë bestaan, onder andere in die werke van Anderson (1997), Wycoff (1998), Swail (2004), Berger en Lyon (2005), Pascarella en Terenzini (2005). Vir doeleindes van hierdie artikel het die skrywers egter op Tinto se “Student Integration Model” besluit, soos vroeër vermeld.



**Figuur 1:** *Plasing van die studie teen die agtergrond van Tinto se “Student Integration Model” as teoretiese raamwerk*

Peltier et al. (2000) het in hul navorsing gevind dat verskillende variante bestaan (akademiese variante soos studiegewoontes, omgewingsvariante soos finansies, en sielkundige variante soos doelwitonderneming) wat ’n direkte uitwerking (negatief of positief) het op die vraag of ’n student sy/haar kursus gaan voltooi of nie (Strayhorn 2014). Studentetal-slytasie dui daarop dat ’n instelling (na-skool stelsel) nie daarin slaag om al sy studente van die eerste jaar van registrasie af tot kursusvoltooiing te behou nie (Strayhorn 2012). Tinto (1987) voer aan dat onderwysinstellings alle studente wat die instelling verlaat alvorens hulle hul kursus voltooi het, as bydraers tot studentetal-slytasie beskou (Strayhorn 2008a). Studentetal-slytasie binne TBOO-Kolleges is ’n faktor waarmee rekening gehou moet word omdat dit ’n effek het op die onderwysinstelling se akademiese verpligtinge asook op die uiteindelijke voortbestaan van die onderwysinstelling. Statistiese gegewens betreffende studentetal-slytasie word aangewend om ’n instelling se sukses al dan nie te bepaal, wat weer befondsing van TBOO-Kolleges beïnvloed. Tinto (1987) beskou die verskynsel dat studente die onderwysinstelling verlaat alvorens hulle hul kursus voltooi het as ’n negatiewe invloed op die instelling.

Tinto noem ’n aantal faktore om sy siening, naamlik dat hierdie verskynsel negatief op onderwysinstellings (ook van toepassing op TBOO-Kolleges) inwerk, te staaf:

- Studente verlaat die onderwysinstelling sonder om hul kursus te voltooi ten spyte daarvan dat hulle bekendstellingsprogramme bygewoon het wat deur die instelling aangebied is met die oog daarop om te voorkom dat studente se swak prestasies bydra tot studentetal-slytasie.

- Verder redeneer Tinto (2010) dat die term “uitval” soms die indruk wek dat die individu nie daarin kon slaag om aan akademiese en sosiale vereistes van die onderwysinstelling te beantwoord nie. Hy voer aan dat dit nie noodwendig altyd die geval is nie, en beweer dat die organisasie deels verantwoordelik is vir die individu se akademiese mislukking en “neerlaag” (Tinto 2002).

Studentetal-slytasie is geneig om sistematies ’n kweiling vir talle verskillende tipes onderwys-programme binne die na-skool stelsel te word (Strayhorn 2012). Gesien in die lig van bogenoemde faktore, noem Strayhorn (2012) dus dat kolleges die verantwoordelikheid het om verskillende akademiese strategieë by hulle beplanning in te sluit om studentetal-slytasie te voorkom (Strayhorn 2012). Gebaseer op sy Studente-integrasiemodel definieer Tinto slytasie ook as (a) ’n langdurige proses van interaksie en samewerking tussen die persoon en die akademiese en sosiale stelsels van die na-skool stelsel; (b) wat ’n persoon in die stelsel ondervind; en (c) die wysiging van doelwitte en institusionele verbintenisse wat tot volharding of tot verskillende vorme van uitval lei. Tinto se verklaring dui daarop dat studentetal-slytasie deur interafhanklike faktore beïnvloed kan word (Tinto 2007). In die volgende paragrafe word kortliks ingegaan op Tinto se teorie rakende studentetal-slytasie, maar vanuit ’n Suid-Afrikaanse perspektief.

Die idee van die verband tussen studentevervreemding en studentebetrokkenheid laat sommige akademici redeneer dat faktore van studentebetrokkenheid aan die een ent van die kontinuum in der waarheid studentevervreemding aan die ander ent impliseer (Gordon & Stelle 2015). Tinto se studie bied ’n belangrike teoretiese begronding om oor studentetal-slytasie en studentesukses in TBOO-Kolleges te dink. In ons Suid-Afrikaanse samelewing kom dit dikwels voor dat studente menigmaal die eerste geslag in ’n familie is wat tot TBOO-Kolleges toetree. Dit skep die geleentheid vir samevoeging van persoonlike, sosiale en akademiese doelwitstellings en die uitwerking van buitgemeenskappe hierop. Tinto se seminale gedagte van leerder- en leergemeenskappe het ook gesprekke oor studentesake en onderrig en leer in Afrika laat omkeer na ’n fokus op die inwerking van kontekstuele effek op akademiese vordering en leer (Tinto 1997; 1998). Die redes waarom studente binne die na-skool stelsel nie hulle studies met sukses voltooi nie, kan nie aan slegs een faktor toegeskryf word nie. Dit is eerder ’n kombinasie van verskillende faktore, soos karaktereienskappe en houdings, doelgeoriënteerdheid, akademiese aangeleenthede en so meer. Waar Tinto se longitudinale-proses-model in hierdie artikel toegepas word, word alleenlik gefokus op onderrigleerfaktore wat moontlik aanleiding kan gee tot studentetal-slytasie aan TBOO-Kollege A.

### 3. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die navorsing van hierdie artikel is epistemologies binne die interpretivistiese tradisie gelokaliseer omdat hierdie artikel die persepsies van vlak-2 Primêr Landboustudente rakende onderrigleerfaktore wat moontlik aanleiding kan gee tot studentetal-slytasie in TBOO-Kollege A onder die vergrootglas plaas (Roller & Lavrakas 2015; Hartell & Bosman 2016). Waar hierdie artikel op kwalitatiewe navorsing gefokus het, is die skrywers in staat gestel om die eienskappe van die bepaalde fenomeen of konteks beter te begryp. Omdat hierdie artikel alleenlik op die bydraende onderrigleerfaktore tot studentetal-slytasie in TBOO-Kollege A gefokus het, het die navorsers dit ook goedgedink om hierdie artikel se navorsing as ’n gevallestudie binne die navorsingstipologie te klassifiseer (Marshall & Rossman 2016; Yazan 2015). Die navorsing van die artikel is verder ook binne die hermeneutiese fenomenologie

gelokaliseer aangesien dit gefokus het op die vlak-2 Primêr Landboustudente van TBOO-Kollege A se ervaaarde én deurleefde persepsies van onderrigleerfaktore wat moontlik tot studentetal-slytasie kan bydra. Al die reëls met betrekking tot data-insameling en -ontleding is nougeset nagekom en die insameling van en rapportering oor die data aan die hand van die volgende navorsingsplan uitgevoer (Nieuwenhuis 2016b).

Beskikbare literatuur vir hierdie artikel is eerstens ondersoek met die oog op die saamstel van 'n konseptueel teoretiese raamwerk. Daar is by die hermeneuties fenomenologiese werkswyse gehou en dit het die navorsers in staat gestel om te konsentreer op die data wat bekom is uit semi-gestruktureerde individuele onderhoude as die essensieel geleefde ervaringe van die leefwêreld van die vlak-2 Primêr Landboustudente. Op grond van kennis wat verwerf is uit die bestudeerde literatuur is die temas vir die semi-gestruktureerde onderhoude geïdentifiseer, en die vrae opgestel om te bepaal wat die persepsies van vlak-2 Primêr Landboustudente is rakende die moontlike onderrigleerfaktore wat tot studentetal-slytasie in TBOO-Kollege A lei. Die oogmerk met die voer van die semi-gestruktureerde individuele onderhoude was om *meer beskrywende en verklarende* inligting te bekom, om daardeur die werklik geleefde ervarings (persepsies) van die deelnemers beter te begryp.

Daar is van 'n nie-waarskynlikheid-steekproefneming gebruik gemaak, en hierdie kwalitatiewe steekproefneming het op die selektering van 'n klein aantal deelnemers gefokus wat kon bydra tot die verstaan en interpretering van die ondersoekte fenomeen. Die navorsing van hierdie artikel speel binne 'n bepaalde milieu af waar gefokus is op die vlak-2 Primêr Landboustudente. Die studiepopulasie was al die beskikbare vlak-2 Primêr Landboustudente wat sedert Januarie 2015 by TBOO-Kollege A geregistreer was. Dit behels in hierdie besondere geval spesifiek daardie vlak-2 Primêr Landboustudente wat hulle vrywillig vir genoemde program ingeskryf het. Uit hierdie getal beskikbare studente het die navorsers semi-gestruktureerde individuele onderhoude met nege (9) deelnemers gevoer. 'n Opname is gemaak van al die vlak-2 Primêr Landboustudente wat vrywillig wou deelneem en die navorsers het op 'n ewekansige punt begin en nege (9) vlak-2 Primêr Landboustudente geselekteer.

Betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing is van die uiterste belang (Nieuwenhuis 2016c) en strategieë wat in die navorsing gevolg is, soos in hierdie artikel gerapporteer, was die hersiening van roudata, rekordering van notas wat afgeneem is rakende navorsingsbesluite, kontrolering deur belanghebbendes, en beheer oor vooroordele. Nog 'n strategie wat ook in ag geneem is, was dat die navorsers probeer het om veralgemening te voorkom. Deelnemers is menswaardig behandel en hulle reg op privaatheid is te alle tye gerespekteer. Tydens die saamstel van die semi-gestruktureerde individuele onderhoude is verskeie aangeleenthede verreken met die oog op die ontwikkeling van semi-gestruktureerde individuele onderhoudsvrae, maar ook met betrekking tot die reg van die deelnemers tydens hierdie semi-gestruktureerde individuele onderhoude. Vrywillige deelnemers is by die navorsing betrek, en die navorsers was deurlopend eerlik teenoor hulle. Deelnemers is ook meegedeel dat hulle oor die reg beskik om hulle te enigertyd aan die navorsingsgebeure te onttrek. Die nodige toestemming is van alle rolvennote en belangegroepe bekom en die anonimiteit van die deelnemers is deurlopend verseker.

#### 4.      **BESPREKING VAN BEVINDINGE**

Na deeglike bestudering van die data kon beter bepaal word watter onderrigleerfaktore aanleiding gee tot studentetal-slytasie by TBOO-Kollege A. Ook word daar met data in hierdie gedeelte van die artikel gewerk wat aan die hand van semi-gestruktureerde individuele



onderhoude ingesamel is. Dertien temas is onttrek en word een vir een aan die orde gestel. Vervolgens dan die eerste tema, synde die eerste verklaringsgrond vir bovermelde, te wete *akademiese motivering deur middel van akademiese betrokkenheid binne 'n TBOO-Kollegeklaskamer*.

### ***Akademiese motivering deur akademiese betrokkenheid binne 'n TBOO-Kollegeklaskamer***

In die TBOO-Kollegeklaskamer behoort daar opbouende motivering tydens elke akademiese aktiwiteit teenwoordig te wees, en hierdie motivering binne die klaskamer bring onder andere mee dat TBOO-Kollegestudente meer positief ingestel is teenoor die module en dus ook meer positief betrokke is by dit wat in die klaskamer plaasvind. Die volgende aanhalings bevestig bovermelde:

*For me to understand the work better I must face the lecturer face to face and umm the lecturer will see my face and she will motivate me because she understand that I don't understand the work... lecturer must help me with the work, I am then happy. (IND 55: 69, 70, 71, 72<sup>1</sup>)*

Binne hierdie TBOO-Kollege-ontmoetingsgeleentheid behoort akademiese motivering deur akademiese betrokkenheid te verdiep tot 'n eenheid wat deur wedersydse aanvaarding en beskerming gekenmerk word.

*Yes, they motivate us to continue and finish. Actually we are one big family now ....so I want to pass the subject. (IND 2:48, 49)*

Dit blyk verder dat, indien akademiese motivering binne die TBOO-Kollegeklaskamer teenwoordig is, daar 'n groter mate van wedersydse betrokkenheid, openheid en vertroue onder die groepslede heers, wat van deurslaggewende belang is vir die suksesvolle deurvloei van studente binne TBOO-Kolleges.

*If the agriculture lecturer is friendly and helpful, then I can do better in agriculture, I am then motivated ... it has something that I want from it...That will lead me to into something that I want in future. (IND 1:15, 22, 23)*

*Umm, the commu, commitment of each student that they have to their work will influence them to attend their classes and that commitment will lead to a better attendance which will influence you that I must attend and I need to, to take my work serious which will lead to a better performance in terms of my subject. (IND 8:14-16)*

Die totale aantal getranskriebeerde tekste bevestig dat akademiese motivering 'n belangrike rol speel onder die deelnemers aan hierdie studie. Indien die akademiese aktiwiteite doelgerig, interessant en relevant is vir die vestiging van verlangde module-uitkomstvaardighede, sal dit ook dienooreenkomstig aanleiding gee tot akademiese betrokkenheid by die TBOO-Kollegestudent, wat behoud van studente tot gevolg kan hê; dus verminderde studentetalslytasie (Booth et al. 2013; Walsh 2013). 'n Inherente betekenis van akademiese motivering is die begeerte om akademiese inhoud te bemeester (Boston et al. 2014). Hierdie begeerte word deur 'n doelgerigte TBOO-Kollegestudent en TBOO-Kollegedosent se inisiatiewe, akademiese betrokkenheid, deursettingsvermoë, en gehalte-onderdig gekenmerk (Boston et al. 2014). Wanneer 'n student by akademiese aktiwiteite binne die TBOO-Kollegeklaskamer

<sup>1</sup> Verwys na die spesifieke reëls binne die onderhoude waarin die aanhaling voorkom.

betrokke is, en deur die bepaalde aktiwiteite tot deelname gemotiveer is, kan akademiese betrokkenheid geïdentifiseer word as 'n belangrike aspek wat by 'n ondersoek na studentetalsitasie binne TBOO-Kolleges in ag geneem behoort te word (Tinto 2010).

### ***Dosent-toeganklikheid: student-dosentafhanklikheidsbesef binne TBOO-Kollegeklaskamers***

Die TBOO-Kollegestudente betrokke by die studie het 'n diepgevoelde behoefte aan kontakgeleentheid en dosent-toeganklikheid aangetoon wat onder andere interaksie met die dosent, afhanklikheid van die dosent, dialogiese verhoudings wat opregtheid en empatie teenoor mekaar openbaar, insluit. Die volgende aanhaling bevestig die nou reeds bekende afleiding:

*Sometimes you can refer to the textbooks and even, if you don't understand what is inside the textbook, you take it to the lecturer so that he can explain it furthermore. (IND 1:30, 31)*

Om die pedagogiese situasie tydens geskeduleerde TBOO-Kollege-kontakfasiliteringsgeleentheid suksesvol te laat voltrek is dialogiese vervlegting noodsaaklik. Daarom maak deelnemers dit baie duidelik dat hulle nie geïsoleerd (d.w.s. alleen, of op hulle eie, sonder die hulp van 'n dosent (dosentbetrokkenheid)) kan of wil studeer nie, maar dat hulle hul afhanklikheid van die dosent besef:

*Yes it, you can drop out cause you don't have that teacher-student relationship in the class.' (IND 4:12-14)*

*In most cases there's no student-lecture interaction because some students are afraid to ask questions because she or he have hear the lecture shouting another student. (IND 2:28, 29)*

*I think it is better if the lecturer is in class helping you if you don't understand, helps you, teach you, explain everything that you don't understand. I think that's why it's best. (IND 2:43, 44)*

In hierdie opsig word dialoog met die dosent die moontlikheids-voorwaardes vir enige ontmoetingsgeleentheid binne TBOO. Met dialogiese vervlegting word eweneens bedoel dat die daaruit voortspruitende gesprekvoering tussen dosent en student tot voortdurende vermensliking – en nie tot verontmensliking nie – behoort te lei. Hierdie bestaansnoodsaak van dosent-toeganklikheid is 'n sosiale kragveld waarbinne die geleefde gemeenskaplikheid verdiep tot dosent-toeganklikheid binne die TBOO-Kollegeklaskamer, soos die ondervermelde drie aanhalings toereikend demonstreer:

*If me and my lecturer don't get along, it won't be that easy for me to attend class because maybe she'll be treating me otherwise and differently from the other kids, so I won't be so much interested in going to class so I'll just come to school and stay outside and laze around all day. (IND 5:32, 33, 34)*

*umm, if the lecturer doesn't want to explain to me or maybe I ask and she loses her temper, it's gonna affect my work because I'll be asking for help and then she won't be that interested. So I'll end up just wanting to go home and stay home, because she won't be that interested in me, yes. (IND 5:35, 36, 37, 38)*

*Yes it, you can drop out cause you don't have that teacher-student relationship in the class. (IND 2:30, 31)*

Die data uit alle semi-gestruktureerde individuele onderhoude bevestig dat dosent-toeganklikheid (student-dosentinteraksie), vir die deelnemers aan hierdie studie 'n belangrike

rol speel. Heersende omstandighede, soos 'n dosent wat byvoorbeeld nie toeganklik vir studente is nie, word as een van die belangrikste struikelblokke ervaar wat die sukses van TBOO kan beïnvloed. Een van die ernstigste probleme wat hierdie TBOO-Kollegestudente moet hanteer, is die ervaring van spanning wat meegebring word deur die onbekende werkswêreld wat hulle vir die eerste keer moet betree na die voltooiing van hul studies (Strayhorn 2008a). Uit die onderhoude was dit duidelik dat hierdie studente nie presies weet wat om van die program en van die spesifieke module te verwag nie, en dat hulle ook dikwels bekommerd is oor hul vermoë om 'n balans tussen hulle verantwoordelikhede teenoor hulle familie en hul studies te handhaaf. Dit is die navorsers se oortuiging dat dit die TBOO-Kollegedosent se verantwoordelikheid behoort te wees om die individuele verskille, gesinsverantwoordelikhede, en intellektuele vermoëns van elke student in ag te neem en die student so tuis as moontlik binne die program, die module asook sy/haar klaskamer te laat voel. Indien daar derhalwe nie genoegsame en doelgerigte interaksie tussen partye plaasvind en dosente nie vir die studente toeganklik is nie, kan studentetal-slytasie vir die akademiese instansie (TBOO) 'n aanvoelbare werklikheid word:

*In most cases there's no student-lecturer interaction because some students are afraid to ask questions because she or he have hear the lecturer shouting another student. ' (IND 2:28, 29)*

*Aaa, some lectures makes you feel stupid when you ask questions because he or she would shout at you in front of the whole class. (IND 2:34, 35)*

Effektiewe studente-ondersteuning deur die dosent, doelgerigte kommunikasie en doelgerigte dosent-studentinteraksie kan 'n aantal van die studente se bekommernisse uit die weg ruim en dan ook teweegbring dat hulle hul module kan slaag en dan by implikasie ook hul diploma verwerf. Aangesien daar verskeie struikelblokke voorkom wat aanleiding kan gee tot studentetal-slytasie aan TBOO-Kolleges, is dit uiters belangrik dat die verloop van die klasaanbiedinge deurlopend en noukeurig deur die dosent gemoniteer moet word ten einde te verseker dat niks met die doeltreffendheid van onderrig en leer binne TBOO-Kolleges inmeng nie. Een van die belangrikste bydraende onderrigleerfaktore wat in hierdie data op die weg van effektiewe onderwys na vore gekom het, en dus ook by implikasie tot studentetal-slytasie bygedra het, is die gebrek aan beskikbaarheid van en toeganklikheid tot die dosent binne die spesifieke TBOO-Kollege:

*Umm, when the student feels that lecturers are not prepared or they are less prepared for teaching, they feel that, ee, the college is not important because there is no better interaction between the, between them and the lecturers' (IND 8:1, 2, 3)*

Die dosent, ook binne TBOO-Kolleges, is dus 'n integrerende skakel in die onderrigleerproses waarbinne dinamiese interaksie tussen student, dosent, onderrig en leerinhoud moet bestaan, en dit word ondersteun deur Strayhorn (2012, 2014). In die lig van bogenoemde redeneer die skrywers van hierdie artikel dat dosentbetrokkenheid binne TBOO-Kolleges geïdentifiseer is as 'n belangrike aspek wat by effektiewe onderrig en leer in ag geneem behoort te word en dus by implikasie ook by pogings wat aangewend word om die afname in studentetal-slytasie binne TBOO-Kolleges te bewerkstellig. Dit is verder die mening van die skrywers van hierdie artikel dat dosenttoeganklikheid (dosent-studentinteraksie) op akademiese vlak binne TBOO-Kolleges een van die belangrikste faktore is wat kan bydra tot 'n student se suksesvolle voltooiing van sy/haar kursus, asook die mees invloedryke eienskap in onderwys wat selfs die gehalte van TBOO kan verbeter. Al bestaan die veronderstelling dat die studente op TBOO-Kollegevlak

selfgerigte leer behoort te kan toepas, is hulle veral kwesbaar wanneer dit by aanwending en toepassing van kennis kom (Berge 2003; Tinto 2010). Derhalwe behoort die soort diskoers wat tussen die TBOO-Kollegedosent en student plaasvind, duidelik daarop gerig te wees om motivering, vertroue, interafhanklikheid, bestaansorg, samesyn, vernuwing, bemagtiging, wedersydse erkenning, samewerking, sosiale samehorigheid, en so meer, te bewerkstellig. Na aanleiding van die beskikbare data, argumenteer ons verder dat beduidend meer sosiale interaksie in TBOO-onderwysprogramme vir vlak-2 Primêr Landboustudente gekurrikuleer behoort te word en dat studente nie kurrikulêr geïsoleer behoort te voel en gevolglik hulle studies in isolasie van hulle dosente hoef te probeer afhandel nie. Gevolglik is die mate van dosenttoeganklikheid binne TBOO-Kolleges van onskatbare waarde vir die onderrigleerproses.

### ***Gemeenskaplikheid deur student-inhoudinteraksie***

Student-inhoudinteraksie dui vir die doel van hierdie studie op die sosiale verbondenheid, vertroue en wedersydse toewyding tussen die student en die dosent. Dit is ook nodig dat studente hierdie sosiale verbondenheid, vertroue en wedersydse toewyding in die TBOO-Kollegeklaskamer moet ervaar sodat 'n gebrek daaraan nie bydra tot die instelling se studentetal-slytasie nie:

*Sometimes you can refer to the textbooks and even, if you don't understand what is inside the textbook, you take it to the lecturer and other students in the class so that he can explain it furthermore. (IND 1:30, 31)*

Indien die student nie interaktief met sy/haar inhoude, dosent en medestudente verkeer nie, kan dit 'n gevoel van sosiale isolasie by hom/haar laat ontstaan, wat studentetal-slytasie moontlik tot gevolg kan hê:

*.....you feel like you, you're left out or your, you don't belong it can cause you to drop out. (IND 2:12, 13)*

*.....that there's no use of coming to school where else you don't understand anything that is being said at um your lessons. (IND 7:1, 2, 3)*

Na aanleiding van die navorsing van Lee en Lee (2006) is dit ook duidelik dat studente in die klaskamersituasie meer betrokke behoort te wees by vakinhoud, naamlik by wyse van "interaksie" – wat studentebetrokkenheid impliseer (Skibbe et al. 2012). Hierdie studentebetrokkenheid beteken dat studente betrokke behoort te wees by hul onderrig omdat dit hul toekoms beïnvloed:

*umm, I want to learn more about Agric. Ok, I haven't done Agric in High School, Primary or whatever but then I want to learn more about the farming because now we don't have a lot of farmers Agric people in South Africa. (IND 5:15, 16, 17)*

*..... the lecturer must open the Agricultural content to me so that I can understand it and pass. The lecturer must help me with the textbook because the other students cannot help me with the content sometimes. (IND 5:20, 21, 22)*

*..... I feel that I will be able to work in the vegetable gardens or on a farm when I leave the college. (IND 9:19, 20)*

In 'n onderrigleeromgewing (soos tydens 'n kontakssessie) stel die uitkoms van verskeie interaksionele geleenthede ook kognitiewe vordering voor. In 'n TBOO-Kollege-onderrigleeromgewing behels *interaksie* gevolglik aktiewe deelname deur die dosent, student en inhoude sodat die student by enige handeling wat tot kognitiewe prosessering lei, betrek is.

Uit die data blyk dit dat student-inhoudinteraksie as 'n noodsaaklike aangeleentheid geag word en dat interaktiewe TBOO-omgewings noodsaaklik is vir die voorkoming van studentetal-slytasie, aangesien interaksie (student-inhoud; dosent-student) ook die gehalte van onderwys binne TBOO-omgewings as sodanig kan verbeter:

*No, I'm free in the classroom. I ask every lecturer if I don't understand. The lecturer help me with the content and maybe the other students also help me if the content is difficult. .... I also help some other student in my class at College, but the content is very difficult. (IND 4:31 - 35)*

Hierdie stelling word eweneens deur Moore en Kearsley (2005) en Moore (2007) bevestig (Guthrie et al. 2012). 'n Hoë vlak van student-inhoudinteraksie kan die effektiwiteit van enige onderwysprogram en ook die voorkoms van studentetal-slytasie beïnvloed. Die data bevestig Tinto (1987, 2010) se opvatting dat die persoonlike verbintenis van die student tot akademiese doelwitte een van die belangrikste faktore is wat studente in kolleges daartoe bring om in hul studies te volhard. Al bogenoemde aanhalings bevestig dat vlak-2 Primêr Landboustudente in TBOO-Kollege A tydens kontakfasileringsgeleenthede gemeenskaplikheid wil beleef en ervaar. Gemeenskaplikheid deur student-inhoudinteraksie binne TBOO-Kolleges word as belangrik beskou omdat inklusiewe houdings en gesindhede binne die groep (TBOO-Kollegestudente) gelyktydig geakkommodeer moet word; daar gefokus moet word op 'n intense, sterk persoonlike verhouding met die groep as sodanig; daar sterk sosiale bande tussen groepslede in sosiale konteks moet bestaan; 'n groot mate van eenvormigheid ten opsigte van denke en handeling onder groepslede moet voorkom; alle groepslede behoort mee te werk om sosiale harmonie te herstel; groepslede hulle kennis graag in groepsverband met ander groepslede onderling moet wil uitruil, en hierdie tipe interaksie behoort plaas te vind waar alle resulterende besluite met die instemming van die groep geneem moet word sodat elkeen dus die geleentheid gegun word om sy / haar mening vrylik te lug.

### ***Skep van Toebehorendheidsverhegting binne Positiewe TBOO-Kollege-klaskameromgewings.***

Vir die deelnemers behoort elemente soos 'n veilige atmosfeer, warmte, en 'n gevoel van behoort aan, as algemeen aanvaarde praktyk bestuur te word:

*...amm, if you are afraid of the lecturer obviously you cannot ask him or her questions because you cannot face her, if you cannot face her, you'll just stay there without doing anything or asking anything. (IND 3:40, 41, 42)*

*If ever me and my other students don't get along there's always gonna be fights in class of which then the other persons gonna feel gorre, you know I should stay home because at the end one is gonna get hurt, yes. (IND 5:29, 30, 31)*

Die data toon ook aan dat, wanneer TBOO-Kollegedosente 'n positiewe houding teenoor die studente toon en dosente tydens onderrigleer toeganklik is, aanvaarding en aanmoediging bevorder word. Bogenoemde aspekte is dus van die boustene vir 'n positiewe klaskameromgewing binne TBOO-Kolleges wat nodig is om studentetal-slytasie te laat afneem:

*Aa, in a positive class room if, if you love each other I think some, some students they can motivate others so if there's motivational speakers in class you cannot drop out you cannot. (IND 2:45, 46)*

*Yes, they motivate us to continue and finish, actually we are one big family now. (IND 2:45, 46)*

*My one lecturer does not like me and he is negative towards me so I don't like him and the class. .... I think that he want me to fail. (IND 5:36, 37, 38)*

Positiewe houdings van beide die dosent en student is noodsaaklik wanneer doelgerigte leer by studente bevorder moet word, en dit dra ook by tot die ontwikkeling van kognitiewe denke. Vir die vestiging van 'n gesonde TBOO-Kollege klaskameromgewing is hierdie positiewe houdings, van sowel studente as dosente, noodsaaklik en kan dit dan ook onderrigleer en dus ook by implikasie studentetal-slytasie beïnvloed. Uit al die onderhoude kon afgelei word dat studente verbonde aan die spesifieke TBOO-Kollege wesenlik behoefte het aan 'n dosent-as-medemens wat tydens onderrig voor hom/haar in die klas staan. Negatiewe houdings/gesindhede van TBOO-Kollegedosente kan lei tot nalatigheid, traagheid, roekeloosheid, oorgerustheid en onkunde by studente terwyl positiewe houdings aan die ander kant tot goeie voorbereiding, aanmoediging, waardering en deursigtigheid kan bydra (Brown et al. 2008; Jones et al. 2015):

*..... you have to start being a family and a team in a class cause of contributing in each other and supporting each other and motivating each other than destructing the others and discouraging the others in their school work. (IND 6:40, 41, 42, 43)*

Die teenoorgestelde is egter ook waar:

*aa you'll lack interest in the subject which... which will lead for, for us to dropout from school and classes because we will lack interest for us to go into the class knowing that esh, the lecturer won't be prepared to, to give what you need from him aa umm. (IND 1:6, 7)*

Hierbenewens blyk dit uit die data, soos bekom uit die semi-gestruktureerde individuele onderhoude, dat 'n gevoel van behoort aan gevestig moet word wanneer 'n dosent studente laat voel dat hulle tot die spesifieke module behoort en dat hul behoeftes, sienings, menings en uitsprake as belangrik beskou word. Die navorsers is die mening toegedaan dat wanneer die dosent 'n gevoel van "behoort aan" in sy/haar klaskamer wil vestig, dit belangrik is dat die TBOO-Kollegedosent sosiale vaardighede in die lesaanbiedings in sy/haar onderrig moet inkorporeer:

*amm, if you are afraid of the lecturer obviously you cannot ask him or her questions because you cannot face her, if you cannot face her, you'll just stay there without doing anything or asking anything. (IND 3:40, 41, 42)*

Uit die data blyk dit ook dat 'n gevoel van behoort aan TBOO-Kollegestudente se kognitiewe denke en positiewe gedrag kan ontwikkel, asook prestasie aanspoor wat 'n afname in studentetal-slytasie tot gevolg kan hê.

### ***Akademie vaardighede van die TBOO-Kollegestudent***

Dit blyk uit die data dat sommige respondente as gevolg van swak vorige opvoedkundige ervaring nie altyd oor die vereiste vaardighede vir die suksesvolle afhandeling van hulle modules beskik nie:

*umm I want to learn more about Agric. OK, I haven't done Agric in High School, Primary or whatever but then I want to learn more about the farming because now we don't have a lot of farmers Agric people in South Africa. So I'd like to help where I can where I can help. (IND 5:15, 16, 17)*



Dit blyk verder dat hierdie studente byvoorbeeld aan vrees en angs tydens die TBOO klasaanbiedings blootgestel word, wat weer aanleiding daartoe gee dat respondente min of geen selfvertroue het nie en 'n swak selfbeeld ontwikkel. Hierdie gebrek aan vaardighede en selfvertroue kan tot verdere akademiese isolasie van TBOO-Kollegestudente en tot slytasie van studentegetalle binne TBOO-Kolleges lei. Sommige TBOO-Kollegestudente kan 'n "vrees" vir verdere studie ontwikkel aangesien hulle in die verlede min en selfs geen blootstelling aan goeie en doelgerigte onderrig gehad het nie. Dit kan verder ook toegeskryf word aan die feit dat hierdie studente uit 'n onderwysstelsel kom wat in die Apartheidsera uitgesonder was vir 'n "swakker" tipe onderrig (Gordon et al. 2015).

Onderwys aan TBOO-Kolleges kan beskou word as "die bemagtiging van opvoedkundig benadeeldes" deur die bemeestering van vaardighede, die verbetering van bevoegdhede, die ontwikkeling van nuwe gesindhede en oortuiginge, asook 'n toename in kundigheid en ontwikkeling van kritiese denke, wat alles saam gesien, studente in staat kan stel om opvoedkundige agterstande te laat krimp of selfs uit te wis. Soos afgelei kan word uit die geanaliseerde data word onderwys aan TBOO-Kollege A beskou as 'n belangrike instrument vir transformasie en ontwikkeling in die arbeidsmark. Boston et al. (2014) en Indiviglio (2011) beklemtoon ook dat TBOO Kolleges die toeganklikheid van ALLE studente, voorheen benadeelde studente ingesluit, tot formele onderwys verhoog om sodoende ook tot die demokratisering en massifikasie van onderwys by te dra (Mbeki 2004).

### ***Skep van 'n leerkultuur binne TBOO-Kolleges***

Dit blyk uit die data dat studente behoefte het aan die vestiging van 'n leerkultuur in hul klaskamer, wat alle partye binne hierdie bepaalde leerkultuur insluit en eie is aan TBOO-Kollege A. Indien TBOO-Kollegedosente en -studente hulle tot 'n bepaalde leerkultuur binne TBOO-Kolleges verbind, word studente tot die uitbou van 'n spesifieke leerkultuur verbind waarin studente en dosente mekaar **ont**-moet, dit wil sê waarin TBOO-Kollegestudente asook die -dosent vry kan voel om hul eie identiteite te handhaaf en daarbenewens ook op hul gemak binne hierdie gevestigde leerkultuur te verkeer. Uit die geanaliseerde data blyk dit dat 'n leerkultuur van kameraadskap, inligtinguitruiling en sosiale eenheid gevestig behoort te word sodat studente deur hierdie leerkultuur aangespoor kan word tot beter deelname wat dienooreenkomstig tot akademiese prestasies en beter deurvloei-syfers sal lei. Hierdie leerkultuur kan dus as 'n sosiale eenheid beskou word waarin daar na bepaalde handeling van individue (byvoorbeeld studente en dosente) binne hierdie TBOO-Kollege leerkultuur omgesien word.

*Because of I can give my opinion, I feel that I can contribute something to the other students in my class. And the lecturer listen to me and if I say something wrong, the lecturer helps me. (IND 3:58, 59)*

*Yes, I do feel welcome in the class ....(IND 6:61)*

*Yes, I'm part of the family ... (IND 6:62)*

Die deelnemers het behoefte aan die dosent se omsien-optrede sodat hulle kan voel dat die dosent in hulle belangstel en dat daar na hul akademiese behoeftes omgesien word.

### ***Akademiese doeltreffendheid van die TBOO-Kollegedosent (kwalifikasies van dosent)***

Voortspruitend uit die data kan die stelling gemaak word dat TBOO-Kollegedosente wat oor voldoende akademiese kwalifikasies beskik, wel in staat is om leerbehoefte, leemtes in

onderrig, struikelblokke in die weg van leer en so meer, te identifiseer en sodoende die regte onderrigstrategie te implementeer.

*umm, some don't know how to use teaching strategies in class to teach the specific module content ..... (IND 5:6, 7, 8)*

*Others teachers are prepared but others they just come to class without being prepared because they will just read what is written in the textbook without explaining it further. (IND 1:3, 4)*

*Most students won't see the necessary of coming to school when the lecturers don't be able to teach aaa, to teach them the right stuff and this will cause lack of studies of the registered subject. (IND 4:1, 2)*

Daar word dikwels as vanselfsprekend aanvaar dat 'n TBOO-Kollegedosent oor kennis rakende die vakinhoud wat hy/sy doseer, moet beskik – maar dit is nie 'n gegewe nie. Indien 'n dosent die lesinhoud doeltreffend aanbied, verstaan die studente die akademiese inhoud beter, en kan hulle dit dan ook makliker op praktiese probleme toepas. Deurdat die dosent sy werk doeltreffend verrig, voer deelnemers aan, wil die studente eerder klasse bywoon omdat hulle met “iets” daar kan uitstap (Skaalvik & Skaalvik 2010). Die skrywers is verder van mening dat TBOO-Kollegedosente ook oor 'n hoë mate van selfdoeltreffendheid behoort te beskik en dat hulle doelgerigheid aan die dag behoort te lê.

### ***Geskeduleerde TBOO-kontakfasiliteringsgeleenthede met akademiese ondersteuning en advies***

In hierdie TBOO-Kollege-leergemeenskappe kan die klem op die onmisbaarheid van akademiese ondersteuning en advies gelê word en behoort dit ook deel uit te maak van elke dosent se sienswyse asook werkswyse. Hierdie akademiese ondersteuning en advies kan dan ook uit die belangrikheid van die tydruimtelike teenwoordigheid van 'n dosent en interaksie tydens kontakgeleenthede waargeneem word. Dit is die skrywers se mening dat akademiese ondersteuning en advies tydens die lewering van programme aan die spesifieke TBOO-Kollege 'n belangrike bydrae tot die student se akademiese sukses is – iets waarsonder 'n student nie suksesvol in sy/haar studies kan klaarkom nie. Die data laat blyk dat akademiese ondersteuning en advies wat die dosent tydens kontakgeleenthede aan studente verskaf as't ware as 'n “sekuriteitsnet” vir die TBOO-Kollegestudent beskou kan word deurdat hy of sy dan “veilig” voel in sy/haar “nuwe” leeromgewing:

*I think it is important because there are students who do not have all the resources such as textbooks and I think that lecturers should at least make copies for the students and support students who do not have textbooks. (IND 9:25, 26, 27)*

*I want the support of the lecturer..... Then I will understand the work better. (IND 3:29)*  
*If the lecturer support me, I will feel better because I will then know that the lecturer want to help me. (IND 9:23)*

Die sukses van hierdie studente, veral by TBOO-Kollege A, kan grootliks deur die effektiwiteit van ondersteuningstelsels BINNE die klaskamer bepaal word. Indien daar nie effektiewe akademiese ondersteuning en advies aan studente binne die TBOO-Kollegeklaskamers voorsien word nie, kan dit beskou word as 'n onderrigleerfaktor wat tot studentetal-slytasie kan bydra:

*.....we have support from other lecturers, but some lecturers they don't have time for their students, they shout. (IND 2:14, 15)*

Voorts is dit ook uit die data duidelik dat dosente doelgerigte en opbouende raad, akademiese ondersteuning en aanmoediging aan elke student behoort te gee. Hierdeur kan studente motivering en inspirasie ontvang, wat positief kan bydra tot die onderrigleerproses, asmede tot studente se akademiese prestasies. Hierdie akademiese ondersteuning, advies en aanmoediging word deur die navorsers as fundamentele meganismes beskou met die doel om leergemeenskappe binne TBOO-Kollege A te bou en sodoende dosente, inhoud en studente saam te snoer. Interaktiewe onderwysomgewings is dus noodsaaklik, aangesien akademiese ondersteuning en advies volgens die deelnemers ook die onderwysgehalte by TBOO-Kollege A kan verbeter.

### ***Inagneming van sosio-ekonomiese agtergronde van die TBOO-Kollegestudent***

Uit die geanaliseerde semi-gestruktureerde individuele onderhoude blyk dit dat sosio-ekonomiese agtergrond 'n belangrike rol by studentetal-slytasie kan speel. Dit blyk dat die sosio-ekonomiese agtergronde van sommige studente problematies vir die suksesvolle uitvoering van hulle studies kan wees:

*..... it'd be at certain point that maybe it might happen that there would be a financial crises at home and everything so they can't, their parents and families can't afford to help them financially so mostly of them would start thinking that it's better to drop out and get work to help the family. (IND 6:30, 31, 32)*

*uu when it comes to family, for example my mom is sick, I cannot always come to school because I have to look after her and feed her and do everything so I'd be I'll, I'll decide to dropout from school. (IND 7:11, 12)*

*I'd say yes because sometimes at our families we, we come across problems where, whereby I'm the only elder and I have to help my mother in the house ... So I'll be having ee a lot of school work to do again. So this might be my problem of dropping out. (IND 8 – 36, 37, 38)*

*No, the thing is that mmm the student drop out because of the transport, because of the bursaries. The problem is the money that is why students drop out, not the lecturer or what. (IND 4 – 39, 40)*

Deelnemers van hierdie studie kom uit swak sosio-ekonomiese agtergronde en ontvang dikwels nie voldoende onderrigleerondersteuning (sowel finansieel as fisies) van ouers en familie nie; gevolglik kan die student nie die onderrigleergeleenthede ten volle benut nie. Sosio-ekonomiese agtergronde soos 'n gebrek aan infrastruktuur<sup>2</sup> (as gevolg van ontoereikende fondse vir instandhouding en ontwikkeling van noodsaaklike infrastruktuur), gebrek aan leerhulpbronne, ouer of voog wat werkloos is en/of die afwesigheid van ouers of voogde kan oor die algemeen die meeste tot studente se swak akademiese prestasies bydra, wat dus ook selfs tot studentetal-slytasie kan lei. Dit is ook die mening van die navorsers dat armoede nie in isolasie gesien kan word nie en dat dit moontlik verband kan hou met studentetal-slytasie. TBOO-Kollegestudente afkomstig uit armoedige agtergronde toon lae akademiese resultate, en lae leermotiveringsvlakke kan daaruit voortspruit (Chen et al. 2011; Howard et al. 2009). Genoemde studente word moontlik nóg deur ouers nóg deur voogde nóg deur dosente ondersteun, sodat hierdie studente dan slagoffers word van foutiewe onderrig en gebrekkige ondersteuning, wat bydra tot studentetal-slytasie:

<sup>2</sup> Hierdie situasie het aanleiding gegee daartoe dat 50% van die vlak-2 Primêr Landboustudente tot op hede uitgeval het.

*It'd be at certain point that maybe it might happen that there would be a financial crisis at home and everything so they can't, their parents and families can't be afford to help them financially so mostly they would start thinking that it's easy, it's better to drop out and get work because case some of them would start saving to start going to school after that. (IND 6:30, 31, 32, 33)*

*My family don't have money to pay for College, and my grandmother died so I don't know how I am going to pay for classes. (IND 4:39,40)*

Ouers of voogde werk lang ure om die gevolge van armoede te probeer verlig en dra dus tuis nie tot studente se leerervaringe by nie (Harrison 2006; Howard et al. 2009). Die navorsers is ook van mening dat baie van die dosente nie altyd bewus is van die verband tussen armoede en akademiese mislukking nie. Dit loop dan daarop uit dat sodanige studente se swak resultate bydra tot die toename in studentetal-slytasie.

'n Belangrike aangeleentheid wat in die loop van die individuele semi-gestruktureerde onderhoude waargeneem is, is dat indien die TBOO-Kollegestudent geen ondersteuning op akademiese en/of finansiële vlak van die ouers ontvang nie, dit 'n negatiewe uitwerking op die student se selfbeeld asook akademiese sukses kan hê en hy/sy dan moontlik een van die groep studente sal wees wie se uitslae bydra tot studentetal-slytasie:

*mm, I think at the moment if I feel that I'm not welcome in the classroom, I might not be able to talk with others when I have money problems at home so I'd feel that umm this is not my place, this is not where I belong, so I'll drop out of school. (IND 7:21, 22, 23)*

Families wat oor meer akademiese geleerdheid, kennis en vaardighede beskik, skep ook beter leerkulture vir hul kinders, wat dan beter en meer positiewe gesindhede rakende akademiese prestasie by hul kinders tot stand bring, wat dan ook daartoe kan bydra dat die omvang van studentetal-slytasie beperk kan word. Davalos et al. (2005) ondersteun genoemde stelling.

### ***Toeganklikheid en beskikbaarheid van familie- en gemeenskapsondersteuning***

Ouers, as primêre opvoeders, vervul 'n belangrike rol in 'n student se lewe en die gesin het 'n reuse-invoed op die student se houding en gesindheid teenoor akademiese vordering (Harrison 2006; van Wyk & Lemmer 2009). Die navorsers is verder ook van mening dat, deurdat die ouers die hoeksteen van die student se akademiese sukses uitmaak, daar 'n groter bewustheid onder ouers en gemeenskappe behoort te heers rakende die invloed wat hulle op die TBOO-Kollegestudent se akademiese sukses uitoefen:

*.....they might be unsupportive and doubting that the student won't finish and that can contribute negatively to the point where the student quits. (IND 4:20, 21)*

*..... mmmm my community do not support me financially to study, everyone is busy with their own things, you know, own life and stuff, ..... so my family also don't understand why I want to study, so I am alone (IND 4:26, 27, 28)*

*.... we have different background and also different family issues where by some of us we do not have parents to support us to study further, other the do have parents but through financially they can't help. (IND 9:31, 32, 33)*

Uit die data blyk dit dat die gesin en die gemeenskap waarbinne die student hom bevind, 'n beduidende invloed het op hul akademiese prestasies. Die geleerdheid van die ouers beïnvloed ook dienooreenkomstig die omvang van studentetal-slytasie. Die mate van gesinsondersteuning, asook die vermoë om die student raad te gee met opvoedkundige besluite binne 'n geskikte

leeromgewing, kan onder meer deur die ouers se geletterdheidsvlak beïnvloed word. Die navorsers is van mening dat indien die ouers van die studente self oor 'n kwalifikasie beskik, so 'n student 'n goeie ondersteuningsnetwerk het deurdat ouers so 'n student voortdurend sal motiveer om akademies te presteer.

### ***Studentspesifieke aangeleenthede***

Die houding van 'n TBOO-Kollegestudent is 'n belangrike aspek wat by die verrekening van studentetal-slytasie in ag geneem behoort te word. Die houding en karakter van 'n student (enige mens *per se*) rig sy/haar optrede wat hom/haar in staat stel om akademies te presteer:

*Ee, ..., negative attitude in class. (IND 1: 43)*

*Aaa, a lack of commitment on my school work it will affect my class attendance and I will end up dropping out because I'm not committed and there's not reason keeping me there. (IND 4: 6, 7)*

Voortspruitend uit die geanaliseerde data blyk dit dat die volgende pilare van houding en karakter by die student aanwesig behoort te wees ter voorkoming daarvan om een van die studente te wees wat 'n negatiewe invloed kan hê op die omvang van die studentetal-slytasie, naamlik a) betroubaarheid, b) respek, c) verantwoordelikheid, d) regverdigheid, e) omgee, f) burgerskap, g) motivering, h) positiewe ingesteldheid en gedrag, i) emosionele en sosiale standvastigheid, j) toegewydheid, k) doelgeoriënteerdheid, l) positiewe selfbeeld en selfvertroue, m) belangstelling, n) deursettingsvermoë, en laastens o) trots (Grasgreen 2011).

Deurdat houding en karakter deel van elke mens se samestelling uitmaak, is dit ook in elke klas/module teenwoordig. Dit is dan ook die verantwoordelikheid van die student om sy/haar houding en karaktereenskappe so te bestuur dat dit opbouend tot die klaskameromgewing kan wees, en nie afbrekend nie. Elke mens is bewus van sy/haar swak- en sterkpunte, en studente moet ook besef dat hulle, uitsluitlik, aanspreeklik gehou kan word. Die TBOO-Kollegestudente moet dan ook besef dat hulle 'n belangrike aandeel aan hul akademiese sukses het. Vervolgens dan die laaste tema, te wete *dosentspesifieke aangeleenthede*.

### ***Dosentspesifieke aangeleenthede***

Dit blyk voorts uit die data dat vlak-2 Primêr Landboustudente die mening huldig dat hulle uiteindelijke leersukses onder andere ook van die sosiale teenwoordigheid van hulle dosent, as kenniseienaar, afhang. Dit blyk vervolgens dat die bekwaamheid asook die persoonlikheid van hulle dosente eweneens vir studente belangrik is, aangesien die TBOO-dosent, deur sy/haar tydruimtelike teenwoordigheid tydens kontakfasiliteringsgeleenthede, ook die selfvertroue van studente help ontwikkel. Ten spyte hiervan het die deelnemers aan die studie sterk meningsgeopper rakende die feit dat dosente beheer oor hul emosies moet uitoefen sodat hulle nie hul humeur verloor en studente beledig of neerhalende kommentaar lewer en verkleinerend teenoor die studente optree nie:

*aaa if a lecturer is not focused ... (IND 2:1).*

*Aa, I'm committed, but if a lecture doesn't come to class or have good communication with the student, nothing will benefit the student. Aa the lecturer must be committed... (IND 2:8, 9,11).*

*We depend on the lecturer ... (IND 4:22).*

*umm, if the lecturer doesn't want to explain to me or maybe I ask and she loses her temper, it's gonna affect my work because I'll be asking for help and then she won't be that interested. (IND 5:35, 36).*

*Aaa, some lectures makes you feel stupid when you ask questions because he or she would shout at you in front of the whole class. (IND 2:34, 35)*

Die navorsers huldig die mening dat dosente te alle tye respekvol teenoor studente behoort op te tree, en ook geduldig tydens klasaanbiedings behoort te wees. Uit die analisering van die data blyk dit dat sommige dosente toelaat dat hul emosies in die weg van studente se akademiese sukses staan. Die gevolg hiervan is dat studente nie welkom voel en/of die vrymoedigheid het om in klaskamers aan onderrigleeraktiwiteite deel te neem nie, wat hulle dan slagoffers kan maak van hierdie ongewenste situasie en dat hulle gebrek aan gevoel van welkom wees 'n bydrae kan lewer tot 'n toename in studentetal-slytasie.

## SINTETISERENDE AFSLUITING

Studentetal-slytasie binne TBOO-Kolleges en veral TBOO-Kollege A is 'n komplekse aangeleentheid, en daar bestaan 'n groot verskeidenheid redes waarom studente nie hulle studies suksesvol afhandel nie. Hierdie artikel het egter slegs op die onderrigleerfaktore gefokus wat moontlik aanleiding kan gee tot studentetal-slytasie. Kollegebestuur, module-ontwikkelaars en dosente behoort op grond van hierdie bevindinge ag te slaan op die talle onderrigleerfaktore wat moontlik tot studentetal-slytasie onder die Vlak-2 Primêr Landboustudente kan lei, te wete:

- die persoonsmatige identiteit van studente en dosente;
- die soort akademiese ondersteuning en motivering, sowel *binne* as *buite* die TBOO-Kollegeklaskamer, wat wel aan studente beskikbaar gestel sou kon word;
- die kennis, kundighede en vaardighede van studente en dosente met betrekking tot selfgerigte leer;
- die kennis, kundighede en vaardighede van dosente met betrekking tot die aanbied van die vakinhoud;
- die beskikbaarheid van motivering komende van 'n bepaalde gemeenskap, die gesin, asook betrokke dosente met betrekking tot die voltooiing van studie.
- 'n behoortaan-ervaring waardeur die student voel dat hy tot 'n spesifieke dosent/klas behoort;
- gemeenskaplikheid (as kommunale eenheid) in dié sin dat, binne die klaskamer van die betrokke TBOO-Kollege, deur beide die student en dosent, 'n gemeenskaplike eenheid gevorm en te alle tye ervaar word;
- geskeduleerde kontakgeleenthede binne TBOO-Kolleges moet van so 'n aard wees dat onderrigleerhandelinge doelgerig is met onderlinge dialoog-interaksie tussen dosente, studente en inhoude;
- aandag moet gegee word aan byvoorbeeld akademiese vaardighede/standaarde/kennis/kwalifikasies van dosente wat by TBOO-Kolleges werksaam is;
- die toeganklikheid, beskikbaarheid en benutting van dosente;
- onderrigleeraktiwiteite moet sodanig binne die klaskamer plaasvind dat daar openheid, nabyheid, verbondenheid en opregtheid heers sodat 'n positiewe en gesonde klaskamerklimaat binne TBOO-Kolleges gevestig en in stand gehou kan word; en laastens
- wedersydse aanvaarding behoort in TBOO-Kolleges se klaskamers die norm te wees.

'n Belangrike aangeleentheid in hierdie verband is die feit dat onderrigleerfaktore binne TBOO-Kollege A weliswaar 'n sterk rol ter beïnvloeding van studentetal-slytasie speel.



## BIBLIOGRAFIE

- Anderson, E.C. 1997. *Academic Advising for Student Success and Retention*. Iowa City, IA: Noel-Levitz.
- Ainsworth, M.D.S., Blehar, M.C., Waters, E. & Wall, S.N. 2015. *Patterns of attachment: A psychological study of the strange situation*. Psychology Press.
- Astin, A.W. 1971. *Predicting academic performance in college: Selectivity data from 2300 American Colleges*. New: The Free Press.
- Bailey, T.R. & Alfonso, M. 2005. *Paths to Persistence: An Analysis of Research on Program Effectiveness at Community Colleges*. Indianapolis: Lumina Foundation for Education. <http://www.luminafoundation.org/publications/PathstoPersistence.pdf>. Datum van gebruik: 30 Desember 2015.
- Berge, Z.L. 2003. Barriers to e-learning. Fourth Annual Irish Educational Technology Users conference. Waterford, Ireland, 22nd and 23rd May 2003.
- Berger, J.B. & Lyon, S.C. 2005. Past to Present: A Historical look at Retention. (In Boston, W., Diaz, S.R., Gibson, A.M., Ice, P., Richardson, J. & Swan, K. 2014. An exploration of the relationship between indicators of the community of inquiry framework and retention in online programs. *Journal of Asynchronous Learning Networks*, 13: 67-83.
- Booth, K., Cooper, D., Karadjeff, K., Large, M., Pellegrin, N., Purnell, R. & Willett, T. 2013. Using student voices to redefine support: what community college students say institutions, instructors and others can do to help them succeed. Berkeley, CA. <http://rpgroup.org/sites/default/files/StudentPerspectivesResearchReportJan2013.pdf> Date of access: 20 November 2014.
- Brown, S.D., Tramayne, S., Hoxha, D., Telander, K., Fan, X. & Lent, R.W. 2008. Social cognitive predictors of college students' academic performance and persistence: A meta-analytic path analysis. *Journal of Vocational Behavior*, 72(3):298-308.
- Chen, R., & St. John, E. P. 2011. State financial policies and college student persistence: A national study. *The Journal of Higher Education*, 82(5):629-660.
- Department of Higher Education and Training. 2016. Technical and Vocational Education and Training Colleges – Registration and Enrolment Processes 2016 Academic Year. Presentation to the Portfolio Committee on Higher Education and Training: 10 February 2016.
- Gordon, V.N. & Steele, G.E. 2015. *The undecided college student: An academic and career advising challenge*. Charles C Thomas Publisher.
- Grasgreen, A. 2011. More patients, less pay. *Inside Higher ED*. [https://www.insidehighered.com/news/2011/04/052/college\\_counseling\\_directors\\_survey\\_finds\\_salary\\_disparity\\_students\\_with\\_anxiety\\_other\\_psychological\\_problems](https://www.insidehighered.com/news/2011/04/052/college_counseling_directors_survey_finds_salary_disparity_students_with_anxiety_other_psychological_problems) Datum van gebruik: 27 Desember 2015.
- Guthrie, J.T., Klauda, S.L. & Morrison, D.A. 2012. Motivation, achievement, and classroom contexts for information book reading. (In Guthrie, Wigfield, & Klauda, eds. Adolescents' engagement in academic literacy. College Park: University of Maryland, pp. 1-51).
- Harrison, N. 2006. The impact of negative experiences, dissatisfaction and attachment on first year undergraduate withdrawal. *Journal of Further and Higher Education*, 30(4):377-391.
- Hartell, C. & Bosman, L. 2016. Beplanning van 'n navorsingsvoorstel vir nagraadse studie. (In Joubert, Hartell, & Lombard, eds. *Navorsing: 'n gids vir die beginnervorser*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 19-51).
- Higgs P, van der Walt, J.L., Wollhuter, C.C., Potgieter, F., Higgs, L.G. & Ntshoe, I.M. 2011. The academic profession in the Third World: a comparative study. *Journal of Third World Studies*, Vol. XXVIII (2):233-258.
- Howard, T., Dresser, S.G. & Dunklee, D.R. 2009. *Poverty is NOT a learning disability: Equalizing opportunities for low SES students*. Thousand Oaks, CA: Corwin.
- Indiviglio, D. 2011. The importance of College: A Self-Fulfilling prophecy. *The atlantic*, 27 June 2011.
- Jones, V. & Jones, L. 2015. *Comprehensive classroom management: Creating communities of support and solving problems*. Pearson.
- Lavin, D.E. 1965. *The prediction of academic performance*. New York: Russel Sage Foundation.
- Lee, J. & Lee, Y. 2006. Personality types and learners interaction in web-based threaded discussion. *The Quarterly Review of distance education*, 7(1):83-94.
- Marshall, C. & Rossman, G.B. 2016. *Designing Qualitative Research*. 4<sup>th</sup> ed. London: Sage.

- Mbeki, T. 2004. Address of the President of South Africa, Thabo Mbeki, to the First Joint Sitting of the Third Democratic Parliament, Cape Town, 21 May 137 2004. [Web:]<http://www.info.gov.za/speeches/2004/04052111151001.htm> Datum van gebruik: 10 Mei 2005.
- Moore, M.G. 2007. The theory of transactional distance. (In Moore, M.G. & Anderson, W.G. eds. *Handbook of Distance Education*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, pp. 59-105).
- Moore, M.G., & Kearsley, G. 2005. *Distance education: A systems view*. 2<sup>nd</sup>ed. Belmont, CA: Thomson Wadsworth.
- Nieuwenhuis, J. 2016a. Introducing qualitative research. (In Maree, ed. *First steps in research*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers, pp. 50-69).
- Nieuwenhuis, J. 2016b. Qualitative research designs and data gathering techniques. (In Maree, ed. *First steps in research*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers, pp. 72-100).
- Nieuwenhuis, J. 2016c. Analysing qualitative data. (In Maree, ed. *First steps in research*. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers, pp. 104-130).
- Ntshoe, I., Higgs, P., Higgs, L.G. & Wolhuter, C.C. 2008. Corporation, Managerialism and the new Higher Education Environment in South Africa. *South African Journal of Higher Education*, 22(2):391-403.
- Ntsoe, I., Higgs P, Wolhuter C.C. & Higgs, L.G. 2010. How affluent is the South African academic profession, and how strong is the South African academic profession, in the changing international higher education landscape? *South African Journal of Higher Education*, 24(1):196-214.
- Pascarella, E.T. & Terenzini, P.T. 2005. *How College Affects Students, Vol. 2: A third Decade of Research*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.
- Peltier, G.L., Laden, R. & Matranga, M. 2000. Student persistence in college: A review of research. *Journal of College Student Retention*, 1(4):357-375.
- Roller, M.R. & Lavrakas, P.J. 2015. *Applied qualitative research design: a total quality framework approach*. New York: Guilford Press.
- Skaalvik, E.M. & Skaalvik, S. 2010. Teacher self-efficacy and teacher burnout: A study of relations. *Teaching & Teacher Education*, 26(4):1059-1069.
- Skibbe, L.E., Phillips, B.M., Day, S.L., Brophy-Herb, H.E. & Connor, C.M. 2012. Children's easy literacy growth in relation to classmates' self-regulation. *Journal of Educational Psychology*, 104(3):541-553.
- Strayhorn, T. L. 2008a. Fittin' in: do diverse interactions with peers affect sense of belonging for Black men at predominantly White institutions? *NASPA Journal*, 45(4):501-527.
- Strayhorn, T. L. 2008b. The role of supportive relationships in facilitating African American males' success in college. *NASPA Journal*, 45(1):26-48.
- Strayhorn, T. L. 2012. *College students' sense of belonging: a key to educational success*. New York: Routledge.
- Strayhorn, T.L. 2014. What role does grit play in the academic success of black male collegians at predominantly White institutions? *Journal of African American Studies*, 18(1):1-10.
- Swail, W.S. 2004. *The art of student retention: A handbook for practitioners and administrators*. Austin, TX: Education Policy Institute.
- Tinto, Vincent. 1975. Dropout from Higher Education: a theoretical Synthesis of Recent Research. *Review of Educational Research*, 45(1):89-125.
- Tinto, V. 1982. Limits to Theory and Practice in Student Attrition. *Journal for Higher Education*, 53(6):687-700.
- Tinto, V. 1987. *Leaving College: Rethinking the Causes and Cures of Student Attrition*. Chicago: University of Chicago Press.
- Tinto, Vincent. 1990. Principles of effective retention. *Journal of the Freshman Year Experience and Students in Transition*, 2(1):35-48.
- Tinto, V. 1993. *Leaving College: Rethinking the Causes and Cures of Student Attrition*. 2<sup>nd</sup>ed. Chicago: University of Chicago Press.
- Tinto, V. 1997. Classrooms as communities: Exploring the educational character of student persistence. *Journal of Higher Education*, 68(6) (November/December): 599-623.
- Tinto, V. 1998. Learning communities: Building gateways to student success. *The National Teaching and Learning Forum*, 7(4):1-11.

- Tinto, V. 1998a. Taking research on student persistence seriously. *Review of Higher Education*, 21(2):167-177.
- Tinto, V. S. 2002. Establishing conditions for student success. Paper presented at the 11th Annual Conference of the European Access Network, Prato, Italy: Monash University, 19-22 June 2002.
- Tinto, V. 2004. Student Retention and Graduation: Facing the Truth, Living with the Consequences. Occasional Paper 1. Washington, D.C.: Pell Institute for the Study of Opportunity in Higher Education.
- Tinto, V. 2007. Research and Practice of Student Retention: What Next? *Journal of College Student Retention: Research, Theory & Practice*, 8(1):1-19.
- Tinto, V. 2010. From Theory to Action: Exploring the Institutional Conditions for Student Retention. (In Smart, J.C. ed. *Higher education: Handbook of theory and Research*. New York: Springer, pp. 51-90).
- Tinto, V., Russon, P. & Stephanie, K. 1994. Constructing educational communities: Increase retention in challenging circumstances. *Community College Journal*, 64(4):18-22.
- Van Wyk, N. & Lemmer, E. 2009. *Organising parent involvement in South Africa*. Cape Town: Juta.
- Walsh, M.E. 2013. The Retention Puzzle Reconsidered: Second Year Student Attitudes and Experiences with Advising.
- Yazan, B. 2015. Three approaches to case study methods in education: Yin, Merriam, and Stake. *The Qualitative Report*, 20(2):134-152.

# Die invloed van geslag, ras en sosio-ekonomiese status op visueel-motoriese integrasie van nege- tot 10-jarige leerders: Die NW-CHILD studie

*The influence of gender, race and socio-economic status on visual-motor integration of nine- to 10-year old learners: The NW-CHILD study*

**YOLANDA VAN WYK, DANÉ COETZEE EN**

**ANITA E. PIENAAR**

Fisieke aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek),  
Fokusarea, Fakulteit Gesondheidswetenskappe,  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

E-pos: kinetika.yolanda@gmail.com

Anita.Pienaar@nwu.ac.za

Dane.Coetzee@nwu.ac.za



Yolanda van Wyk



Dané Coetzee



Anita Pienaar

**YOLANDA VAN WYK** behaal die BA.MBW & Psig graad in 2006 aan die Noordwes-Universiteit (NWU) en spesialiseer in Kinderkinetika gedurende die daaropvolgende honneursjaar. Sy behaal die MA, met prof. Pienaar as studieleier en prof. Coetzee as medestudieleier. Sy het deelyds voortgegaan met haar doktorale studie aan die begin van 2012, aan die NWU met prof. Coetzee as promotor en prof. Pienaar as medepromotor en slaag haar PhD Menslike Bewegingskunde in 2017.

**YOLANDA VAN WYK** obtained the degree BA.HMS & Psych from the North-West University (NWU) in 2006, and thereafter specialised in Kinderkinetics in the following honours year. She completed an MA, with prof Pienaar as supervisor and prof Coetzee as co-supervisor. She continued part-time with her PhD studies at the beginning of 2012 through the NWU with prof Coetzee as promotor and prof Pienaar as co-promotor. She obtained her PhD in Human Movement Science in 2017.

**DANÉ COETZEE** is 'n mede-professor in die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap aan die Noordwes-Universiteit (NWU), Potchefstroomkampus. Sy behaal die

**DANÉ COETZEE** is an Associate Professor in the School of Biokinetics, Recreation and Sport Science at the North-West University (NWU), Potchefstroom Campus. She obtained the

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>grade BA Menslike Bewegingskunde (2003), Honneurs in Kinderkinetika (2004), MA in Menslike Bewegingskunde (2009) en PhD in Menslike Bewegingskunde (2012) aan die NWU. Sy is ook sedert 2008 aan die NWU verbonde, waar sy verskeie modules op voor- en nagraadse vlak aanbied en is ook betrokke by studieleiding aan M- en PhD-studente. Sy is in 2016 verkies as die President by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Kinderkinetika (SAPIK), die professionele liggaam vir Kinderkinetika. Haar navorsingsbelangstellings sluit in: motoriese ontwikkeling, visuele stimulatie, ADHD, DAMP, DCD, leerverwante probleme, sport visie, fisieke aktiwiteit en vroeë intervensie.</p>                                                                                                                                                                                                                                                              | <p>following degrees: BA Human Movement Science (2003), Honours in Kinderkinetics (2004), MA in Human Movement Science (2009) and PhD in Human Movement Science (2012) at the NWU. In 2008 she joined the academic staff of NWU, where her academic responsibilities include modules on undergraduate and post graduate levels as well as guidance to several masters and doctoral students in the field of Kinderkinetics and Human Movement Science. In 2016 she was elected as the President of the South African Professional Institute for Kinderkinetics (SAPIK), the professional body for Kinderkinetics. Her research interests include: motor development, visual stimulation, ADHD, DAMP, DCD, learning related problems, sports-vision, physical activity and early intervention.</p>                                                                                                                                                                                              |
| <p><b>ANITA E. PIENAAR</b> is professor in die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus en programleier van die Kinderkinetika-program. Sy behaal die PhD-graad in 1994 aan die destydse PU vir CHO. Haar onderrigtaak by die NWU sluit die aanbieding van modules op voor- en nagraadse vlak in asook studieleiding aan verskeie M- en D-studente binne die veld van Kinderkinetika en Sportwetenskap. Sy speel 'n leidende rol in verskeie navorsingsprojekte wat handel oor die groei, perseptueel-motoriese en fisieke ontwikkeling van kinders en die invloed van verskeie faktore binne die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing op kinders se skool- en sportprestasie, asook die verbetering daarvan. Sy ontvang in 2012 'n erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir haar vakkundige bydrae tot kennisontwikkeling op hierdie terrein.</p> | <p><b>ANITA E. PIENAAR</b> is a professor in the School of Biokinetics, Recreation and Sport Science at the North-West University (NWU), as well as programme leader of the Kinderkinetics programme. She obtained the degree PhD at the former PU for CHE in 1994. Her teaching responsibilities at the NWU include modules on undergraduate and post graduate levels as well as guidance to several masters and doctoral students in the field of Kinderkinetics and Sport Science. She fulfils a leading role in several research projects concerning the growth, perceptual-motor and physical development of children and the influence of different factors within the context of the South African population on children's school- and sport performance, including the improvement thereof. In 2012 she was awarded an honorary medal from the South African Academy for Science and Arts for her contribution towards the expansion of subject specific knowledge in this field.</p> |

## ABSTRACT

### ***The influence of gender, race and socio-economic status on visual-motor integration of nine- to 10-year old learners: The NW-CHILD study***

*Visual-motor integration, visual perception and motor coordination skills have strong relationships with academic development and are considered to be some of the basic building blocks for optimal academic success. Pienaar et al. (2013:7) also confirmed a strong relationship between visual-motor integration, visual perception and motor coordination skills and academic success in critical school performance areas, such as mathematics, reading and writing with regard to Grade 1-learners in South Africa. Results from this study also indicated a strong inverse relationship between low socio-economic status (SES), academic performance and visual-motor integration, visual perception and motor coordination skills. Various other studies also confirmed that low SES negatively influences the general and academic development of*

learners.<sup>1</sup> Worldwide an increase is reported in the number of learners growing up in low socio-economic circumstances.<sup>2</sup> With regard to the influence of gender on the relationship between visual-motor integration skills and academic performance, results in the literature are contradictory and range between very small to non-existing.<sup>3</sup> According to the literature few studies furthermore investigated the role of gender on visual perception and motor coordination skills independently. In this regard, the study of Coetzee and Du Plessis (2013:40) involving 816 Grade 1-learners (419 boys and 397 girls in the North West Province, South-Africa), reported no significant gender differences for visual-motor integration, visual perception or motor coordination skills.

The purpose of this study was to determine the influence gender, race and socio-economic status has on visual-motor integration of nine- to 10-year old learners residing in the North West Province of South Africa. This study formed part of the longitudinal NW-CHILD (Child-Health-Integrated with Learning and Development) study, which included baseline and 2 follow-up measurement points over a period of 6 years. The data from only the first follow-up of learners (all Grades 3 and 4 ( $n=865$ ; 457 boys and 408 girls, with a mean age of 9.9 years,  $SD=0.42$ ), was used and evaluated with the The Developmental Tests of Visual-Motor Integration, Fourth Edition (VMI-4). Results were analysed by making use of Statistica for Windows (2014). Independent t-testing was used to determine the scope of the visual-motor integration deficiencies for the group, and also by gender, race and SES. Two-way frequency tables were used to place learners in various proficiency categories for visual-motor integration, visual perception and motor coordination. Strength of relationships was calculated using the phi-coefficient, with effect sizes set at  $w \geq 0.1$  small,  $w \geq 0.5$  medium and  $w \geq 0.3$  large (Steyn 2002).

Results of the current study indicated that learners (regardless of gender, race or SES) were mainly categorized in the average category for the visual-motor integration, visual perception and motor coordination skills. Gender differences were mainly precarious and insignificantly small. Boys only outperformed girls in visual-motor integration skills ( $p \leq 0.001$  &  $d=0.22$ ), with no further significant gender differences. Race impacted learners' visual perceptual skills, where white learners meaningfully outperform black learners. Uniform proficiency between white and black learners was found in the visual-motor integration and motor coordination subtests. The majority of learners tested in the average category (70% and more) for both the visual-motor integration and motor coordination subtests. Low SES clearly had a negative effect on particularly the visual perceptual performance of learners. The negative influence of low SES was also observed in the visual-motor integration and motor coordination subtests, but to a lesser extent. A possible explanation for this relationship is the fact that learners from high SES usually have more resources at their disposal, thereby contributing to better performance when compared to learners from low SES (Portela 2007:65; Uys & Pienaar 2010:131). Perception is an acquired skill and relies upon learning experiences and opportunities to further develop this skill. Insufficient stimulation at school and at home and insufficient learning opportunities are reported to contribute to perceptual deficiencies observed in learners from low SES. Haywood and Getchell (2009:276) and Venetsanou and Kambas (2010:319)

<sup>1</sup> Biro et al. (2009:284); Draper et al. (2012:148); Kahlenberg (2001:55); Martina et al. (2009:236); Taylor & Yu (2009:1).

<sup>2</sup> Kahlenberg (2001:55); Grantham-McGregor et al. (2007:67); Pauw (2005:1); Portela (2007:65); Walker et al. (2007:154).

<sup>3</sup> Cardoso & De Castro Magalhães (2009:119); Coetzee & Du Plessis (2013:41); Lotz et al. (2005:64); Singh et al. (2010:153); Tekok-Kiliç et al. (2010:97); Weil & Cunningham-Amundson (1994:982).



also agree that learners from low SES are not optimally encouraged to develop the fine motor skills that are essential to academic performance and to successfully apply visual-motor integration, visual perception and motor coordination skills.

*The overall findings indicating average visual-motor integration proficiency are somewhat ambiguous, due to the meaningful influences of race and SES and to a lesser extent, gender, in the results. It is recommended that future studies include a bigger representation of significant other race groups living in South Africa such as Coloured and Indian learners and involve more of the provinces of South Africa, as this study only included learners from one of the nine provinces of this country, to produce more conclusive results for generalising. Language barriers might have influenced the results although translators were trained to translate during data collection.*

**KEYWORDS:** Visual-motor integration (VMI); visual perception (VP); motor coordination (MC); gender; race; sosio economic status (SES); academic achievement; mathematics; reading; writing

**TREFWOORDE:** Visueel-motoriese integrasie (VMI); visuele persepsie (VP); motoriese koördinasie (MK); geslag; ras; sosio-ekonomiese status (SES); skolasiese prestasie; wiskunde; lees; skryf

## OPSOMMING

Visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasievaardighede toon 'n sterk verwantskap met akademiese prestasie en sukses. Dié verwantskap lyk of dit leerders met 'n lae sosio-ekonomiese status (SES), negatief beïnvloed. Die doel van dié studie was om die invloed van geslag, ras en sosio-ekonomiese status op visueel-motoriese integrasie van nege- tot 10-jarige leerders, woonagtig in die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika, te bepaal. Leerders in Graad 3 en 4 ( $n=865$ ; 457 seuns en 408 meisies, 9.9 jaar,  $sa=0.42$ ), is as deel van die NW-CHILD longitudinale studie met die "The Developmental Tests of Visual-Motor Integration, Fourth Edition (VMI-4)" geëvalueer. Resultate is geanaliseer met "Statistica for Windows" (2014). Onafhanklike t-toetsing het die visueel-motoriese integrasie status vir die groep bepaal, asook per geslags-, ras en SES afsonderlik. Tweerigting frekwensietabelle het leerders in verskillende vaardigheidskategorieë vir visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie geplaas. Resultate van dié studie toon dat leerders (onafhanklik van geslag, ras of SES) hoofsaaklik in die gemiddelde prestasie kategorie vir al drie vaardighede presteer het. Seuns het betekenisvol beter gevaar tydens visueel-motoriese integrasie ( $p \leq 0.001$ ;  $d=0.22$ ) met geen verdere betekenisvolle geslagsverskille nie. Ras het 'n invloed gehad op visuele persepsie en motoriese koördinasie prestasie ( $p \leq 0.001$ ;  $d=0.29$  en  $p \leq 0.001$ ;  $d=0.39$ ), waar die wit leerders betekenisvol beter gevaar het. Lae SES het verder ook 'n statistiese ( $p \leq 0.001$ ) en klein praktiese ( $d \geq 0.3$ ) betekenisvol negatiewe invloed op al die vaardighede gehad.

Die studie het bevind dat ras en lae SES die grootste negatiewe invloed op leerders se visueel-motoriese integrasie status uitgeoefen het.

## 1. INLEIDING

Visueel-motoriese integrasie is leerders se eerste sensoriese respons wat ontwikkel (Lane 2005:178) en verwys na die mate waartoe 'n leerder se visuele perseptuele- en motoriese koördinasievaardighede (vinger-handbewegings) harmonieus en effektief gekoördineerd is

(Beery & Buktenica 1997:19). Visuele persepsie word beskryf as 'n aangeleerde proses en behels hoe visuele stimuli (inligting) wat deur die leerder ontvang word waargeneem, geïnterpreteer en verstaan word,<sup>4</sup> asook hoe beelde wat deur sig/gesigskerpte verkry is, verander word in bruikbare inligting. Navorsers meen dat visuele persepsie 'n belangrike komponent is van leerders se nieverbale intelligensie en tydens die uitvoering van take soos lees, skryf en herkenning van kleure benodig word (Bezrukikh & Loginova 2006:13; Bezrukikh & Terebova 2009:688; Marriott 2000:53). Motoriese koördinasie is die gedeelte van visueel-motoriese vaardighede wat visie met taktiele en kinestetiese persepsie kombineer en speel 'n belangrike rol in die leerder se vermoë om te kan leer, lees en skryf (Wilson & Falkel 2004:4). Lane (2005:288) en Winnick (2005:368) beskryf motoriese koördinasie as die vermoë om liggaamsbeweging met visie te koördineer.

Visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie is van die basiese boustene wat leerders benodig om akademiese sukses op skool te behaal (Africa & Kidd 2013:8; Pienaar et al. 2013:7). 'n Sterk verwantskap tussen visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie is met skoolsukses in kritieke skoolprestasië-areas soos wiskunde, lees en skryf in Graad 1 aangedui deur Pienaar et al. (2013:7). Die navorsers het ook gevind dat dié verwantskap sterker is by leerders vanuit lae sosio-ekonomiese areas.

'n Verskeidenheid moontlike oorsake van agterstande in visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie word deur navorsers gerapporteer. Visuele probleme soos binokulêre fusie, akkommodasie, fiksasie, visuele navolging, stereopsis (diepte persepsie), visuele geheue en visuele opeenvolgende geheue (Cheatum & Hammond 2000:263; Lane 2005:109; Pienaar 2010:310; Wilson & Falkel 2004:8) asook visio-ruimtelike persepsie, visuele bewustheid, ruimtelike oriëntasie en beplanning (Mati-Zissi & Zafiropoulou 2001:1157) dra onder andere by tot agterstande in visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie. Ander oorsake wat ook 'n rol kan speel in die agterstande in visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie sluit die volgende in: korttermyngeheue (Lane 2005:109), premature geboorte (Geldof et al. 2012:734), fyn motoriese vaardighede wat hand-oog koördinasie insluit en SES.<sup>5</sup> Gallahue en Ozmun (2006:178) omskryf SES as die posisie wat 'n persoon in die samelewing het, en 'n hoër SES word geassosieer met 'n hoër inkomste wat uiteindelik weer bydra tot beter voeding, kindersorg, beter mediese en sosiale dienste en beter skoolstudiese opleiding en geleenthede (Delemarre-Van de Waal 1993:41; Taylor & Yu 2009:4). Tans word daar wêreldwyd 'n toename in die voorkoms van leerders wat in lae SES omstandighede grootword, gerapporteer.<sup>6</sup> Volgens verskeie navorsers het SES 'n negatiewe effek op leerders se ontwikkeling en visueel-motoriese integrasie status (Draper et al. 2012:148; Kahlenberg 2001:55; Martina et al. 2009:236; Taylor & Yu 2009:1). In Suid-Afrika is daar ongeveer 60% van die leerders wat in 'n laer as minimum aanvaarbare vlak van huishoudelike inkomste grootword. Die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking bestaan uit swart mense (79.8%), gevolg deur Kleurlinge (9%) en dan wit mense (8.7%), waar die Indiër/Asiatiese groep (2.5%) die minderheid van die bevolkingsamestelling verteenwoordig (Statistiek Suid-Afrika, 2013:36). Die verhouding tussen armoedevlakke (lae SES) en

<sup>4</sup> Beery & Buktenica (1997:16); Cheatum & Hammond (2000:266); Harris & Jenkins (1998:3); Haywood & Getchell (2009:194); Horowitz & Röst (2007:70); Williams (1983:73).

<sup>5</sup> Gabbard (2008:454); Goodway & Branta (2010:36); Grissmer et al. (2010:1015); Lotz et al. (2005:66); Pienaar et al. (2013:7); Robinson & Goodway (2009:533); Van Niekerk et al. (2014:39);

<sup>6</sup> Kahlenberg (2001:55); Grantham-McGregor et al. (2007:67); Pauw (2005:1); Portela (2007:65); Walker et al. (2007:154).

populasiegroep (ras) is sterk in Suid-Afrika met meer as die helfte (54.0%) van die swart populasiegroep wat in armoede (lae SES) lewe (StatistiekSuid-Afrika, 2014:6). Die effek van lae SES op akademiese prestasie en visuele-motoriese integrasie is wêreldwyd (insluitend Suid-Afrika) al deur verskeie navorsers ondersoek (Anderson et al. 2001:38; Lotz et al. 2005:66; Pienaar et al. 2013:7; Taylor & Yu 2009:3).

Sosio-ekonomiese status (SES), wat geleentheid en omgewing (gemeenskap, huis- en skoolopset, gesinsgrootte, speelarea, lewenskwaliteit en algemene SES) waarin 'n leerder grootword insluit, speel 'n belangrike rol in die leerproses en ontwikkeling van die kind, veral tydens die vroeë kinderjare (Malina 2004:50; Pienaar 1993:47; Venetsanou & Kambas 2010:319). Volgens Haywood en Getchell (2009:276) asook Venetsanou en Kambas (2010:319) word leerders uit lae SES omstandighede nie aangemoedig om die fyn motoriese vaardighede aan te leer wat noodsaaklik is vir skoolprestasie nie. Leerders wat nie die nodige geleentheid soos die beskikbaarheid van speelgoed, leermateriaal, kennis van die ouers en ander hulpbronne soos mediese sorg en maatskaplike versorging vir ontwikkeling uit hul omgewing ontvang nie, sal tot so 'n mate ingeperk word, dat hulle volle potensiaal nie bereik kan word nie.<sup>7</sup> Navorsing gedoen in Suid-Afrika toon dat leerders (Graad 1 tot 4) wat grootword in agtergeblewene en minder bevoorregte gemeenskappe (lae SES), betekenisvolle agterstande in visuele-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie, sowel as agterstande in kritieke skoolprestasieareas soos wiskunde, lees en skryf ervaar wanneer hulle die formele skoolfase binnegaan (Lotz et al. 2005:66; Pienaar et al. 2013:7).

Teenstrydigheid word egter in die literatuur gevind ten opsigte van die rol wat geslag speel in visueel-motoriese integrasievaardighede. Sommige navorsers het gevind dat seuns beter visueel-motoriese integrasievaardighede toon in vergelyking met meisies (Lotz et al. 2005:64; Singh et al. 2010:153), terwyl ander weer in die guns van meisies rapporteer (Aylward & Schmidt 1986:328; Brown 1990:282; Harris 1963:22; Tennant 1986:795). Ander navorsers rapporteer weer baie klein of geen geslagsverskille vir dié vaardighede.<sup>8</sup> Coetzee en Du Plessis (2013:41) is een van enkele studies in die literatuur wat geslagsverskille ondersoek het, nie net met betrekking tot visueel-motoriese integrasie nie, maar ook vir visuele persepsie en motoriese koördinasie. Hierdie studie is uitgevoer in die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika op 816 Graad 1-leerders (419 seuns en 397 meisies) met 'n gemiddelde ouderdom van 6.78 jaar. Geen betekenisvolle geslagsverskille is gevind in visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie of motoriese koördinasievaardighede nie.

Uit die literatuur blyk dit dat verskeie faktore 'n negatiewe invloed op 'n leerder se visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasievaardighede kan uitoefen. Omdat dié veranderlikes leerders se akademiese en skoolprestasie negatief kan beïnvloed en heelwat teenstrydigheide in die literatuur gerapporteer word met betrekking tot die moontlike invloede, is dit belangrik om hierdie invloed verder te ondersoek. Daarom is die doel van dié studie om die invloed van geslag, ras en sosio-ekonomiese status op visueel-motoriese integrasie van nege- tot 10-jarige leerders, woonagtig in die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika, te bepaal.

<sup>7</sup> Kapp (1991:30); Malina et al. (2004:202); Malina (2004:50); Pienaar (1993:47); Venetsanou & Kambas (2010:319).

<sup>8</sup> Aylward & Schmidt (1986:328); Beery & Buktenica (1997:18); Cardoso & De Castro Magalhães (2009:119); Coetzee & Du Plessis (2013:41); Weil & Cunningham-Amundson (1994:982); Tekok-Kiliç et al. (2010:97).

## 2. METODE VAN ONDERSOEK

### 2.1 Onderzoekgroep

Die navorsing vorm deel van die longitudinale studie naamlik die NW-CHILD-studie (Child-Health-Integrated with Learning and Development). Die onderzoekgroep is deur middel van 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef gekies in oorleg met die Statistiese Konsultasie Dienste van die Noordwes-Universiteit. 'n Lys van name van skole in die Noordwes Provinsie is verkry van die Departement van Onderwys van die Noordwes Provinsie om die onderzoekgroep te bepaal. Hierdie lys van skole is gegroepeer in agt opvoedkundige distrikte, elkeen verteenwoordig twaalf tot 22 streke met ongeveer 20 skole (minimum twaalf maksimum 47) per streek. Streke en skole is lukraak geselekteer met betrekking tot bevolkingsdigtheid en skoolstatus (Kwintiel 1, is skole met 'n lae sosio-ekonomiese status, tot Kwintiel 5, wat skole is met 'n hoër sosio-ekonomiese status). Vir die doeleindes van dié studie is die vyf kwintiele verdeel in slegs twee groepe, waar Kwintiel 1 tot 3 die lae SES groep verteenwoordig en Kwintiel 4 en 5 die hoë SES groep opmaak. Seuns en meisies in Graad 1 is dan ewekansig vanuit elke skool geselekteer. Vier streke en twintig skole, met 'n minimum van 40 kinders per skool met 'n gelyke verdeling van geslagte, is by die studie betrek. Vir die doeleindes van hierdie studie word van slegs die data van die metings in 2013 gebruik gemaak. Die opvolgteikenpopulasie vir die studie in 2013 was Graad 3- en 4-leerders in die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika. Daar is gepoog om dieselfde 816 leerders wat in Graad 1 geëvalueer is te her-evalueer. Die steekproef het eenderse karaktereienskappe getoon vergeleke met 2010 en dieselfde skole was weer verteenwoordig tydens hierdie studie. Die Kleurlinggroep en Indiërs is saam met die Swart groep ingedeel, omdat daar te min kleurling- en Indiër-deelnemers was.

### 2.2 Meetinstrumente

#### 2.2.1 *“The Developmental Tests of Visual-Motor Integration, Fourth Edition (VMI-4)”*

Die “The Developmental Tests of Visual-Motor Integration, Fourth Edition (VMI-4)” (Beery & Buktenica 1997) is 'n meetinstrument wat bestaan uit 'n visueel-motoriese integrasiegedeelte en twee aanvullende subtoetse naamlik visuele persepsie en motoriese koördinasie. Die doel van die toetsbattery is om die mate waartoe 'n individu in staat is om visuele en motoriese vermoëns te integreer, te assesser en sodoende vroegtydig leerders met agterstande in dié verband te identifiseer. Die visueel-motoriese integrasie subtoets (VMI) bestaan uit 'n ontwikkelingsopeenvolging van 27 geometriese vorme (eerste drie oefenvorms) wat met potlood en papier gekopieer moet word. Hierdie toets moet binne tien minute voltooi word, of word gestaak nadat drie opeenvolgende foute gemaak is. Die kriteria vir die puntetoekenning is soos volg: 'n “0” word toegeken vir figure wat foutief is en 'n “1” vir korrekte figure, punte word dus toegeken volgens die hoeveelheid toetsitems wat die persoon korrek uitgevoer het. Die volledige toets kan individueel óf in groepsverband binne ongeveer 10 tot 15 minute voltooi word en is geskik vir gebruik vanaf voorskoolse ouderdom tot en met volwassenhed (drie tot 18 jaar oud). Die twee aanvullende toetse naamlik visuele persepsie en motoriese koördinasie word afsonderlik geëvalueer en bepunt. Die visueel-perseptuele (VP) subtoets vereis van die proefpersoon om in 'n reeks van 27 geometriese vorms, die korrekte ooreenstemmende vorm by elke betrokke item te identifiseer. Dié subtoets word individueel uitgevoer en neem ongeveer drie minute om te voltooi of gestaak na drie opeenvolgende foute gemaak is. Die laaste subtoets,

motoriese koördinasie (MK), behels die voltooiing van kolle in 'n geometriese vorm en neem ongeveer 5 minute om te voltooi. Die proefpersoon moet die vorm so korrek moontlik oorteken terwyl daar binne die gegewe lyne gebly word. Die subtoets word slegs gestaak wanneer die tyd verstreke is en kan in 'n groep of individueel uitgevoer word. Die puntetotaal (routelling) vir visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie word na 'n standaardtelling verwerk, waarvolgens die proefpersoon in een van vyf groepe geklassifiseer kan word. Die vyf klasse is as volg verdeel: (Klas 1) ver bo-gemiddeld (133-160), (Klas 2) bo-gemiddeld (118-132), (Klas 3) gemiddeld (83-117), (Klas 4) ondergemiddeld (68-82) en (Klas 5) ver ondergemiddeld (40-67). Die visueel-motoriese integrasie, en die aanvullende visuele persepsie en motoriese koördinasietoets het elk 'n algehele betroubaarheid van  $r=0.92$ ,  $r=0.91$ , en  $r=0.89$  onderskeidelik (Beery & Buktenica 1997).

### 3. PROSEDURE

#### 3.1 Navorsingsprosedure

Etiese goedkeuring vir die uitvoering van die projek is reeds by die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, verkry (No. NW-00070-09-A1). Daar is ook toestemming van die Onderwysdepartement van Basiese Onderrig in die Noordwes Provinsie verkry alvorens met die metings begin is. Toestemming om die data tydens skoolure in te samel is van die onderskeie geïdentifiseerde skole se skoolhoofde aangevra. Leerders wat in 2010 aan die studie deelgeneem het, se ouers is weer versoek om die ingeligte toestemmingsvorme in te vul toe die leerders nege- tot 10-jaar oud was. Die leerders wie se ouers wel toestemming daartoe verleen het, en wat self ook ingeligte toestemming gegee het, het aan die studie deelgeneem en is geëvalueer ten opsigte van visueel-motoriese integrasie. Metings wat gebruik is vir die doeleindes van die studie is in 2013 tydens skoolure geneem. Die studie is gebaseer op 'n longitudinale navorsingsontwerp (NW-CHILD studie) wat oor 'n tydperk van ses jaar (2010–2016) strek en wat uit twee opvolgmetings (na die basislynmeting) bestaan. Die basislyndata is reeds in 2010 ingesamel vanaf leerders woonagtig in verskillende streke in die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika. Die eerste opvolgmetings is in 2013 uitgevoer.

#### 3.2 Statistiese prosedure

Vir dataverwerking is die "Statistica for Windows" Statsoft-rekenaarprogrampakket gebruik (StatSoft, 2014). Data is eerstens vir beskrywende doeleindes aan die hand van rekenkundige gemiddeldes ( $\bar{X}$ ) en standaardafwykings (sa) ontleed om die huidige visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasiestatus van dié nege- tot 10-jarige leerders te bepaal. Tweedens is daar van onafhanklike t-toetsing gebruik gemaak om die ontwikkelingsagterstande wat in visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie, soos gemeet is deur die VMI-4 voorgekom het, by nege- tot 10-jarige leerders te bepaal vir die groep as geheel, sowel as geslag, ras en SES onafhanklik. Vir statistiese betekenisvolheid is  $p \leq 0.05$ . Vir die interpretasie van praktiese betekenisvolheid (d) is daar van die volgende riglyne gebruik gemaak:  $d \geq 0.2$  dui op 'n klein effek,  $d \geq 0.5$  dui op 'n medium effek en  $d \geq 0.8$  dui op 'n groot effek (Cohen 1988). Laastens is tweerigting frekwensietabelle gebruik om die aantal leerders in die verskillende prestasiekategorieë van die visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie te bepaal. Die sterkte van die verwantskap word vasgestel deur die phi-koëffisiënt met  $w \geq 0.1$  wat dui op 'n klein effek,  $w \geq 0.3$  wat dui op 'n medium effek en  $w \geq 0.5$  wat dui op 'n groot effek (Steyn 2002).

### 3.4. Resultate

Tabel 1 beskryf die ondersoekgroep van nege- tot 10-jarige leerders met betrekking tot ouderdom, geslag, ras en SES. Vir die doeleindes van hierdie studie is Kwintiel 1 tot 3 skole as lae SES skole geklassifiseer, terwyl Kwintiel 4 en 5 skole as hoë SES geklassifiseer is.

Die totale groep van 865 leerders het 'n gemiddelde ouderdom van 9.9 jaar ( $sa=0.42$ ), waar die seuns 'n effense hoër gemiddelde ouderdom as die meisies gehad het ( $9.94\pm0.41$  vs.  $9.86\pm0.42$ ). Die hoë SES groep het min of meer 'n gelyke verspreiding van seuns en meisies, maar word deur 'n groter meerderheid blanke leerders verteenwoordig ( $n=208$  vs.  $n=117$ ). In die lae SES groep is die geslagsverdeling ook ongeveer gelyk, maar in die geval van ras is daar geen blanke leerders verteenwoordig in hierdie groep nie.

**TABEL 1:** Beskrywende karaktereienskappe van die groep, volgens geslag, ras en SES

| Veranderlikes  | SES Hoog   |            |            | SES Laag |            |            | Groep Totaal |               |             |
|----------------|------------|------------|------------|----------|------------|------------|--------------|---------------|-------------|
|                | Ras        |            |            | Ras      |            |            | Totaal       | Ouderdom      |             |
| Geslag         | Blank      | Swart      | Totaal (n) | (N)      | Swart      | Totaal (n) | (N)          | ( $\bar{X}$ ) | sa          |
| Seuns          | 119        | 61         | 180        | 0        | 277        | 227        | 457          | 9.94          | 0.41        |
| Meisies        | 89         | 56         | 145        | 0        | 263        | 263        | 408          | 9.86          | 0.42        |
| <b>Totaal:</b> | <b>208</b> | <b>117</b> | <b>325</b> | <b>0</b> | <b>540</b> | <b>540</b> | <b>865</b>   | <b>9.90</b>   | <b>0.42</b> |

N – aantal proefpersone; – rekenkundige gemiddeld; sa – standaardafwyking;

SES – Sosio-ekonomiese status

Tabel 2 dui die beskrywende statistiek ten opsigte van die standaardtellings vir die hele groep vir visueel-motoriese integrasie ( $92.92\pm14.82$ ), visuele persepsie ( $85.90\pm39.99$ ) en motoriese koördinasievaardighede ( $93.29\pm13.32$ ).

**TABEL 2:** Beskrywende waardes vir die groep vir visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie

| Veranderlikes                       | ( $\bar{X}$ ) | sa    | Min | Maks |
|-------------------------------------|---------------|-------|-----|------|
| <b>Visueel-motoriese integrasie</b> | 92.92         | 14.82 | 7   | 152  |
| <b>Visuele persepsie</b>            | 85.90         | 39.99 | 0   | 127  |
| <b>Motoriese koördinasie</b>        | 93.29         | 13.32 | 11  | 140  |

( $\bar{X}$ ) - rekenkundige gemiddeldes; Min – Minimum; Maks – Maksimum; sa – standaardafwyking;



Daar is vervolgens van onafhanklike t-toetsing gebruik gemaak om vas te stel of daar verskille in die groep voorkom met betrekking tot geslag, ras en SES. Tabel 3 toon die resultate van hierdie analise wat uitgevoer is. Die rol van geslag, ras sowel as SES word afsonderlik binne die groep ontleed, aangesien die groep as geheel se gemiddeld (soos in Tabel 2 aangedui) die rol van hierdie mootlike invloede in Suid-Afrikaanse leerders se visueel-motoriese integrasiestatus kan verbloem.

**TABEL 3:** Betekenisvolheid van verskille in die groep volgens geslag, ras en SES afsonderlik

| Veranderlike | Geslag |                |         |                |                                |                            |
|--------------|--------|----------------|---------|----------------|--------------------------------|----------------------------|
|              | Seuns  |                | Meisies |                | Betekenisvolheid van verskille |                            |
|              | N      | $(\bar{X})$ sa | N       | $(\bar{X})$ sa | g <sub>V</sub>                 | t p D                      |
| VMI          | 453    | 94.53 15.74    | 407     | 90.99 13.4     | 858                            | 3.54 $\leq 0.001^*$ 0.22#  |
| VP           | 453    | 84.55 18.91    | 407     | 87.3 54.67     | 858                            | -1.01 0.315 0.05           |
| MK           | 453    | 93.28 13.03    | 407     | 93.23 13.64    | 858                            | 0.06 0.956 0.00            |
| Ras          |        |                |         |                |                                |                            |
| Blank        |        |                |         |                |                                |                            |
| VMI          | 208    | 95.48 14.28    | 652     | 92.02 14.85    | 858                            | 2.95 0.003* 0.23#          |
| VP           | 208    | 101.75 72.88   | 652     | 80.78 17.88    | 858                            | 6.75 $\leq 0.001^*$ 0.29#  |
| MK           | 208    | 97.76 15.16    | 652     | 91.81 12.34    | 858                            | 5.72 $\leq 0.001^*$ 0.39#  |
| SES          |        |                |         |                |                                |                            |
| SES Laag     |        |                |         |                |                                |                            |
| VMI          | 538    | 91.42 15.03    | 322     | 95.26 14.04    | 858                            | -3.72 $\leq 0.001^*$ 0.26# |
| VP           | 538    | 78.99 17.58    | 322     | 97.31 59.68    | 858                            | -6.66 $\leq 0.001^*$ 0.31# |
| MK           | 538    | 91.01 12.13    | 322     | 96.99 14.36    | 858                            | -6.52 $\leq 0.001^*$ 0.42# |

VMI – visueel-motoriese integrasie; VP – visuele persepsie; MK – motoriese koördinasie;  $(\bar{X})$  – rekenkundige gemiddeldes; sa – standaardafwyking; g<sub>V</sub> – grade van vryheid; p-waarde  $\leq 0.05^*$ ; n – aantal proefpersone; d-waarde  $\geq 0.2\#$

Statistiese en klein praktiese betekenisvolle verskille het voorgekom in die visueel-motoriese integrasievaardighede van seuns en meisies ( $p \leq 0.001$ ;  $d = 0.22$ ), waar die seuns beter gevaar het as die meisies (94.53 vs. 90.99) (Sien Tabel 3). Betekenisvolle verskille in visueel-motoriese integrasie is ook gevind tussen die rasgroepe ( $p = 0.003$ ;  $d = 0.23$ ), waar wit (blanke) leerders beter as swart leerders gevaar het, sowel as by SES ( $p \leq 0.001$ ;  $d = 0.26$ ), waar leerders vanuit hoër SES skole beter gevaar het as leerders vanuit laer SES skole. Statistiese en klein praktiese betekenisvolle verskille het verder ook voorgekom in die visuele persepsie en motoriese koördinasie tydens die ontleding van rasverskille, waar wit leerders beter as die swart leerders gevaar het ( $p \leq 0.001$ ;  $d = 0.29$  en  $p \leq 0.001$ ;  $d = 0.39$ ). Dieselfde tendens is egter ook waargeneem tydens die ontleding van SES, waar daar ook statistiese en praktiese betekenisvolle verskille voorgekom het in visuele persepsie en motoriese koördinasievaardighede, waar die leerders vanuit laer SES skole swakker ( $p \leq 0.001$ ;  $d = 0.31$  en  $p \leq 0.001$ ;  $d = 0.42$ ) gevaar het as leerders vanuit hoër SES skole.

Tweerigtingtabelle is laastens gebruik om die visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie subtoetse se resultate volgens geslag, ras en SES te ontleed (sien Tabel 4). Die grootste persentasie leerders het in die gemiddelde prestasie kategorie (Klas 3) voorgekom vir visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasievaardighede.

Die gemiddelde waardes het die invloed van geslag, ras of SES verdoes, met persentasies wat gewissel het tussen 68.40% – 71.74% vir leerders se visueel-motoriese integrasie, 38% – 70.19% vir visuele persepsie en 71.19% – 77.33% vir motoriese koördinasie. In die ondersoekgroep (vir geslag, ras en SES) het die minste leerders by visueel-motoriese integrasie in die ver bo-gemiddelde (Klas 1: 0.77 – 1.24% sowel as ver ondergemiddelde (Klas 5: 0 – 1.3%) voorgekom. Dieselfde tendens is waargeneem met betrekking tot visuele persepsie en motoriese koördinasievaardighede waar die minderheid leerders in die ver bo- en ver ondergemiddelde klasse voorgekom het.

Die ondergemiddelde prestasie kategorie (Klas 4) verteenwoordig die tweede meeste hoeveelheid leerders van die groep as geheel, seuns en meisies, lae en hoër SES sowel as blanke en swart leerders, met 'n voorkoms wat gewissel het tussen 18.94 – 26.29% vir visueel-motoriese integrasievaardighede. Statistiese betekenisvolle verskille het slegs voorgekom in die klassifikasie kategorie van visueel-motoriese integrasievaardighede by geslag ( $p = 0.004$ ), en het slegs klein praktiese betekenisvolheid getoon ( $w = 0.13$ ).

Tabel 4 toon verder dat 20.6% van die leerders se visuele persepsievaardighede in die ver ondergemiddelde kategorie (Klas 5) voorgekom het. Wat ras aanbetref, het die meerderheid blanke leerders in die gemiddelde prestasie kategorie (Klas 3: 75%) voorgekom, terwyl 14.9% in die ondergemiddelde prestasie kategorie (Klas 4) en 6.73% in die bo-gemiddelde prestasie kategorie (Klas 2) voorgekom het. Wat die swart leerders betref, het die meerderheid ook in die gemiddelde prestasie kategorie (Klas 3: 42.33%) voorgekom met meer leerders (37.42%) in die ondergemiddelde prestasie kategorie (Klas 4) en die ver ondergemiddelde kategorie (Klas 5: 18.6%) in vergelyking met die wit leerders. SES van die leerders het ook 'n duidelike invloed op die leerders se visuele persepsie prestasie uitgeoefen waar leerders uit laer SES groepe tot 'n groter mate in die ondergemiddelde (Klas 4: 38%) en ver ondergemiddelde (Klas 5: 20.6%) prestasiekategorie voorgekom het. Geen van die lae SES groep leerders het in die ver bo-gemiddelde kategorie voorgekom nie. Leerders uit die hoër SES groep word grotendeels in die gemiddelde kategorie (Klas 3: 70.19%) gevind. Daar het statistiese betekenisvolle ( $p \leq 0.001$ ) klassifikasieverskille met betrekking tot ras en SES in visuele persepsievaardighede voorgekom, wat 'n matige praktiese betekenisvolheid vir beide ras en SES ( $w = 0.34$  en  $w = 0.37$ ) getoon het.

**TABEL 4:** Visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie klasse verteenwoordigend van verskillende geslag, ras en SES volgens standaardtellings

| Klasse                              | 1       |      | 2   |      | 3    |       | 4      |       | 5          |      | Gemiddeld | Betekenisvolheid van verskille |        |
|-------------------------------------|---------|------|-----|------|------|-------|--------|-------|------------|------|-----------|--------------------------------|--------|
|                                     | Ver Bo- |      | Bo- |      | Gem- |       | Onder- |       | Ver Onder- |      | Totaal:   | p                              | w      |
|                                     | n       | %    | n   | %    | n    | %     | n      | %     | n          | %    |           |                                |        |
| <b>Visueel-Motoriese Integrasie</b> |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| <b>Geslag</b>                       |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| Seuns                               | 5       | 1.1  | 34  | 7.51 | 325  | 71.74 | 86     | 18.98 | 3          | 0.66 | 453       |                                |        |
| Meisies                             | 2       | 0.49 | 12  | 2.95 | 281  | 69.04 | 107    | 26.29 | 5          | 1.23 | 407       | 0.004*                         | 0.13*  |
| <b>Ras</b>                          |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| Blank                               | 2       | 0.96 | 15  | 7.21 | 148  | 71.15 | 43     | 20.67 | 0          | 0    | 208       |                                |        |
| Swart                               | 5       | 0.77 | 31  | 4.75 | 458  | 70.25 | 150    | 23.01 | 8          | 1.23 | 652       | 0.308                          | 0.08   |
| <b>SES</b>                          |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| Hoog                                | 4       | 1.24 | 18  | 5.59 | 238  | 73.91 | 61     | 18.94 | 1          | 0.31 | 322       |                                |        |
| Laag                                | 5       | 0.56 | 28  | 5.2  | 368  | 68.4  | 132    | 24.54 | 7          | 1.3  | 538       | 0.135                          | 0.09   |
| <b>Visuele Persepsie</b>            |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| <b>Geslag</b>                       |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| Seuns                               | 1       | 0.22 | 15  | 3.31 | 220  | 48.57 | 148    | 32.67 | 69         | 15.2 | 453       |                                |        |
| Meisies                             | 1       | 0.25 | 9   | 2.21 | 212  | 52.09 | 127    | 31.2  | 58         | 14.3 | 407       | 0.782                          | 0.05   |
| <b>Ras</b>                          |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| Blank                               | 1       | 0.48 | 14  | 6.73 | 156  | 75    | 31     | 14.9  | 6          | 2.88 | 208       |                                |        |
| Swart                               | 1       | 0.15 | 10  | 1.53 | 276  | 42.33 | 244    | 37.42 | 121        | 18.6 | 652       | ≤0.001*                        | 0.34** |
| <b>SES</b>                          |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| Hoog                                | 2       | 0.62 | 18  | 5.59 | 226  | 70.19 | 60     | 18.63 | 16         | 4.97 | 322       |                                |        |
| Laag                                | 0       | 0    | 6   | 1.12 | 206  | 38.96 | 215    | 39.96 | 111        | 20.6 | 538       | ≤0.001*                        | 0.37** |
| <b>Motoriese Koördinasie</b>        |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| <b>Geslag</b>                       |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| Seuns                               | 3       | 0.66 | 16  | 3.53 | 341  | 75.28 | 84     | 18.54 | 9          | 1.99 | 453       |                                |        |
| Meisies                             | 1       | 0.25 | 23  | 5.65 | 291  | 71.5  | 83     | 20.39 | 9          | 2.21 | 407       | 0.438                          | 0.07   |
| <b>Ras</b>                          |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| Blank                               | 3       | 1.44 | 18  | 8.65 | 160  | 76.92 | 23     | 11.06 | 4          | 1.92 | 208       |                                |        |
| Swart                               | 1       | 0.15 | 21  | 3.22 | 472  | 72.39 | 144    | 22.09 | 14         | 2.15 | 652       | ≤0.001*                        | 0.17*  |
| <b>SES</b>                          |         |      |     |      |      |       |        |       |            |      |           |                                |        |
| Hoog                                | 3       | 0.93 | 26  | 8.07 | 249  | 77.33 | 38     | 11.8  | 6          | 1.86 | 322       |                                |        |
| Laag                                | 1       | 0.19 | 13  | 2.42 | 383  | 71.19 | 129    | 23.98 | 12         | 2.23 | 538       | ≤0.001*                        | 0.2*   |

1 = ver bo-gemiddeld; 2 = bo-gemiddeld; 3 = gemiddeld; 4 = ondergemiddeld; 5 = ver ondergemiddeld; % – persentasie; \*d-waarde > 0.01 – klein praktiese betekenisvolheid; p-waarde ≤0.05 statistiese betekenisvolheid; w≥0.1\*; w≥0.3\*\*; w≥0.5\*\*\* p = Pearson Chi-square; w = Phi Koeffisiënt;

Motoriese koördinasie toon minimale geslagsverskille in al vyf klassifikasie-kategorieë en die meerderheid van die leerders word in die gemiddelde prestasie (Klas 3) kategorie gevind (75.28% van die seuns en 71.5% van die meisies). Soortgelyke persentasies word in die gemiddelde prestasie (Klas 3) kategorie gevind vir ras (76.92% blank en 72.39% swart) sowel as SES (77.33% vir hoë SES en 71.19% vir lae SES groep). Ras sowel as SES het statisties betekenisvolle ( $p \leq 0.001$ ) verskille in klassifikasiekategorieë getoon, terwyl klein praktiese betekenisvolheid met betrekking tot die motoriese koördinasiesubtoets vir ras ( $w=0.17$ ) asook SES ( $w=0.2$ ) gerapporteer is.

## 5. BESPREKING VAN RESULTATE

Die doel van dié studie was om die invloed van geslag, ras en sosio-ekonomiese status op visueel-motoriese integrasie van nege- tot 10-jarige leerders, woonagtig in die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika, te bepaal. Leerders se visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasie is eerstens vir die totale groep en daarna volgens geslag, ras en SES afsonderlik in vyf klassifikasiekategorieë (Klas 1 ver bo-gemiddeld tot Klas 5 ver ondergemiddeld) verdeel op grond van standaardtellings wat behaal is in die VMI-4 (Beery & Buktenica 1997).

Resultate van dié studie toon dat die grootste persentasie van die leerders (onafhanklik van geslag, ras of SES invloede) hoofsaaklik gemiddelde prestasie kategorie vir visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie asook motoriese koördinasie getoon het. Dié resultate word eerstens in die groep se gemiddelde standaardtelling waargeneem en dan ook tydens die onderverdeling van die groep volgens geslag, ras of SES. Die kleinste voorkoms het by blanke leerders se visueel-motoriese integrasie voorgekom, waar geen leerder in die ver ondergemiddelde klas voorgekom het nie en slegs een hoë SES leerder in die ver ondergemiddelde kategorie (Klas 5: 0.31%) voorgekom het. Die heel grootste persentasie leerders het gemiddelde motoriese koördinasie getoon met 77.33% van die hoë SES leerders en 71.19% van die lae SES leerders in die kategorie. Hierdie gemiddelde prestasiestand is teenstrydig met ander navorsingsbevindinge in die literatuur wat 'n algemene negatiewe invloed van SES op hierdie vaardighede rapporteer, waar agterstande in visueel-motoriese integrasie en akademiese prestasie gepaardgaan met lae sosio-ekonomiese omstandighede (Haywood & Getchell 2009:196; Malina et al. 2004:554).

Geslagsverskille was minimaal, hoewel die geslagte se visueel-motoriese integrasie wel verskil het, waar seuns statisties betekenisvol beter gevaar het as meisies. Die resultate stem ooreen met die bevindinge van twee Suid-Afrikaanse studies (Lotz et al. 2005:66; Makhele 2005:55). Makhele (2005:55) het 671 Sotho-sprekende leerders tussen 7- en 9 jaar oud in die Vrystaat Provinsie, Suid-Afrika, met die "Bender Gestalt Test" (BGT) ontleed. Die effek van ouderdom, geslag en SES op die BGT prestasie van die Sotho-groep is ondersoek en het getoon dat seuns se visueel-motoriese integrasievaardighede aansienlik beter was as dié van meisies. Makhele (2005:55) rapporteer geen ouderdom verwante verskille in SES of in die groep nie. Lotz et al. (2005:66) se studie, wat 171 seuns en 168 meisies (95 in Graad 1, 76 in Graad 2, 70 in Graad 3 en 98 in Graad 4) van verskeie sosio-ekonomiese agtergronde in die Wes-Kaap Provinsie (Stellenbosch) van Suid-Afrika se visueel-motoriese integrasiestatus geëvalueer het, rapporteer ook betekenisvolle visueel-motoriese integrasievaardighede by seuns. Dié navorsers (Lotz et al. 2005:66) rapporteer verder dat meisies 'n groter risiko loop as seuns om visueel-motoriese integrasie-ontwikkelingsagterstande te ervaar en skryf dit toe aan 'n tekort aan blootstelling in hul alledaagse spel. Geslagsverskille wat gevind is in hierdie studie kan

waarskynlik ook aan dié redes toegeskryf word, aangesien dit slegs in 'n ander streek van Suid-Afrika uitgevoer is.

Hierdie studie se resultate het verder geen geslagsverskille opgelewer in visuele persepsie en motoriese koördinasie nie, wat ooreenstem met die meerderheid navorsers wat ook geen verskille in dié verband rapporteer nie.<sup>9</sup> Lachance en Mazzocco (2006:206) rapporteer ook dat die geslagsverskille wat wel by die subtoetse voorgekom het klein, wisselvallig en nie betekenisvol was nie.

Rasverskille is verder ook in hierdie studie ondersoek en die resultate het aangedui dat ras wel 'n invloed op leerders se prestasie in visuele persepsie gehad het waar daar 18.56% swart leerders en slegs 2.88% van wit leerders in die ver ondergemiddelde klas voorgekom het. Vyf en sewentig persent wit leerders teenoor 42.33% swart leerders het gemiddelde visuele persepsie getoon, terwyl die bo-gemiddelde kategorieë ook 'n groter persentasie wit teenoor swart leerders (6.73% en 1.53%) ingesluit het. Visueel-motoriese integrasie en motoriese koördinasie het meer eweredige prestasieverspreiding vir ras opgelewer met die grootste verteenwoordiging van beide groepe in die gemiddelde prestasiekategorie (70% en meer in beide groepe). Wit leerders het egter statisties sowel as prakties betekenisvol beter gevaar met visueel-motoriese integrasie ( $p=0.003$ ;  $d=0.23$ ), visuele persepsie ( $p\leq 0.001$ ;  $d=0.29$ ) asook motoriese koördinasievaardighede ( $p\leq 0.001$ ;  $d=0.39$ ). Geen studies kon egter in die literatuur gevind word waar rasgroepe afsonderlik vergelyk is met leerders se prestasie in visueel-motoriese integrasie, visuele persepsie en motoriese koördinasievaardighede nie. In Suid-Afrika is 'n moontlike rede vir hierdie verskille, die noue verwantskap tussen ras en SES. Die swart leerders (wat weens die apartheidsgeskiedenis van Suid-Afrika meestal uit lae SES huishoudings en skole kom) het dikwels nie dieselfde geleenthede, beskikbaarheid van speelgoed, leermateriaal, kennis van die ouers en ander hulpbronne soos mediese sorg en maatskaplike versorging nie, wat moontlik die verskille kan verduidelik. Pienaar en Kemp (2014:176) het 'n soortgelyke afleiding gemaak in hul studie van Graad 1-leerders se motoriese vaardighede in die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika, waar rasverskille wat voorgekom het, eerder toegeskryf is aan SES as aan ras self.

Laastens het die studie getoon dat leerders in die hoë SES groep beter vaar as leerders in die lae SES groep vir visueel-motoriese integrasie ( $p\leq 0.001$ ;  $d=0.26$ ), visuele persepsie ( $p\leq 0.001$ ;  $d=0.31$ ) en motoriese koördinasievaardighede ( $p\leq 0.001$ ;  $d=0.42$ ). Dié resultate stem ooreen met dié van Lotz et al. (2005:66) wat aantoon dat leerders wat grootword in minderbevoorregte en verarmde gemeenskappe (lae SES) moontlike agterstande met visueel-motoriese integrasie sal ervaar, onafhanklik van ras. Lotz et al. (2005:65) rapporteer verder 'n direkte verwantskap tussen bogenoemde vaardighede waar standaardtellings verhoog namate SES toeneem. Swak sosio-ekonomiese omstandighede se negatiewe invloed op leerders se ontwikkeling word wêreldwyd deur navorsers gerapporteer en beaam dus die bevindings van die huidige studie.<sup>10</sup> Dit word deur die onderriggemeenskap algemeen bevestig dat leerders van laer sosio-ekonomiese groepe gewoonlik swakker vaar in hulle akademie as die leerders vanuit middel- en hoër sosio-ekonomiese groepe (Howley & Bickel 1999:4; Maples 2001:64; Nettles & Millett 2000:18; Rodriguez & Nettles 1993:5).

<sup>9</sup> Aylward & Schmidt (1986:328); Beery & Buktenica (1997:18); Cardoso & De Castro Magalhães (2009:119); Coetzee & Du Plessis (2013:41); Singh et al. (2010:153); Tekok-Kiliç et al. (2010:97); Weil & Cunningham-Amundson (1994:982).

<sup>10</sup> Biro et al. (2009:284); Draper et al. (2012:148); Haywood & Getchell (2009:196); Kahlenberg (2001:55); Martina et al. (2009:236); Taylor & Yu (2009:1).

Daar is verskeie studies al uitgevoer wat aangedui het dat SES 'n goeie aanduiding kan wees van visueel-motoriese integrasiestatus by leerders.<sup>11</sup> 'n Moontlike verklaring vir die verwantskap is die feit dat leerders vanuit hoër sosio-ekonomiese omstandighede gewoonlik meer hulpbronne en geleenthede tot hulle beskikking het wat bydra tot beter prestasie wanneer hulle met leerders uit laer sosio-ekonomiese omstandighede vergelyk word (Haywood & Getchell 2009:276; Portela 2007:65; Uys & Pienaar 2010:131; Venetsanou & Kambas 2010:319).

Hierdie studie het wel sekere tekortkominge gehad wat aangespreek en in ag geneem moet word tydens die veralgemening van die resultate. Daar word aanbeveel dat toekomstige studies 'n groter verteenwoordiging van ander bevolkingsgroepe (Kleurling- en Indiër) in die ondersoekgroep moet insluit om sodoende 'n duideliker beeld van die rasse-invloed binne die Suid-Afrikaanse konteks te kan maak. Toekomstige studies moet verder poog om al nege provinsies te betrek en sodoende 'n groter veralgemeenbaarheid van die resultate te kan verseker met betrekking tot Suid-Afrikaanse leerders.

## 6. GEVOLGTREKKING

Uit die resultate kan samevattend gerapporteer word dat die meerderheid leerders, onafhanklik van geslag, ras of SES, gemiddelde visueel-motoriese integrasie, en motoriese koördinasie toon, maar dat ras en SES wel 'n invloed op leerders se visuele persepsie uitoefen (waar swart leerders en leerders wat in die lae SES groep val swakker vaar) gehad het. Die gemiddelde aard van die visueel-motoriese status wat met hierdie studie gerapporteer word vir die groep as geheel, kan egter misleidend wees, aangesien betekenisvolle invloede gevind is, waarvan geslag die kleinste invloed teenoor ras en SES gehad het.

Daar word egter aanbeveel dat die bevindinge aangewend word deur onderwysers en Kinderkinetici om sodoende leerders se akademiese prestasie te kan verbeter deur intervensies wat fokus op die leerders se visueel-motoriese integrasie, en motoriese koördinasievaardighede se ontwikkeling en verbetering.

## BEDANKINGS

Die outeurs wil hul opregte dank bied aan die Onderwysdepartement van die Noordwes Provinsie, die hoofde van die skole en al die leerders vir die toestemming wat verleen is om hierdie studie te kon voltooi. Vir alle finansiële ondersteuning ontvang om hierdie studie moontlik te kon gemaak het, bedank ons die MRC (Medical Research Council of South Africa), SASA (die South African Sugar Association) asook die NRF (National research Foundation of South Africa).

Vrywaring: Enige opinie, bevindings, gevolgtrekkings of aanbevelings wat in hierdie materiaal is, is die mening van die outeur(s) en dus aanvaar MRC en NRF geen aanspreeklikheid in dié verband nie.

---

<sup>11</sup> Dunn (2001:437); Ferguson et al. (2001:327); Goodway & Branta (2010:36); Lotz et al. (2005:66); Pienaar et al. (2013:7); Robinson & Goodway (2009:533).



## BIBLIOGRAFIE

- Africa, E.K. & Kidd, M. 2013. Reliability of the teen risk screen: a movement skill screening checklist for teachers. *South African Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation*, 35(1):1-10.
- Anderson, K.G., Case, A. & Lam, D. 2001. Causes and consequences of schooling outcomes in South-Africa: evidence from survey data. *Social dynamics*, 27(1):37-59.
- Aylward, E.H. & Schmidt, S. 1986. An Examination of Three Tests of Visual-Motor Integration. *Journal of learning disabilities*, 19:328-330.
- Beery, K.E. & Buktenica, N.A. 1997. *The Beery-Buktenica developmental test of visual-motor integration: administration, scoring and teaching manual*. 4<sup>th</sup> ed. Parsippany, NJ: Modern Curriculum.
- Bezrukikh, M.M. & Loginova, E.S. 2006. Age-related changes in the psychophysiological structure of intelligence and characteristics of its formation in young schoolchildren differing in academic progress. *Human physiology*, 32(1):15-25.
- Bezrukikh, M.M. & Terebova, N.N. 2009. Characteristics of the development of visual perception in five- to seven-year-old children. *Human physiology*, 35(6):684-689.
- Biro, M., Smederevac, S. & Tovilović, S. 2009. Socioeconomic and cultural factors of low scholastic achievement of Roma children. *Psihologija*, 42(3):273-288.
- Brown, E.V. 1990. Developmental characteristics of figure drawings made by boys and girls ages five through eleven. *Perceptual and Motor Skills*, 70:279-288.
- Cardoso, A.A. & De Castro Magalhães, L. 2009. Bilateral coordination and motor sequencing in Brazilian children: preliminary construct validity and reliability analysis. *Occupational Therapy International*, 16(2):107-121.
- Cheatum, B.A. & Hammond, A.A. 2000. *Physical activities for improving children's learning and behaviour: a guide to sensory motor development*. Champaign, IL: Human Kinetics.
- Coetzee, D. & Du Plessis, W. 2013. The visual-motor status of grade 1 learners in the north west province of south africa: the nw-child study. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, 35(2):37-50.
- Cohen, J. 1988. *Statistical power analysis for the behavioural sciences*. 2<sup>nd</sup> ed. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum.
- Delemarre-Van de Waal, H.A. 1993. Environmental factors influencing growth and pubertal development. *Environmental health perspectives, supplement* 101(2):39-44.
- Draper, C.E., Achmat, M., Forbes, J. & Lambert, E.V. 2012. Impact of a community-based programme for motor development on gross motor skills and cognitive function in preschool children from disadvantaged settings. *Early child development and care*, 182(1):137-152.
- Dunn, M. 2001. The validity of the developmental test of visual- motor integration on a selected preschool sample in the new South African context. *Journal of Learning Difficulties*, 7(7):437-444.
- Ferguson, P., Jimerson, S. R. & Dalton, M. J. 2001. Sorting out successful failures. Exploratory analyses of factors associated with academic and behavioural outcomes of retained students. *Psychology in the Schools*, 38:327-341.
- Gabbard, C.P. 2008. *Lifelong motor development*. 5th ed. San Francisco: Pearson Education Inc.
- Gallahue, D.L. & Ozmun, J.C. 2006. *Understanding motor development: infants, children, adolescents, adults*. 6th ed. Dubuque, Iowa: McGraw-Hill.
- Geldof, C.J.A., Van Wassenae, A.G., De Kieviet, J.F., Kok, J.H. & Oosterlaan, J. 2012. Visual perception and visual-motor integration in very preterm and/or very low birth weight children. *Research in Developmental Disabilities*, 33:726-736.
- Goodway, J. D. & Branta, C. 2010. Influence of a motor skill intervention on fundamental motor skill development of disadvantaged preschool children. *Research Quarterly for Exercise and Sport*, 74:36-46.
- Grantham-McGregor, S., Cheung, Y.B., Cueto, S., Glewwe, P., Richter, L. & Strupp, B. 2007. Child development in developing countries: developmental potential in the first 5 years for children in developing countries. *Lancet*, 369:60-70.
- Grissmer, D., Grimm, K.J., Aiyer, S.M., Murrah, W.M. & Steele, J.S. 2010. Fine motor skills and early comprehension of the world: Two new school readiness indicators. *Developmental Psychology*, 46:1008-1017.

- Harris, D.B. 1963. *Children's drawings as measures of intellectual maturity: A Revision and Extension of the Goodenough Draw-a- Man Test*. New York: Harcourt, Brace & World, Inc. 367 p.
- Harris, L.R. & Jenkins, M. 1998. *Vision and action*. Boston, MA: Cambridge University.
- Haywood, K.M. & Getchell, N.G. 2009. *Life span motor development*. 5th ed. University of Missouri, St. Louis, MI: Human Kinetics.
- Horowitz, L.J. & Röst, C. 2007. *Helping hiperactive kids – a sensory integration approach. Techniques and tips for parents and professionals*. Alameda, CA: Hunter House Publishers.
- Howley, C.B. & Bickel, R. 1999. The Matthew Project: National Report. *Ohio State Univ., Columbus; Marshall Univ., Huntington, WV; Appalachia Educational Lab., Charleston, WV*.
- Kahlenberg, R.D. 2001. Learning from James Coleman. *Public interest*, 144:54-72.
- Kapp, J.A. 1991. *Children with problems: an orthopedagogical perspective*. 2<sup>nd</sup> ed. Pretoria: Van Schaik.
- Kemp, C. & Pienaar, A.E. 2010. The effect of a physical activity, diet and behaviour modification intervention on the self-perception of 9 to 12 year old overweight and obese children. *African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance (AJPHED)*, 16(1):101-116.
- Lachance, J.A. & Mazzocco, M.M.M. 2006. A longitudinal analysis of sex differences in math and spatial skills in primary school age children. *Learning and Individual Differences*, 16:195-216.
- Lane, K.A. 2005. *Developing ocular motor and visual perceptual skills: An activity workbook. Slack incorporated*. Thorofare, NJ: Slack.
- Lotz, L., Loxton, H. & Naidoo, A.V. 2005. Visual-motor integration functioning in a South African middle childhood sample. *Journal of Child & Adolescent Mental Health*, 17(2):63-67.
- Makhele, L., Walker, S. & Esterhuyse, K. 2006. Utility of the Koppitz norms for the Bender Gestalt Test performance of a group of Sesotho-speaking children. *Journal of Child & Adolescent Mental Health*, 18(2):55-60.
- Malina, R.M. 2004. Motor development during infancy and early childhood: overview and suggested directions for research. *International journal of sport and health science*, 2:50-66.
- Malina, R.M., Bouchard, C. & Bar-Or, O. 2004. *Growth, maturation and physical activity*. 2nd ed. Champaign, Ill.: Human Kinetics.
- Maples, W.C. 2001. A Comparison of visual abilities, race and socio-economic factors as predictors of academic achievement. *Journal of Behavioural Optometry*, 12(3):60-65.
- Marriott, G.R. 2000. Developmental differences in visual-motor integration in children from 4 to 6-years-old on the kindergarten diagnostic instrument – second Ed. Ph.D. dissertation. United States - Texas: Texas Woman's University. ProQuest Digital Dissertations database. (Publication No. AAT 9993955).
- Martina, E.H., Rudisill, M.E. & Hastieb, P.E. 2009. Motivational climate and fundamental motor skill performance in a naturalistic physical education setting. *Physical education and sport pedagogy*, 14(3):227-240.
- Mati-Zissi, H. & Zafropoulou, M. 2001. Drawing performance in prediction of special learning difficulties of kindergarten children. *Perceptual and Motor Skills*, 87:1154-1166.
- Nettles, M.T. & Millett, C.M. 2000. The human capital liabilities of underrepresented minorities in pursuit of science, mathematics, and engineering doctoral degrees. *National Centre for Post Secondary Improvement*.
- Pauw, K. 2005. Profile of the North West Province: demographics, poverty, inequality and unemployment. *Provide Project. Background paper*, 1(6):1-19.
- Pienaar, A.E. 1993. Die voorkoms en remediëring van groot motoriese agterstande by leerders in die junior primêre fase. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.).
- Pienaar, A.E. 2010. *Motoriese ontwikkeling, groei, motoriese agterstande, die assessering en die intervensie daarvan: 'n handleiding vir nagraadse leerders in Kinderkinetika*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Pienaar, A.E., Barhorst, R. & Twisk, J.W.R. 2013. Relationships between academic performance, SES school type and perceptual-motor skills in first grade South African learners: NW-CHILD study. *Child: care, health and development*, 1-9.
- Pienaar, A.E. & Kemp, C. 2014. Motor proficiency profile of Grade 1 learners in the North West Province of South Africa: NW-CHILD Study. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, 36(1):167-182.
- Portela, N. 2007. An assessment of the motor ability of learners in the foundation phase of primary education. University of Zululand. (Dissertation – MSc.)

- Robinson, L.E. & Goodway, J.D. 2009. Instructional climates in preschool children who are at-risk. Part I: object-control skill development. *Research Quarterly for Exercise and Sport*, 80:533-542.
- Rodriguez, E.M. & Nettles, M.T. 1993. Achieving the national education goals: the status of minorities in today's global economy. A Report of the SHEEO Project on Minority Achievement in Higher Education.
- Singh, C.K., Dhanda, B. & Shanwal, P. 2010. Gender Difference in Motor and Mental Development in Children: An Impact of Stimulating Activities. *Anthropologist*, 12(2):153-154.
- Statistiek Suid-Afrika. Mid-year population estimates 2013. <http://www.statssa.gov.za/publications/P0302/P03022013.pdf>. Datum van gebruik: 30 Sept. 2015.
- Statistiek Suid-Afrika. 2014. Poverty Trends in South Africa. An examination of absolute poverty between 2006 and 2011. <http://www.statssa.gov.za/publications/Report-03-10-06/Report-03-10-06March2014.pdf> Datum van gebruik: 30 Sept. 2015.
- Statsoft. 2014. *Statistica for Windows: general conventions & statistics*. Tilsa, OK: Statsoft.
- Steyn, H.S. (jr.). 2002. Practically significant relationships between two variables. *South African Journal of Industrial Psychology*, 28(3):10-15.
- Taylor, S. & Yu, D. 2009. *The importance of socio-economic status in determining educational achievement in South Africa*. Stellenbosch: Stellenbosch University. Bureau of Economic Research. (Stellenbosch economic working papers: 01/09, 1-77.)
- Tekok-Kiliç A., Elmasas-Dikec, B. & Can, H. 2010. Evaluation of visual-motor integration functions in children between 6-15 years of age. *Turkish Journal of Psychiatry*, 21(2):97-104.
- Tennant, A.J. 1986. Visual-Motor Perception: a correlative study of specific measures for pre-school South African children. Unpublished master's thesis, University of Port Elizabeth.
- Uys, P.L. & Pienaar, A.E. 2010. Die fisieke en motoriese ontwikkeling van voorskoolse kinders vanuit verskillende sosio-ekonomiese omstandighede: Thusano-studie. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir navorsing in sport, liggaamlike opvoedkunde en ontspanning*, 32(2):131-144.
- Van Niekerk, L., Pienaar, A.E. & Coetzee, M. 2014. Aard van neuro-motoriese inperkings by 7- en 8-jarige leerders met leerhindernisse. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, 36(1):29-44.
- Venetsanou, F. & Kambas, A. 2010. Environmental factors affecting preschoolers' motor development. *Early childhood education journal*, 37:319-327.
- Walker, S.P., Wachs, T.D., Meeks Gardner, D., Lozoff, B., Wasserman, G.A., Pollitt, E. & Carter, A. 2007. Child development: risk factors for adverse outcomes in developing countries. *Lancet*, 369(9556):145-157.
- Weil, M.J. & Cunningham-Amundson, S.J. 1994. Relationship Between Visuomotor and Handwriting Skills of Children in Kindergarten. *American Journal of Occupational Therapy*, 48(11):982-988.
- Williams, H.G. 1983. *Perceptual and motor development*. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.
- Wilson, T.A. & Falkel, J. 2004. *Sportsvision, training for better performance*. Champaign. IL: Human Kinetics.
- Winnick, J.P. 2005. *Adapted physical education and sport*. 4<sup>th</sup> ed. Champaign, IL: Human Kinetics.

## Redakteursnota

Die volgende aflewering van die debat oor politieke, regsfilosofiese en gemeenskapsaspekte van die moderne staat is Danie Strauss se respons op veral Danie Goosen se repliek wat in die Desemberuitgawe van 2016 verskyn het. Die outeur beplan om in opvolgbydraes bepaalde raak- en verskilpunte met sowel Danie Goosen as Koos Malan se standpunte breër uit te werk. Hierbenewens sal 'n verdere bydrae van Andries Raath ook in die September 2017-uitgawe geplaas word.

Ter inligting word die vorige bydraes tot die debat hieronder kortliks geskets:

In die Junie 2016-nommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het Andries Raath, in 'n diskoers met Danie Goosen en Koos Malan, die politieke en regsfilosofiese implikasies van politieke kommunitarisme van nader bekyk.

In die September 2016-nommer tree Danie Strauss toe tot die debat deur aan te voer dat die tekortkominge van sowel individualistiese (atomistiese) as universalistiese (holistiese) benaderings ondervang kan word “indien erns gemaak word met die ontiese beginsels van *soewereiniteit-in-eie-kring* en *universaliteit-in-eie-kring*”.

In Desember 2016, in die tweede boek, lewer sowel Danie Goosen as Koos Malan repliek op die vorige twee standpunte, soos verwoord deur Andries Raath (Junie 2016) en Danie Strauss (September 2016) onderskeidelik.

Alle lesers van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word weer eens hartlik uitgenooi om deel te neem aan die debat. Beperk u debatsbydraes tot hoogstens 2 000 woorde. Indien u sou verkies om liever uitvoeriger by wyse van 'n navorsingsartikel te reageer, sal dergelike bydraes aan die gewone keuringsprosedure onderhewig wees, maar steeds in die afdeling AKTUEEL geplaas word.

**INA WOLFAARDT-GRÄBE**  
Mei 2017

# Besinning oor staat en samelewing

*Reflecting on state and society*

**DANIE STRAUSS**

Skool vir Filosofie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom Kampus

E-pos: dfms@cknet.co.za



Danie Strauss

**DANIE STRAUSS** word in 1971 as senior lektor in Wysbegeerte aan die destydse UOVS aangestel. Vanaf Januarie 1976 is hy bevorder tot medeprofessor en in Oktober 1977 word hy aangestel as professor en hoof van die Departement Wysbegeerte aan die UOVS. In 1994 vertrek hy na Kanada waar hy as eerste Direkteur van die *Dooyeweerd Centre* die publikasie van die versamelde werke van Herman Dooyeweerd in Engels van stapel stuur. Hy keer in 1997 terug na Suid-Afrika en vanaf April 1998 tot 31 Desember 2001 ageer hy as Dekaan van die nuwe Fakulteit van Geesteswetenskappe aan die UVS. Benewens 15 selfstandige publikasies, 42 internasionale konferensievoordragte en 20 bydraes tot versamelde werke het meer as 290 vakartikels in nasionale en internasionale tydskrifte uit sy pen verskyn. In 2005 is 'n werk oor die wysgerige grondslae van die moderne natuurwetenskappe deur die Duitse Uitgewer Peter Lang gepubliseer, *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 het 'n werk oor die sosiologie ook by Peter Lang verskyn – *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford: New York). In 2009 het sy werk, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* by Paideia Press, Grand Rapids, USA verskyn (715 pp.). In 2011 is dit in Amsterdam deur die *Stichting Reformatorische Filosofie* beloon as die mees omvattende uitbouing van die sistematiese erfenis van hierdie filosofie. Sedert 2013 is Danie Strauss Navorsingsgenoot by die Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus.

**DANIE STRAUSS** was appointed as senior lecturer in Philosophy at the then University of the Orange Free State (UOFS) in 1971. He was promoted to associate professor in January 1976 and in October 1977 he became professor and head of the Department of Philosophy at the UOFS. In 1994 he went to Canada, where as the first Director of the *Dooyeweerd Centre*, he initiated the publication of the collected works of Herman Dooyeweerd in English. He returned to South Africa in 1997 and from 1 April 1998 to 31 December 2001 he was Dean of the new Faculty of Humanities at the UFS. Apart from 15 independent publications, 42 international conference papers and 20 contributions to collected works, he has published 290 articles in national and international journals. In 2005 his work on the philosophical foundations of the modern natural sciences was published by Peter Lang Publishers – *Paradigmen in Mathematik, Physik und Biologie und ihre philosophische Wurzeln* (216 pp.) (Frankfurt am Main). In 2006 Peter Lang published his work *Reintegrating Social Theory – Reflecting upon human society and the discipline of sociology* (310 pp.) (Oxford New York). In 2009 his work, *Philosophy: Discipline of the Disciplines* was published by Paideia Press, Grand Rapids, USA (715 pp.). In 2011 this book received the award for work in the fields of systematic philosophy or the history of philosophy for advancing the cause of the “Philosophy of the Cosmonomic Idea”. Since 2013 Danie Strauss is a Research Fellow at the School of Philosophy, North West University, Potchefstroom Campus, South Africa.

**ABSTRACT*****Reflecting on state and society***

*In classical antiquity and during the medieval era political life was organized in kingdoms or empires in which the ruler (monarch or emperor) was not yet appreciated as occupying a public-legal office. But throughout the history of reflection on state and society two theoretical orientations dominated the scene, namely atomism (individualism) and holism (universalism). These approaches hampered a proper understanding of the relationship between state and society. In his contribution to the discussion of state and society published by the Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Goosen (2016a) explains that we cannot return to the Greek polis (city state) but that it can remind us of the limits of the state. The ultimate motivation of Greek philosophy, given in the dialectical basic motive of matter and form, is briefly explained with reference to the way in which the polis intended the cultural formation of a person in all areas of life. What is foreign to Greek culture is the acknowledgment of the sphere-sovereignty of diverse societal entities. It was only much later that the Calvinist legal scholar, Johannes Althusius, though inconsistently, realized that societal institutions such as churches and marriages are not integral parts of the state for only provinces and municipalities are true parts of the state. These issues are kept alive in the thought of Goosen and Malan. The contribution of Goosen to the discussion receives attention, unfortunately showing that the crucial objections raised by him are misdirected. This is illustrated by briefly looking at Goosen's remark regarding the alleged influence of other philosophers on the thought of Dooyeweerd, while in fact it was Dooyeweerd himself who explained his own intellectual development by stating that he "was strongly under the influence first of the Neo- Kantian philosophy, later on of Husserl's phenomenology." Goosen does not show an awareness of the fact that I am perhaps the one who has exercised the most severe criticism on crucial aspects of Dooyeweerd's transcendental critique, epistemology and theory of the Gegenstand-relation. He also does not realize that Dooyeweerd's critical analysis of modern philosophy is in the first place meant as self-criticism. The shortcomings in Goosen's appeal to hermeneutics are then articulated before attention is given to the relation between Goosen, Dooyeweerd and Thomas Aquinas. It is shown that Goosen did not substantiate his claim that Dooyeweerd elevated his (alleged neo-Thomistic) understanding of Thomas Aquinas to be the standard interpretation contributed by him. A recent dissertation completed at the Radboud (Catholic) University in Nijmegen still affirms the value of Dooyeweerd's critique of the Thomistic substance concept. Goosen also totally misunderstood insights advanced by Münch, Rawls and Habermas which I appreciated positively because they approximate the idea of sphere-sovereignty. What is not noticed by Goosen is my statement about the simultaneous presence of both atomistic and holistic elements present in the thought of Rawls. These issues will be further explored in independent research articles, dedicated to the philosophical presuppositions present in reflecting on state and society.*

**KEY CONCEPTS:** empire, state, philosophical trends, basic motives, individualism, universalism, sphere-sovereignty

**TREFWOORDE:** ryk, staat, wysgerige strominge, grondmotiewe, individualisme, universalisme, soewereiniteit-in-eie-kring



## OPSOMMING

In die klassieke oudheid en gedurende die middeleeuse era was die politieke lewe in koninkryke en ryke georganiseer waar die heerser (koning of keiser) nog nie gesien is as iemand wat 'n publiekregtelike amp beklee nie. Nogtans is nadenke oor staat en samelewing deurlopend deur twee teoretiese sienings gedomineer, naamlik 'n atomistiese (individualistiese) en 'n holistiese (universalistiese) benadering. Hierdie oriënterings het in die weg gestaan van 'n behoorlike begrip van die verhouding tussen staat en samelewing. In sy bydrae tot die diskussie oor staat en samelewing wat in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gepubliseer is, verduidelik Goosen (2016a) dat ons nie kan terugkeer tot die Griekse *polis* (stadstaat) nie maar dat dit ons kan herinner aan die grense van die staat. Die diepste motivering van die Griekse filosofie, gegee in die dialektiese grondmotief van materie en vorm, is kortliks verduidelik met verwysing na die wyse waarop die *polis* gerig is op die vorming van sy burgers in alle samelewingsfere. Wat vreemd is aan die Griekse kultuur is die erkenning van die *soewereiniteit-in-eie-kring* van uiteenlopende samelewingsvorme. Eers veel later sou die Calvinistiese regsgeleerde, Johannes Althusius, al was dit nie heeltemal konsewent nie, besef dat samelewingsvorme soos kerke en huwelike nie egte dele van die staat vorm nie, aangesien slegs provinsies en munisipaliteite ware dele van die staat is. Hierdie kwessies word lewendig gehou in die denke van Goosen en Malan. Aandag word aan die bydrae van Goosen tot die diskussie gegee, maar ongelukkig blyk dit dat die besware wat hy geopper het nie steekhoudend is nie. Dit word saaklik toegelig deur te let op Goosen se opmerkings rakende die invloed van ander denkers op Dooyeweerd, waar dit in werklikheid Dooyeweerd self was wat dit in die kensketsing van die ontwikkelingsgang van sy denke vermeld het, naamlik dat hy “was strongly under the influence first of the Neo-Kantian philosophy, later on of Husserl’s phenomenology.” Goosen toon geen besef van die feit dat ek waarskynlik die persoon is wat die ernstigste kritiek op sleutel-aspekte van Dooyeweerd se transendentale kritiek, sy epistemologie en sy teorie van die *Gegenstand*-relasie uitgeoefen het nie. Hy besef ook nie dat Dooyeweerd se kritiese ontleding van die moderne filosofie in die eerste plek as *self-kritiek* bedoel is nie. Die tekortkominge in Goosen se beroep op die hermeneutiek word vervolgens verduidelik alvorens aandag gegee word aan die relasie tussen Goosen, Dooyeweerd en Thomas Aquinas. Daar word aangetoon dat Goosen nie sy aanspraak kon substansieer dat Dooyeweerd sy (sogenaamde neo-Thomistiese) interpretasie van Thomas se denke tot dié standdaarsiening verhef het nie. 'n Resente proefskrif wat by die Radboud (Katolieke) Universiteit in Nijmegen voltooi is, bevestig die waarde van Dooyeweerd se kritiek op die Thomistiese substansiebegrip. Goosen maak hom ook skuldig aan 'n totale misverstaan van insigte wat deur Münch, Rawls en Habermas ontwikkel is en positief deur my waardeur is omdat dit na aan die beginsel van *soewereiniteit-in-eie-kring* is. Wat Goosen nie in my benadering opgemerk het nie, is dat ek die gelyktydige aanwesigheid van beide atomistiese en holistiese elemente in the denke van Rawls uitgewys het. Hierdie kwessies sal verder ontleed word in onafhanklike navorsingsartikels toegespits op die wysgerige voorveronderstelling wat in nadenke oor staat en samelewing teenwoordig is.

## 1. ORIËNTERING

Die ontstaan van die moderne staat gedurende die 17<sup>de</sup>, 18<sup>de</sup> en 19<sup>de</sup> eeue het tegelyk daartoe gelei dat toenemend van die monargale erfenis afskeid geneem is. In 'n koninkryk behoort die owerheidsamp nog aan die monarg omdat dit nog nie as 'n publiekregtelike *amp* waardeur is nie. Dit was 'n gegewe wat tot die *privaat-vermoë* van die vors behoort het. Gevolglik was dit nog 'n handelsitem wat in die ekonomiese verkeer verhandel kon word (dit was 'n “res in commercio”).

Die opvallende van hierdie ontwikkeling is dat die nadenke oor staat en samelewing grootliks in terme van die teenstelling tussen atomistiese (individualistiese) en holistiese (universalistiese) samelewingsbeskouings verstaan is. Hierdie teenstelling het egter in die weg gestaan van pogings om die reg en die staat te begrens.<sup>1</sup> Beide hierdie benaderings word weliswaar dwarsdeur die geskiedenis aangetref. Die filosoof Kallikles het reeds in die vroeg-Griekse era sienings gehuldig wat later in die moderne tyd deur Hobbes en Nietzsche gekontinueer is. Origens is beide die Griekse kultuur en die Middeleeue deur universalistiese beskouings gedomineer. Dat die Grieks-Middeleeuse sienings die aard van gemeenskappe positief waardeur het, soos tereg deur beide Goosen en Malan beklemtoon word, moet egter nie ons oë sluit vir die gebreke daarvan nie. Goosen verantwoord 'n verrekening van die Griekse erfenis deur tegelyk ook te wys op die *distansie* wat ons hedendaagse situasie van die *polis* era onderskei, naamlik “dat daar [nie] na die *polis* terugkeer kan word nie. Die oogmerk daarmee is eerder om die moderne staat so aan sy grense te herinner” (Goosen 2016a:1248).

Hierdie opmerking roep egter tegelyk 'n vraagteken op, want dit is juis die lewensomvattende en derhalwe *onbegrensde* aard van die Griekse *polis* (stadstaat) wat met goeie reg gekritiseer kan word. Hoe kan 'n totalitêre *polis* ons herinner aan die *grense* van die moderne staat?

Die Griekse kultuur, waarby inbegrepe die Griekse filosofie, was immers in die greep van die grondmotief van materie en vorm, die motief van die ewig-vloeiende lewenstroom as dialektiese teenpool van die kultuur-religie van vorm, maat en harmonie. Die totalitêre aard van die Griekse stadstaat (*polis*) is daarom 'n uitdrukking van die Griekse vorm-motief wat ook die basis van Plato se opvatting van die ideale staat en van Aristoteles se siening van die *polis* as “outarke” gemeenskap vorm. Daarin is die mens veronderstel om tot sy hoogste vlak van vorm-volmaking (vervolmaking) te kom, naamlik *sedelike deugsamheid*. Hierdie ideale aard van Plato se staat moes as model vir alle reële (werklik-bestaande) state dien. Plato het egter 'n toenemende proses van verval voorsien wat in laaste instansie onderworpe is aan die *Anankē* (die blinde, huiweringwekkende noodlot as uitdrukking van die materie-motief). Ten spyte van al die gebreke in Plato se opvatting van sy ideale staat moet ons tog waardering daarvoor hê dat sy teorie 'n tuiste bied vir twee deurslaggewende strukturele eienskappe van die moderne idee van die staat, naamlik die rol van *geregtigheid* en die funderende funksie van die *soldatestand*. Beide hierdie fasette belig tewens sleutel-elemente van die moderne staatsbegrip. Tog moet ons vermeld dat hierdie insigte ongelukkig in 'n teoretiese denkraamwerk ingewoef is wat as gevolg van die (universalisties-)totalitêre aard daarvan nie sinvol kon rekenskap gee van die verhouding tussen publiekreg en privaatrek nie.<sup>2</sup>

In sy omvattende werk oor die Griekse wysbegeerte verduidelik Dooyeweerd hierdie situasie soos volg:

For, as the vehicle of the culture religion, the *polis* is simultaneously the earthly vehicle of the form principle, which governs this religion. *Paideia*, in the sense of the forming of the free Greek into a citizen, meant for the popular Greek mind of classical times, and for Plato as well, the cultural formation of a person in all areas of life. Indeed, according to this view, the *polis* is the all-encompassing sphere of human society, which lays claim

<sup>1</sup> Vergelyk vir hierdie beredenering Strauss (2012); asook Strauss (2016).

<sup>2</sup> In werklikheid ontken Plato enige kruissnydende verbindingslyne tussen hierdie twee regsfeere: die twee publieke stande is uitgesluit van die privaat sfeer terwyl die derde stand op sy beurt geensins deel het aan die publieke sfeer nie.

to all terrains of human life. The notion that each distinct component of society possesses a sovereignty in its own sphere that is rooted in its internal nature and created structure, a view that arose only from the ground-motive of the Christian religion, is completely foreign to the world of classical antiquity. (Dooyeweerd 2012:164-165)

Aan die einde van hierdie aanhaling vermeld Dooyeweerd die beginsel van *soewereiniteit-in-eie-kring* wat deur Kuiper op die voetspoor van tentatiewe formuleringe van Groen van Prinsterer ingevoer is om erkenning aan die eie-aard van verskillende tipes samelewingsvorme te verleen. Dit was egter Althusius wat vir die eerste keer besef het dat nie alles *deel* van die staat kan wees nie. Sosiale entiteite, soos kerke en gesinne, is nie *dele* van die staat soos munisipaliteite en provinsies nie (sien Althusius 1604:16). Hiermee verleen Althusius erkenning aan die aard-eie struktuurbeginsels van uiteenlopende samelewingsvorme. Hy praat van *leges propriae* waarvolgens “particular associations are ruled” soos deur hul eie natuur benodig word (Althusius soos vertaal in Carney 1995:16 – sien ook Woldring 1998:129-130).

Hierdie siening van Althusius is egter nog steeds verweef met ’n simbiotiese opvatting, waarvolgens hy die staat soos volg omskryf: “an imperium, realm, commonwealth, and people united in one body by the agreement of many symbiotic associations and particular bodies, and brought together under one right. For families, cities and provinces existed by nature prior to realms and gave birth to them” (Althusius 1995:66).

In hierdie opvatting leef nog iets na van die federatiewe inslag van die beginsel van subsidiariteit wat in die Rooms-Katolieke samelewingsleer aangetref word. Subsidiariteit betref die relatiewe outonomie van laere en hoëre dele van die staat (vergelyk die ontleding van subsidiariteit en soewereiniteit-in-eie-kring in Strauss 2013). Wanneer Goosen Althusius se federalisme teenoor die sentralistiese staat stel (Goosen 2016a:1248) skenk hy ongelukkig nie aandag aan Althusius se siening van “*leges propriae*” nie.

In die lig van die voorgaande beligting van belangrike kontoere uit die geskiedenis van die besinning oor staat en samelewing is dit begryplik waarom kontemporêre denkers, soos Goosen en Malan, nog steeds aandag aan hierdie dilemma skenk.<sup>3</sup> Goosen en Malan se bersorgdheid oor die praktiese politiek in Suid-Afrika verdien uiteraard ondersteuning ook vanuit die oogpunt van teoretiese oorwegings. Dit sluit die erkenning van die wederkerige verbondenheid van “individu” en “gemeenskap” in – hoeseer hierdie insig ook op ’n meer genuanseerde wyse verantwoord kan word (sien Strauss 2002, 2004, 2006a en 2007). Ons onderskryf ook almal ’n kritiese ingesteldheid teenoor individualistiese samelewingsbeskouings. Wanneer “die politieke geheel” egter deur Goosen as ’n “gemeenskap van gemeenskappe” verstaan word (Goosen 2016:247), kom maatskapsverhoudinge in die gedrang en tesame daarmee ’n implisiete miskennings van die aard van die burgerlike privaatreë.

Wie egter die reaksie van Goosen en Malan op my kort toetrede tot die gesprek oor staat en samelewing lees, sal onmiddellik merk dat daar nie werklik tot ’n sinvolle gespreksvoering gekom is nie.

## 2. DIE EISE VAN GESPREKVOERING?

Dit is jammer dat daar van die beloofde “gesprek” nie werklik iets sinvol tereg gekom het nie. Malan beskuldig my daarvan dat persone in die Dooyeweerd tradisie “met ’n abstrakte, soms esoteriese skema” werk en dat dit nie die moeite loon “om in besonderhede met hulle in debat

<sup>3</sup> Die debat hieroor is intussen verder gevoer deur Andries Raadt – in verskeie tydskrifte (Raath 2015, 2016a en 2016b). Sien ook Goosen (2016a) en Malan (2016).

te tree nie” (Malan 2016:1253). Op sy beurt maak Goosen (2016a) kategorieëse stellings sonder om die nodige stawende uitsprake van my of Raath (of Dooyeweerd) aan te haal.

## 2.1 Enkele voorbeelde van ongefundeerde kritiek

Goosen skryf onder meer: “Grondliggend aan wat nie anders as ’n onhermeneutiese hermeneutiek beskryf kan word nie, lê die gedagte dat daar slegs één Plato, slegs één Aristoteles, één Aquinas of slegs één Hegel is, naamlik hul eie Dooyeweerdse vertolking” (Goosen 2016a:1246) – en dit terwyl ek nêrens in my kort gespreksbydrae ’n “vertolking” van die denke van Plato, Aristoteles, Aquinas of Hegel aanbied nie.

Aangesien Dooyeweerd nooit iewers beweer dat sy eie interpretasie van filosowe die onfeilbare waarheid oor enige ander denker bevat nie, sou Goosen minstens moes aandui waarna hy verwys, want ook ekself het Dooyeweerd nog nooit in enige opsig gekanoniseer nie. Soos hieronder nog sal blyk, is ekself waarskynlik die skerpste kritikus van Dooyeweerd. In my proefskrif oor die onderskeiding tussen *Begrip en Idee* skryf ek reeds pertinent dat “alle menslike insigte ... voorlopig, feilbaar en verbeterbaar” bly (Strauss 1973:86). Dit is egter ’n logiese sprong om hieruit te konkludeer dat aangesien menslike denke feilbaar is, bepaalde insigte of onderskeidings inderdaad *foutief* is – sonder om die meriete van die saak te beredeneer. Oorweeg byvoorbeeld die probleem wat die Griekse filosofie het met *syn* en *wording* – en Plato se insig oor *duursaamheid* en *verandering* wat hieronder vlugtig vermeld word.

Goosen skryf voorts oor akademië uit die Dooyeweerd tradisie: “Implisiet aan hulle aansluiting by Dooyeweerd is ’n ontkenning van die feit dat laasgenoemde self deur die filosofiese strominge van sy eie tyd (die neo-Kantianisme, Husserl en die fenomenologie, ensovoorts) beïnvloed is. In plaas daarvan om die onvermygbare historiese aard van sy denke te erken, word Dooyeweerd eerder op ’n soort tydlose podium staangemaak vanwaar hy aan ons voorskryf hoe die tradisionele denke eintlik (ten diepste, wesenlik) aanmekaar getimmer is” (Goosen 2016a:1247).

Die vraag wat hier gestel moet word is of die invloed van wysgerige strominge op Dooyeweerd ontken word?

Goosen beweer kategorieë dat “implisiet aan” ons “aansluiting by Dooyeweerd [is] ’n ontkenning van die feit dat laasgenoemde self deur die filosofiese strominge van sy eie tyd (die neo-Kantianisme, Husserl en die fenomenologie, ensovoorts) beïnvloed is”.

- (a) Dit is onjuis om *Husserl* en *die fenomenologie* naas mekaar te plaas, want Husserl is ’n fenomenoloog – hy word teweens as die *grondlegger* van die fenomenologie gesien. Gevolglik behoort Goosen na “Husserl SE fenomenologie” te verwys en nie na “Husserl EN die fenomenologie” nie.
- (b) Voorts suggereer Goosen dat ek (en Raath) die feit “ontken” dat Dooyeweerd “self deur die filosofiese strominge van sy eie tyd ...beïnvloed is”. Implisiet vervat in hierdie stelling van Goosen is die gedagte dat Dooyeweerd self ook nie besef dat hy met verskillende (eietydse) denkstrominge geworstel het of daardeur beïnvloed is nie. Ongelukkig is hierdie opmerking van Goosen nie steekhoudend nie. Ons hoef slegs te let op wat Dooyeweerd self in die *Voorwoord* van sy *Magnum Opus* skryf (*A New Critique of Theoretical Thought*, [NC] Vol.I, bladsy v): “Originally I was strongly under the influence first of the Neo- Kantian philosophy, later on of Husserl’s phenomenology” (sien Dooyeweerd 2016-I:v).

In sy haas om Dooyeweerd se denke *histories* te relativer (sonder om enige stawende aanhalings uit Dooyeweerd se werke te gee of om daarmee in gesprek te tree)

formuleer hy 'n ongegronde aanklag, want Dooyeweerd het hom vooruitgehoop deur self-krities na die invloed van die neo-Kantianisme en die fenomenologie in sy intellektuele ontwikkeling te verwys.

- (c) Goosen dra klaarblyklik ook geen kennis van die feit dat ekself in my bogemelde proefskrif die mees indringende kritiek op Dooyeweerd se transendentale kritiek en op sy ken-teoretiese siening van die sogenaamde *Gegenstands*-relasie uitgeoefen het nie. Ek onderken in Dooyeweerd se opvatting van die *Gegenstand*-relasie 'n Kantiaanse res (sien Strauss 1973:128-129). Kort voor sy afsterwe (in 1977) het Dooyeweerd nog vir oulaas op my kritiek gereageer. In 1983 het die *Redaksie* van *Philosophia Reformata* my gevra om die epistemologiese debat saam te vat (sien Strauss 1984).
- (d) Dooyeweerd se self-kritiese ingesteldheid blyk onder meer ook uit die wyse waarop hy die groot keerpunt in sy denke beskryf. Hy stel dit soos volg:  
The great turning point in my thought was marked by the discovery of the religious root of thought itself, whereby a new light was shed on the failure of all attempts, including my own, to bring about an inner synthesis between the Christian faith and a philosophy which is rooted in faith in the self-sufficiency of human reason. (Dooyeweerd 2017-I:v)

Dooyeweerd se kritiek op die moderne filosofie – wat iets wat immanent in die skepping is tot allesomvattende verklaringsbeginsel verhef<sup>4</sup> – moet volgens hom allereers as *self-kritiek* beskou word omdat hy die problematiek daarvan self eksistensiële deurworstel het:

I wish to repudiate any self-satisfied scientific attitude in confronting immanence-philosophy. The detailed criticism of the Humanistic immanence-philosophy in the second part of the first volume, must be understood as self-criticism, as a case which the Christian thinker pleads with himself. Unless this fact is understood, the intention of this philosophy has not been comprehended. I should not judge immanence-philosophy so sharply were it not that I myself have gone through it, and have personally experienced its problems. I should not pass such a sharp judgment on the attempts at synthesis between non-Christian philosophy and the Christian truths of faith, had I not lived through the inner tension between the two and personally wrestled through the attempts at synthesis. (Dooyeweerd 2016-I:viii)

Beteken die standpunt wat Goosen inneem dat wanneer 'n denker 'n nuwe interpretasie van enige historiese figuur ontwikkel dit noodwendig uitloop op en afgemaak moet word as “onhistories” en “hermeneuties ... vasgevang” te wees in 'n “tydkapsule”? En is hierdie opmerking nie sêlf 'n miskenning van “die onvermybare historiese aard” van Goosen se eie denke nie? (sien Goosen 2016a:1247).

Goosen se benadering plaas eintlik 'n *verbod* op die onthulling van enige insigte of gegewens met 'n duursame strekking – wat dan tegelyk 'n vraagteken plaas by sy eie poging om bepaalde positiewe gesigspunte aan die Griekse *polis* te verbind. Oordink byvoorbeeld Plato se worsteling met Herakleitos se oortuiging dat *alles voortdurend verander*. In sy dialoog *Kratylos* soek Plato na 'n oplossing vir hierdie probleem deur daarop te wys dat indien alles voortdurend verander ons nooit iets sal kan ken nie, want die oomblik waarin ons meen om iets te ken het dit immers

<sup>4</sup> Hy noem so 'n benadering “immanensie-filosofie” en vind dit vergestalt in die talle *ismes* wat die geskiedenis van die filosofie en die verskillende vakwetenskappe deurkruis – soos byvoorbeeld aritmetisisme, fisikalisme, vitalisme, psigologisme, logisisme, historisme, estetisisme, legalisme en moralisme.

reeds in iets anders verander (vgl. *Kratylos* 339e-440a). Daarom postuleer Plato dat die dinge in die sigbare wêreld van verandering (*genese*) ’n “eie wese” (*auto to eidos*) besit wat in ’n transendente ryk van ewige, statiese vorme (ideë) hul tuiste vind. Die insig wat Plato geopenbaar het hou egter nog steeds stand, naamlik dat ons verandering slegs op die basis van duursaamheid (konstansie) kan vasstel.

Hieruit volg dit dat die blote historiese gesitueerdheid van ’n denker geensins beteken dat die betrokke denker nie op stande van sake kon stuit waarvan ons vandag nog steeds rekenskap moet gee nie. Die vrugbaarheid van Dooyeweerd se ontledings en onderskeidinge is toeganklik vir enige denker – vanuit watter agtergrond ook al – wat tewens verklaar waarom denkers vanuit verskillende lewensbeskoulike agtergronde waardering vir Dooyeweerd kan uitspreek. Enkele voorbeelde daarvan word in ’n inligtingstuk van die *Dooyeweerd Center* vermeld.<sup>5</sup> Voeg hierby die gegewe dat die “Stichting voor Christelike Filosofie” aan vyf staatsuniversiteite in Nederland “Bijzondere Leerstoelen in Reformatorische Wijsbegeerte” in stand hou.<sup>6</sup>

Om terug te keer tot die reaksie van Goosen moet gestel word dat dit opvallend is dat hy hom nie verwerdig om op enige van die onderskeidinge wat ek in my kort bydrae na vore bring te reageer nie. Hy tree grootliks met Dooyeweerd in gesprek in plaas van met my – so asof ek ’n klakkelose epigoon van Dooyeweerd is. Van my eie selfstandige wysgerige ontwikkelingsgang sedert 1965 dra Goosen oënskynlik geen kennis nie. Ook nie van die feit dat ek waarskynlik, soos hierbo vermeld, van die mees indringende kritiek op Dooyeweerd gelewer het (onder meer op sy transendentale kritiek, sy kennisleer en sy siening van die *Gegenstand*-relasie).

## 2.2. Goosen, Dooyeweerd en Thomas Aquinas

Hoewel ek in my besprekingsbydrae nie eers na Thomas Aquinas verwys nie, merk Goosen op: “Dooyeweerd se neo-Thomistiese interpretasie van Aquinas van die eerste helfte van die vorige eeu is kennelik deur die neo-Thomistiese vertolking van Aquinas uit die moderne era beïnvloed” (Goosen 2016a: 1247). Na sy mening het Dooyeweerd “dié moderne vertolking tot standaard-vertolking verhef – en dit tegelyk ook afgeskiet” (Goosen 2016a: 1247). Volgens hom

<sup>5</sup> “. . . the most original philosopher Holland has produced, even Spinoza not excepted” – Prof. G.E. Langemeijer (former Attorney General of the Dutch Appeal Court and a former Chairman of the Royal Dutch Academy of Sciences – he is not a Christian – 1965). (2) “. . . the most profound, innovative, and penetrating philosopher since Kant” – Giorgio Delvecchio (a well-known Italian neo-Kantian philosopher). (3) “Herman Dooyeweerd is undoubtedly the most formidable Dutch philosopher of the 20th century. . . . As a humanist I have always looked at ‘my own tradition’ in search for similar examples. They simply don’t exist” – Dr. P.B. Cliteur (President of the ‘Humanist League’ in The Netherlands and Professor of philosophy at the Technical University of Delft – 1994). (4) An internationally well-known Dutch philosopher, C.A. Van Peursen (who was practically throughout his life-time a critical conversation-partner radically differing from Dooyeweerd and who influenced many philosophers worldwide), at the end of his life remarked that many books written within the domain of philosophy of science should not have been written had the authors familiarized themselves with Dooyeweerd’s insights (1995).

<sup>6</sup> Vergelyk die volgende web-tuiste: [https://nl.wikipedia.org/wiki/Stichting\\_voor\\_Christelike\\_Filosofie#Bijzondere\\_leerstoelen\\_waar\\_die\\_volgende\\_besondere\\_leerstoele\\_wat\\_tans\\_bestaan\\_vemeld](https://nl.wikipedia.org/wiki/Stichting_voor_Christelike_Filosofie#Bijzondere_leerstoelen_waar_die_volgende_besondere_leerstoele_wat_tans_bestaan_vemeld) word: Prof. dr. Marc de Vries (Delft); Prof. dr. Maarten Verkerk (Eindhoven en Maastricht); Prof. dr. Henk Jochemsen (Wageningen); Prof. dr. Renée van Riessen (Leiden); Prof. dr. Jan Hoogland (Twente). Die eerste Leerstoel is reeds in 1947 gevestig. Studente kan by hierdie Universiteite promoveer. Laastens: gedurende die afgelope 35 jaar is daar ongeveer elke vyf jaar ’n internasionale konferensie iewers in Nederland (in 2016 ook in België) gehou wat normaalweg deur tussen 150 en 200 akademici wêreldwyd (uit 20 tot 25 lande) bygewoon word.



neem ons nie kennis van die “enorme verskuiwinge wat tydens die afgelope dekades met betrekking tot ons verstaan van Aquinas ingetree het” nie, want “Dooyeweerd se vertolking [word] eenvoudig as dié vertolking toegeëien” (Goosen 2016a:1247).

Hoe enige denker ’n bepaalde interpretasie “tot standaard-vertolking” kan verhef, begryp ek nie. Goosen ken hier supra-rasionele hermeneutiese vermoëns aan Dooyeweerd toe, wat laasgenoemde vriendelik van die hand sou wys. Nog minder verstaanbaar is die aanklag dat hierdie sogenaamde “standaard vertolking” deur Dooyeweerd “afgeskiet” is maar tegelyk steeds as “dié vertolking toegeëien” word. En nog steeds weet die leser van Goosen se artikel nog glad nie wat presies die neo-Thomistiese vertolking is wat deur Dooyeweerd tot standaard-vertolking verhef is en tegelyk afgeskiet is nie.<sup>7</sup>

Die blootlegging van die diepste radikale en integrale dryfkragte wat die Westerse beskawingsgeskiedenis gerig en gestuur het word in talle geskrifte deur Dooyeweerd uiteengesit (vgl. allereers Dooyeweerd 2012d). Wie daarmee in gesprek wil tree, sal minstens grondig moet kennis neem van sy geskrif oor die ontwikkelingsgang van die Griekse wysbegeerte tot en met Plato. Hierdie werk bevat een van die mees omvattende analyses van die dialektiese ontwikkeling van Plato se denke waaroor ons beskik (Dooyeweerd 2012a:147-323). Tegelyk sal Goosen in hierdie werk van Dooyeweerd sy vroeër-vermelde verduideliking vind van hoe die *polis*-gedagte in die Griekse grondmotief ingebed is. Aristoteles en Thomas Aquinas kom uitvoerig in die tweede *Volume* van hierdie trilogie ter sprake (Dooyeweerd 2012b).

Die kern van Dooyeweerd se bemoeienis met die denke van Aristoteles en Thomas Aquinas is geleë in sy blootlegging van die Grieks-heidense grondmotief van vorm en materie wat aan die wortel van Aristoteles se denke lê en die grondmotief van natuur en genade waarin ’n poging aangewend is om die Griekse grondmotief met die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing te versoen.<sup>8</sup> Dit gaan hier oor oorspronklike nuwe insigte wat Dooyeweerd ontwikkel het – wat juis nie by die neo-Thomisme aangetref word nie. Dooyeweerd se idee van ’n sentrale grondmotief asook sy idee van individualiteitstrukture (sy alternatief op die onhoudbare substansiebegrip van Aquinas), is afwesig by die neo-Thomisme.

Dit is interessant dat daar meer resent ’n proefskrif by die (Katolieke) Radboud Universiteit van Nijmegen verskyn het wat op hoogte is met die ontwikkelinge gedurende die tweede helfte van die vorige eeu (waarna Goosen verwys), maar wat ondubbelsinnig verklaar dat sy kritiek op Thomas se substansie-begrip ’n bevestiging is van die kritiek wat Dooyeweerd reeds in die jare veertig van die vorige eeu op Aquinas se denke na vore gebring het. Ter Horst verklaar:

Geleidelijk aan werd mij daarbij duidelijk dat mijn kritische vraagstelling in belangrijke mate verwant was aan een vroeger reeds door Herman Dooyeweerd geformuleerde Thomas-kritiek. Hoewel ik niet kan bogen op een uitvoerige Dooyeweerd studie, is mijn

<sup>7</sup> Goosen se volledige uitspraak is: “Dooyeweerd se vertolking van Aquinas is kennelik deur die neo-Thomistiese vertolking van Aquinas uit die moderne era beïnvloed. Laasgenoemde is ook dié vertolking wat tydens die eerste helfte van die twintigste eeu ’n buitengewoon prominente (en bygesê, versmorende) rol in die Aquinas-resepsie gespeel het. Dooyeweerd het dié moderne vertolking tot standaard-vertolking verhef – en dit tegelyk ook afgeskiet. In plaas daarvan dat ons eie Dooyeweerdse denkers op ’n grondige wyse kennis geneem het van byvoorbeeld die enorme verskuiwinge wat tydens die afgelope dekades met betrekking tot ons verstaan van Aquinas ingetree het, word Dooyeweerd se vertolking eenvoudig as dié vertolking toegeëien. Is hulle hermeneuties in ’n tydskapsule vasgevang?” (Goosen, 2016a:1247).

<sup>8</sup> Die moderne humanistiese grondmotief van natuur en vryheid (natuurwetenskapsideaal en persoonlikheidsideaal) het uit die smeltkroes van die Renaissance ontstaan as ’n poging om die pas-vermelde drie grondmotiewe te transformeer en in ’n nuwe sintese, gerig op die outonome vryheid van die mens, op te neem.

werk met name schatplichtig aan Dooyeweerd's vierdelige artikel over het thomistiese substantiebegrip (zie de Bibliografie) (Ter Horst 2008: Voorwoord).<sup>9</sup>

Hier is dus iemand wat volkome op hoogte is met ontwikkelinge in die Thomas-verstaan na Dooyeweerd maar wat pertinent verklaar dat hy by Dooyeweerd in die skuld is ten opsigte van sy kritiek op die substantie-begrip van Thomas.<sup>10</sup>

Ons let vervolgens op nog 'n voorbeeld van die ontsporing van die gesprek met Goosen. Hy skryf:

Terwyl die Dooyeweerdse denkers telkens voorgee om op 'n kritiese afstand teenoor die liberale modernisme te staan, omhels hulle belangrike aspekte daarvan. Tekenend daarvan is hulle beroep op sommige van die belangrikste hedendaagse vertolkers van die liberale modernisme soos Rawls en Habermas. Laasgenoemde denkers is daarvoor bekend dat hulle die politieke (ook die politiek van gemeenskapselstandigheid) met sy tipiese soeke na antwoorde binne die wêreld van die praktiese met 'n teoretiese vertroue in die juridiese vervang. (Goosen 2016a:1250)

Hierdie paragraaf van Goosen is geskryf in reaksie op my kort toetrede tot die gesprek. Dit volg op my afwysing beide van 'n individualistiese en 'n universalistiese benadering en my aansluiting by Kuyper en Dooyeweerd wat die treffende bogemelde uitdrukking “*soewereiniteit-in-eie-kring*” ingevoer het om van *verskillend-gearde* samelewingsvorme se interne (en derhalwe begrensde mags-)bevoegdheids rekenskap te gee (Strauss 2016:879). Ek vermeld drie figure: Münch, Rawls en Habermas.

Ek wys allereers daarop dat die rasionalisering van die moderne sameleving volgens Münch toenemend gelei is deur die “inner laws” van verskillende samelewingsfere. Dit vind aansluiting by “Weber’s theory of the rationalization of modern society into spheres that are guided to an increasing extent by their inner laws” (Münch 1990:442).

Die gedagte van “inner laws” gaan die dilemma van individualisme (atomisme) en universalisme (holisme) te bowe – 'n spanningsverhouding wat origens nog steeds in die denke van Rawls en Habermas aanwesig is. Daarom verwys ek (sien Strauss 2016:879) ondubbelsinnig na die feit dat “Rawls se denke uiteen gebreek word deur die gelyktydige aanwesigheid van atomistiese en holistiese tendense” (sien Strauss 2006).

<sup>9</sup> Ter Horst verwys na die volgende geskrifte van Dooyeweerd (sien Ter Horst, 2008:410): DOOYEWEERD, H., “De idee der individualiteits-structuur en het thomistiese substantiebegrip. Een kritisch onderzoek naar de grondslagen der thomistische zijsleer.” In: *Philosophia Reformata* 8 (1943) 65-99 (I); 9 (1944) 1-41 (II); 10 (1945) 25-48 (III); 11 (1946) 22-52 (IV). DOOYEWEERD, H., “Het substantiebegrip in de moderne natuurfilosofie en de theorie van het enkaptisch structuurgeheel” In: *Philosophia Reformata* 15 (1950) 66-139. DOOYEWEERD, H., *A New Critique of Theoretical Thought* (vol. III: *The Structures of Individuality of Temporal Reality*), Paideia Press LTD — Ontario 1984 (1969).

<sup>10</sup> Ter Horst gebruik die verhouding tussen konstansie en dinamiek (*syn* en *wording*) om die Griekse dialektiek te tipeer: “Historisch liggen de verhoudingen namelijk omgekeerd en wortelt het substantiebegrip in het Griekse denken in het probleem van wording en verandering: hoe kunnen we zeggen dat iets is, wanneer de ervaring ons leert dat alles voortdurend verandert? De oplossing van Parmenides en in mindere mate van Democritus is om het worden te herleiden tot het zijn. De oplossing van Heraclitus is om het zijn te herleiden tot het worden. Plato’s oplossing is om zowel het worden als het zijn te behouden door ze over verschillende domeinen te verdelen. Aristoteles’ oplossing tenslotte poogt beide te behouden door ze op een heel bepaalde wijze met elkaar te verenigen” (Ter Horst, 2008:68).

My vervolg-opmerking op bladsy 879 (van Strauss 2016) lui dat “hy tog soms daarin [slaag] om bo hierdie dilemma uit te styg – naamlik wanneer hy besef dat verskillende wette van toepassing is op onderskeie soorte subjekte: “But it is the distinct purposes and roles of the parts of the social structure, and how they fit together, that explains there being different principles for distinct kinds of subjects” (Rawls 1996:262).<sup>11</sup>

My opmerking dat “Rawls se denke uiteen gebreek word deur die gelyktydige aanwesigheid van atomistiese en holistiese tendense” ontgaan Goosen volkome. Klaarblyklik veroorsaak die blote verskyning van die name “Rawls” en “Habermas” dat Goosen ’n rooi vlag sien, want hy konkludeer onmiddellik [en volkome ten onregte] dat “die Dooyeweerdse denkers ‘belangrike aspekte’ van hul [Rawls en Habermas se] denke ‘omhels’.” Reeds in 2006 het ek egter uitvoerig op die dominante individualistiese en holistiese (universalistiese) oortuigings van Rawls ingegaan (sien Strauss 2006:67 e.v. en 73 e.v.).

Goosen besef nie dat ek die besware wat hy teen die liberale individualisme opper ondersteun nie en ewe min gee hy blyke daarvan dat hy my eie kritiek op die individualisme verstaan het. ’n Raakpunt van saamstem word dus kunsmatig en sonder begrip tot ’n teenstelling verhef. Langs hierdie weg word geen bydrae tot ’n sinvolle “gesprek” gemaak nie.

Eers wanneer in meer besonderhede aandag gegee word aan die onvermydelike boustene van ’n genuanseerde (en nie-reduksionistiese) samelewingsfilosofie sal die tekortkominge van ’n individualistiese en universalistiese samelewingsbeskouing aangetoon kan word. Dit sal egter moet geskied in verdere navorsingsartikels.

## BIBLIOGRAFIE

- Althusius, J. (1604). *Politica Methodice Digesta* [Collection of Systematic Political Views] (1604, 3rd Edition 1614), The Politics of Johannes Althusius; an abridged translation of the 3<sup>rd</sup> ed. of *Politica Methodice Digesta*, Atque exemplis sacris et Profanis illustrata / Althusius, Johannes; translated, with an introduction by Frederick S. Carney, 1965 (reprint 1995). London: Eyre and Spottiswoode. See also the complete translation: Althusius, J. 1979. *Politica Methodice Digesta of Johannes Althusius* (Althaus), with an introduction by Carl Joachim Friedrich. New York: Arno Press.
- Dooyeweerd, H. 1943-1946. “De idee der individualiteits-structuur en het thomistisch substantiebegrip. Een kritisch onderzoek naar de grondslagen der thomistische zijnsleer.” In: *Philosophia Reformata* 8 (1943): 65-99 (I); 9 (1944): 1-41 (II); 10 (1945): 25-48 (III); 11 (1946): 22-52 (IV).
- Dooyeweerd, H. 2012. *Roots of Western Culture. Pagan, Secular, and Christian Options*. The Collected works of Herman Dooyeweerd, Series B, Volume 15 (Hoofredakteur: D.F.M. Strauss).
- Dooyeweerd, H. 2012a. *Reformation and Scholasticism in Philosophy*. The Collected works of Herman Dooyeweerd, Series A, Volume 5/1 (Hoofredakteur: D.F.M. Strauss).
- Dooyeweerd, H. 2012b. *Reformation and Scholasticism in Philosophy. The Philosophy of the Cosmogenic Idea and the Scholastic Tradition in Christian Thought*. The Collected works of Herman Dooyeweerd, Series A, Volume 5/2 (Hoofredakteur: D.F.M. Strauss).
- Dooyeweerd, H. 2016. *A New Critique of Theoretical Thought*, Collected Works of Herman Dooyeweerd, A Series Vols. I-IV, Hoofredakteur, D.F.M. Strauss. Grand Rapids: Paideia Press. (Herdruk van die oorspronklike uitgawe – 1953-1958).
- Goosen, D. 2016. Die werklikheid as deelnemende gebeure, of die verwikkelde samehang tussen eenheid en veelheid. In: Duvenhage, P. 2016. *Afrikaanse Filosofie, Perspektiewe en dialoë*. Bloemfontein: Sun Press, pp. 221-248.

<sup>11</sup> Van Habermas haal ek aan: “In sy bespreking van globalisasie verbind Habermas die ‘klassieke leerstuk van die staat’ aan die idee van private lewensfeer: “the state maintains law and order within the borders of its own territory and guarantees security for citizens within their own private spheres of life” (Habermas 2001:81).

- Goosen, D. 2016a. Hermeneutiek, sisteme en state. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4-2):1246-1251.
- Malan, K. 2011. *Politokrasie: 'n Peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Pretoria: Pretoria University Law Press.
- Plato, 1973. Edited by E. Hamilton & C. Huntington: *The Collected Dialogues of Plato; Including the Letters*. Princeton: University Press.
- Raath, A. 2015. Political Naturalism and the French “Nouvelle Droite”: Reflections On Politocratic Communitarianism in Contemporary Afrikaans Political Literature. *Journal for Contemporary History / Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 40(2):110-132.
- Raath, A.G.W. 2016. Politieke en regsfilosofiese perspektiewe op politokratiese kommunitarisme: 'n Diskoers met Danie Goosen en Koos Malan. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 56 No. 2-2: Junie 2016:573-591 – doi.10.17159/2224-7912/2016/v56n2-2a4.
- Raath, A.G.W. 2016a. Regs- en staatsosiologiese grondslae van politokratiese kommunitarisme. 'n Gesprek oor enkele aspekte van die meta-etiese historisme in die Afrikaanse politieke en regsliteratuur. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap/Journal for Christian Scholarship* – 52(1):55-90.
- Strauss, D.F.M. 1973. *Begrip en Idee*. Assen: Van Gorcum.
- Strauss, D.F.M. 1984. An analysis of the structure of analysis, (The Gegenstand-relation in discussion). *Philosophia Reformata*. 49(1): 35-56.
- Strauss, D.F.M. 2002. Is it meaningful to juxtapose “individual” and “society”? *Society in Transition*. 33(1):96-115.
- Strauss, D.F.M. 2004. Transcending the impasse of individualism and universalism in sociological theory, *Society in Transition*, 35(1): 165-182.
- Strauss, D.F.M. 2006. The mixed legacy underlying Rawls's *Theory of Justice*. *Journal for Juridical Science*, 31(1):61-79.
- Strauss, D.F.M. 2006a. Beyond the opposition of individual and society, Part I, Acknowledging the constitutive social function of being an individual and ‘de-totalizing’ the idea of ‘society’, *South African Review of Sociology*, December 37(2):143-164.
- Strauss, D.F.M. 2007. Beyond the opposition of individual and society, Part II, The ‘category-mistake’ entailed in this opposition, *South African Review of Sociology*, 2007 38(1):1-19.
- Strauss, D.F.M. 2012. A history of attempts to delimit (state) law. *Journal for Juridical Science*, 37(2):35-64.
- Strauss, D.F.M. 2013. Sphere sovereignty, solidarity and subsidiarity. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 49(3):93-123).
- Strauss, D.F.M. 2016. Die debat oor die moderne staat. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(3):876-880.
- Ter Horst, G. 2008. *De Ontbinding van de substantie, Een deconstructie van de beginselen van vorm en materie in de ontologie en de kenleer van Thomas Aquinas*. Delft: Uitgeverij Eburon.
- Woldring, H.E.S. 1998. The Constitutional state in the Political Philosophy of Johannes Althusius. *European Journal of Law and Economics*, 5:123-132.

**Outeur:** Gerhardus Pool  
**Titel:** *Die Herero-opstand 1904–1907*  
**Uitgewer:** Protea Boekhuis, Pretoria, 2016.  
 Tweede uitgawe, eerste druk  
**Bladsye:** 360pp  
**ISBN:** 978-1-4853-0594-1

Hierdie magisterstudie deur Gerhardus (of Gerrit) Pool is die eerste keer in 1979 deur HAUM gepubliseer. Dat dit 'n werk van hoogstaande gehalte was, word bevestig deur die feit dat dit daarna verskeie kere herdruk is en nou deur Protea Boekhuis heruitgegee word. Dit het die toets van die tyd deurstaan en geld steeds as die beste weergawe van die stryd van die Hererovolk teen die Duitse koloniale bewind in die destydse Suidwes-Afrika, nou Namibië. Daar het destyds ook 'n Duitse en Engelse weergawe verskyn. Dat daar nou weer 'n behoefte aan 'n Afrikaanse uitgawe ontstaan het, verkondig die welkome boodskap dat goeie geskiedskrywing in Afrikaans 'n goeie rakleef tyd kan hê en dit behoort as aanmoediging te dien vir Afrikaanse historici om dié leserspubliek se historiese bewussyn te bly voed.

By die herset van die teks het 'n klompie foute ingesluip. Origens het die skrywer 'n addisionele Voorwoord by hierdie uitgawe gevoeg, waarin hy 'n effens wyer perspektief vir die leser oopmaak as in die eerste uitgawe.

Daar is by die destydse verskyning van die boek reeds op die verdienstelike aspekte van die studie gewys: Dit was 'n oorspronklike bydrae, getrou aan die eise van deeglike bronnebenutting en sober stelwyse. Veral belangrik was die uiteensetting van die oorsake van die Opstand – dinge soos ontnugtering by die Herero oor grondverliese weens skuld en Duitse inmenging met die opvolgingsvraagstuk – en die gedetailleerde beskrywing van die verloop van die stryd. In die besonderhede word die tipiese karakter van 'n botsing tussen die inheemse bevolking en die koloniserende maatskappij weerspieël. Dit bied 'n ryke aarde vir vergelyking met soortgelyke gebeure in ander dele van die koloniale ryke van Europese magte.

Vroeëre resensente het ook enkele leemtes uitgewys, waaronder 'n behoefte aan groter duidelikheid oor die opstandseier Samuel Maharero se karakter en beweegredes, asook te min aandag aan die gevolge van die oorlog. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die aard van 'n magisterstudie bepaalde beperkings meebring. Op die tydstip toe hierdie studie gedoen is, was wetenskaplike werke oor die geskiedenis van Suidwes-Afrika (nou Namibië) nog 'n betreklik skaars artikel en die navorser het min goeie studies tot sy/haar beskikking gehad om 'n breër agtergrond en verwysingsraamwerk te voorsien.

Pool was nie hiervan onbewus nie. Hy het daarna met nog twee uitstekende geskiedeniswerke voortgegaan, naamlik *Pionierspoorweë in Duits-Suidwes-Afrika 1897–1915*, as doktrale proefskrif en gepubliseer in 1982, en *Samuel Maharero*, in 1991. Veral in laasgenoemde werk het hy die vroeëre leemtes in 'n groot mate aangevul en sy werk oor die Herero-opstand behoort vandag in samehang daarmee gelees te word. Hy maak self daarvan melding dat die feit dat hy op 'n later stadium toegang tot die private dokumente van generaal Lothar von Trotha, die uiteindelijke bevelvoerder van die Duitse magte tydens die Herero-opstand, gekry het, 'n belangrike aanvulling tot sy kennis en insigte was.

Die Engelse skrywer Thomas Hardy sê by monde van sy karakter die Boosaardige Gees: “War makes rattling good history; but Peace is poor reading”. Pool het op hierdie golf gery

met hierdie interessante en verdienstelike studie. Die mate van vrede wat op die Herero- en Nama-opstande in die Duitse kolonie gevolg het, het egter 'n nuwe fase in die gebied se geskiedenis gevorm en moet as 'n direkte uitvloeisel van die opstande gesien word. In die ingrypende hervorming van Duitse koloniale beleid en administrasie wat hierna plaasgevind het, is waarskynlik die belangrikste betekenis van die tragiese gebeure, met die geweldige verliese aan lewens en eiendom, geleë.

Die geskiedenis van Namibië roep om meer navorsing. Belangrike werk is reeds deur Britse, Amerikaanse en Duitse akademici gelewer, waaraan erkenning verleen moet word. Gerrit Pool se werk illustreer egter die feit dat 'n Suider-Afrikaanse perspektief essensieel is om hierdie wêrelddeel se verlede goed te begryp. Dit is jammer dat hy gedurende die afgelope kwarteeu nie verdere bydraes op hierdie terrein gelewer het nie.

**ELP STALS**

Windhoek

E-pos: stals@mtcmobile.com.na



**Outeur:** Maritz Spaarwater  
**Titel:** *Die spook wat boomgeklim en die lig gevind het: 'n Memoire met herinneringe uit die binnekring van Suid-Afrika se vreedsame revolusie na demokrasie*  
**Uitgewer:** Hermanus: Erfenis Publikasies, 2015  
**Bladsye:** 358pp  
**ISBN:** 9781928283133  
**Prys:** \$12,53 – Kindle Uitgawe @ amazon.com

Daar is min lande in die wêreld wat die diepliggende en ingrypende politieke, sosio-maatskaplike en kulturele verandering deurloop het, waaraan Suid-Afrika onderwerp is in die laaste drie dekades van die 20ste Eeu. Op 'n manier is Suid-Afrika, selfs na meer as 20 jaar van demokratiese regering, nog nie gereed om sy eie verlede in konteks, diepte en omvang te konfronteer nie. Die Suid-Afrikaanse verlede word daarom dikwels deur sy verskillende gemeenskappe met uiteenlopende perspektiewe bejeën. Daar is veral 'n geneigdheid om ongenueanseerd en afskrywend om te gaan met Suid-Afrika se apartheidsverlede en burokrasie, asof daar nie ook dikwels goed uit die kwaad na vore gekom het nie en asof daar niks te leer is uit Suid-Afrika se apartheidsverlede en burokratiese bestuur van die land nie. Gevolglik is Suid-Afrika sedert 1994 dikwels vanuit hierdie realiteit gekonfronteer met verandering ter wille van verandering. In die proses is werkende stelsels soms vernietig in die naam van apartheidskontaminasie.

Die outeur van *Die Spook wat Boomgeklim en die Lig gevind het* is terdeë bewus van die verantwoordelikheid wat daar rus op diegene wat deel was van die prosesse van demokratisering om hul deel van die geskiedenis op te teken. Hy argumenteer dat dit sy verantwoordelikheid is om die geskiedenis "... eerlik en onbevange [te] beskryf, interpreteer en vir bewaring te boekstaaf" (p. 165) ten einde te voorkom dat "... ideologies- en naywer-gedrewendes" die geleentheid aangryp om hul voorkeursiening te verewig – sieninge wat "... ons al uit ervaring weet gretig aangegryp sal word, ook veral in huidige [2015] regeringskringe en die akademiese wêreld" (p. 165).

Spaarwater beskryf die boek as "... 'n onvolledige memoire eerder as 'n outobiografie" omdat hy "... geen skouspelagtige mislukkings of wêreldskuddende suksesse behaal [het] waarvan vertel behoort te word nie" (p. 16). Die boek is daarom 'n beperkte lewensbeskrywing wat verband hou met die verloop van die onlangse geskiedenis en die invloede wat hom as persoon gevorm het (p. 15). Hy verkies om die boek as 'n impressionistiese vertelling voor te hou omdat hy nie wil aanspraak maak op "... wetenskaplike historisiteit" (p. 16) nie. Die motivering vir die skryf van die boek spruit voort, eerstens, uit die noodsaak om op sy lewe te reflekteer. "Meer volledige begrip", skryf die outeur in refleksie op sy eie lewe, "kristalliseer dikwels eers uit wanneer jy later terugskouend daarna kyk, en soms verbaas is oor wat jy van jouself ontdek" (p. 13). Die outeur hoop, tweedens, dat die boek perspektief sal werp op bepaalde historiese gebeure en invloede wat die oorsake en verloop van die onderhandelde skikking in Suid-Afrika onderlê het. Derdens, wys die skrywer daarop dat hy 'n verduideliking aan sy nageslag verskuldig is oor "... wat en hoe ek is en hoekom ek, weens die vereistes van daardie beroepe so dikwels afwesig was toe hulle en hulle ma my nodig gehad het" (p. 15). Laastens, werp die skrywer lig op die "... eerbare mans en vrouens [wat hul] bes gedoen het om legitieme doelwitte met regmatige middele na te jaag om vir hulle 'n voorspoedige en gelukkige toekoms te probeer verseker" (p. 15).

*Die Spook wat Boomgeklim en die Lig gevind het* plaas die fokus op en handel nie net oor die apartheidsera nie. Die fokus is spesifiek op die rol van die, soms kontroversiële,

inligtingsburokrasie vanuit daardie era. Die outeur se betrokkenheid en loopbaan wat by Militêre Inligtingsdiens begin het, oorgespoel het na die Nasionale Intelligensiediens en uiteindelik by die Staatkundige Ontwikkelingsdiens geeëndig het, plaas hom in 'n uitstekende posisie om die, volgens hom, vredsamese revolusie wat Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing voorafgegaan het, te belig vanuit 'n binneperspektief. Die boek verskaf sonder twyfel 'n genuanseerde, in-diepte, agter-die-skermse regeringsperspektief van Suid-Afrika se oorgang na demokrasie en die rol wat die inligtingsgemeenskap in dié verband gespeel het.

Die drie instellings waarvan Spaarwater deel was in sy loopbaan, die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), die Nasionale Intelligensiediens (NI) en die Staatkundige Ontwikkelingsdiens, het sonder twyfel oor tyd kritieke rolle gespeel in die ontvouing van die onderhandelde skikking in Suid-Afrika – beide in die bestuur van die proses en die skepping van die veiligheidsklimaat wat nodig was vir die proses om sy loop te neem. Die outeur belig die rolle wat hierdie instellings gespeel het vanuit 'n persoonlike en institusionele perspektief. Sy fyn waarneming en die gedetailleerde genuanseerde beskrywings van gebeure waarvan hy deel was, sonder om homself sentraal te plaas, maak die boek 'n absolute plesier om te lees. Sy beskrywing van sentrale figure in hierdie spesifieke burokrasieë en sleutel-politieke en burokratiese figure uit die apartheidsera en oorgangstydperk met wie hy in aanraking was – dikwels in interessante omstandighede – dien spesifiek vermeld te word.

Daar is min professies wat so interessant is en wat die mate van persoonlike inisiatief en verantwoordelikheid vereis, soos die inligtingsdienste. Spaarwater se innerlike dryfkrag kom op allerlei wyses in die boek na vore. Om as jong Afrikaanssprekende 'n honneursgraad in internasionale betrekkinge by die Universiteit van die Witwatersrand aan te pak en later suksesvol en op eie inisiatief 'n LLM in Internasionale Reg van Cambridge Universiteit te voltooi, is maar net een voorbeeld in dié verband. Die boek is gevolglik geskryf deur 'n persoon wat akademies goed onderlê is, maar wat ook oor die lewenswysheide en insigte van 'n deurwinterde inligtingsoperateur beskik. Die gebalanseerde omgang met die geskiedenis en sy eie rol daarin, kan waarskynlik aan die outeur se regsagtergrond toegeskryf word.

Die boek is die skrywer se verwerkte vertaling in Afrikaans van sy boek *A Spook's Progress: From Making War to Making Peace*. Synde eers die Engelse weergawe van die boek te gelees het, het die outeur se gemaklike, dog fyn, raak en genuanseerde gebruik van Engels my opgeval. Dit is inderdaad ook die geval met die Afrikaanse uitgawe van die boek. Die vertaling is presies, akkuraat en fyn. Die skryfstyl is fassinerend, vars, eerlik en opreg. Spaarwater dra nie swaar aan die verlede nie en die boek is nie vanuit en met 'n kniebuigende of verskonende ingesteldheid geskryf soos dikwels die geval is met boeke oor daardie era nie. Dit sal nie verkeerd wees om dit as 'n lekkerleesboek te beskryf nie.

Aangesien inligtinginstellings bestaan en funksioneer in 'n wolk van geheimhouding, lewer Spaarwater se boek 'n geweldige bydrae om die sluier te lig oor en die algemene publiek insae te gee in die werksaamhede van hierdie instellings tydens die apartheidsera. Een van die sake wat ooglopend aan die orde van die dag kom, is die realiteit dat hierdie instellings nie net afgestuur is op die insameling van inligting nie; dat James Bond-tipe koverte spioenasiewerk maar 'n baie klein deel uitmaak van wat inligtinginstellings doen. In baie gevalle bied die vertroulikheid van die wêreld waarin hierdie instellings bestaan, uitstekende geleenthede aan bewindhebbers om die belange van 'n staat in die geheel te bevorder deur agter-die-skermse onderhandelinge en diplomatie.

Uiteraard is die verhouding tussen die inligtingsgemeenskap en die politieke elite in die meeste samelewings 'n hoogs kontroversiële aangeleentheid wat baie debat en uiteenlopende sieninge na vore bring. In die meeste gevalle word hierdie verhouding belynd deur die politieke

kwesbaarheid van die elite en die professionaliteit van die inligtingsgemeenskap. Die een faktor wat telkens in Spaarwater se boek na vore kom, is die uiterste toewyding, bekwaamheid en professionaliteit van Suid-Afrika se militêre en inligtingsburokrate tydens die era wat aan die orde is. Dit was 'n bepalende faktor in hoe die politieke toneel in Suid-Afrika ontvou het en 'n belangrike les wat nie sonder oorweging in en vir die huidige era verlore mag gaan nie.

Laastens, en in die konteks van die geweldige debatte wat tans aan die orde van die dag is oor die voortgesette gebruik van Afrikaans op tersiêre vlak en die veel-herhaalde bewerings en impliserings – ook deur Afrikaners en Afrikaanssprekendes – dat akademiese uitnemendheid nie in Afrikaans bereik kan word nie (kyk bv. p. 328 e.v. van die boek), 'n opmerking. Die skrywer se BJuris in Afrikaans van Tukkies het aan hom die platform verskaf vir sy voortgesette studies by die Universiteite van Witwatersrand en Cambridge. Dit is maar net een van die sprekende voorbeelde van moedertaalonderrig wat bemagtig en weerlê die oordrewe en misplaaste fokus op Engels as onderrigtaal wat klaarblyklik afgestuur is op toegang tot die internasionale omgewing.

**ABEL ESTERHUYSE**

E-pos: Abel@ma2.sun.ac.za

## Oor die skryfwyse van Afrikaans III

In die vorige rubrieke oor die Afrikaanse skryfwyse het ek daarop gewys dat 'n samestelling bestaan uit 'n kern (dit wat die samestelling wesenlik benoem) en 'n bepaler (wat nader besonderhede gee van dit wat die kern benoem). Die bepaler hoef nie uit net een woord (‘n “stam”) te bestaan nie. Die meeste woordsoorte kan die kern óf die bepaler van 'n samestelling uitmaak, maar die belangrike is dat wanneer enige woordsoort *behalwe 'n byvoeglike naamwoord* as bepaler optree, die kombinasie vas geskryf word. Kyk byvoorbeeld reël 14.3 van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*<sup>1</sup> (AWS), wat 'n hele reeks soorte noem.

In die tweede skryfwysrubriek het ek gewys op twee spesiale soorte samestellings waarin byvoeglike naamwoorde optree wat wel vas geskryf word, naamlik **betekenisverdigting** (soos by *donkerkamer* teenoor *donker kamer*) (kyk AWS, reël 14.31) en **samestellende samestelling** (waar die bepaler oorspronklik 'n woordgroep is: *hoër onderwys*), soos *hoëronderwyssektor* (AWS, reëls 12.6, 14.26).

In hierdie aflewering kyk ons na nog twee spesiale soorte samestellings wat soms probleme oplewer, naamlik **afstandsamestellings** en die **gewone name van plante en diere**. In albei hierdie soorte speel die skryfwyse van die byvoeglike naamwoord 'n rol.

In die geval van samestellende samestelling tree 'n kombinasie wat gewoonlik los geskryf word, gesamentlik as bepaler van 'n volgende selfstandige naamwoord op: (*hoër onderwys*) + *sektor* = *hoëronderwyssektor* of (*eerste minister*) + *woning* = *eersteministerswoning*.

By **afstandsamestellings** (AWS, reëls 12.24 en 12.25) staan die gewoonlik los geskrewe woordgroep egter laaste, byvoorbeeld *massa* + (*hoër onderwys*) = *massa- hoër onderwys*. Let op die koppelteken en spasie ná *massa*.

By herhaling: Die verstekreël is dat wanneer 'n byvoeglike naamwoord (b.nw.) 'n selfstandige naamwoord (s.nw.) bepaal, die twee los van mekaar geskryf word. Van nature, by wyse van spreke, is dit dus b.nw. + s.nw. = *hoër onderwys*. As 'n s.nw. egter 'n ander s.nw. bepaal (of “beskryf”), word die twee vas aan mekaar geskryf, dus s.nw. + s.nw. = *massaonderwys*.

Maar nou werk dit nie altyd net so eenvoudig nie. Omdat 'n mens *onderwys* in *massaonderwys* wil presiseer, kan jy as 't ware die samestelling van s.nw. + s.nw. splyt deur 'n b.nw. in te voeg: *massa* (s.nw.) + *hoër* (b.nw.) + *onderwys* (s.nw.). Die manier waarop die Afrikaanse spelreëls dié probleem oplos, is om 'n sg. afstandsamestelling te skep deur 'n koppelteken direk ná die eerste s.nw. te plaas, *gevolg deur 'n spasie*. Presies wat die bedinkers van dié soort samestelling in gedagte gehad het toe hulle dié oplossing bedink het, is nie seker nie, maar 'n mens kan op twee maniere daarna kyk: eerstens dat die sg. afstandskoppelteken die eerste s.nw. (hier *massa*) as 't ware bo-oor die tussenkomende b.nw. (*hoër*) verbind met die tweede s.nw. (*onderwys*). Die tweede manier van kyk is om te dink dat die afstandskoppelteken die eerste s.nw. verbind met 'n woordgroep of woordpaar, nl. 'n soos gewoonlik los geskrewe kombinasie van b.nw. + s.nw.

<sup>1</sup> Verwysings is na die 10de uitgawe van die AWS (2009).

Nog voorbeelde is *derdejaar- mediese student, adjunk- besturende direkteur, hoëspoed-elektriese waaier, top- akademiese presteerder, stads- siviele ingenieur, reuse- politieke saamtrek*.

Die skryfwyse van die **gewone name** (wat in Engels die “common names” genoem word) van plante en diere is iets wat oor ’n lang tydperk ontstaan het; dit is dus nie iets waaroor ’n Taalkommissie die een of ander tyd in die verlede sommeer besluit het nie. Die reëls daaroor in die *AWS* is uit die gevestigde gebruik afgelei (*AWS*, reëls 9.7, 14.29). Ek beperk my hier bloot tot die name waarvan ’n b.nw. deel is.

Die probleem wat sulke name betref, is dat baie b.nwe. vas aan die s.nw. geskryf word en ander weer los, en dis nie altyd duidelik watter los geskryf word nie. Wat met ’n redelike mate van sekerheid gesê kan word, is dat onverboë b.nwe., met inbegrip van gewone kleuraanduidende b.nwe., vas geskryf word, en dat b.nwe. wat van eiename (veral geografiese name) *afgelei* is, los geskryf word. Tussenin is daar egter ’n klompie “gewone” b.nwe. wat ook los geskryf word.

Die maklikste is seker om ’n klompie voorbeelde te noem wat bostaande illustreer:

| b.nw. vas       |                       | eienaam-afgeleide<br>b.nw. los | “gewone”<br>b.nw. los |
|-----------------|-----------------------|--------------------------------|-----------------------|
| bitteraalwyn    | ligblousalie          | Abessynse ibeks                | bebaarde witviooltjie |
| bleekkleivalk   | mooinooiëntjie        | Afrikaanse olifant             | bloeiende hartjie     |
| blinkblaar      | oranjetjiekierientjee | Afrikaanse seder               | doringrige blaasop    |
| blouwwalvis     | ouhout                | Amerikaanse boa                | gekolde vylvis        |
| bontpaling      | platanna              | Arabiese kameel                | gemantelde brulaap    |
| bruinvaalboom   | rooiels               | Barbertonse<br>madeliefie      | gevlekte hiëna        |
| dikkop          | silwerjakkals         | Chiese aster                   | gewone naboom         |
| doodkruid       | skurwejantjie         | Egiptiese kobra                | harige kanniedood     |
| gladdesuurpruim | skurweklipels         | Italiaanse raaigras            | heilige lotus         |
| goudlelie       | smalblaar             | Japanse blomkweper             | noordelike malgas     |
| gouesipres      | soetdoring            | Kaapse kreef                   | tropiese grysboek     |
| groendoring     | stinkhout             | Namibiese taaibos              | westelike geelhout    |
| groenmamba      | suurkaree             | Noorweegse spar                | wollerige broodboom   |
| grootalbatros   | swartwitpens          | Oos-Kaapse hardepeer           |                       |
| grootwithaai    | taaibos               |                                |                       |
| hardepeer       | vaalbos               |                                |                       |
| kleinrooivalk   | valsmaroela           |                                |                       |
| langtoon        | wildehond             |                                |                       |

’n Paar dinge word uit bostaande voorbeelde duidelik:

- (i) B.nwe. van alle kleure en geure, en selfs meer as een op ’n slag, kan in die gewone name van plante en diere optree.
- (ii) Sulke b.nwe. word meestal vas geskryf, selfs as daar meer as een in die naam is.
- (iii) Die b.nwe. in (ii) bedoel, kan verboë of onverboë wees.
- (iv) Die b.nwe. wat van eiename afgelei word, word los geskryf (en is nie problematies nie).
- (v) Die “gewone” b.nwe. wat los geskryf word, is dikwels byvoeglik gebruikte deelwoorde (soos *bebaarde*), maar glad nie altyd nie, en is altyd verboë.

Dit is nie moontlik om die skryfwyse van b.nwe. wat deel van die gewone name van plante en diere is, probleemloos te bereël nie. Gebruikers word aangeraai om in twyfelgevalle ’n betroubare bron te raadpleeg.

Lesers wat nie ’n *AWS* besit nie, word aangemoedig om hierdie belangrike Akademie-publikasie aan te skaf. Dit sal Afrikaansskrywendes beslis baat om die Spelreëls-afdeling daarvan minstens aandagtig deur te blaai sodat hulle kan kennis neem van wat daarin bereël word, en dan is die Woordelys- en die Afkortingslys-afdeling natuurlik nuttige kitsnaslaan-bronne. Die *AWS* is heel toeganklik via die inhoudsopgawe, die indeks agterin, interne kruis-verwysings, ’n termlys, en so meer.

En vanjaar verskyn ’n eeufeesuitgawe van hierdie onmisbare skryfhulp!

**JD (Tom) McLACHLAN**

**Vertaler en Taalversorger**

E-pos: tommcl@whalemail.co.za



## Huldigingsbundels: Afrikaanse skrywers/digters/dramaturge

Verskeie letterkundiges het reeds gereageer op die vorige oproep in die TGW (Desember 2016) om voorstelle vir temas vir bogenoemde huldigingsbundels in die boekeprojek van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns in te dien.

Die volgende temas met redakteurs is geïdentifiseer:

Adam Small (Jacques van der Elst)  
 Elsa Joubert (Martjie Bosman)  
 Breyten Breytenbach (Francis Galloway)  
 PG du Plessis (Heilna du Plooy)  
 Johann de Lange (Daniel Hugo)  
 Pieter Fourie (Fanie Olivier)

Hopelik sal die eerste publikasies in die reeks rondom 2018 kan verskyn. Onderhandelings is reeds aan die gang met 'n vaste uitgewer vir die reeks onder die vaandel van die SA Akademie. 'n Keuse uit Hertzogpryswenner word tans beoog, maar name van ander bekroonde skrywers kan ook voorgelê word.

Die gasredakteur sal 'n honorarium ontvang en ook 'n begrotingsbedrag om navorsing vir 'n betrokke publikasie te onderneem. Skrywers sal vir gekeurde bydraes vergoed word, maar moet die publikasieregte vir die gekeurde bydrae aan die SA Akademie oordra. Hiermee word dan 'n vriendelike uitnodiging gerig aan belangstellendes om moontlike skrywers / digters / dramaturge wat gehuldig behoort te word aan die keurkomitee voor te lê. Voorstelle vir 'n gasredakteur vir 'n betrokke publikasie word ook ingewag.

Dit gaan hier om 'n langtermynprojek wat stelselmatig afgehandel sal word na gelang redakteurs daarin slaag om 'n manuskrip te voltooi.

Nadere besonderhede rakende die huldigingsreeks kan verkry word van die sameroeper van die Spesialiskomitee, Jacques van der Elst (jvde@absamail.co.za of skakel 0828807636).

**INA WOLFAARDT-GRÄBE**

E-pos: publikasies@akademie.co.za

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

*Jaargang 57 Nommer 2-1, Junie 2017 / Volume 57 Number 2-1, June 2017*

## **Inhoudsopgawe**

### **NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1): DIE TAAL- EN LETTERKUNDEKOMMISSIES VAN DIE SAAKADEMIE: 1917–2017**

**HENNIE VAN COLLER EN NERINA BOSMAN**

Voorwoord..... 231

## **AFDELING 1**

**JC (JAAP) STEYN**

Die laaste projek van die “Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika”: Die Vereenvoudigde Hollandse Spelling / *The last project of the “Dutch language movement in South Africa”:* *The Simplified Dutch Spelling* ..... 233

**CHRISTO VAN RENSBURG**

Ná honderd jaar: Die Afrikaans van die eerste taalkommissie / *After a hundred years: The Afrikaans of the first Language Commission* ..... 249

**ANNÉL OTTO**

’n Kritiese waardering van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – AWS (2009)* / *A critical appraisal of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – AWS (2009)* ..... 271

**NERINA BOSMAN, ELSABÉ TALJARD EN DANIE PRINSLOO**

Honderd jaar *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* – ’n Oorsig en waardering. Deel 1: Die woordelys / *One hundred years of Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – An overview and evaluation. Part 1: The wordlist* ..... 285

**ELSABÉ TALJARD, DANIE PRINSLOO EN NERINA BOSMAN**

Honderd jaar *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* – ’n Oorsig en waardering. Deel 2: Die gebruiker in fokus / *One hundred years of Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – An overview and evaluation. Part 2: The user in focus* ..... 302

**GB (GERHARD) VAN HUYSSTEEN**

Die aard, doel en omvang van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Deel 1 / *The nature, goal, and scope of the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls Part 1* ..... 323

**GB (GERHARD) VAN HUYSSTEEN**

Opname- en elimineringskriteria vir die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*: Die geval emeritus. Deel 2 / *Inclusion and elimination criteria for the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls: The case of emeritus. Part 2* ..... 346

## AFDELING 2

### HENNING PIETERSE

|                                                                                                                                                                                                                                                                                        |     |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| Variasie en variëteit: 'n voorlopige verkenning van die voorkoms en funksie van taalvariëteite in <i>Kaar</i> (Marlene van Niekerk) / <i>Variation and variety: a provisional exploration of the occurrence and function of language varieties in Kaar</i> (Marlene van Niekerk) ..... | 369 |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|

### ANTHEA VAN JAARVELD

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |     |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| Die Hertzogprys vir drama: Griekse tragedie, Middeleeuse moraliteitspel of Negentiende-eeuse realiteit – die problematiek en uitdagings binne die drama -“industrie” en die invloed daarop by die toekenningsproses / <i>The Hertzog prize for drama: Greek tragedy, Medieval morality play or Nineteenth century reality – the problematic nature of and challenges within the drama “industry” and the influence it bears upon the process of awarding prizes</i> ..... | 387 |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|

### PHIL VAN SCHALKWYK

|                                                                                                                                                                                 |     |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| 'n Herevaluering van Eben Venter se <i>Wolf, wolf</i> binne die konteks van sy oeuvre / <i>A revaluation of Eben Venter's Wolf, wolf within the context of his oeuvre</i> ..... | 412 |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|

### JOANITA ERASMUS-ALT EN HENNIE VAN COLLER

|                                                                                                                                                                                                                                           |     |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| S.J. Naudé se <i>Alfabet van die voëls</i> (2011) – 'n Hibried tussen die roman en die kortverhaalbundel. Deel 1 / <i>S.J. Naudé's The alphabet of birds (2011) – A hybrid between the novel and the short story volume. Part 1</i> ..... | 441 |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|

### JOANITA ERASMUS-ALT EN HENNIE VAN COLLER

|                                                                                                                                                                                                                                           |     |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| S.J. Naudé se <i>Alfabet van die voëls</i> (2011) – 'n Hibried tussen die roman en die kortverhaalbundel. Deel 2 / <i>S.J. Naudé's The alphabet of birds (2011) – A hybrid between the novel and the short story volume. Part 2</i> ..... | 459 |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----|

|                                                                                          |     |
|------------------------------------------------------------------------------------------|-----|
| INHOUDSOPGAWE: Jaargang 57 Nommer 2-2, Junie 2017 / Volume 57 Number 2-2, June 2017..... | 479 |
|------------------------------------------------------------------------------------------|-----|

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelêde manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **ver kieslik 'n elektroniese kopie** aan [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100–200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100–250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600–1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10–20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies** of **tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spatie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spatie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spatie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

*Figuur 3: Sisteemse interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

**Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif vir voorbeelde*.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

**Voorbeelde:**

**Boek:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56–59.

**Hoofstuk in 'n boek:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20–34.

**Internetbron:**

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

**OF IN AFRIKAANS:**

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

**Bronverwysings in die teks:**

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

**Bladgeld:** Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

**Kopiereg:** By aanvaarding van 'n bydrae vir publikasie word die kopiereg aan die Akademie oorgedra. 'n Skriftelike ooreenkoms moet in dié verband deur die outeur onderteken word.

**Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:**

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

# Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100–250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600–1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 – 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

**Table headings:**

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions of figures:**

*Figure 3: Systemic interdependence.*

**Please insert the illustration in the correct position within the text.**

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

**Examples:**

**Book:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Article from journal or magazine:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56–59.

**Chapter in a book:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20–34.

**Internet source:**

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

**OR IN AFRIKAANS:**

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

**References in the text:**

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

**1.1 Page fees:** There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

**1.2 Copyright:** On acceptance of an article the author gives copyright to the SA Akademie. A written agreement to this effect will be required of the author(s).

**Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:**

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.











# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in  
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:  
Engelenburghuis